The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

10

# DIE BLOU VAN ONS HEMEL

by

QUINTUS VAN DER MERWE
(VMRQUI001)

Thesis submitted in fulfillment of the requirements for the award of the degree of

MASTER OF ARTS IN CREATIVE WRITING

University of Cape Town

Department of Linguistics and Southern African Languages

Faculty of Humanities

University of Cape Town

2003

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

Die hoof van die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake bevind hom in 'n netelige situasie. Ruben Meyer se diplomatieke vaardighede word tot die uiterste beproef. Hy word gekonfronteer met die veranderende politieke bestel in post-koloniale Suid-Afrika, 'n krisis in sy persoonlike lewe en 'n gepoogde staatsgreep in Wes-Afrika waar diplomate aangehou word.
Justine Minnaert is vanaf Brussel op pad na Kaapstad vir haar eerste joernalistieke opdrag in Afrika. Sy weet nie wat om van die kontinent en sy mense te verwag nie en hoe om die kontraste tussen haar Europese persepsie en die realiteit van Afrika te hanteer nie. 'n Web van intrige word geweef in 'n wêreld waar diplomate, politici, diamant- en wapenhandelaars die lewens van miljoene mense bepaal.

University of Cape Town

The head of the South African Department of Foreign Affairs finds himself in a precarious position. Ruben Meyer's diplomatic skills are tested to the full. He is confronted by the changing political scene in post-colonial South Africa, turmoil in his personal life and an attempted coup d'état in West Africa where diplomats are being held captive.
Justine Minnaert is on her way from Brussels to Cape Town for her first journalistic assignment in Africa. She does not know what to expect of this troubled continent and its people and has to deal with the contrasts between her European perception and the reality of Africa. A web of intrigue is woven in a world where diplomats, politicians, diamond and weapons dealers determine the lives of millions of people.

Hoofstuk 1

Lomé, Togo

Die roete vanaf Lomé na Abidjan loop parallel met die see. Aan die seekant staan die palmbome met hul lang stamme gebuig deur die wind, en binneland toe groei die wilde piesangs ruig tot teen die pad. Dit is 'n besige handelsweg en meeste van Wes-Afrika se oos-wes verkeer deur Togo is afhanklik van dié handelsroete.

Hy ken die pad goed, maar dit is 'n gevaarlike roete met motors wat neig om in die middel van die sementpad te ry om die slaggate en voetgangers aan die kante te vermy. Daar is geen omheining wat verhoed dat diere oor die pad loop nie en die talle karkasse is getuie dat motoriste ook nie rem of uitswaai nie. Hy wil so gou as moontlik uit Togo kom en is skaars bewus van die hoë dreuning van die agt silinders van die Land Rover.

Hy kyk in die truspieëltjie. Hy verbeel hom hy het iets raakgery, maar sien niks agter hom nie. Seker maar 'n hoender. Lekker aandete vir 'n paar van die talle voetgangers wat soos aasvoëls op die dooie hoender sal toesak. Hy glimlag by die gedagte van hoe die hoendervere deur die lug trek en die honger mense sal baklei vir die vars ete.

Hy kyk weer in die truspieëltjie. Dit lyk nie asof iemand hom agtervolg nie. Hy sien die donker kringe onder sy oë. Sy vel is bruingebrand en laat sy hare ligter voorkom. Waar sou sy sonbril wees? Hy soek vinnig in die kajuit van die Land Rover rond, maar kan nie waag om sy oë te lank van die pad af te hou nie. Daar was nie eers tyd om iets te eet of saam te bring nie, maar hy sal kan uithou. Hy moet net betyds uit die land kom. Hy kyk met skrefiesoë na die

University of Cape Town

windskeef palmbome en uitgestrekte goue strande langs die pad. Deur die oop venster kan hy die soet, verstikkende tropiese plantegroei ruik.

Dit is steeds drukkend warm. Vroeër die dag, voor sy afspraak in een van Lomé se min moderne hotelle, moes hy 'n ruk in die straat vir 'n kontak wag. Ten spyte van die skadu van die bome kleef die hitte aan jou klere en is hy met sweetdeurdrenkte klere die hotel in. Suid-Afrika is nou wel ook nie meer die ideale plek vir hom nie, maar hier, in die vogtige hitte tussen die oordadige plantegroei en geil groene van die bome en struike, wil hy nie doodgaan nie.

Hy het net betyds onthou om die diplomatieke nommerplate te vervang. Vandag moet hy onopsigtelik wees. So ver verloop alles seepglad. Volgens sy inligting is talle aanvalle suksesvol geloods om die regeringsoldate te verras en tot oorgawe te dwing. Hulle het reeds die radio- en televisiegebou en lughawe beset, maar hy móét oor die Ghanese grens wees voordat die regeringstroepe dalk kan hergroepeer of die media met hul lang lense en lang neuse op dié deel van Afrika toesak.

Hy hoop net die kontak in Côte d'Ivoire is op sy pos. Op hierdie stadium wil hy nie meer moeilikheid hê nie en proe al die gin en tonic langs die swembad. Abidjan, hoofstad van Côte d'Ivoire, het heerlike hotelle wat nog onder Franse bestuur is en hy sien uit daarna om homself te laat bederf. By die Hotel Ivoire is daar juis 'n nuwe Marokkaanse masseuse wat net weet hoe om hom te laat ontspan.

In Abidjan het hy geleer watter plesiere geld kan koop. Die afgelope paar weke was besonder veeleisend. Hy het 'n behoefte om te kan ontspan en sien uit na die lafenis van die Hotel Ivoire se binnenshuise swemarea wat soos 'n groot waterslang tussen die tafels en stoele

University of Cape Town

van die restaurant tot by die ingansportaal strek. Daar is orals fonteine en tropiese plante en bome, en saam met die sensuele agtergrondmusiek, voel dit vir hom soos die paradys.

Hy kyk op sy horlosie en besef dis tyd om sy afspraak te bevestig. Die selfoon glip maklik van die vertroude plek op sy gordel af.

"Desert fox message: Everything going as planned. The last delivery from South Africa was made in time. They should have enough now to ensure the success of the operation. I will collect at the same place as usual. We can meet Friday at 12:00 if everything is in order. End of message."

Die Land Rover dreun by 'n bordjie verby wat aandui dat die Ghanese grens vyf kilometer ver is. Hy sit selfvoldaan terug. Buite het die wolke begin saampak en die eerste druppels plof teen die voorruit. Hy maak nie die venster toe nie. Dit is lekker om die reën in die lug te ruik en hy steek sy kop by die venster uit en voel die warm druppels teen sy wange en voorkop. Met 'n oop mond proe hy die reën, en skree uit volle bors sy vreugde uit. Dan leun hy vorentoe en glip 'n Johnny Clegg CD by die CD-speler in: "...we are the scatterlings of Africa, both you and I, " begin hy luidkeels saamsing.

University of Cape Town

Pretoria, Suid-Afrika

Ruben Meyer kyk geïrriteerd na Pretoria se Oktoberpers. Die tuine van die Uniegebou kan doen met goeie lentereën. Vroeër was die tuine die trots van Pretoria en het toeriste en troupaartjies hiernatoe gestroom om foto's te neem. Dit is stikkend warm buite die sandsteen klipmure van die bekende Herbert Baker baken teen Meintjieskop.

Wat is dit met hierdie kontinent? Hy het vanoggend die berig oor 'n gepoogde staatsgreep in Togo ontvang. Op die wêreldkaart teen die muur sit die smal landjie aan die Wes-Afrikaanse kus ingedruk tussen Ghana en die Ivoorkus. Hoekom het hy nog niks van die Suid-Afrikaanse Ambassade in Lomé gehoor het nie? Ruben leun agteroor en stryk sy kuif met beide hande agteroor. Hy kyk na die stapel dokumente op sy lessenaar, maar staan dan op en stap uit op die balkon wat uitkyk oor die tuine en die stad. Sy oë is moeg en hy knip hulle teen die helder Afrikason.

Hy kyk na die oostekant van die Uniegebou in die rigting van Arcadia en Hatfield waar die Jakarandas in volle blom is. Die Arcadia waar Ruben hom die vorige Vrydag vreeslik vererg het vir die Franse ambassadeur. Die gedagte aan die funksie by die Franse ambassade ontstel hom sommer weer opnuut. Hy wonder wat die Franse se rol in die nuutste onrus in 'n voormalige Franse kolonie is.

By dié skemeronthaal vir die besoekende Franse Minister van Buitelandse Sake kon hy deur die vriendelike skynheiligheid van sommige eerstewêreldse diplomate sien dat Suid-Afrika in hul oë toenemend as net nog 'n tipiese agterlike Afrikastaat beskou word. Hy ondervind dat hy ongemaklik voel en oogkontak met diplomate wat vir hom saak maak vermy. Die Franse ambassadeur se woorde dié aand het hom die meeste ontstel.

Die probleme het al by die hek van die Franse ambassade begin. Hy het besluit om direk na die onthaal te gaan en wou sy chauffeur in Silverton aflaai en self met die Jaguar Arcadia toe ry. Die chauffeur het onlangs pa geword en Ruben wou hom nie onnodig oortyd laat werk nie.

Toe hy uit die koel Uniegebou stap, het die hitte hom soos 'n warm golf in die gesig getref. Dit bly moeilik om aan die hoëveldse hitte gewoond te raak. Hy het vinnig tot by sy

University of Cape Town

donkerblou Jaguar gestap waar dit saam met 'n paar ander ingevoerde, linkerhandstuur motors onder 'n klip afdak agter die Uniegebou geparkeer was. Toe hy die Jaguar aanskakel, het hy hom verlustig aan die diep grom van die groot enjin.

Die motor het in die boomryke Goewernementslaan ingegly. Hy het die vensters oopgemaak vir vars lug en om die enjinklank te hoor. Dit was egter so warm dat hy die vensters dadelik weer opgedraai het en die lugreëling aangeskakel het. Hulle het verby die gronde waar hy en meeste van die nasionale ministers staatshuise het, gery. Enkele sekondes later was hulle naby die groot grasperke van die President se woning. Daar was opvallend baie wagte.

Met die laatmiddag Afrikason verskans agter dik ruite en lugreëling en 'n Bach kantate oor die hoëtrou luidsprekers, het Ruben begin ontspan. Die meeste staatsampenare was al huis toe en Pretoria se eenrigtingstrate was stil. Die boomryke strate het hom opnuut opgeval. Groot palmbome en wilde piesangs wat welig in die rooi grond groei. Die grond wat so lekker ruik tydens 'n donderstorm. Eintlik 'n ware Afrikastad, as dit met Kaapstad vergelyk word, wat veel meer 'n Europese atmosfeer het.

Hy was teleurgesteld toe hy by Beckettstraat kom en besef dat sy ontvlugting uit die daaglikse realiteit amper op 'n einde was. Hy het die twaalfsilinders vir oulaas laat praat teen Meintjieskop se bult uit en toe spoed verminder om statig tot by die ingang van die ambassade se hek te ry waar 'n Franse wag hom gestop het.

"Pardon Monsieur, but only auto driven by chauffeur to park inside grounds. Kindly park in Beckett Street and..."

"But I come here regularly and...."

University of Cape Town

Ruben was te verbaas om onmiddellik kwaad te word. Ken die mense hom dan nou nog nie?

"Monsieur, I have orders from the ambassador personally not to allow autos without chauffeurs inside compound. You will have to turn."

Agter hom was nog 'n motor. Ruben het hom vererg, maar toe hy die Franse wag wil aanspreek, hoor hy hoe die chauffeur agter hom op die man in sy militêre drag skree.

"Open up the gate, idiot! It's the Director General of Foreign fuckin Affairs!"

Die Fransman het gelyktydig gesalueer, om verskoning gevra en die hek oopgemaak.

Die Franse wag was net die begin. Hoekom kan die Franse nie Suid-Afrikaanse personeel aanstel nie? Dis een klein gebaartjie waardeur buitelandse missies 'n bydrae kon maak om die hoë werkloosheid in Suid-Afrika aan te spreek, al is dit dan ook net simbolies. Hy het deur die indrukwekkende tuin gestap en die netjies gesnoeide roosbome opgemerk. Hy weet die ambassadeur is lief vir rose, maar die gemanikuurde vorms het Ruben laat dink dat dit seker 'n nostalgiese poging was om die perfeksie van die tuine van Versailles te reproduseer. Oral in die tuin het groot kerse gebrand, waarskynlik mevrou Moal se idee. Die soet reuk het Ruben irriteer. Heimlik het hy gewens die wind wil begin waai.

University of Cape Town

Gent, België

Justine Minnaert kyk met 'n ondeunde glimlaggie na haar ragfyne onderklere. Die tas is klaar halfvol van blou en swart en rooi broekies en bra's, maar sy het nou maar eenmaal 'n voorliefde vir duur en sexy onderklere. Dít en mooi Italiaanse skoene. Sy is regtig opgewonde. Sy was nog nooit in Suid-Afrika nie en boonop het sy net begin moeg raak vir die nat en reënerige Belgiese strate. 'n Tydjie in die Afrika somerson is net wat sy nodig het.

Justine bestudeer haarself in die spieël van die hoë, eikehout hangkas. Sy is tevrede met haar voorkoms, alhoewel sy graag bietjie meer kleur sou wou hê. Niks wat 'n paar dae by die see of langs die swembad in Suid-Afrika se befaamde son nie kan regmaak nie. Sy kyk na haar groenbruin oë en lang blonde hare wat sy nou in 'n poniestert vasmaak. 'n Bietjie lipstiffie en maskara, as sy die dag lus het, is al wat sy nodig het.

Justine draai om en bestudeer haar figuur. Sy is wat mens in Vlaandere beskryf as 'n meisie met "pak." Nie oorgewig nie, maar daar is genoeg van dit wat saak maak. Sy het volgens haar vriendinne se oordeel tydens die laaste somerbesoek aan Oostende se strand die mooiste paar borste op die strand gehad, en daarby 'n plat klein magie en 'n lekker prominente paar boudjies. Van al haar salsa en bachata dansery op Woensdae en Saterdae het sy gespierde bene en 'n regop houding wat spreek van selfvertroue.

Terwyl sy na haarself in die spieël kyk, is dit asof sy vir die eerste keer besef dat sy op haar eerste sending as joernalis na Suid-Afrika, die land van apartheid en Nelson Mandela, gaan. As jong joernalis het sy al vroeër kontak met diplomate en politici in ander Afrikalande gehad, en kan sy danksy haar studies in Germaanse tale aan die Universiteit van Gent die Afrikaanse taal, of Zuid-Afrikaans, soos die meeste Vlaminge daarna verwys, redelik en met 'n

University of Cape Town

pikante uitspraak praat. Op hierdie missie gaan sy beslis haar taalkennis nodig hê en sy weet dat dit waarskynlik een van die redes is waarom haar koerant haar gevra het om 'n paar artikels oor Suid-Afrika te skryf.

Sy hou van uitdagings en sien baie uit na die tydjie in Afrika. Die koerant se opdrag is onder meer dat sy moet ondersoek instel na Suid-Afrika se moontlike betrokkenheid by diamant- en wapenhandel. Sy weet dat Suid-Afrika die grootste leweraar van diamante in die wêreld is, en dat meeste van dié diamante in Antwerpen, waar haar pa woon, geslyp word. En dat sy nie sou omgee vir 'n groot diamant nie. Meer spoedeisend egter, volgens haar redakteur, is dat sy moet uitvind wat aangaan in Togo in Wes-Afrika. Blykbaar was daar 'n poging tot 'n staatsgreep en word verskeie buitelandse diplomate, onder andere Suid-Afrikaanse diplomate, aangehou. Die enigste afspraak waarop sy reeds bevestiging ontvang het, is die ontmoeting met die Direkteur-generaal van Buitelandse Sake, Ruben Meyer. Sy is bly dat hy 'n onderhoud toegestaan het en hoop dat sy moontlik deur hom ook toegang tot die buitelandse minister en ander politici en kontakte sal kry. Sy weet nie veel van hierdie Meyer nie, maar volgens foto's lyk hy interessant en herinner nogal aan Robert Redford in sy "Out of Africa"- rol.

Sy voel die bloed deur haar are bruis en sien uit na die uitdaging om Ruben Meyer en ander belangrike rolspelers te leer ken. Sy weet dat sy oor die vermoë beskik om inligting uit mense te kry wanneer dit regtig nodig is. Boonop kan sy enige viriele man om haar pinkie draai en weet sy net hoe om haar vroulikheid en sjarme te gebruik om haar doelwitte te bereik. Sy sal vir Meyer uit haar hand laat eet.

Buite toet 'n motor en Justine maak gou die tas finaal toe. Sy kyk vir oulaas in die spieël. Dit is tyd om professioneel te wees, nie romantiese drome droom nie. Vergeet nou eers van Redford se Out of Africa-glimlag, dit is tyd om in Afrika in te gaan.

University of Cape Town

Sy kyk weer na haar donkerblou slaapkamer. Sy gaan die plek en haar vriende by die salsa mis, maar sy soek 'n geleentheid om haarself uit die Vlaamse klei op te trek en nuwe horisonne te ontdek. Boonop sukkel sy nou al maande om van haar "Het Nieuwsblad"-lesende en materialistiese Vlaamse vriend ontslae te raak en die besoek kom net op die regte tyd. Hy is so perfek vir haar volgens haar familie en vriende, maar na 'n paar maande vind sy hom vervelend en boonop 'n literêre ignoramus. Sy wil oor meer as die Belgiese politiek en sport gesels.

Sy het skielik een dag op die muurbalbaan finaal besluit sy wil nie by hom kinders hê nie en het net daar die verhouding beëindig, alhoewel hy dit steeds nie wil aanvaar nie. Ook is dit asof haar ouderdomsgenote en vriende van die universiteit haar begin verveel. Sy soek iets meer as om elke aand in een van hul bekende kroeë te gaan sit en klets. Sy onthou hoe haar Suid-Afrikaanse kennis haar daaroor gespot het en nie aan die Europese kuierkultuur gewoond kon raak nie. Nou sal sy insae in 'n nuwe kultuur en gewoontes kan kry. Sy hoop regtig daar is meer as rugby, braaivleis en sonskyn, alhoewel twee uit die drie op die oomblik glad nie onaangenaam klink nie. Justine is gereed en gewapen met genoeg lipice, sonbrandolie en somersklere vir Afrika. Die huurmotor toet weer buite en sy gryp haar te swaar sak, trek haar asem diep in en maak die deur van die donker woonstel toe.

"Dag België. Zuid-Afrika, hier kom ik."

University of Cape Town

Pretoria, Suid-Afrika

Ruben het in die lang tou saam met die ander gaste staan en wag om die besoekende Franse Minister te ontmoet. Kort voor hom in die tou het hy die Britse Hoë Kommissaris se oë ontmoet. Mary Partridge. Die vrou met seker die witste gesig in Afrika, maar 'n goedversorgde vel ten spyte van haar ouderdom. Sy was besig om vir haar man iets te vertel en het onmiddellik stilgebly en half skuldig weggekyk toe hulle oogkontak maak. Sy het egter gou herstel en in 'n oorvriendelike, onnatuurlike stemtoon begin praat.

"Oh good evening, Mister Meyer. I am so glad to see you. Have you met my husband, Sir John Richardson?"

Sy het onwillekeurig met haar hand oor haar rooi hare gestryk.

Ruben was oortuig daarvan dat hulle pas oor hom of oor Suid-Afrikaners staan en skinder het.

"It is a pleasure to meet you, Sir Richardson. I trust you are enjoying your stay in South Africa?"

Die kromgetrekte omie het Ruben herinner aan die Engelse wat hy as kind in die Oos-Kaap by krieketwedstryde gesien het. Kompleet met 'n wit weglêsnor en opvallende whiskey-aartjies op die neus.

"Well, the weather is awfully pleasant compared to the Isles. I dare say that is one of the reasons why you South Africans are so keen on sports. Are you following the cricket test in Port Elizabeth?"

University of Cape Town

Ruben kon sien dat die "sir" nie baie geneë was om oor politiek of ander onaangename realiteite met hom te praat nie. Hy het verkies, soos trouens die meeste inwoners van Suid-Afrika, om hom tot 'n veilige onderwerp soos sport te beperk.

"Of course I follow the cricket. If it was not for Mike Atherton we would have had you all out by lunch time..."

"Oh what a fine young chap. College boy you know..."

Ruben het hom vir Sir Richardson se stiff upper lip begin vervies, maar is verlos deurdat die ry mense intussen vinniger begin aanskuif het. Die man het hom soos 'n karikatuur van sy eie sosiale klas gedra. Die Hoë Kommissaris was reeds in gesprek met die Franse Minister en toe was hy self aan die beurt by die Franse ontvangskomitee.

Eerste in gelid was Ambassadeur Moal met sy kordaat, regop postuur. Ruben glimlag by homself. Het ander mense ook sulke privaatgrappe, of is dit net hy wat vir sy eie gedagtes lag? Vir hom is die ambassadeur die versinnebeelding van iemand wat ten volle voldoen aan die ongeskrewe vereistes van kortgatsindroom. Die houding só regop dat hy amper agteroor buig en altyd met die ken in die lug asof hy daardeur so bietjie langer sal voorkom en ook deel in die skoner lug daar bo wat net vir langerige mense beskore is.

By hom staan sy imposante vrou, geklee in 'n duur ontwerpersrok wat net uit Parys kan kom. Langs haar 'n glimlaggende Franse Minister van Buitelandse Sake.

"Ah, Monsieur Meyer. Bonsoir et bienvenu. Monsieur le Ministre, this is the Directeur général des Affaires étrangerès de l'Afrique du Sud. I have told you about him...Madame Meyer not here, Ruben?"

"Bonsoir Monsieur Le Ministre. Ravi de faire votre connaissance. Welcome in South Africa. I hope your visit will bear much fruit."



University of Cape Town

Die Minister het vriendelik geglimlag, ietwat verbaas oor Ruben se goeie Franse uitspraak.

"Minister Bonhomme, I am sure you will find South Africa a fascinating country. We have made a lot of progress in the last few years, but we would welcome closer co-operation between France and South Africa in the field of joint projects and investment."

Ambassadeur Moal het met 'n siniese trek op sy mond na Ruben gekyk en toe sy gewraakte woorde laat val.

"You know Minister, it seems as if South Africa more and more will be needing development aid, I am afraid to say. There is just not any confidence in the new government and Europe is not investing."

Daar was 'n ongemaklike stilte en die trio violiste se musiek skielik duideliker hoorbaar.

Ruben kon die effens meewarige toon van "another one bites the dust" in sy toon hoor en het die simpatieke blik in die oë van die Britse Hoë Kommissaris gesien. Dit het seergemaak. Hy wou die situasie regstel.

"Well, that is not entirely true. There are more and more foreign delegations visiting on scouting missions every day and..."

"Mais, Monsieur Meyer, ce n'est pas vrais. It is just not true. Europe has had such a bad experience with Africa and business is taking a wait and see attitude with the South Africans."

Ruben het 'n sweetdruppel teen sy rug voel afloop. Hy het gesien hoe die Franse Minister se glimlag ietwat minder rojaal word. Dat die klein kaartmannetjie nou wraggies namens hom gepraat het asof hy beter weet wat in die land gebeur en wat goed is vir Suid-Afrika. Ruben wis dat hy nie die gesprek daar kon voortsit nie en het opgemerk hoe ander

diplomate beleefd anderpad kyk. Hulle het sy frustrasie verstaan. Hy het besluit om maar te swyg en het saam met die ander gaste dieper die vertrek inbeweeg.

Hy sien weer die tientalle gesigte. Wit, bruin, swart. Laggende monde wat praat en koppe wat knik. Hy is nie 'n rassis nie en die laaste mens wat sal toegee aan Afrika pessimisme. Apartheid was 'n skande en hierdie jong demokrasie moet nou vir Afrika en die wêreld wys dat die wonderwerk van die nuwe demokrasie kan duur.

Skielik word hy teruggeruk na die werklikheid wanneer sy sekretaresse by die deur praat.

"Mr. Meyer, there is a call for you from the operations room… they have heard from the ambassador in Abidjan."

"Thank you, miss Mangcu, I'll take it."

Hy hoop die ambassadeur het nou meer uitgevind. Hy is ook opnuut vies vir Sandy Mangcu omdat sy volhard om net Engels met hom te praat. Probeer sy nog steeds 'n politieke punt maak?

Ruben leun terug in die swart leerstoel voor hy die telefoon optel. Hy draai die stoel om en kyk weer na die groot wêreldkaart teen die muur.

"Meneer Meyer, Monica Wilson van die opskamer. Ambassadeur Ntini het per satelliet deurgekom van Abidjan af. Sy sê die missiepersoneel word by die hotel in Lomé aangehou, maar dat hulle voorlopig veilig is. Dit is net die man van natuurbewaring van die wildpark bo in Togo, van wie nog geen nuus ontvang is nie."

Ruben druk die knoppie van die telefoon se luidspreker en staan op. Terwyl hy met Monica praat, bestudeer hy die kaart van Togo en die omliggende Wes-Afrikaanse state. Die

University of Cape Town

wildpark is in die boonste, mees noordelike deel van Togo, in 'n area wat meerendeels deur die opposisiemagte beheer word.

"Dankie Monica. Weet jy of Ambassadeur Postma ongedeerd is?"

Ruben is van die ou skool wat glo dat vroue nie na die "hardship" poste gestuur moet word nie, maar Rita Postma het juis op grond van sy outydse siening aangedring om wel 'n Afrika pos te kry. Sy is besonder knap en praat Frans so goed soos enige Fransman. Hy hoop nie sy is beseer nie. Ten spyte van haar hardkoppigheid en die manier waarop sy hom aangevat het oor geslagsgelykheid tydens 'n bosberaad, het hy nog altyd van haar gehou.

"Meneer Meyer, die ambassadeur weet niks van ons personeel se persoonlike omstandighede nie. Sy was besig om by van die ander state se ambassades te probeer vasstel wat aangaan. Voor ek kon vra, het die lyn doodgegaan. Die Franse en die Amerikaners sou probeer uitvind wat presies in Togo aangaan, maar alle verbindings met ons mense in Lomé is verbreek. Die Suid-Afrikaanse missie is verlate. Al die personeel is blykbaar in die Sarakawa Hotel langs die see. Die hotel word deur rebellesoldate omsingel."

Ruben tik met die papiermes op Lomé en gooi dan die mes moedeloos op die lessenaar.

"Dankie Monica, kontak my asseblief onmiddellik as julle iets van Abidjan hoor. Ek wil graag self met Ambassadeur Ntini praat as sy weer deurkom. Laat weet ook die direkteur van die Wes-Europa lessenaar dat hy die Franse Ambassade moet kontak. Ambassadeur Moal moet my direk skakel as hulle iets van die rebelleleiers hoor. Die Franse intelligensiediens is goed ingegrawe in die omgewing. Hulle behoort te weet wat aangaan."

Ruben staan op en stap na die suidwestekant van sy kantoor en kyk uit oor die stad. Dan gaan hy na sy badkamer. Hy spoel sy gesig af en kyk na sy spieëlbeeld. Tussen sy blou oë het daar die afgelope tyd 'n frons ontstaan wat nie weggaan nie.

University of Cape Town

Hy is moeg vir Pretoria. Moeg vir die hitte. Moeg vir politici wat sy lewe vergal deur transformasie onnatuurlik vinnig af te dwing, moeg vir die skyn wat altyd voorgehou moet word. Hy wil nie meer flou verskonings teenoor die buitelandse verteenwoordigers maak oor Afrikatyd as die Minister laat is vir afsprake nie. Hy is gatvol vir sekretaresses wat nie in sy eie taal met hom wil praat nie. Dit pla hom dat hy juis van die Franse afhanklik is vir inligting oor die situasie in Wes-Afrika.

Daar is 'n klop aan die deur. Dis Leon Brand, direkteur en hoof van die Europa 11 afdeling. Hy het reeds 'n afspraak met die Franse ambassade en wil eers met Ruben koukus.

"Leon, ek gaan saam met jou. Ek vermoed die Franse is weer kniediep betrokke. Wat dink jy?"

"Ek sal nie verbaas wees nie. Jy weet hoe hulle hul betrokkenheid in die Comores oorname tot die einde verswyg het."

Hulle het by die agterdeur van die Uniegebou uitgestap en besluit om met Leon se motor te ry.

"Ja, en intussen is dit hul huursoldate wat alles begin deur 'n insident te skep en dit dan opblaas tot sulke proporsies dat daar rede is om kastig in te gryp om burgerlike lewens te beskerm. Jy weet Ruben, as dit nie vir ons president was nie, was ou Bob Denard nog steeds in die gevangenis. Ons moet in gedagte hou, die Franse is bliksems skelm en bobaas manipuleerders. Afrika is belangrik vir hul ekonomie en hulle sal doen wat nodig is om hul belange te beskerm."

Hulle het by die hek van die Franse ambassade gestop. Ruben kyk na die Franse vlag.

"Ek dink regtig die kikkers is aandadig aan hierdie gepoogde staatsgreep. Die Togolese president het juis sedert die devaluasie van die geldeenheid nie meer ja en amen op al die

University of Cape Town

Franse versoeke gesê nie. 'n Sterk opposisie, of nuwe regering, al is dit 'n militêre regering, sal die Franse goed pas."

Hulle het tot voor die ingangsportaal gery waar 'n Franse wag die motor gestop het. In die voorportaal het 'n jong vrou hulle ingewag.

"Bonjour messieurs. The Ambassador is waiting for you."

Terwyl hulle in die breë gang afstap, het sy in 'n aksentlose, perfekte Engels met hulle gepraat.

"Mister Moal is very much aware and concerned about the turn of events in Western Africa. I would like to assure you that we are doing our utmost to obtain information from our personnel in the area."

Toe hulle by die ambassadeur se kantoor kom, moet hulle eers buite die deur wag terwyl die Franse dame by die swaar deur inglip. Na 'n tydjie wat vir Ruben onnodig lank voel, verskyn sy van agter die deur. Volgens protokol is dit ongehoord dat hy as DG hoegenaamd 'n afspraak by die ambassade nakom, want die Franse ambassadeur behoort hom eintlik in die Uniegebou te kom sien. Ruben steur hom egter selde aan hierdie konvensies. Hy wil so gou moontlik duidelikheid kry oor die situasie in Wes-Afrika sodat hy die beste moontlike besluit kan neem.

"You may enter now, messieurs."

Sy is steeds die vriendelikheid self. As hulle die ruim vertrek binnegaan, sit Ambassadeur Moal nog steeds agter sy groot lessenaar, klaarblyklik vreeslik besig, maar staan dan vinnig op as hy die twee Suid-Afrikaners sien.

"Ah, messieurs Meyer et Brand. Welcome, welcome. Please sit down. What do you drink?"

University of Cape Town

Hulle stap oor na die sitkamergedeelte van die kantoor. Teen die een muur is 'n reuse Franse vlag gedrapeer en agter die lessenaar hang 'n foto van President Chirac.

"Monsieur Brand, did you know that members of my family came to South Africa with the French Huguenots? Let me show you."

Die kort mannetjie neem vir Leon Brand aan sy elmboog en wys vir hom trots 'n genealogiese kaart.

"Look here. I am a direct descendant of the Huguenots. You see, the French are more involved in Africa than you even thought."

Inderdaad. Ruben knik en glimlag by homself. Vir eens stem hy saam met die ambassadeur.

Tydens die gesprek was die ambassadeur egter sy ou lakoniese, onpeilbare self en Ruben kon min van die Franse betrokkenheid by die Togo opstande, al dan nie, uit hom kry. As diplomaat in Parys het hy dikwels met selektiewe inligtingverskaffing en die neus-in-die-lug beterweterigheid te doene gekry.

"Ambassador, is there any reason to believe that there may be foreign powers involved in this attempted coup d'état?"

Die Franse ambassadeur kyk hom sonder 'n oogknip aan.

"Mister Meyer, I can assure you the French government is doing everything in its powers to ascertain what the situation is. We will inform you in the correct manner if we establish the true state of affairs."

Stilte. Ruben vervies hom vir die pedantiese "correct manner."

Gaan die inligting per "note verbale" oorgedra word, of wil die klein haantjie net weer 'n punt maak? Die stilte word verbreek as die vrou klop om hul drankies te bedien. Dit gee die



University of Cape Town

ambassadeur kans om weer sy joviale rol te speel en hy probeer die stywe atmosfeer met flou grappies verlig.

Sy Engels is minder goed as die norm vir Franse diplomate, maar sy begrip van die taal is goed genoeg dat dit nie nodig is vir 'n tolk nie. Gewoonlik maak die Franse wel van tolke gebruik, al is dit net om hulle meer tyd te gee om goeddeurdagte antwoorde te kan gee. Na verdere futiele pogings om meer inligting van die Franse ambassadeur te bekom, is Ruben en sy kollega onverrigter sake daar weg.

Terug in sy kantoor gaan staan Ruben voor die skuifraamvenster. Hy moet uitvind wat in Togo aangaan. Dit frustreer hom as hy nie op hoogte van gebeure is nie. Hy kyk na die middestad met sy omringende heuwels. Teen dieselfde hoogte as Meintjieskop lê die Universiteit van Suid-Afrika se kenmerkende hoofgebou. Die universiteit wat soos 'n groot skip tussen die heuwels vertoon, is die grootste universiteit in die suidelike halfrond en spog met Nelson Mandela as oud-student nadat hy as politieke gevangene sy regsstudies vanuit die gevangenis voltooi het.

Teen die ander koppie is die Voortrekkermonument, 'n ou Afrikanersimbool wat die nuwe regering nie mooi weet wat om mee te maak nie. Dié monument lyk vir Ruben soos 'n groot radio uit die dertigerjare. Tussenin lê die voorheen eksklusiewe blanke woonstelbuurte van Arcadia en Sunnyside en die middestad, onlangs nog die domein van wit staatsamptenare, nou 'n toenemende en amper pikswart Afrikastad.

University of Cape Town

Hoofstuk 2

Lomé, Togo

Johan Castelyn weet onmiddellik dat dit KLM vlugbemanning is wat arriveer het toe hy die Nederlands langs die swembad hoor. Hy en die ander Suid-Afrikaanse missiepersoneel in Togo is nou al vier dae in die hotel in Lomé vasgekeer. Ten spyte van die onsekerheid oor die gebeure in die land sou hy die tyd hier selfs kon geniet. Dis net die ambassadeur wat steeds meer op sy senuwees werk met haar gekarring en obsessie om met diplomatieke verteenwoordigers van ander state kontak te maak. Johan ken Wes-Afrika en sy mense goed. Dit is sy tweede pos in 'n Franstalige Afrikaland en hy het geleer om, soos die inwoners, elke dag te neem soos dit kom. Tydens 'n vorige pos in België het hy boonop heelwat met die oud-Belgiese kolonies te doene gehad. Dat jy goeie geld in die ongewilde Afrikastate verdien, is vir Johan die grootste pluspunt.

Johan stryk oor sy kortgeskeerde baard. Ten spyte van sy blonde hare het hy 'n donker baard en wenkbroue en pas sy vel goed aan in die Afrika son. Hy kyk in die rigting van die hotel om te sien of Ambassadeur Postma in sig is. Sy het regtig die tyd hier in Togo met haar Pretoriaanse staatsdiensgewoontes kom bederf. Hy is bekommerd dat sy kan inmeng in enige pret wat hy met die Nederlandse vlugpersoneel mag hê.

Daar is enkele toeriste wat onder sambrele by tafeltjies op die hotel se stoep sit, maar Ambassadeur Rita Postma is nêrens te siene nie. Ook in die groot tuin van die hotel wat tot amper by die see strek, is daar min mense. Dié tyd van die dag is dit te warm buite en selfs die tennisbane waar hy self al 'n paar keer gespeel het, is verlate. Johan geniet tropiese Afrika ten spyte van die hitte en muskiete. Die leefstyl van die Afrikane pas hom. Hy hou van Afrika

University of Cape Town

reggae. Hy hou van die vriendelike mense en wonder soms of hy ooit weer in 'n stad sal kan aanpas.

Hy leun agteroor en kyk hemelwaarts. Die lug is soos gewoonlik bedompig en slegs die hoogste palmbome se blare roer effens in die ligte seebriesie. Hy weet dit gaan netnou weer reën, maar hy is nou al so gewoond aan die warm reën dat hy nie eers meer probeer om droog te bly nie.

Die koms van die KLM bemanning is vir hom goeie nuus. Dit is interessant dat die rebelle nuwe mense toelaat. Dit beteken dat die lughawe wel nog oop is.

Johan is moeg vir die gewone Franse en Libannese sakelui en Ghanese prostitute wat om die swembad en saans in die kroeë rondhang. Hy onthou die eerste aand na sy aankoms as diplomaat hier by dieselfde hotel besonder goed. Dit was vir hom vreemd toe 'n swart vrou hom letterlik van die kroegstoeltjie waar hy sit en bier drink het, afgestamp het. Sy het tot reg voor hom gestap, so naby, dat haar borste teen hom gedruk het.

"Are you looking for company, big boy?"

Johan het teruggedeins, gedink sy praat met iemand agter hom.

"Fucky, ducky? You English? You alone?"

Toe sy sy weifeling sien, het sy met haar onderlyf so styf teen Johan gaan staan dat hy van die kroegstoeltjie afgeval het. Hy was so vervaard dat hy nie eers tyd gehad het om sy val te keer nie. Toe hy verskrik opstaan, het sy hom smalend uitgelag en weggeloop.

Nog later die aand het van die vroue letterlik met hul vuiste teen sy hoteldeur gehamer en aangedring om binne te kom. Vir 'n viriele, gesonde jong man soos hy was dit 'n ontstellende ervaring dat vrouens hom, of dan sy geld, so graag wil hê. Hy het seker gemaak dat die deur op grendel is en het doodstil agter die deur bly staan tot hulle weg is. Wat hom

University of Cape Town

veral verbaas het, is dat die vrou die uniform van die hotel gedra het en hy aangeneem het dat sy deel van die personeel was. Later die aand het hy by 'n Fransman verneem dat daar talle prostitute van die naburige Ghana aktief is. Hulle is besonder aggressief omdat besigheid so sleg is as gevolg van die politieke onrus.

Intussen het Johan geleer dat die Ghanese in Togo gewoonlik goeie besigheid doen omdat hulle kan Engels praat en op die nuwe toeriste, en niksvermoedende diplomate, konsentreer. Die enigste afskrikmiddel vir dié desperate mense is om met die gepaste outoriteit en sonder oogkontak "fuck off," te sê. Hulle verstaan die woorde besonder goed, en sedertdien word hy nie meer gepla nie.

Die Nederlandse lugwaardinne is egter 'n ander storie. Hy kan sy oë nie van die sestal meisies afhou wat naby hom langs die swembad kom lê nie. Nog beter vir die uitgehongerde vrygesel, die Hollanders het geen inhibisies nie en paradeer hul halfnaakte lywe sonder besef van die effek wat dit op Johan mag hê.

Hy merk met opwinding dat hulle vrolik en vol grappies is en een van hulle oënskynlik iets oor hom vir 'n ander vertel. Hy kan die vinnige blik en skamerige wegkyk sien en herken die lekker warm gevoel van 'n meisie se belangstelling in hom. Hy kyk na sy liggaam, herposisioneer homself en voel 'n paar oë op hom. Hy betrap haar oë en flits 'n selfversekerde glimlag in dié rigting terwyl hy ongemerk probeer om meer regop te sit in die plat sonstoel. Maag intrek en inhou.

Wit tuinstoele is rondom die swembad geplaas, maar almal kuier onder die palmbome om die ergste son af te keer. Johan wil nie van die hotel se kant gesien word nie, want hy is nou minder as ooit lus vir Ambassadeur Postma.

University of Cape Town

Die volgende oomblik gebeur iets wat die uitgehongerde vrygesel penorent laat regop sit. Sonder enige seremonie verwyder die meisies die bostukke van hul bikini's en begin mekaar met sonbrandolie insmeer. Twee spring al giggelend en met wippende borste in die swembad onder die luide aanmoediging van hul kollegas. Hy raak bewus van 'n onwillekeurige roering in sy lende. Hy is lanklaas so getrakteer en terselfdertyd getempteer en kan kwalik sy kop wegdraai en sy voorgenome onbetrokke "cool" houding behou.

Johan kyk vinnig in die rigting van die hotel. Geen teken van die ambassadeur nie. Hy merk ook dat die rebellesoldate steeds relatief onopvallend in die hotel self is, maar dat daar rondom die hotel verskeie versperrings en militêre voertuie sigbaar is. Johan kyk na die palmbome bo hom. Hy voel die son op sy amper kaal lyf en 'n behaaglike gevoel spoel oor hom.

Met die hulp van die rebelle en as hy uit die pad van Ambassadeur Rita Postma kan bly, kan hy die beleg van die hotel net sowel probeer geniet tot alles weer normaliseer. Hy weet die lugrederye gebruik die Sarakawa Hotel vir hul personeel omdat hy destyds met sy aankoms in Lomé vir twee weke hier moes bly totdat daar vir hom 'n huis in die diplomatieke buurt gevind is. Hy kla nie oor sy huis nie en die staat het vir hom nogal mooi meubels gegee, maar dit is maar eensaam daar en meeste van die ander lande se diplomate is getroud en het gesinne. Enkellopers, en veral aanvallige jong vroue, is uiters skaars. Die enigste Suid-Afrikaners in Lomé is hyself, Ambassadeur Rita Postma en die buitelandse assistent, Tracy Stenson.

Verder is dit net Jakkie Retief, die wildbewaarder van die Nasionale Parkeraad wat gesekondeer is om die wildpark in die noorde van Togo in 'n internasionale toeristeparadys te omskep. Johan is skepties oor die voortbestaan van dié projek van die vorige Suid-Afrikaanse regering. Destyds was dit deel van die omkoopproses om toelating en diplomatieke erkenning

University of Cape Town

aan die Suid-Afrikaanse missie te gee. Buiten Côte d'Ivoire was Togo die enigste Afrikastaat wat die wit Suid-Afrikaanse regering tot 'n mate erken en 'n beperkte diplomatieke status gegee het. Nou is die Suid-Afrikaanse missies soos kolle op 'n luiperd oor Afrika versprei. Johan weet wat dit kos om 'n nuwe missie in 'n land te begin; hyself het die een in Togo gevestig.

Dit is vir hom vreemd dat Suid-Afrika verteenwoordiging in ekonomiese sterk state afskaal en buitelandse missies sluit vir politieke redes. Wat hom betref, weeg politieke lojaliteit en broederskap nie op teen die ekonomiese realiteite en "common sense" nie.

Hy weet hoeveel geld die regering bestee het aan die omheining van die wildpark in die noorde van Togo en daar is voortdurend siektes en probleme wat aandag verg. Boonop is die wildpark die natuurlike omgewing van die rebelle en is hul hoofkwartier in die middel van die park. Johan het baie simpatie met Jakkie wat alleen daar moet bly, maar Jakkie is so lief vir die veld en diere en kom boonop goed oor die weg met die inwoners in die gebied. As hy so eenkeer 'n maand stad toe kom vir inkopies is dit altyd 'n stryd om vir Jakkie in 'n restaurant te kry of uit te neem. Die man is 'n bokwagter in murg en been en meer tuis tussen die klippe en bome as enige ander plek.

Johan se gedagtes word kortgeknip as hy sowat vyftig meter van die swembad vir Ambassadeur Postma op die stoep van die hotel sien. Sy en die buitelandse assistent het by 'n tafeltjie gaan sit om iets te bestel. Hulle kyk kort-kort en opsigtelik senuagtig na die wagte wat met hul outomatiese gewere op die heup eenkant teen die muur staan en gesels. Stel jou voor, dat sy, vars uit Pretoria en 'n ooglopende regstellende aksie aanstelling om meer vroulike missiehoofde daar te stel, oor hom, wat Afrika so goed ken, moet kom baasspeel. Hy het niks teen vroue nie, inteendeel, hy is mal oor hulle. Dat Rita Postma hom nie geglo het nie en hom

University of Cape Town

kom vertel het dat daar geen kans is dat die rebelle sou oorgaan tot aksie nie, is 'n gedagte wat hom onwillekeurig laat lekker kry.

Johan onthou toe hy gehoor het dat sy as missiehoof in Lomé aangestel is. Hy moes as Afrikakenner vir haar in die Uniegebou gaan ontmoet en 'n agtergrondskets gee oor die politieke situasie en omstandighede in Togo.

"So, meneer Castelyn, ek verneem jy is al meer as twee jaar in Lomé. Vertel my iets van die land se politiek. Hoe sal die Togolese teenoor 'n blanke vrou optree?"

Johan het eers 'n ruk gedink voor hy geantwoord het.

"Ambassadeur, vrouens speel nie buite Suid-Afrika so 'n groot rol in die politieke gebeure nie."

"Maar sal die politici my anders behandel omdat ek as wit vrou missiehoof is in 'n land waar hoofsaaklik swart mans die regering en politiek oorheers?"

"Ambassadeur Postma, ek dink jy sal net die tyd moet neem om die politiek van Afrika te leer ken. Dit werk nie soos in die res van die wêreld nie. In Afrika regeer die sterkste etniese groep. Demokrasie werk nie hier nie. Ook hier in Suid-Afrika het die wittes regeer omdat hulle vir 'n tydperk die mag had en die sterkste groep was, die "white tribe of Africa", en ..."

Rita Postma het hom in die rede geval.

"Meneer Castelyn, ek het nie jou opinie oor demokrasie gevra nie. Vertel my oor die land se politiek en regering en opposisie. Wie is die belangrikste rolspelers?"

"Togo, soos u sal weet, het in 1960 onafhanklikheid van Frankryk gekry. Daar is nou en dan verkiesings en 'n sogenaamde demokrasie, maar die regering onderdruk steeds enige opposisie. Alles hang af van wie die weermag beheer."

University of Cape Town

Hul oë het vir 'n ruk ontmoet. Nie een wou wegkyk nie. Rita Postma laat haar nie maklik deur iemand voorskryf nie en veral nie deur 'n man wat die wêreld vanuit 'n chauvinistiese perspektief bekyk nie.

"Ambassadeur Postma, ek weet Suid-Afrika het meer vroulike missiehoofde as enige ander staat, maar in die res van Afrika speel die vrou 'n ondergeskikte rol in regeringsake."

Hy het haar uitdagend aangekyk. Hy het vermoed dat hulle sou vassit.

"Wel, ek gaan my opdrag nie daardeur laat beïnvloed nie. Hoe sterk is die huidige Togolese regering?"

"Gnassingbé Eyadéma is al sedert 1967 president na 'n militêre staatsgreep. Daar is wrede onderdrukking van die opposisie en onlangs nog was daar weer 'n sluipmoordpoging op Eyadéma se belangrikste politieke opponent. Boonop is daar te veel wapens en werkloosheid in die land, en ons inligting is dat dit net 'n kwessie van tyd is voor daar 'n grootskaalse opstand is."

"Maar waaroor baklei hulle? En wie gee vir hulle wapens? Dis so 'n klein landjie. Daar moet tog 'n rede wees vir die sluimerende konflik."

Johan het haar met 'n meewarige, amper simpatieke glimlag beantwoord.

"Mans vind altyd redes om oorlog te maak."

Die aangewese ambassadeur was stomgeslaan.

Toe het hy opgestaan en uitgestap.

Hy kyk weer na die hotelstoep se kant toe en sien hoe sy ongemaklik rondkyk op soek na 'n kelner. Dit is asof die teenwoordigheid van gewapende soldate haar verlam en sy nie onder sulke omstandighede kan funksioneer nie. Hy het al vir weke in berigte na hoofkantoor

University of Cape Town

gewaarsku dat daar politieke onrus in Togo aan die broei is, maar sy het telkens sy inligting en aanbevelings aan die einde van die verslae verander en die erns daarvan afgeskaal.

Johan praat met homself terwyl hy na sy ambassadeur op die stoep kyk.

"Raai wie skyt nou van bangigheid? Toe die eerste skote in die strate buite die missie klap, toe hardloop jy skreeuend in my kantoor in."

Hy maak haar stem na met 'n skril, huilende stem:

"O Heretjie Johan! Hulle skiet hier buite. Wat doen ons nou?"

Johan weet dat sy hom binnekort gaan soek omdat hulle met hoofkantoor of van die ander diplomatieke missies moet probeer kontak maak. Hy het egter eers belangriker dinge om te doen. Sy gaan nie vir hom voorsê wat hulle moet doen nie. Hy sit weer ietwat meer regop in die sonstoel om sy magie te verbloem, vryf met sy hande oor sy kuif en rig hom tot die groep meisies langs die poel.

"Excuse me, do you speak English? You girls have no idea how glad I am to see people like you again."

"Sorry? Wat zegt u? Did you speak to us?"

"I am a South African diplomat. We are being held captive here by the rebels who took over the government on Sunday. Did you have trouble coming in through the airport? I thought they closed it."

"No, there were no problems coming in, but we are worried about going out. We have to stay here for four days before we fly back to Amsterdam."

Johan hou met moeite sy oë van die blonde meisie af.

"Say, what is your name?"

"Marijke. And yours?"



University of Cape Town

"Johan. By the way, I can understand your language. My home language is Afrikaans and I can understand Dutch if you don't speak too fast. Verstaan jy as ek met jou Afrikaans praat?"

Hy praat die laaste sinnetjie heelwat stadiger sodat sy hom mooi kan verstaan.

"Ik begrijp je wel, maar niet te vlug spreken, alsjeblieft."

Die hoë sopraan en amper vraende "alsjeblieft" vermurwe hom heeltemal en klink vir Johan soos musiek.

Hy weet egter, noudat hy getoon het dat hy hulle taal verstaan en nie net nog 'n Brit of Fransman is nie, dat hy eintlik 'n voordeel het as hy Engels praat. Die Hollanders dink altyd hulle kan goed Engels praat en wil dit graag demonstreer, maar eintlik sukkel hulle maar. Tyd vir bietjie humor om verder grond te wen.

"So, what's a nice chick like you doing in a dump like this? You come here often?"

Hy praat sommer met almal, en wil sien wie reageer en wie dalk 'n sin vir humor het. Hy hoop dis die blonde een, maar dis 'n brunette met 'n diep kuiltjie in haar een wang, wat met lagogies antwoord.

"You mean South African diplomats also read Mad magazine?"

Johan kan nie onthou dat hy al ooit in sy lewe sulke mooi oë gesien het nie. Hy is nou al amper 'n jaar saam met Rita en Tracy in Lomé afgesonder. Hierdie is 'n welkome verwikkeling en potensieel 'n fantastiese ervaring. Skielik is hy dankbaar dat hy die afgelope tyd weer ernstig swem en vir 'n oomblik kyk hy na homself soos die meisies hom behoort te sien.

Hy is langer as die gemiddelde man en atleties gebou, behalwe vir die effense bierpensie wat die afgelope jaar ongenooid vorm aangeneem het. Uit ervaring weet hy dat sy

University of Cape Town

helderblou oë meisies nogal kan bekoor. Met dié troef in gedagte haal Johan vinnig sy donkerbril af en besluit om dan maar op die brunette te konsentreer.

"Karien, jy sê julle bly vier dae? Ek dink julle gaan langer hier bly. Ons is nou al 'n paar dae hier en mag glad nie uitgaan of uitbel nie. Ek het die hotel se rekenaar probeer gebruik, maar daar is nie meer internetkoppeling nie."

"Excuse me, what did you say is your name? And can you please speak a bit slower. Iets trager graag. I can understand some of what you are saying, but not everything."

Haar Engels het 'n swaar Hollandse aksent en Johan geniet die taalfoute.

"Oh, I am sorry. Johan. My name is Johan Castelyn."

"Jooo-haann! Kan jy hier kom? Ons moet belangrike sake bespreek."

"Shit!"

Dit is die ambassadeur. Hy het haar nie eers gesien nader kom nie, en nou kom bederf sy al sy pret. Hy is seker sy doen dit doelbewus. En deep down, dink hy, is sy eintlik jaloers. Sy is verby haar "sell-by" datum en te oud om 'n man te vang, Suid-Afrikaner of buitelander, en het "by default" 'n gefrustreerde beroepsvrou geword wat haar wreek op viriele hunks soos hy.

"Sorry girls. Sorry Karien. I must attend to serious diplomatic matters," probeer hy die situasie red.

"I will see you later on. Tonight? I swim every evening after dinner for exercise. See you then?"

Johan kyk tydsaam op sy horlosie en rek homself uit. Hy wil nie die indruk wek dat hy onderdanig aan sy vroulike kollega is nie.

"Johan Castelyn, kan ons asseblief dringend vergadering hou. Die floosies gaan nie ons probleme oplos nie," weerklink die rasperstem weer oor die swembad se water. Johan besef dat

University of Cape Town

sy ambassadeur natuurlik nie besef dat hulle haar Afrikaans maar te goed verstaan nie. 'n Dubbele vernedering.

Met 'n sug staan hy op. As hy by die meisies verby stap, onthou hy om sy maag in te trek en met 'n knipoog in die rigting van Karien, stap hy so nonchalant as moontlik agter die ambassadeur aan. Sy beurt sal kom.

*

Dit is 17:00. Ambassadeur Rita Postma, Tracy Stenson, die buitelandse assistent, en Johan sit in 'n lokaal van die hotel en hou noodvergadering. Die hotelpersoneel was heel vriendelik om vir hulle 'n lokaal te gee, maar moes eers by een van die offisiere toestemming kry. Die soldaat het die groepie Suid-Afrikaners eers 'n ruk lank skepties aangekyk en toe iets onverstaanbaars aan die hotelbestuurder gesê.

Hulle word na 'n klein konferensiekamertjie geneem. Binne is dit stikkend warm. Wanneer die soldaat wegstap, probeer Johan die lugreëling aan die gang kry. Dit raas, maar na 'n rukkie begin redelike koel lug sirkuleer. Johan kyk na sy kollegas. Tracy lyk vir hom uitgewas en bleek, maar Rita Postma het weer haar ou staatsdienshoed op en wil die Togolese buitelandse departement met alle mag gaan sien.

"Johan, ek wil hê jy moet saamgaan. Jy ken die mense beter as ek en ek wil weet hoe lank ons hier onder hotelarres moet bly."

University of Cape Town

"Ambassadeur, met alle respek, daar is nie op die oomblik 'n Togolese buitelandse ministerie nie. Minister Chinde lê waarskynlik op die bodem van die meer saam met meeste van sy kollegas van die ancien régime. Ek dink die president word êrens aangehou, maar niemand weet of hy nog lewe nie. Julle onthou die klomp lyke wat 'n tydjie gelede in die meer gevind is? Ek dink dis nou payback time. Ons sal moet wag totdat die rebelle 'n regering saamgestel het en hoop ons kom lewend hier uit."

Hy sien hoe Tracy vinnig met groot oë na hom kyk. Sy hanteer die Wes-Afrika plasing nie goed nie en lyk vir Johan nog bleker as gewoonlik. Die hare wat gewoonlik soos 'n stralekrans om haar kop krul, is nou onder 'n kopdoek weggesteek. Dit is vir hom asof sy maerder geword het en hy besef dat sy so gou moontlik hier moet uitkom.

"Maar Johan, ons het diplomatieke immuniteit, en volgens die Geneefse Konvensie..."

Rita is behoorlik ontstoke en kyk radeloos na Johan. Met haar ysterraambrilletjie herinner sy vir hom aan sy Duitse skooljuffrou.

"Ons is nou in Afrika, Ambassadeur. Die normale reëls geld nie. Ons sal moet laag lê en hoop die ander buitelandse missies maak genoeg geraas. Sover weet ek dat die Amerikaners en die Britte in die Intercontinental in die stad aangehou word. Ek dink nie die Franse diplomate is onder arres nie. Die Russe definitief nie. Ek moet sê dit bekommer my dat ons spesiale behandeling ontvang."

Dit is asof die lugreëling harder begin raas.

Johan herinner hom weer die beelde wat Saterdag in die middestad afgespeel het. Hulle het 'n boodskap van die Franse Ambassade ontvang dat daar 'n staking sou wees en dat diplomate liewer tuis moes bly die dag. Hy het egter besef so 'n staking kan lank duur en

University of Cape Town

beskikbaarheid van voedsel kwaai ontwrig kan word. Hy en die ambassade se Togolese motorbestuurder, Raphael, was in die stad om voorrade aan te koop.

Hulle het met die Pajero gery en die strate was opvallend stil. Gewoonlik is daar vier kolomme van beweging in die breë straat. In die middel die motors, meestal derdehandse ou Peugeots en Renaults uit Nederland en Frankryk ingevoer, dan talle mopeds en motorfietsies, dan fietse, en aan die kante die stroom mense en diere te voet. Johan het voor sy plasings in Afrika nooit gedink dat daar ook hier in donker Afrika verkeersknope sou wees nie, maar dit lyk hier op veral Saterdae soos die moeder van alle verkeersprobleme. Normaalweg probeer almal om in die middel van die pad te ry, want die padoppervlakte is gewoonlik daar die beste. Dit raak egter 'n probleem, veral op die paaie buite die stad, omdat baie van die motoriste dan nie lus het om uit te swaai vir naderende verkeer nie. Dit word soms 'n kwessie van "chicken" speel en die braafste bestuurder, of grootste voertuig, hou gewoonlik sy lyn, dikwels met gruwelike gevolge as twee hardekoppe mekaar aanvat.

Toe hulle stop by een van die min verkeersligte in die Boulevard de la Paix, herken Johan een van die bedelaars wat altyd baie vriendelik met hom praat. Daar is talle bedelaars sonder bene wat soos spinnekoppe op hul hande op die middelmannetjie rondbeweeg. Hierdie gruwelike gesig het Johan ook in ander Afrikastate gesien waar landmyne in die oorloë gebruik word.

"Monsieur, bonjour. Pouvez-vous m'aider? J'ai besoin d'argent pour un globe."

Die man moes opkyk na die hoë sitposisie waar Johan by die Pajero se venster uitkyk, maar het met 'n vriendelike glimlag gepraat.

Johan het vinnig na Raphael agter die stuurwiel gekyk.

"Un globe?"

University of Cape Town

Wat op aarde wil hy met 'n "globe"doen? Toe Johan in sy beursie wou begin krap, het 'n verkeersman met kraakwit handskoene van die middelmannetjie op hulle geskree dat hulle moes ry. Johan het half hartseer omgekyk na die man se stralende glimlag. Die bedelaar se gesig het hom bygebly. Hoe kan iemand met so min en so 'n agterstand so vriendelik wees? En hoekom op aarde wil hy 'n "globe" hê? Bedoel hy 'n gloeilamp of 'n aardbol?

Die ontsettende armoede in Lomé was vir Johan sedert sy aankoms opvallend. Hy het aanvanklik gedink Suid-Afrika is erger juis omdat die kontraste tussen ryk en arm daar soveel groter is. Hier in die strate van Lomé word alle blankes as wandelende geldbronne beskou en word mens lastig geval soos seker net popsterre en bekende sporthelde ervaar. Saam met die opvallende armoede was daar egter nou die voelbare spanning in die strate dat iets gaan gebeur.

Daar was 'n gelaaide atmosfeer in die lug wat die tropiese benoudheid nog meer beklemmend maak. Orals was uitgebrande motorwrakke en Johan het geskrik toe hy sien dat die polisiestasie waar hy vroeër sekere dokumente moes laat stempel, afgebrand was. Daar was ook opvallend baie soldate die oggend in die strate, veral by die regeringsgeboue. Volgens Raphael was dit net 'n kwessie van tyd voor die land sou ontplof.

Hulle het voor die mark gestop. Johan wou gou by die boekwinkel koerante koop terwyl Raphael vars vleis gaan soek het. Daar was 'n vreemde gevoel in die strate en het vir Johan amper soos net voor toemaaktyd in 'n groot inkopiesentrum gevoel. Tog was daar min mense op straat. Toe hy by die boekwinkel uitkom, sien hy hoe 'n groep Togolese op 'n man in 'n driestukpak toesak en hom genadeloos begin slaan. Sy instink was om in te gryp en die man te hulp te snel, maar die volgende oomblik het Raphael vir hom geskree om by die Pajero te kom.

University of Cape Town

Daar was 'n klomp bedelaars en kinders met allerlei ware te koop om die voertuig. Hulle was meer aggressief as gewoonlik en het eerder aangedring op geld as om te vra. Een man, eintlik nog 'n kind, het verhoed dat hy inklim en Johan het in Frans aan hom probeer verduidelik dat hy niks wil koop nie en nie geld by hom het nie. Uit die hoek van sy oog het hy gesien hoe steeds meer omstanders nader staan. Die spanning was voelbaar en soos destyds op skool as daar 'n bakleiery op die skoolterrein was, was dit asof almal met mekaar wil begin skoorsoek. Die reuk van sweet en bloed was in die lug.

Johan het begin bekommerd raak. Hy was die enigste blanke in sig en dinge kon lelik skeef loop. Hy het rondgekyk vir moontlike hulp. Agter die malende skare het hy skielik weer die man sonder bene gesien. Hoe het hy so vinnig daar gekom? Hul oë het ontmoet. Te midde van al die chaos was daar 'n kalmte op die gestremde man se gesig. Dit het vir Johan selfs gelyk asof hy glimlag.

Eers toe Raphael hardop skree dat hulle van die opposisie is en demokrasie ondersteun en die Comité Central help, was daar genoeg huiwering onder die oproeriges dat hulle in die Pajero kon spring en wegjaag. Johan het al gevaarliker situasies ervaar, maar terwyl hulle weggejaag het en die pad ambassade toe gevolg het, het sy hart nie ophou jaag nie. Hy kon die woede in die strate voel.

Die aand op die laatste nuus was daar berigte van verskeie bomontploffings en opstande, maar die versekering is deur die regering gegee dat daar hard teen die rebelle opgetree sou word.Die volgende oggend egter, Sondag, het 'n onbekende vrou op televisie aangekondig dat die regering omvergewerp en die President in aanhouding is en dat Amelaui Amela, die minister verantwoordelik vir die polisie, tereggestel is. Om 12:00 op dieselfde dag

University of Cape Town

het die Ambassadeur opdrag ontvang om onmiddellik saam met al die Suid-Afrikaanse personeel by die Sarakawa Hotel te rapporteer.

Tot nou toe is hulle goed behandel, maar die onsekerheid pla en begin op almal se senuwees te werk. Johan kyk na die bekommerde twee vrouens wat oorkant hom sit. Hier in die hotel is hulle voorlopig veilig, maar die situasie kan vinnig verander.

"Johan, wat is jou voorstel dan? Dat ons maar net maak of ons vakansie hou totdat iemand ons kom red?"

Ambassadeur Postma was senuagtig en naby aan histerie.

"Johan, ons moet uitvind wat aangaan. Ek wil weet waar Jakkie is. En die diplomate van die ander missies. Hulle kan in lewensgevaar verkeer."

"Ambassadeur, ek dink ons moet met die Franse probeer kontak maak, of andersins vir Ambassadeur Ntini in Abidjan probeer bel. Dit help nie om Pretoria nou te pla sonder enige nuus nie. Hulle weet wat die huidige situasie is. Ek stel voor ons dring aan om met die Franse ambassadeur te praat."

Hy sien weer die onrus in Rita Postma se oë. Sy het nog nie hierdie kant van Afrika ervaar nie.

"As hulle ons toelaat om te bel, kan ek ook probeer om met ons kontak aan opposisiekant, Savinda, te praat. Ek weet nie waar hy in die hele rebellie staan nie. Boonop het ek weke gelede met hom kontak gehad. Daar is miskien meer as een rede hoekom ons apart van die ander diplomate gehou word. Veral moet ons nie probeer ontsnap of die mense enigsins konfronteer nie."

Die twee vroue se stilswye was vir Johan 'n bevestiging dat hulle nie beter voorstelle het nie. Meer nog, dat hy ten volle in beheer is en hul kanse op oorlewing van hom sou afhang.

University of Cape Town

Hy is self bekommerd oor waar Jakkie hom bevind. Dit het tyd geword om oor te gaan tot aksie.

University of Cape Town

# Hoofstuk 3

## Kaapstad

Ruben Meyer kyk op sy horlosie as die kaptein van die vliegtuig aankondig dat hulle gaan begin daal vir die landing by Kaapstad Internasionale Lughawe. Hy is bly hy het vir 'n venstersitplek gevra en kyk na die Hottentots-Holland berge onder hulle. Dit is vir hom altyd lekker om Kaap toe te gaan en ten spyte van die ongemaklike afsprake met die Franse ambassadeur en die minister wat voorlê, is hy opgewek en vol lewenslus as hy weer die natuurskoon van die Kaap sien.

Die son is net besig om te sak en kleur die berge blou-rooi waar dit uittoring tussen groen landerye en damme vol blink water in die skemerlig. Ruben is opnuut bewus van die kontras tussen die warm en droë Gauteng en die Kaap wat oënskynlik 'n goeie reënseisoen gehad het. Snaaks dat hy nooit aan die omgekeerde seisoene van Pretoria gewoond kon raak nie. Alhoewel 'n boorling van Port Elizabeth het hy 'n groot deel van sy lewe in die Kaap gewoon en aan die mediterreense klimaat gewoond geraak. Daarom moet 'n winter vir hom reënerig wees met geleentheid vir kaggelvure en rooiwyn, en die somers warm en droog met lang dae en 'n son wat eers om agtuur agter Tafelberg sak.

In sy gedagtes sien Ruben weer homself as jong student op Stellenbosch. Dertienduisend studente binne 'n paar vierkante kilometer tussen die berge op seker een van die mooiste plekke in die wêreld. In die eerste plek daar om te studeer, maar studentetyd is ook vrytyd.

Hy het Marié op 'n koorkamp van die universiteitskoor ontmoet. Laat een aand het 'n groep van hulle in 'n kring gesit en sing terwyl hy kitaar gespeel het. Hy was besig om sy

University of Cape Town

vaardigheid teen die nek van die kitaar ten toon te stel met Sloop John B van die Beach Boys. Aangehelp deur saamgesmokkelde wyn, het hulle uit volle bors gesing, toe hy in die bedwelmende, amper skeel Barbara Streisand oë van Marié vaskyk. Hy kan onthou dat dit gevoel het asof hy haar vir die eerste keer sien. Na twee dae van koorsing en oefen was sy net skielik daar. Hy wou alles oor haar weet en toe die groepie laat die nag langs die see gaan stap, het hy haar opgesoek. Al wat hy onthou van die aand is dat sy 'n kruisie om haar nek gedra het.

Die volgende dag het hulle mekaar weer opgesoek en langs die see by Noordhoek gaan stap. Hy het gehoor dat 'n ou skeepswrak wat in die film, Ryan's Daughter, gebruik is, êrens op die uitgestrekte stuk sand lê. Hulle wou net omdraai toe Marié die verroeste stukke staal in die wit sand sien. Sy het na hom gekyk, sy hand geneem en hom langs haar op die sand neergetrek. Dit was asof die see in haar oë reflekteer en Ruben was totaal en onherstelbaar verlief op die swartkopmeisie.

"Mag ek jou maar soen?"

Dit was die eerste keer dat 'n meisie dit vir hom gevra het. Sy het eers lank na hom gekyk en toe het hy die eerste regte tongsoen van sy lewe ervaar. Ses maande later was hulle getroud. Die volgende jaar het hulle Pretoria toe getrek waar hy sy diplomatieke loopbaan begin het.

Nou dat hy so daaraan dink, kan hy nie glo dat hulle na net ses maande getrou het nie. Maar dit was toe wat die gemeenskap en familie verwag het. Hulle het mekaar eintlik glad nie geken nie. Na slegs drie dae op hul wittebroodsreis het hy al besef dat hulle baie min vir mekaar te sê het. Daar was nie 'n natuurlike band tussen hulle nie. Oor die jare het hulle daaraan probeer werk, maar daar was nou net 'n hoflike wedersydse aanvaarding van die

University of Cape Town

lugleegte tussen hulle. Daar was geen tekens meer van die aanvanklike liefde nie en ook seks het 'n stille dood gesterf waaroor hulle nooit praat nie.

Hy weet hy probeer van die probleem ontvlug deur hom ten volle aan sy werk oor te gee. Die situasie by die werk het egter die afgelope tyd toenemend problematies geword en hy voel hom steeds meer krapperig en kort van humeur, ook met die kinders. Hy weet dat iets moet verander. Sy werk vereis die grootste mate van takt en geduld, maar intussen voel dit asof hy sy gesin faal.

Vroeër, toe die kinders kleiner was, het hy en Marié hulle saam geniet en help grootmaak, maar nou dat beide hul seun en dogter mense in eie reg geword het, is dit asof die paar dinge wat hom en Marié na mekaar aangetrek het, nie meer daar is nie. Dit is asof sy nou, terwyl hulle meer gevestig is en sy eintlik wel haar eie ding kan doen, belangstelling verloor het. Nie net in haar werk nie, maar ook in haarself en in hom. Dit was vir hom swaar om dit te erken, maar buiten vir die alledaagse praktiese dag tot dag gebeure en nuus uitruil, het hulle eintlik nie meer 'n behoefte om by mekaar te wees nie.

Hy herinner hom die afgelope Oujaarsaand toe hulle alleen was en die kinders by familie geslaap het. Hy het gehoop dat hulle mekaar weer opnuut kan vind en dat daar nog 'n bietjie vonk sou wees, maar hy moes erken dat die alleen saam uiteet eerder 'n probleem as 'n oplossing was. Hulle wat mekaar so goed ken, was soos vreemdelinge vir mekaar en het groot dele van die aand in stilte gesit en kyk na die ander mense in die restaurant.

Net so 'n onstellende gewaarwording is dat hy nie meer 'n seksuele behoefte vir sy mooie vrou het nie. Hy het begin wonder of dit normaal is vir mense van bo veertig en wat al meer as vyftien jaar met mekaar getroud is, maar op Oujaarsdag het hy besef dat Marié nie alleen nie meer vir hom lief is nie, maar dat sy selfs nie eers meer van hom hou nie. Dit was

University of Cape Town

eerder 'n kwessie van verdra en die nodige doen om die saamleef draaglik te maak. Daar was geen natuurlike saam pret maak of humor of selfs verbondenheidsgevoel oor vorige gedeelde gelukkige ervarings nie. Dit was net hul huidige gedeelde bestaan en die verantwoordelikheid teenoor die kinders waaroor hulle nog kon praat.

Ruben wou nie aanvaar dat daar so 'n onoorbrugbare kommunikasiekloof tussen hulle kon wees nie en hy het probeer om dit te ignoreer. Miskien as hulle Kaap toe trek, of as hulle weer saam oorsee gaan - maar die kloof het al groter geword. Ruben het nie eers meer seksuele toenadering probeer soek nie, en dit was asof Marié dit gelate aanvaar, of selfs verkies het. Daarom het hy afgeskakel, 'n goeie dosis sinisme bygekry en op sy werk gekonsentreer. En hy het begin lees. Werke van W.F. Hermans en Paul Roth en Saul Bellow. Letterkunde wat hy nie met Marié kon bespreek nie.

Toe 'n literêre toekenning in Parys aan die Suid-Afrikaanse digter Breyten Breytenbach toegeken is, en hy opgewonde tuis vir Marié vertel het dat hy met die digter gesels het, was haar reaksie: "Is dit nie die terroris wat die regering wou omverwerp nie?"

Hy het al meer in 'n alleenwêreld begin leef.

Hulle het nooit die toestand van hul huwelik met iemand bespreek nie. Marié het wel soms met vriendinne gesels, maar Ruben het gevoel dat dit iets privaat is wat hulle self moet uitsorteer. Hy wou nie in dieselfde strik as soveel van sy kollegas trap en sy huwelik laat verbrokkel sonder om die huwelik juis met sy vrou te bespreek nie. Hy wil eintlik nie skei nie. Hy wil nie soos soveel ander die oënskynlike maklike opsie neem en dan moontlik 'n paar lewens daardeur verwoes nie. Maar dit is asof iets verhoed dat Ruben en Marié openlik met mekaar oor hulself kan gesels.

University of Cape Town

Ruben maak sy oë toe en dink aan sy afskeid van Marié op die lughawe. Dit was asof dit 'n finale afskeid was, asof sy weet dat sy hom verloor het. Toe hy wou groet, het sy haar rug op hom gedraai. 'n Ontsettende seer het in Ruben se maag kom lê. Allerlei herinneringe het oor hom gespoel en dit was asof sy lewe in enkele sekondes voor hom verbygeflits het. Drome en hoop en trou en afskeid en verlies alles in een.

Toe sy woordeloos wegstap, het haar serp op die grond geval. Hy het gebuk en dit vir haar gegee. Deur die sagte wol kon hy haar voel bewe. Vir 'n oomblik was daar oogkontak voordat sy omgedraai het en doelgerig weggestap het. Die serp het op die grond gesleep, maar hy het bewegingloos bly staan. Eers toe sy buite die gebou was, het hy agterna gehardloop. Toe hy vir haar die swaar deur van die motor oopmaak, was haar hand skielik krampagtig op sy arm en haar oë het in syne geblink. Daar was soveel om te sê, maar nie een kon praat nie.

Die vliegtuig draai nou laag oor die noordelike voorstede en Ruben kan die motors op die N2 sien beweeg. Aan die een kant die lughawe en aan die ander kant die eindelose plakkershuisies wat tot styf teen die betonheining langs die nasionale pad ingedruk is. Die kontraste tussen verskillende dele van Kaapstad is vir hom erger as in Suid-Amerika of selfs midde-Afrika. Enkele kilometer van Kruispad en Khayelitsha is van die mooiste en duurste huise denkbaar en geniet mense 'n lewensstandaard wat kwalik geëwenaar kan word. Dit is die hartseer land waarvoor hy so oneindig lief is.

As die vliegtuig se wiele die landingstrook raak, is die son reeds onder, maar die kaptein kondig aan dat dit 'n pragtige vroegsomeraand is. Ruben kan nie wag om weer seelug in te asem nie. Hy het vir hom 'n hotelkamer in die Waterfront laat bespreek, en sien uit na die potjie gholf vroeg die volgende oggend, al is dit nou ook saam met die Franse ambassadeur. Soos 'n goeie sake-ete en die veranderende gemoedstemming wat 'n paar glase goeie wyn tot

University of Cape Town

gevolg kan hê, is daar geen plek waar belangriker besluite geneem word as op die gholfbaan nie.

Wanneer die staatsmotor van die Direkteur-generaal die volgende oggend by die Erinvale Country Estate in Somerset-Wes indraai, kan Ruben onmiddellik sien dat die Franse kontingent reeds daar is. Ambassadeur Moal se groot Citroën met die Franse driekleur op die enjinkap en ‘n ander swart motor is onder die groot eike geparkeer. Hy kon geweet het die man sou eerste hier wees om ordentlik te kan opwarm en litte losmaak. Die Franse neem nou weer die "vriendskaplike" wedstryd doodernstig op en sal ten alle koste wil wen. Ruben kan nie help om met 'n grinnik te dink hoe die Springbokke die Hane tydens die eerste rugbywêreldbeker in Suid-Afrika uitgeskakel het nie. Die ambassadeur het waarskynlik nog nie herstel van dié groot slag nie.

Wanneer hy die klubhuis nader, sien Ruben hoe Moal besig is om sy setwerk te oefen op die oefenperk langs die klubhuis. Daar is ten minste twee lyfwagte in die omgewing, maar hy sien geen ander gholfspelers nie.

Dit pla vir Ruben dat hy soveel hou van ‘n spel wat eintlik meer vir bevoorregte mense beskore is, maar dit is die een plek waar hy homself kan wees en kan ontspan. Hy sou verkies om vandag alleen of saam met die gewone klublede te speel, eerder as die agtien putjies saam met die stywenek ambassadeur. Maar dit is 'n goeie geleentheid om meer oor die Franse se planne in Afrika agter te kom en hy sal op dié wyse waarskynlik meer uitvind as tydens die skemeronthaal die aand.

University of Cape Town

Die Franse kan maar net nie ophou koloniseer nie, dink Ruben terwyl hy sien hoe die ambassadeur 'n redelike lang oefensethou tot in die gat laat rol. Vanaand se skemeronthaal is ter viering van die Franse fees in Franschhoek - 'n mooi maar deesdae steeds meer pretensieuse Bolandse dorp. Talle van die Hugenote, of protestantse vlugtelinge wat in die sewentiende eeu vanuit Europa na onder meer Nederland en Suid-Afrika van die verpligte Katolisisme in Frankryk en België gevlug het, het hier in die Franschhoek omgewing grond ontvang van 'n regering wat graag nog blanke koloniste in die nuut ontdekte land wou vestig.

Ruben weet die Franse ambassade gebruik die Franse vlugtelinge as 'n geleentheid om hul invloed in Suid-Afrika uit te brei deur allerlei kulturele bedrywighede in die omgewing aan te bied. Die gevolg is dat daar nie 'n enkele plaas of winkeltjie of restaurant is wat nie een of ander Franse naam het nie. Die gemiddelde Britse of Amerikaanse toeris wat in Franschhoek inry, kan hom maklik verbeel dat hy in Frankryk self is. Nog meer, en dit is wat Ruben die meeste pla, die Franse vlag wapper oral, maar jy sal hard soek voordat jy iemand vind wat al die Franse name korrek kan uitspreek.

"Bonjour Monsieur Meyer, comment allez-vous?" hoor Ruben vanaf die oefensetperk. Ambassadeur Moal en 'n jongman in 'n modieuse blou hemp en spierwit gholfskoene kom met breë glimlagte aangestap.

"Bonjour, votre excellence. I am well thank you. You look fit and ready for a good game."

"We had to loosen up a bit, you know, les old limbs are not what they used to be, n'est pas? Hê hê hê."

Dis seker, dink Ruben by homself, terwyl hy die man se klein, ampèr vroulike hand skud. 'n Hand wat nog nooit enige tuinwerk of hande-arbeid verrig het nie. Maar hy het ook al

University of Cape Town

geleer dat voorkoms jou nie moet bluf in sport nie. Hy onthou hoe die fyn klein meisietjies hom as hoërskoolseun op die tennisbaan rondgejaag het.

Die modieuse metgesel word toe voorgestel as 'n lyfwag van die ambassade en die ambassadeur verseker vir Ruben dat hy net as baljoggie sal optree en nie in hul gesprekke sal inmeng nie. Ruben glo hom nie, maar laat dit daar. Die Franse is nog meer veiligheidsbehep as die Amerikaners, en dit sê veel.

Dit is 'n lekker windstil lentedag in die Helderbergkom, en die Hottentots-Holland berge vorm 'n groot blou halfsirkel, amper soos 'n amfiteater, om die gholfbaan. Daar is nie 'n wolkie naby Helderberg nie, die gewone aanduiding dat daar geen reën sal wees nie. In die verte lê die Strand se blou water en Ruben voel om een of ander rede trots omdat dit 'n mooi dag is. Die gholfbaan lyk pragtig versorg en hy is trots om die Wes-Kaap op sy beste te kan toon sonder dat hy enigsins hoef terug te staan vir die natuurskoon in Frankryk. Hoekom is daar altyd die gevoel van minderwaardigheid in die Franse diplomate se teenwoordigheid, of is dit 'n tegniek wat hulle doelbewus aanwend om jou te manipuleer?

Dit is met hierdie gedagte dat Ruben net ietsie te veel in sy eerste bofhou probeer insit, en die bal liederlik na links trek, tot op die skoonveld van die agtiende putjie wat terugkom klubhuis toe.

"My goeie bliksem!"

Ruben kyk kopskuddend na die ambassadeur. Hy kan die verontwaardiging tot sy gedagtes beperk, maar gewoonlik gee hy ten volle uiting aan sy frustrasies, veral as hy alleen speel.

"Ruben, can I give you a little tip. The secret of golf is that you must stay calm. Keep your head down, your eyes on the ball and let the golf-club do the work."

University of Cape Town

Is dit ‘n grynslag op Moal se gesig?

“You must hit through the ball.”

‘n Gholfles is die laaste ding waavoor Ruben lus het. Daar is baie parallelle tussen gholf en die lewe, dink Ruben, terwyl hy sien hoe die Franse ambassadeur met 'n potsierlike gewikkel van die boude gereed maak om af te slaan. Hy het 'n splinternuwe wit hemp en swart broek aan met 'n opvallende blou pet met “Made in France” prominent in wit en rooi daarop geborduur. Sy gholfhandskoen het dieselfde driekleur.

Na 'n verdere rondskuifel en gewikkel is dit asof die ambassadeur skielik in marmer verander. Hy kyk stip na die balletjie met 'n konsentrasie wat deur niks onderbreek kan word nie. Met 'n redelike vinnige, maar kort terugswaai maak hy goed kontak en die gholfbal trek reguit en verstommend ver tot Ruben se ontsteltenis. Die balletjie kry boonop nog ‘n lekker spring in die middel van die skoonveld en rol nog verder voordat dit tot stilstand kom. Duisende bliksems en donder is weer in Ruben se gedagtes, maar sy mond doen die korrekte ding.

"Magnifique! Good shot, sir!"

Dit is asof Ambassadeur Moal ietwat gesteur en verontwaardig na hom kyk asof hy wil sê,

“maar natuurlik, jou dom boer,” maar dan verander die gesig in ‘n breë glimlag. Terwyl hy die driekleurige handskoen uittrek, laat val hy 'n selfvoldane "merci" en kyk rond wie almal die goeie bofhou gesien het.

Terwyl hulle saam van die bof wegstap, Ruben wat sy eie gholfkarretjie trek, en die ambassadeur se lyfwag met syne 'n paar treë agter hulle, besef Ruben dat hy kwalik sommer oor die situasie in Wes-Afrika kan begin praat. As die klein Fransman met sy Napoleon

University of Cape Town

houding nog boonop vir hom gaan ore aansit, sal hy moeilik 'n sinvolle gesprek kan volhou om meer oor die Franse se betrokkenheid in die gebeure in Togo uit te vind. Die gevangeskap van sy personeel pla hom geweldig, maar hy besef dat hy nie nou veel wyser gaan word uit die Franse ambassadeur nie.

"And how is your wife, Ambassador? Is she still enjoying South Africa? I believe she prefers Pretoria to Cape Town?"

"O yes, Ruben, the wind is too much here in the Cape. In France we are not used to wind, especially in Paris. My wife, therefore, enjoys the quiet, warm days of Pretoria. We also like the proximity of the game reserves where we often go to forget about all the political and other realities."

Hy beduie met sy twee klein handjies na waar Ruben vir sy balletjie sal moet soek.

"She also loves to shop in Brooklyn and Sandton, but we find it impossible to go into the center of Pretoria. One can hardly walk on the pavements anymore with all the informal traders. It is really starting to look like downtown Lagos. Not that we have anything against informal traders, of course. I realise that you have big unemployment problems in the country."

Voor Ruben kan reageer, vervolg die ambassadeur.

"I want to tell you a nice joke I heard at the Waterkloof Country Club the other day. This golfer goes to the priest with the problem that he sometimes swears on the golf course. The worst part about it is that he uses the Lord's name in vain and he wants the priest to forgive him and to help him to stop swearing. So the priest, a part-time golfer himself, asks the golfer what caused him to swear. So the golfer explains they were walking towards the seventh hole and he hit a beautiful chip shot, but the ball connected a tree and fell into the rough. 'So that is when you swore', the priest asks. 'No, I said nothing.'

University of Cape Town

Ruben kan nie help om reeds te glimlag nie en vind die Fransman se Engels op sigself amusant.

'Then we got to the seventeenth hole and I was leading by one shot, drove a wonderful long shot, and it hit a bird in full flight and fell into a water trap.'

'So that's when you used the Lord's name in vain', asked the priest. 'No,' the golfer said, 'I said nothing. Alors, but then we got to the last hole and I had the same score as the club champion and the ball was one metre from the flag and if I could sink it, I would have won R100 000...' " en die Franse ambassadeur kyk vinnig na Ruben om te sien of sy grap die regte effek gaan hê, "and then the *priest* interrupted the golfer and said,

'Oh my God! You missed the fucking put!' "

Ruben vind dit inderdaad nogal snaaks en lag lekker terwyl Ambassadeur Moal in so 'n lagbui verval dat hy begin hoes en amper verstik. Ruben slaan hom liggies op die rug en dan stap hulle verder.

Ruben het nie Erinvale gholfklub verniet gekies vir die vriendskaplike rondte gholf nie. Hy ken die baan redelik goed, en is boonop veel fikser en sterker as die ambassadeur met sy gesette figuurtjie. By die sewende putjie trap die ambassadeur in die slaggat waar Ruben self al dikwels vasgeval het en slaan sy naderhou veels te kort en mooi tot in die riviertjie wat sterk vanaf Helderberg afvloei.

"Zut alors! Ce n'est pas possible!" en hy slaan sy nommer sewe so hard teen die grond dat die gholfstok uit sy hand spring en 'n paar meter van hulle te lande kom. Onmiddellik is die lyfwag met die blou hemp by en bring die stok nader. Verbeel Ruben hom of sien hy die jong man glimlag? As Ruben se gholfballetjie, met daardie wonderlike klank wat miljoene



University of Cape Town

gholfspelers oor die wêreld so verslawend vind, sy bestemming na 'n lang sethou vind, is hy 'n gemaklike drie houe voor.

Teen dié tyd voel hy dat hy genoeg selfvertroue het om oor die situasie in Togo te praat.

"Yves, have you heard anything from your people in Togo?"

"My good friend, if I hear anything you will be the first to know. Co-operation between our two countries is essential at times like these. Our colleagues in West Africa are looking at the situation."

Die "situation" word in Frans uitgespreek en daar is geen oogkontak met Ruben nie. Hy vermoed egter Yves Moal het goeie rede om nie meer te wil sê nie. Hy weet dat die Franse met Savinda, die Togolese opposisieleier, geskakel het en hy het inligting oor geheime nagvlugte na Togo. Dit is ook aan Ruben bekend dat die Franse in die verlede wapens aan die Togolese regering verkoop het.

By die laaste putjie is hy bevoorreg om 'n kaphou van maklik dertig meter tot in die blikkie te laat rol. Vir enkele oomblikke verdwyn alle probleme, en ervaar Ruben die salige gevoel dat alles moontlik is. So 'n gevoel maak die lewe die moeite werd. Nie noodwendig om te wen nie, maar om teen jouself te kan kompeteer en beter te vaar as die vorige keer.

Dit is met 'n nuwe, fermer tred wat Ruben na Ambassadeur Moal stap, hom in die oë kyk, en handskud.

"You cannot win them all. Maybe next time, sir."

Die ambassadeur se gesigsuitdrukking is vir Ruben genoeg van 'n beloning en gee hom weer inspirasie om na die positiewe kant van die lewe te kyk. Skielik sien hy weer die halfvol glas, in stede van die halfleë.

University of Cape Town

## Washington, DC

Washington in Oktober is 'n pragtige stad. Vir iemand wat vir die eerste keer van die Dulles Internasionale Lughawe na die stad ry, is die herfskleure oorweldigend. Vir Paul Adams was die grootte van die motors in vergelyking met waaraan hy in Suid-Afrika gewoond is, die eerste opvallende verskil. Hy was ietwat verbaas oor die moderne, groot taxi's wat nie soos die New York taxi's op TV lyk nie. Ook oor hoe stadig die groot motors moet ry ten spyte van hul kragtige enjins.

Waarvoor is al die krag dan as almal 50 myl per uur ry, het hy by homself gewonder.

Die boomrykheid van die woonbuurte en die breë strate is vir die jong diplomaat indrukwekkend en hy sien uit na sy drie jaar in dié wêreldstad. Die bruinman van Ceres in die Koue Bokkeveld het as topstudent in Politieke Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch uitgeblink tydens die diplomatieke opleiding. Paul was van die eerste van 'n nuwe geslag kadette in die departement van buitelandse sake en met sy skrander brein en motivering om bo uit te kom, het hy vinnig opgang gemaak. Hy herinner hom hoe lekker dit was om as 'n gelyke behandel te word en op sy vermoë en nie volgens sy velkleur evalueer te word nie. Hy het hom nooit met partypolitiek bemoei nie en hom min gesteur aan kritiek van vriende en anti-regering drukgroepe wat hom veroordeel het oor sy aanvaarding van dié loopbaangeleentheid. Hy het 'n goeie indruk op sy seniors gemaak en die blink ligte van die wêreldstede het vir hom begin flikker. Paul was op die regte tyd op die regte plek. Hy was die regte kleur in 'n meer as ooit kleurbewuste Suid-Afrika.

University of Cape Town

Die swart Amerikaanse bestuurder wat die ambassade se Chrysler Voyager bestuur, geniet die nuwe diplomaat uit Suid-Afrika se onverbloemde verwondering aan alles wat hy sien. Hy hou hom in die truspieëltjie dop terwyl hulle in Massachusetts Drive by al die ambassades verbyry. As hulle by die Suid-Afrikaanse Ambassade indraai, kyk hy om en kondig met trots aan:

"This is one of the best addresses in DC. You can be proud to work here. Across the road is the British High Commission and around the block is where the American vice-president lives."

Die man se uitspraak was vreemd, maar tog so bekend. Dit klink vir Paul soos 'n akteur wat 'n Amerikaanse aksent probeer namaak.

Paul is gevra om eers by die ambassade aan te doen omdat die ambassadeur hom vlugtig wil sien voor hy na sy huis geneem word. Ambassadeur Rive is die eerste bruin Suid-Afrikaanse ambassadeur en volgens Paul se inligting word hy hoog geag binne diplomatieke kringe in Washington. Daarom nog te meer was dit vir hom lekker om te hoor hy gaan Washington toe. Hy het daarna uitgesien om die ambassadeur te ontmoet.

Neville Rive staan effens krom op van agter sy groot lessenaar as hy verneem die nuwe derde sekretaris het opgedaag. Hy is 'n skraal man, maar met sy knaende rugprobleem neem dit altyd 'n tydjie voordat hy heeltemal regop is. Hy trek sy nuwe Pierre Cardin baadjie aan en voel of sy das goed sit. Sedert hy gesien het hoe vertederend die Amerikaanse publiek teenoor die Amerikaanse president reageer na 'n wyd gepubliseerde foto van die president wat sy das eers in 'n spieël mooi vasknoop voor hy voor die kameras verskyn, maak Neville Rive ook eers seker dat alles altyd in orde is.

University of Cape Town

Hy wil in elk geval dat die nuweling van die begin af deur goeie voorbeeld leer om reg aan te trek en op te tree. Hy voel reeds soos 'n vader oor die nuwe bruin diplomaat wat sy personeelkorps kom versterk en wil seker maak dat Paul Adams van die begin af die toonbeeld van 'n topdiplomaat sal wees. Hyself, vroeër rektor van 'n universiteit in Kaapstad, was gewoond aan die wêreld van hoë regeringsamptenare en sakelui en het betreklik maklik ingeskakel.

Paul Adams is egter nog rou en onervare, dink die ambassadeur by homself, terwyl hy sy lessenaar netjies maak. Dit is die jong plaasseun se eerste treë in 'n harde grootmenswêreld en hy het baie om te leer. Hy twyfel nie aan die nuweling se energie en toegewydheid nie, maar hy het uitgevind dat in diplomasie, onder die dekmantel van vriendelikheid en korrekte protokol, gaan dit oor die belange van die staat en niks anders nie. En hierdie wêreld, en by uitstek die Amerikaanse bestel, is 'n genadelose een. Boonop is daar geen opleiding wat ervaring in die diplomatieke wêreld kan vervang nie. Hy het in die twee jaar in Washington tot die besef gekom dat harde werk die rede is vir die Amerikaners se materiële welvaart. Daar is 'n kans vir elkeen wat bereid is om te werk in hierdie land. Inderdaad nog 'n land van geleenthede.

Paul is steeds oorweldig deur die nuwe omgewing as hy aan die ambassadeur se deur klop. As hy die keurig gemeubileerde kantoor instap, kyk die twee Kaapse boorlinge mekaar vir 'n oomblik ondersoekend aan. Sonder verdere skroom omhels hulle mekaar dan soos ou vriende.

"Welkom in Amerika. Welkom hier by ons, Paul. Ek hoop jy sal baie gelukkig wees."

"Ambassadeur, dankie Ambassadeur. Dis wonderlik om hier te wees. Ek kan dit nog nie glo nie."

University of Cape Town

"Hoe was die vlug, Paul? En hoe gaan dit in Suid-Afrika? Was jy nou in die Kaap voor jy uitgevlieg het?"

"Dit gaan goed Ambassadeur. Die Kaap is maar nog die Kaap. Ek was nou by die huis in Ceres en hulle kan nie glo dat ek so ver weggaan nie, maar hulle is baie trots op my."

"Paul, en hulle het rede om trots te wees op jou. Jy is een van net 'n paar uitverkore Suid-Afrikaners in hierdie groot land en ons het 'n besondere belangrike taak om te vervul. Die wêreld kyk vir ons, maar dit is uiters bevredigende werk. Alles wat jy ekstra insit, word ryklik beloon."

Hy sien hoe die derde sekretaris nie kan help om na die groot skilderye en tekens van welvaart in die kantoor te kyk nie en glimlag as hulle op die leer gemakstoele gaan sit.

"Die werk is veeleisend en ek is eintlik bly jy is nog ongetroud. Daar is baie na-uurse funksies en dit is maar hard op iemand met 'n wederhelf of gesin. Die staat gee jou die voorreg om 'n goeie lewensstandaard te handhaaf sodat ons met gemak met mense op hoë vlak kan skakel, maar ons het die verantwoordelikheid om die beste vir ons land te bewerkstellig. Die klem beweeg steeds meer na ekonomiese belange en nou dat ons polities bevry is, moet ons veg om Suid-Afrika op die voorgrond te hou en investering te bevorder. Dis 'n groot werk en ons gaan jou veral in die swart lobby groepe gebruik. Hoe lyk dit? Is jy reg vir die Amerikaners?"

Paul is beïndruk met die vriendelikheid en toeganklikheid van die ambassadeur. Hy voel reeds hy is bereid om alles vir die man te gee.

"Paul, mens mis maar die huis aan die begin. Jy moet asseblief sê as daar enigiets is waarmee ons kan help."

University of Cape Town

Die ambassadeur begin aanstaltes maak om op te staan om die einde van die ontmoeting aan te dui. Dis vir hom moeilik om met die rug uit die diep stoel op te kom, en Paul staan nader om te help.

"Baie dankie Ambassadeur. Ek moet net 'n pakkie uit die voertuig kry wat dringend by die militêre attaché moet uitkom. 'n Senior offisier van Militêre Inligting het gevra dat ek dit met die begeleide diplomatieke bagasie bring."

"O ja, dit sal vir Kaptein Keene wees. Hy is van die vloot, maar ek sal dat die Eerste Sekretaris jou aan die personeel voorstel. Het jy darem so bietjie Kaapse wyn ook met die diplomatieke bagasie saamgebring? Doeane mag mos nie in dié bagasie krap nie en dis een manier wat ons darem nou en dan bietjie biltong en ander onverkrygbare dinge hier in kry."

Hy slaan vir Paul gemoedelik op die rug en lag met soveel oorgawe dat Paul verplig voel om saam te lag.

"Nee Ambassadeur, ek het niks snaaks ingesit nie. Net 'n strykyster en ander goed vir die huis."

Neville Rive kyk die jong diplomaat ondersoekend aan. Hy verlang na toe hy soos die jongman voor hom nog so 'n vars uitkyk op die wêreld gehad het.

"Nou ja, ek hoop dit gaan goed. Die eerste maand of twee moet jy jou op hoogte van die plaaslike politiek bring. Ek wil dat jy gereeld moet uitgaan en nie net in jou kantoor sit nie. 'n Goeie diplomaat is meer as vyftig persent van sy tyd uit die kantoor en besig om nuwe kontakte te maak. Ek sal jou ook binnekort die ander missies in die VSA laat besoek sodat jy 'n idee kan vorm van hoe 'n enorme land hierdie is. En hoe 'n belangrike internasionale rolspeler. Hulle invloed en tentakels is orals.

University of Cape Town

“Ambassadeur, ek is nog ietwat oorweldig deur alles, maar ek gaan my heel beste gee. Ek sal enigiets vir my land doen.”

Ambassadeur Rive bars in sy giggellaggie uit.

“Paul, ek is bevrees ek gaan jou aan daardie woorde herinner. Hulle sê mos, “my country right or wrong,” is soos om te sê, “my mother drunk or sober.”

Kaapstad

Franse Ambassade

"Mister Meyer, as someone who has travelled extensively in Africa and the world, don't you think that French is still the language for diplomacy? I know you speak a reasonable French, but more and more I find that young diplomats tend to believe that they can get away without French. Do you realise that in Africa there are..."

"Oh Yves, please let us not start that discussion again...", onderbreek mevrou Moal haar man. Sy is die gasvrou van die onthaal in die Franse residensie, en sy weet haar man gaan weer in groot detail statistieke oor Frankofone lande opnoem. Sy weet ook dat die ander gaste by die skemeronthaal diplomaties met hoflike glimlaggies sal luister, maar dat dit nie is wat hulle wil hoor nie. Sy het besonder baie voorbereidings laat tref vir die geleentheid en almal wat iemand is op politieke en kulturele front in Suid-Afrika, is daar.

Mevrou Moal geniet dit om nou en dan Kaapstad en Franschhoek te besoek. Pretoria verveel haar soms en in die Kaap woon interessante mense die skemeronthale by. Dit sluit in

University of Cape Town

skrywers, skilders, talle studente van die Alliance Francaise taalskole, regerings- en privaatsektor verteenwoordigers op allerlei kuns- en kultuurgebiede, en die gewone "culture vultures" wat ten alle koste wil kan verkondig dat hulle gereelde uitnodigings van die Franse Ambassade ontvang. Boonop is daar 'n goeie kontingent van joernaliste wat hopelik positief sal verslag doen oor die steeds groeiende kultuurbande tussen Suid-Afrika en Frankryk. Dit sal goed lyk in die ambassadeur se verslag en hul kanse op 'n lekker volgende buitelandse pos verbeter. In haar hart hoop mevrou Moal op Washington.

"But Ambassador, would you say that the French are fulfilling their duties towards these Francophone countries? If you look at what has just happenened in Togo, and the continuing problems in Rwanda and Burundi and the Congo," laat hoor die Amerikaanse militêre attaché.

"Captain, eh, what's your name, let me inform you that the Belgians were responsible for some of those countries, not the French. Why is France always blamed for all the problems in Africa? Look at the living standards in Côte d'Ivoire and Gabon and..."

"Pardon, sir, but Belgium is not involved in destabilising African states and islands like the French."

Stilte. Dit is asof die "small talk" en gedreun van stemme in die groot vertrek skielik ophou en almal kyk na die fyn jong meisie wat so iets durf sê teenoor die Franse Ambassadeur.

Ambassadeur Moal se mond hang sprakeloos en totaal gestroop van die normale etiket oop. Dan word hy so rooi van woede dat dit lyk asof hy enige oomblik 'n hartaanval gaan kry. Mevrou Moal herstel eerste en vat aan haar man se arm om hom te kalmeer. Ruben Meyer wil tussenbeide tree as hy sien dat die onbekende meisie verward sukkel om 'n knop in haar keel gesluk te kry. Sy het haar oënskynlik yskoud geskrik vir die reaksie van die groep mense.

University of Cape Town

Ruben kan sien dat sy vasberade is om nie toe te gee nie en haar man probeer staan, maar dat die trane naby is. Hy kon aan haar vreemde Engelse uitspraak agterkom dat sy nie Suid-Afrikaans is nie, maar hy ken haar glad nie en het haar nog nooit gesien nie. Sy is voorwaar iemand wat jy sal onthou as jy haar een keer gesien het. Sy het lang, blonde hare en groenbruin oë en die gesonde kleur van iemand wat gereeld in die buitelug kom. Ruben kan nie help om sy oë vlugtig oor die mooie mens in haar totaliteit in die nousluitende swart rok met die lae hals te laat gaan nie. Sy het haar hare in twee klein bollatjies agter op haar kop vasgemaak en die trotse, regop postuur van iemand wat van niemand nonsens vat nie.

As Ruben oogkontak met die jong vrou maak, is dit asof hy nie kan wegkyk nie. Daar is 'n intensiteit in die haselneutkleurige oë, maar tog die suggestie van iemand wat maklik kan lag. Sy het die langste wimpers wat hy nog ooit gesien het. Ruben voel instinktief dat daar 'n konneksie tussen hom en die onbekende, en vir die moment, ongewilde, vrou is. Sy kan van die media wees, maar waarom so 'n kontroversiële stelling maak by 'n amptelike onthaal van die Franse regering?

"Excuse me miss, but that is a very presumptuous statement to make, especially at this occasion. We can discuss your allegation, but certainly not at this time and venue," laat hoor Ambassadeur Moal met 'n kwalik onderdrukte woede. Voor sy nog kan teenstribbel of die volle geweld van die Franse ambassadeur hoef te ontgeld, neem Ruben haar aan die elmboog en stuur haar na 'n ander deel van die vertrek. Intussen het die omstanders begin om oor ander aangeleenthede met die ambassadeurspaar te gesels en is die situasie voorlopig gered.

"Where are you from? That was a risky statement to make in front of the French ambassador. Are you an accredited journalist?"

University of Cape Town

"I am sorry sir. I did not want to upset the ambassador, but it is not right that the Belgians receive the blame for what has gone wrong and is happening in Africa. I know that the French have..."

"You are from Belgium then? Let me guess, you are from one of the Flemish newspapers, eh, probably De Standaard? So you can speak Dutch to me?"

"Ja. Ik woon in Gent en schrijf voor De Morgen."

"Nou maar dan kan ek verder in Afrikaans gesels. Dis vir my lekker om jou uitspraak te hoor."

"Kan je mijn Nederlands verstaan?"

Sy spreek haar woorde stadig en sorgvuldig uit.

"Ik ben deze morgen aangekomen en hoop om hier achtergrond en nieuws over de gebeurtenissen in West-Afrika te krijgen. Morgen heb ik een afspraak met de Directeur-generaal van Buitenlandse Zaken van Zuid-Afrika. Ik had gehoopt om hier vanavond al van de diplomaten meer te weten te komen."

"Ek verstaan jou Nederlands perfek. Moet asseblief nie Engels praat nie.

Veral uit so 'n mooi mondjie, wou hy byvoeg, en kan nie help om op te merk hoe fyn haar gelaatstrekke is nie.

"Ek sou graag jou aantygings ten opsigte van die Franse se rol in Afrika verder met jou wou bespreek. Daar is bewyse dat hulle wel betrokke is by insidente en gerugte van 'n rol in die rebellie in Togo, maar waarop baseer jy jou stellings?"

"Ik heb er in de media over gelezen."

Sy sê dit asof alle twyfel daardeur uit die weg geruim is.

University of Cape Town

“Wist U dat Frankrijk de staatsgreep in de Comores heeft organiseerd? Heeft U al van Bob Denard gehoord? Weet U dat de Fransen verschillende rebellengroepen in Afrika nog altijd van wapens voorzien? Overal waar plaatselijke leiders Frankrijk niet naar de mond praten, wordt de regering op een of ander manier door "rebellen" verwijderd.”

Ruben kan sien dat sy besig is om weer opgewonde te raak en dat sy beslis nie ‘n katjie is om sonder handskoene te pak nie.

“En weet je dat Frankrijk nog altijd goud, diamanten en olie van haar vroegere kolonies steelt en ook de arbeiders en mijnwerkers vreselijk uitbuit? Ik weet dat België daar ook schuldig aan was, maar dat is nu ten minste verleden tijd. De Fransen doen zonder scrupules verder!”

Ruben sien hoe 'n blos op haar hals onstaan het en kan nie help om te glimlag as hy haar eerlike ontsteltenis sien nie. Dit is duidelik dat sy vars uit die universiteit en vol van idealisme en sosialistiese ideale is. Tien teen een nog 'n Greenpeace aktivis ook wat glo sy kan die wêreld red van die natuur se uitbuiters en bose kapitaliste wat alles vir hul eie gewin globaliseer. Stel jou voor, ken hy vir Bob Denard!

"Wat is er? Waarom lacht u? Vindt u dat grappig?"

Dan herken Justine hom skielik. Sy herken die blougrys oë en die amper siniese mond, met net die suggestie van 'n glimlag om die mondhoeke.

"Bent u meneer Meyer? De Directeur-generaal? Excuseert u mij alstublieft voor mijn opmerkingen, ik dacht dat u gewoon een..."

"Ja, wat het jy gedink? Dat ek ‘n Franse diplomaat is? Ha! Ek het wel vier van my beste jare in Parys deurgebring, maar ek hoop dat ek darem nog nie soos hulle lyk nie. Ek is



University of Cape Town

inderdaad Ruben Meyer, en ek onthou iets van 'n afspraak môre met 'n Belgiese joernalis. Wat is u naam?"

"Justine. Justine Minnaert, van De Morgen."

As Ruben die sagte r-brei hoor, besef hy dat hy graag die heel aand na haar aksent sal wil luister. Hierdie gewaarwording laat hom skielik skuldig voel en hy besef dat mense na hulle staan en kyk. Hy weet dat hy te lank met die Belgiese joernalis gepraat het. Sy verwar hom en roer iets in hom wat hy gedink het lankal dood is.

"Tot more dan, Justine, en hou jou voorlopig maar in met jou opmerkings teenoor die Franse, anders bevind jy jou binnekort op Elba."

Hy sluit hom aan by 'n groepie diplomate wat almal tegelyk met hom begin gesels.

Justine kan haarself skop vir haar vinnige mond en gewoonte om te sê wat sy dink. Ondersoekende vrae en stellings ja, maar sy moes nie haar deur die ambassadeur laat ontstel het net omdat hy iets oor haar landgenote, reg of verkeerd, gesê het nie. Dit was uiters onprofessioneel en op dié wyse gaan sy nie goeie artikels skryf nie, laat staan nog 'n uitstekende joernalis word.

Sy is baie bly dat sy vir Ruben Meyer ontmoet het, en wat 'n sjarmante heer is hy nie. Sy het hom veel ouer geskat, maar dit lyk of hy nie veel ouer as in sy vroeë veertigs kan wees nie, of hy kyk baie goed na homself. Dit is opwindend om hier, duisende kilometer van haar tuisstad af, in haar moedertaal met so 'n senior verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse regering te kan praat. Sy het aangeneem alle gesprekke sal in Engels plaasvind, en sy is juis bietjie selfbewus oor haar Engels. Dit lyk selfs of sy met die taalverwantskap beter toegang tot hom sal kry en dus ook inligting oor wat werklik in Afrika aan die gebeur is.

University of Cape Town

Na die onverwagse ontmoeting met die Belgiese joernalis, is dit vir Ruben moeilik om op die inhoudlose gesprekke van die gaste te konsentreer. Hy sien die mense rondom hom staan, maar dit is asof daar 'n waas oor alles gespan is. Nog een van soveel skemeronthale. Die gesprekke is min of meer altyd dieselfde, die mense lyk altyd dieselfde, en almal wil gesien en veral saam met die regte mense gesien word. Aanvanklik het hy gedink daar word regtig sinvolle besluite geneem en het hy hard gewerk om met die belangrikste rolspelers ernstige gesprekke te voer, maar die harde realiteit het hy van ander beroepsdiplomate geleer. Dit is alles 'n spel. Solank almal hou by die reëls kan die spel voortgaan.

Hy wou nie aanvaar dat al die geld en tyd op 'n spel vermors word nie, totdat hy deur nouer kontak met politici besef het dat politiek ook 'n spel is; dat dit daaroor gaan om mense te bluf, om deur sekere vaardighede en beloftes op die regte tyd deur die meerderheid mense verkies te word, sodat jy vir nog 'n termyn die septer kan swaai en die besluite kan neem. Bekom die mag en jy kan besluit hoe sake sal verloop, en moenie vergeet nie, eie belange eerste!

Hy kan hoor iemand vra hom 'n vraag. Hy kan hoor hoe hy die vraag beantwoord en sien hoe die vraesteller knik, maar eintlik is sy gedagtes elders. Sy oë is moeg en hy wens hy kan 'n rukkie gaan sit en hulle laat rus.

In Parys het Ruben geleer dat daar 'n wêreldse verskil tussen die akademie en die diplomasie is. Gedurende sy eerste jaar as diplomaat in die buiteland het hy uitgevind dat mens nie vir ander diplomate of regeringsverteenwoordigers kan sê wat jou persoonlike denke of gevoel is nie. Hy het gou geleer dat dit beter is om eerder te min as te veel te sê, en dat die beste scenario is as jy die ander party kan laat praat en jy die waarneming doen. Daarom dat

University of Cape Town

duur etes en beskikbaarheid van goeie drank en skemeronthale 'n belangrike aspek van die werk is.

Na die eerste paar onthale het Ruben geweet dat 'n mens se glimlag na 'n paar uur verstar. Dan laat weet jy vir die kelners dat hulle die drank moet begin verwyder sodat die gaste wat die geleentheid gebruik om hul sakebedrywighede en kontakte te versterk, ook die boodskap kan kry.

Een van sy kollegas, 'n bruinman uit die Kaap, het op 'n keer in Afrikaans so tussen die Frans en die gaste vir hom gesê:

"My gevriet is nou skoon sier van die hooghe Frans praat," en toe vir 'n halfuur of wat in die toilet gaan skuil.

Hy wonder wat van Jerome geword het. Kollegas in die buitelandse diens sien mekaar min as gevolg van die siklus van uitplasings na verskillende wêrelddele. Jy ontmoet mense of ontvang opleiding saam met hulle en dan sien jy hulle miskien eers vyf of tien jaar later weer. In dié tyd het 'n leeftyd se veranderinge plaasgevind en het die kollegas getrou of geskei of beide.

Ruben kyk na die onthaalgaste om hom. Wat 'n vreemde werk is dit nie? Jy word deur jou regering betaal om jou land se belange te bevorder; jy is 'n professionele agent wat die beste vir jou land en sy mense moet behaal in watter land jy ookal geplaas word, alles binne sekere vooraf bepaalde reëls. Amper soos rugbyspelers wat mekaar goed opdonner tydens 'n wedstryd, en na die eindfluitjie saam 'n paar biere drink. Dit is soms nodig om ten koste van jou eie mening of oortuiging op te tree. Dikwels moet diplomatieke kollegas van ander state gepols of mislei word om 'n doel te bereik, maar tog is daar 'n onderlinge verbondenheid en begrip onder mekaar wat alle diplomate oor taal en landsgrense verstaan.

University of Cape Town

Ruben weet dat te midde van al die skyn en skynheiligheid wat dikwels noodsaaklik is om te oorleef, dit 'n beroep is wat in jou bloed kom en jou nooit laat los nie. Dit het hy besef toe hy die eerste keer ernstig daaraan begin dink het om te bedank.

Uit die hoek van sy oog kan Ruben sien dat steeds meer mense deur se kant toe begin beweeg. Hy besef met dankbaarheid dat die aand amper verby is. Die volgende dag se take flits deur sy kop. Hy moet die minister volledig gaan inlig oor wat in Wes-Afrika gebeur. Wat sou die jongste nuus vanaf Togo wees? Hy is bly dat Johan Castelyn daar is. Johan ken Afrika en sal die regte besluite neem. Hy moet gou agter die kap van die byl kom en vasstel wat daar aangaan en wat ander moondhede se betrokkenheid is. Dit is heeltemal ontoelaatbaar dat diplomate teen hul sin aangehou word en gekoördineerde internasionale druk moet die situasie so gou moontlik oplos.

Ruben kyk na die vertrekkende gaste. Die meeste groet met 'n aangeplakte vriendelikheid asof dit 'n fantastiese aand was. Danksy sy lengte kan hy met gemak oor almal se koppe sien en sy oë soek na die blondekop joernalis, maar sy is skynbaar reeds weg. Hy sien uit na sy afspraak met haar.

As Ruben by die deur van die residensie kom om die Franse ambassadeur te groet en sy aangeplakte gemoedelikheid merk, kan hy nie help om na die oggend te verwys nie.

"Ambassador, thank you for a lovely evening, and especially the golf this morning."

"My pleasure Mister Meyer. Next time I will select the course. Next time it is my turn."

University of Cape Town

# Hoofstuk 4

## Lomé, Togo

Johan Castelyn kyk deur sy venster na die see. Hy sien die soldate in die hotel se tuine onder die palmbome rondstaan. Hulle is almal swaar gewapen en dra berets wat hom laat dink aan sy parabat dae in Bloemfontein.

Vroeër die middag het hy probeer see toe stap, maar hulle het hom vinnig voorgekeer en gewaarsku dat hy vir sy eie veiligheid binne die hotel se gronde moet bly. Daar was geen spoor van die KLM-bemanning of ander interessante toeriste by die swembad nie. In 'n poging om van die hitte en altyd teenwoordige muskiete te ontsnap, het hy hom nou tot sy hotelkamer gewend. Hier is wel lugversorging, maar op die twee TV-kanale word dieselfde musiek oor en oor gespeel. MTV vir Afrika. Hy het darem al vir Lucky Dube gesien, maar die ander Afrika en Latynse musikante ken hy nie en staan hom eintlik nie aan nie.

Die kamer voel al hoe kleiner en Johan raak steeds meer geïrriteerd met die opset. Die hotel het kastig 'n 5-ster gradering, maar die joos alleen weet waar hulle daaraan kom. Drie sterre maksimum en strenggesproke is die kakkerlakke vanoggend in die badkamer genoeg om ook die laaste sterre in twyfel te trek. Selfs 'n gewone Holiday Inn is meer aangenaam. As gevolg van die hitte en muskiete kan hy selde sy balkondeur oopmaak en 'n langerige tydperk in dié hotel sal beslis nie 'n vakansie wees nie. Hy het nie eers ordentlike leesstof nie en die kassetspelertjie wat hy saamgebring het, help niks. As hy nog eenkeer Neil Diamond se stem hoor, raak hy totaal gek.

Hy sal 'n plan moet maak. Die vooruitsig van onbepaalde aanhouding en die onsekerheid van wat voorlê, begin hom hinder. Hy wonder of een van die KLM-

bemanningslede nie dalk 'n selfoon of laptop het nie. Hy kry die indruk dat die soldate nie baie bekommerd oor die klomp Hollanders is nie. Deesdae het al wat Europeër is 'n selfoon, en stamverwante susters sal darem seker nie so 'n potensieel lewensbelangrike gunsie weier nie. Buitendien is dit vir hom 'n goeie rede om Karien op te soek en die hotelarres die moeite werd te maak.

Teen die agtergrond van die donker palmbome kan Johan sien dat dit liggies reën. Dit is die normale warm reën waaraan niemand hulle steur nie, maar hy kan dus ook nie by die swembad gaan lê nie. Johan gaan lê op die bed. Met sy arms agter sy kop, kyk hy na die waaier teen die dak. Hy voel vasgekeer en wil weet waar Raphael, die motorbestuurder, en sy kollega, Jakkie is. Hy herinner hom weer die lekker tye wat hulle soms saam gehad het, veral voor ambassadeur Postma haar gewig hier kom rondgooi het.

Jakkie het, kort voor die ambassadeur arriveer het, met die Jeep van die wildreservaat afgery vir voorrade. Hulle het besluit om die aand 'n groot makietie te hou. Soos gewoonlik was dit 'n braaivleis by die lapa van die residensie waar Johan tydelik gewoon het terwyl hy chargé d'affaire was. Die drank het gevloei terwyl die bediendes eetgoed en drank aangedra het om dan weer, baie gemanierd en gehoorsaam, op 'n afstand te gaan staan en wag.

"Dis nou die lewe man. Besef jy dat ons staats-fokken-amptenare is wat hier om die swembad sit en soos konings deur die slawe bedien word," het Johan laat hoor.

"In Pretoria sit die arme bliksems nou na die horlosie en kyk en wag dat die werkdag tot 'n einde moet kom. Ons lewe vir alle praktiese doeleindes soos miljoenêrs, al is ons aan die gatkant van die wêreld."

Johan het lekker diep uit sy keel gelag en sy glas omgedraai op sy kop geplaas.

University of Cape Town

“Simooooonnnn! Nog 'n gin en tonic, my ou kaffertjie... tog 'n voordeel, die taalverskille. In Suid-Afrika mag ons mos nie meer so praat nie. Ek sê jou, dis lekker hier. Niemand wil ooit Afrika postings hê nie. Almal dink dis kak hier en dat die muskiete jou opvreet, maar ons lewe soos bleddie Prins Charles nie kan nie. Al wat ons kort is vrouens. Ek gee nie om of sy lyk soos Pamela Anderson nie. Ek soek net…”

"Maar Johan, wat van daai Franse interior decorator? Het julle nie..."

"Waaaag ou maat, so desperaat is ek nou ook nie. Al wat buitelander is, het al daar gekuier. ‘n Man het darem sy trots."

"En daai Engelse nurse? Het jy nog nie met haar gescore nie?”

Johan het sy kop geskud en na ‘n ruk nostalgies van hom laat hoor.

“Fok, maar ek mis Pretoria se girls. Weet jy, een aand kom ek, lekker gekoring, in Edmondstraat se take-aways in, jy weet net daar bokant die kafee op die hoek met Beatrixstraat, en wie kom met die trap af met 'n take-away?"

"Wie?" het Jakkie beleefd en bietjie nuuskierig gevra.

"Wat is sy naam, die ou met die dik lippe wat destyds minister was? Ha haa, ek dog ek skyt my broek vol. En hy is so skaam dat hy amper by die trap afdonner en die girl op die sypaadjie vergeet, so vinnig trek hy daar met sy plaasbakkie weg."

Johan se lag was soos ‘n leeu wat brul.

"Ek het al heelwat politici sien katte knyp en dan sit hulle Sondae in die kerk, heiliger as die hele gemeente saam, van kop tot by hul voetsole, of soetvoële, soos die dronk predikant gesê het. Ha ha ha ha haaaaaaa.”

University of Cape Town

So het hulle hulself oorgegee aan lag en dronkenskap en heimwee en selfs as dit nie snaaks was nie, gelag asof hul lewens daarvan afhang, asof dié gebaar van eenheid en samehorigheid om die vuur hulle teen eensaamheid sou verskans.

"Jy weet Johan, daar is darem regtig 'n klomp skeinheilige donners in daai geliefde land van ons. In die week werk al die verskillende rasse en geslagte saam en bou die nasie, in groter rasseharmonie as in meeste ander lande, maar naweke kuier almal afsonderlik, asof vooraf bepaal deur die tipe sport waarna gekyk word. Die rugbymanne om die vuur of in die kroeg op hul eie, die sokkermense by hul velde of in die townships. En die vrouens in die kombuis."

"Ja, dis net ons "loners" wat nie nodig het om aan een of ander groep te behoort om veilig te voel nie. Geen wonder ons sit alleen hier die middel van donker Afrika nie."

Hulle het vir 'n ruk in stilte na die vuur gesit en kyk.

"Ek sê, Jakkie, wat het die boesman gesê toe hy sy toon teen 'n klip gestamp het?"

"Nee, ek weet nie," en hy het na Johan gekyk wat klaar half histeries begin lag het.

"X-fok! Haa haa haa haa..." en hulle het gelag dat die oë traan.

"Weet jy Jakkie, toe ek as kaptein by militêre inligting in die ou Suidwes-Afrika saam met die boesmans teen die terroriste geveg het, het hulle as spoorsnyers die volle vertroue van die wit offisiere gehad. Ons het hulle met ons lewens vertrou."

"Wat het van al die grensvegters geword? Waarvoor het hulle geveg en gesterwe? Dink daaraan Johan, daai terroriste is nou die regering van Namibië."

"Ek dink ook soms aan die weird tyd waarin ons grootgeword het. Ons is apart gehou in 'n verbeelde wit land en het nooit eers teen die swartes rugby gespeel nie, laat staan nog sosialiseer. Na skool army toe en op sewentien is ek al Namibië toe gestuur om die terroriste te



University of Cape Town

gaan stuit. Volgens die onnies en politici en SAUK en fokkin predikante om die westerse beskawing van kommunisme te red."

"Dis om van te kots so by die terugkyk. Dit was bleddie tydmors."

As die gesprek te ernstig of morbied geraak het, het hulle maar nog gedrink. So het hulle in die  nag in gekuier totdat daar nie meer grappe of stories was om te vertel nie. Dan het die realiteit van hul eensaamheid en alleenheid en die futiliteit van hul kameraderie die oorhand gekry en het hulle gaan slaap.

Johan word uit sy gedagtegang geruk deur 'n harde klop aan sy hoteldeur. Hy skrik en gaan loer eers deur veiligheidsgaatjie in die deur. Dit is van die hotelpersoneel wat sy komberse wil kom oopvou vir die nag, en deur 'n sjokoladetjie op die kussing te plaas, hoop om 'n fooitjie te kry.

Johan kyk na die vriendelike swartman. Hoe sou die konflik die gewone mense se lewens raak? Hy moet iets aan die situasie doen. Hy moet ten alle koste by sy huis uitkom. Moontlik kan hy nog sy telefoon of rekenaar gebruik. Dan kan hy vasstel wat aangaan en vir sy kollegas in Abidjan laat weet wat hul situasie is. Skielik weet hy wat hy gaan doen. 'n Boer maak 'n plan.

University of Cape Town

*

Twee uur later staan Johan in die voorportaal van die hotel tussen die KLM-bemanning en skerts en maak planne oor waar hulle gaan uiteet. Hy het een van die hulpvlieëniers se uniforms geleen en gooi die Nederlands met soveel oortuiging dat hulle hom moet stilmaak.

Die Nederlandse bemanning word wel toegelaat om buite die hotel te gaan eet en dit is sy kans om ongemerk by sy huis in die diplomatieke buurt uit te kom.

Hy het besluit om nie vir Ambassadeur Postma te sê dat hy gaan probeer uitkom nie. Enersyds omdat sy hom waarskynlik sal verdink dat dit net 'n verskoning is om met die meisies uit te gaan, maar ook omdat sy hom waarskynlik om veiligheidsredes en uit vrees vir 'n insident sal verbied om te gaan.

Terwyl hulle in die voorportaal wag vir die bussie om hulle te kom haal, merk Johan met 'n mate van kommer dat die sekuriteit opvallend strenger toegepas word en dat daar veel meer soldate sigbaar is. Die eerste dae was hulle meerendeels óm die hotel ontplooi, maar nou staan daar verskeie in die voorportaal en by die deure, almal besonder swaar bewapen en skynbaar slaggereed om te skiet. Een van die soldate, 'n jong offisier met 'n intelligente paar swart oë, kom op hulle afgestap. Vir 'n oomblik vrees Johan dat die man hom dalk herken het. Hy staan nader aan Karien en besluit op die ingewing van die oomblik om sy geluk ten volle te toets.

"Karien, ek dink daai soldaat het my herken. Hy is oppad hierheen... maak of ek en jy..." en met dié vat hy Karien om haar dun middellyfie en trek haar nader, plant sy lippe op haar geskokte mond en gee haar sy beste soen.

Sy sien dat haar kollegas, en veral die kaptein van die bemanning, Berend Pijnappels, hulle geskok staan en aankyk en maak haar vinnig los uit die omhelsing. Teen dié tyd het die rebellesoldaat al sy eintlike bestemming, die kaptein, bereik en probeer om in geradbraakte Engels te kommunikeer oor waar die bussie hulle mag neem en waar nie.

Johan is op die punt om tussenbeide te tree en in Frans te tolk, maar besef dat hy sy posisie sal verraai. Hy bly met 'n skaapagtige uitdrukking op sy gesig by Karien staan terwyl



University of Cape Town

die ander lugwaardinne onderling skertsend met hom en Karien die draak steek. Dit het in elk geval gewerk, want vyf minute later sit hy knus binne in die bussie en babbel onderweg na 'n Franse restaurant wat volgens die soldaat naby en oop is.

Na die soen met Karien is Johan vasberade om die aand met die Hollanders te geniet en van die onderliggende spanning te ontsnap. Sover werk sy plan uitstekend. Met die regte benadering sal die Hollandse meisie ook nog pleit vir meer. Hy moet net van kaptein Pijnappels ontslae raak. Sedert sy bewering dat sy selfoon gesteel is, is hy nog meer oorbodig.

As hulle hom by sy huis in die diplomatieke buurt afgelaai het, sal hy op eie stoom met sy voertuig terug hotel toe probeer gaan, maar het nie 'n idee wat by sy huis aangaan nie. Hy hoop van harte alles is nog ongeskonde. Vir rebelle soldate beteken diplomatieke immuniteit niks nie. Dit pla hom dat die Europese paspoorthouers die hotel mag verlaat, maar dat die Suid-Afrikaners onder hotelarres is.

Die restaurant is nie ver van die hotel nie en bekend aan Johan. Daar is geen ander gaste nie, maar hy besef dat hy moet volhou met sy nuwe Nederlandse identiteit. Hy kom egter gou agter dat dit sy Suid-Afrikanerskap is wat die vlugbemanning interesseer. Hulle wil meer weet oor sy werk in Afrika en die diplomatieke wêreld. Johan kan die onderliggende senuagtigheid en onsekerheid oor wat voorlê onder die Nederlanders aanvoel. Volgens die kaptein is die lughawe gesluit vir alle kommersiële vlugte en was hulle die laaste vlug wat toegelaat is om te land.

"That means we can settle down to some heavy drinking."

Johan se opmerking het 'n onnatuurlike uitbundige gelag tot gevolg. Die drank begin vloei en hy begin die aand saam met die klomp Hollanders geniet. Hy vertel grappe en stories en die meisies vind hom klaarblyklik interessant en lag lekker vir sy staaltjies. Dit is Marijke,



University of Cape Town

die blondine wat eerste sy oog gevang het, wat wil weet hoe hy uithou sonder ander jongmense van sy soort en hoe hy in Wes-Afrika beland het.

"Kyk, die ding werk so. Ek was 'n onskuldige kadet met al die normale drome van Parys en Londen en Washington soos dit enige jong diplomaat betaam. Aanvanklik het ek by die Wes-en Sentraal Afrika lessenaar gewerk toe daar 'n minister van die Kongolese regering op 'n bedelbesoek in Suid-Afrika was. Ek, as lessenaarbeampte, moes hulle in Kaapstad na 'n paar afsprake vergesel en het saam met hulle in die Mount Nelson Hotel ingetrek."

Hy kyk na die afwagtende oë om die tafel. Selfs die kaptein luister aandagtig.

"Ongelukkig het die Suid-Afrikaanse minister van buitelandse sake die Kongolese afvaardiging na een van die spogplase in die omgewing geneem. Die superryk boer had klaarblyklik een of ander uitstaande skuld by die minister. Met groot gebaar kondig die Suid-Afrikaanse minister toe aan dat hy sal sorg dat die Kongolese minister sy eie boerdery met Saanen melkbokke kan begin. Hy wat minister van buitelandse sake is, sal sorg dat twee paar bokke by hom in die Kongo afgelaai sal word. Raai wie word getaak om alles te reël?"

"Bedoel je dat je vier bokken van die boerderij naar Congo moest brengen?"

"Ek moes die bokke, twee ooie en twee ramme, vanaf die plaas naby die Paarl in die Wes-Kaap per trein tot by Onderstepoort naby Pretoria vervoer. Daar moes hulle twee weke in kwarantyn bly en in dié tyd het ek twee sterk houtkratte laat bou vir die vliegtuig. Die plek in die vliegtuig was beperk omdat dit vol ander goed bestem vir Rwanda was, waarvan ek julle ongelukkig nie meer kan vertel nie."

"Vertel meer, Johan. Wat was er nog op het vliegtuig?"

"Nee sorry, dit is staatsgeheim. Ek kan wel sê dat daar twee beamptes van buitelandse sake was en 'n paar ouens van militêre inligting, maar ons het verskillende missies gehad. My

University of Cape Town

taak was om die bokke tot in Kigali in Rwanda te neem, af te laai en te wag vir die broer van die Kongolese minister van buitelandse sake."

"En hoe zien die bokken er uit?" wil Karien weet.

"Eintlik was dit vrek mooi bokkies. Ek het heeltemal begin hou van hulle, sulke mooi sagte, lang hare, amper soos Marijke s'n."

Groot gelag. Dit is vir Johan opvallend hoe hard en onbevange die Hollanders kan lag. Die kelner het intussen hul bestellings geneem en hulle het nog drank bestel. Die drank en stories kan egter nie die spanning wegneem nie. Tussen die oppervlakkige pret deur kan Johan nie wegkom van die gedagte dat van sy politieke kontakte in Togo intussen gearresteer of selfs geëlimineer is nie. Hy is ook baie bekommerd oor hy vir meer as 'n week niks van Jakkie Retief gehoor het nie.

"Ek staan toe daar op die aanloopbaan met die vier kratte met die bokke in. Die militêre vliegtuig het na 'n vliegtuigloods vertrek waar die res van die vrag afgelaai sou word saam met die MI ouens. En ek is stoksielalleen. Net ek en my melkbokkies. Soos hier in Lomé, was Kigali toe ook in 'n tipe van 'n burgeroorlog en die lughawe vol soldate. Hier staan kippie met sy bokkies en wag vir beter dae, waarskynlik die enigste diplomaat wat op so 'n eerste buitelandse missie gestuur is. Maar dit is Afrika."

"En hoe was het toen met de bokkies?"

"Marijke stel klaarblyklik meer in die bokkies se heil as in myne belang. Ek het net begin bekommerd raak, toe daar uiteindelik in die verte 'n bakkie aangery kom. Dit was inderdaad die broer van die Kongolese buitelandse minister wat van hul naburige plaas anderkant die Rwandese grens oorgery het om die bokke te kom haal. Na 'n vriendelike gesprek in my toe nog gebrekkige Frans, het ek hom gehelp om die kratte op die bakkie te laai.

University of Cape Town

Ek het ook vir oulaas nog gesorg dat my Saanen vriende vars water en kos gekry het, en met 'n wuif en geblêr is hulle toe weg, terug grens toe. Ek hoop hulle het intussen 'n gesonde kroos geskep en dat hulle nie opgevreet is nie."

Die senuagtige lag het ietwat meer sorgeloos geword. Eintlik verbaas Johan hom vir die jongmense wat so kan partytjie hou te midde van politieke onrus waar verskeie mense al dood en talle ander vermis of in gevaar is. Dit is asof die Hollanders aanneem dat niks negatiefs met hulle kan gebeur nie. Asof die Europese Unie identiteitskaart 'n tipe van 'n paspoort is wat 'n sorgvrye, bevoorregte lewe verseker. Hulle is mooi en gesond en selfversekerd en hul lewensuitkyk spreek van die reg om die lewe te mag geniet.

Hoekom kan hy nie so lewe nie? Wat het sy voorvaders dan besiel om destyds uit die Lae Lande pad te gee en hulle in donker Afrika te gaan vestig? Maar aan die ander kant, Afrika het hom al soveel gebied en hy weet hy sal nie in 'n klein en bemoeisieke landjie soos Nederland wil woon nie.

"Nog een jenevertje, Johan?"

Terwyl hy dit oorweeg teen die agtergrond van die taak wat nog die aand voorlê, skree die ander almal ja vir jenewer en gee hy ook maar toe.

"Johan, wil je mij niet zeggen," en sy het haar hand om sy skouers, "wat er nog in dat vliegtuig was? Een hele varkensboerderij?" laat hoor 'n terglustige en giggelende Marijke van haar.

Skielik wil almal weet wat nog op die vliegtuig was. Johan is al lekker aangeklam teen dié tyd en eintlik gee hy nie meer om nie. Hy verbeel hom dat dit in elk geval al in die koerante was.

"Wapens. Die hele Hercules was gepak met wapens vir die regering van Rwanda, en die Militêre Inligting ouens was daar om hulle opleiding te gee in die gebruik van die

University of Cape Town

handgranate en ligte masjiengewere. Maar dit was darem 'n wettige regering, en die Franse was ook betrokke. Hulle het juis toe die lughawe beheer en ons gehelp."

Hy kyk rond en sien almal kyk hom met groot oë aan. Net Berend Pijnappels lyk eerder skepties.

"Wat my wel hoogs die moer in gemaak het, was dat van die MI ouens sowaar bo-op die kratte handgrenate en ander plofbare wapens staan en rook en drink het terwyl hulle kaart speel. Boonop het hulle my net uitgelag toe ek hulle daaroor vermaan het. Maar dis sulke mense wat my land en sy mense, en veral die swartes, so opgefok het. Hulle sou enige taak uitvoer wat aan hulle opgedra is, en het ook. In Rwanda het hulle nou wel nie geveg nie, maar hulle het die regeringsoldate opleiding gegee en ek weet dat daar gereeld sulke vlugte, sonder bokke, was."

Johan hou op met praat as hy bewus raak van die geskokte uitdrukkings op die gesigte van die die Nederlanders. Hy besef hy het te veel gepraat.

"In elk geval, vandaar my belangstelling in Wes-Afrika, en waarom ek aansoek gedoen het vir die pos in Togo."

Die opgewonde vrolikheid het soos mis voor die son verdwyn. Wanneer die eienaar aandui dat hy wil toemaak en hulle in die bedompige aandlug uitstap, is daar 'n vreemde stilte buite. Daar is niemand op straat te sien nie. Sover sy kennis strek is daar nie 'n aandklokreël ingestel nie, maar Johan besef dat die groep so gou moontlik by die hotel moet kom.

Die plan is dat hulle tot naby sy huis in die diplomatieke buurt met die KLM bussie ry en hy dan vanuit sy agterplaas toegang tot sy huis probeer verkry. Hy ken die mense wat agter hom bly en het 'n redelike goeie verstandhouding met die hond. Vanuit sy huis kan hy hopelik

University of Cape Town

na Suid-Afrika en Abidjan bel en probeer vasstel hoe sake staan en of die bewindsoorname suksesvol was.

Soos hulle in die straat afry, is dit duidelik dat geen inwoners dit buite waag nie. Dit is stil in die Kombi bussie as hulle afdraai in Boulevard de la Paix. Johan dink onwillekeurig weer aan die kreupel man wat geld soek vir 'n aardbol.

Dit het nou hard begin reën en kort voor lank sal die strate in riviere verander. Alhoewel die sig uiters swak is, het dié gedeelte van die stad ten minste ligte. Johan sit voor en probeer die roete na sy huis verduidelik, maar die Togolese bestuurder is te bang om die pad na die diplomatieke buurt te neem.

"Pardon Monsieur, it is too dangerous."

"It's OK, I will get off at the next intersection."

"Maar dat is veel te gevaarlijk, Johan, wij kunnen je hier niet alleen laten," sê Karien bekommerd. Die spanning in die bussie is nou tasbaar.

As die bestuurder by die volgende kruising stop, spring Johan vinnig uit.

"Tot later, kollegas. Ek sal met my eie voertuig terugkom hotel toe, moenie julle bekommer nie. As iets gebeur en julle die ambassadeur sien, sê maar ek het iets dringends en lewensbelangrik by my huis gaan doen en dat ek vir myself sal sorg."

*

Johan skat dis 'n halfuur se stap tot by sy huis van waar hy afgelaai is. Hy soek die donkerste strate uit en probeer so stil as moontlik beweeg. Die meeste huise het hoë mure wat

University of Cape Town

die buitewêreld moet uithou en hy stap so na daaraan as moontlik. Daar is 'n benoude reuk in die lug en die onnatuurlike stilte maak Johan onrustig.

Soos hy nader aan sy huis beweeg, raak hy meer op sy hoede. Wat as hulle sy huis beset en hom inwag? Hy gaan staan onder 'n rubberboom en bespied eers die omgewing. Die sweet loop in dun straaltjies saam met die reënwater van sy gesig af. Hy het twee wagte, die een is voltyds verantwoordelik vir sekuriteit en die ander help daarmee, maar fungeer ook as kok. Die kok, Claude, slaap gewoonlik by sy eie huis, maar Sipho is veronderstel om altyd by die huis te bly. Sou hulle dalk nog daar wees?

Op die oog af lyk alles stil. Johan besluit om die huis vanaf die voorkant te benader. Wat as Sipho dalk in die huis is en sommer begin skiet? Sy huis se buitemure is ongeveer ses voet hoog en hy sal daar moet oor. Alhoewel die omgewing rustig lyk, kan hy kwalik die voordeurklokkie lui. Die kanse is goed dat die rebelle die huis sal dophou.

Johan is dronk en moeg genoeg om hom nie verder deur dié moontlikheid te laat afskrik nie. Hy besluit om oor die muur te klim en kom met 'n redelike harde val aan die anderkant op die gras te lande. Die huis is donker. Johan kruip hande-viervoet tot agter 'n struik om die huis goed te bekyk. Sipho gaan hom doodbliksem as hy sien wat hy aan sy tuin doen.

Hy skep 'n paar sekondes asem. Dan hardloop hy met 'n stinkspoed die tien meter oor die gras tot by die voordeur. Automaties gaan sy hand na sy broeksak. Fok, hy het vergeet om sy sleutels in die lugdiensuniform se sak te sit. Hy probeer die handvatsel. Geluidloos gaan die deur oop. Die huis is nie gesluit nie. 'n Koue angs spoel oor hom. Hy is byna seker dat hy al die deure gesluit het toe hy vertrek het.

University of Cape Town

Johan staan doodstil sodat sy oë aan die donkerte kan gewoond raak. Daar is 'n vreemde reuk in die huis. Eers moet hy vasstel of daar iemand in die huis is. Hy stap vinnig in die gang af. Die volgende oomblik struikel hy oor iets in die donker. Hy skrik so groot dat hy 'n ruk doodstil op die vloer bly sit. Dan sien hy waaroor hy geval het. Die koue liggaam van sy getroue Sipho lê uitgestrek in die gang.

Hy wil opstaan, maar sy bene voel lam. Hy kyk by die slaapkamer in. Daar is niemand nie en Johan kruip tot by die ingeboude hangkas. Onder in die wegsteeklaai vind hy die Land Rover se spaarsleutels. Sy hand soek verder. Hy voel die koue staal van sy rewolwer, maar dis nie wat hy soek nie. Dan voel hy die growwe materiaal van die linnesakkie tusssen sy vingers. Hulle het dit nog nie gevind nie.

Hy beweeg verder deur die huis na die garage. Die Land Rover is nog in die motorhuis. Hy weet die rebellesoldate hou elke oggend 'n tipe roll-call by die hotel. Hy moet vóór ontbyt terug wees.

Johan kyk op sy horlosie. Dit is amper twee-uur na middernag en hy besef dat hy kwalik nou met die DG sal kan praat. Hy wil die operasiekamer in Pretoria laat weet wat hul situasie in Togo is en hy moet met die missie in Abidjan probeer kontak maak. Johan stap na die studeerkamer en struikel amper weer oor Sipho se liggaam. Hy skuif die lyk met sy voet eenkant toe.

Dit reën nou harder en die geraas van die water op die sinkdak maak Johan bekommerd dat hy nie ander klanke sal hoor nie. Hy is verbaas dat die telefoon nog werk en wonder of die rebelle gesofistikeerd genoeg is om die lyn te monitor. Hy vorm die opskamer se nommer in die donker.

"Operations room, Riana de Villiers speaking, how can I help you?"

University of Cape Town

"Magtag, Riana, ek is bly jy's daar. Ek bedoel, ek's bly die telefoon werk..."

"Hello, wie praat? Van waar skakel u?"

"Dis Johan Castelyn in Lomé, Togo. Kan jy my hoor? Ek bel per satellietlyn van Lomé af. Ons word gevange gehou en ek wil aan die DG verslag doen oor wat hier gebeur het."

"Dankie Johan, ek hoor jou duidelik. Meneer Meyer is op die oomblik in die buiteland, maar ek kan die noodnommer vir jou gee."

"Laat weet hom of die waarnemende DG asseblief dat ons, die hele missie in Lomé, in die Sarakawa Hotel aangehou word deur rebellemagte wat die regering oorgeneem het. Een ander Suid-Afrikaner, Jakkie Retief van die wildreservaat, is nie in die hotel nie, maar ons weet nie waar hy is nie. Die situasie in die stad raak al gevaarliker en ek hoor deurentyd skote."

"Johan, van watter telefoon bel jy dan as... kan ons terugbel?"

"Ek bel van my huis af, maar ek het tydelik ontsnap en moet nou weer terug hotel toe, anders is die hel los tydens die ontbyt roll-call. Ek kan nie nou langer wag nie, maar vra die DG wat ons moet doen. As jy hom kan opspoor, dan bel ek oor 'n rukkie terug. Kan jy my hoor?"

"Ek hoor goed en maak so. As ek meneer Meyer kan vind, skets ek die situasie en dan weet hy wat hy vir jou moet sê wanneer jy deurkom."

Johan is verlig dat hy deurgekom het operasiekamer toe. Nou vir Abidjan. Hy kyk deur die blindings en wonder of die Nederlanders al by die hotel is. Kan hy die bestuurder van die bussie vertrou om stil te bly? Hy ken nie Abidjan se nommer nie en kan nie die nommer in die telefoonboekie uitmaak nie. Waar is die bliksemse flits? Hy voel kriewelerig en ongeduldig. Hy gaan wragtag nie weer in die gang af nie. Teen sy beterwete sit Johan die lig aan.

University of Cape Town

"Good day, this is the South African Embassy in Abidjan. This office is now closed. Our office hours are from 8:30 to 16:30 from Monday to Friday. If you are a South African citizen who needs assistance, please dial the number at the end of the message. Bonjour, L'Ambassade de l'Afrique du Sud est fermée á présent. Les heures de business sont de 8:30 jusqu'á 16:30, Lundi a Vendredi..."

Hy skryf die noodnommer neer.

"In bloody deed, am I a South African citizen in need. Ek hoop die beampte op nooddiens het 'n selfoon of bleeper aan."

"Hallo. Hallo. Who is calling? This is Ambassador Ntini speaking. Who is calling?"

"My magtag," dink Johan by homself. "Dat ambassadeurs nou al op nooddiens is om na-uurse telefoonoproepe van toeriste wat hul paspoorte verloor, te beantwoord."

"Excuse me ambassador, I didn't realise that you do phone duty after hours, but I actually want to speak to you. It's Johan Castelyn in Lomé."

"Johannn! I didn't know you could phone! We heard on TV that you have been captured. It's absurd! You can't be held against your will. I told the DG and the Minister what happened and they know everything. Not to worry. You must just sit tight and the South African government will rescue you."

Stilte.

"Are you still there?"

"I'm here Ambassador. Thank you for phoning the DG, but I want to ask you if it would be possible for you to meet with Savinda, the politician from the opposition whom we sent to South Africa last year. He is apparently in Abidjan now and has a lot of influence with

University of Cape Town

the rebels. He probably is very much in cahoots with them, but maybe he can assist in freeing us before it is too late. I don't know what his position is in the whole thing, but he went to Abidjan for talks with the Côte d'Ivoire government and is staying in a hotel in Abidjan."

"Don't worry Johan, I will set up a meeting with Savinda, I know how to find him. If we get a chance, I will let you know. Don't you worry."

"Thank you Ambassador. I will have to go now. I am also going to try and talk to the DG or a senior official in Pretoria for advice. There is not much that we can do now. Good luck with Savinda in any case.  I hope you find him and that he is in a position to help us."

Johan raak bekommerd oor die tyd wat hy in sy huis deurbring.

"Ambassador, I have to leave. I am supposed to be in the hotel now and will be in big shit, I mean, trouble, if I don't leave immediately! I think I heard something outside!"

"Go Johan, go now. I pray for you."

Johan besef skielik dat hy die lig aangelos het. Hy skakel dit af en beweeg vinnig na die venster. Hy kyk deur die blindings die donkerte in. Deur die reën kan hy, omdat hy die tuin so goed ken, donker figure sien wat onder 'n boom staan en beraadslaag. Daar gaan 'n rilling teen sy ruggraat af as hy die geweerlope sien blink. Het hulle sy telefoonoproepe gemonitor?

Hy kan hoor daar is iemand by die voordeur. As hulle hom hier vastrek, is hy in groot moeilikheid. Hulle is kapabel en skiet hom as hy probeer vlug, diplomaat of nie. Hy sal vinnig 'n plan moet maak.

Dan voel hy die Land Rover se sleutel in sy broeksak.

"Not a damn gaan ek my hier soos 'n hond laat vrekskiet deur 'n klomp militêre mugu's."

University of Cape Town

Hy hardloop na die binnedeur van die garage en spring in sy voertuig. Hy weet dat as hy die enjin aanskakel en wag tot die elektriese deur oopgaan, hulle hom beslis gaan skiet of arresteer. In enkele sekondes flits sy lewe voor hom verby.

Se moer! Hy het nie al die jare al die muskiete trotseer en opofferings in Afrika gemaak om ontydig doodgeskiet te word nie.

Johan draai die sleutel, trap die petrolpedaal diep in en laat kom die koppelaar vinnig uit. Die V8 Discovery tref die hout garagedeur met 'n geweldige slag en bars by die garage uit.

Die rumoer en garagedeur wat skielik oopbreek, het die rebellesoldate so onverhoeds betrap en laat skrik dat party platval en ander begin hardloop. Johan druk die afstandbeheer van die buitehek maar verminder nie spoed nie. As die hek nie betyds oopgaan nie, moet die bullbars die nodige doen. Die hek maak net betyds oop en hy stuur die Land Rover met skreeuende bande die straat in. Eers toe begin van die soldate herstel van die skok.

As Johan oorskakel na derde en die V8 behoorlik huil soos die toere klim, hoor hy die skote. Hy voel hoe koeëls in die bakwerk vasslaan. Sy hart klop in sy keel, maar hy jaag blindelings voort. Die pad is baie nat en gevaarlik glad, maar hy steur hom nie daaraan nie.

In sy truspieëltjie sien hy hoe van die soldate na 'n voertuig toe hardloop. Hy hoop hulle het nie die petroltenk raakgeskiet nie. Daar is geen verkeer of mense in sig nie en hy kan regtig ooptrap. Wanneeer hy die eerste keer ligte 'n ent agter hom sien, draai hy teen 'n hoë spoed in 'n systraat af. Die Land Rover wil-wil begin gly, maar hy hou sy voet op die versneller en slaag daarin om die swaar voertuig te beheer. Dit lyk nie of hy brandstof verloor nie. Johan draai in 'n stiller pad in en skakel die ligte af. Hy voel oor sy bene en lyf. Hy is papnat gesweet, maar voel nie enige skietwonde nie. Kort-kort verander hy van roete en jaag steeds deur allerlei systraatjies in die rigting van die stad. Dit wil voorkom of hy hulle ontglip

University of Cape Town

het en Johan ry rustiger. Hy besef dat hulle spesifiek vir hom kom soek het en alarm sal maak. Sy ontvangs by die hotel sal sekerlik nie te vriendelik wees nie. Hoe gouer hy daar kom, hoe beter is sy kanse.

Wanneer Johan ongeveer twee kilometer van die Sarakawa hotel is, draai hy uit die kuspad en ry op die sand op. Met die vierwielaandrywing ry hy maklik oor die nat sand tot so 'n kilometer van die hotel af. Hy parkeer die Land Rover ver genoeg van die see af tussen 'n klompie palmbome. Die voertuig is hier nie van die stad af sigbaar nie en bo die hoogwatermerk.

Dit reën steeds hard en die palmbome staan skuins teen die seewind. Johan is baie dankbaar vir die weersomstandighede. Hy hoop dat dit hom sal help om verby die wagte in die hotel se groot gronde te kom. Hy hardloop die laaste honderd meter oor die sand so vinnig as wat sy bene hom kan dra en bereik die eerste palmbome van die tuine met brandende longe. Hy hoop nie iemand het hom gesien nie. Hy beweeg versigtig van boom tot boom.

Skielik doem een van die grasdak houthuisies waar hotelgangers bedags teen die son kan skuil in die donker voor hom op. Hy verbeel hom dat hy stemme hoor en stap stadig nader. Soos hy verwag het, is die stemme van binne die tuinhuisie. Hy kies 'n ander rigting en vorder tot sowat twintig meter van die hotel se een deur af, toe hy die stem hoor.

"Arrêtez!"

Hy probeer verder stap, maar vries in sy spore as hy hoor hoe 'n outomatiese geweer oorgehaal word. Instinktief steek hy sy hande in die lug.

"Pardon Monsieur. Stop! Arrêtez s'il vous plaît."

Johan gaan staan doodstil. Hy voel 'n bittere koue oor hom spoel ten spyte van die warm reën.

University of Cape Town

"You speak French?"

Johan kan nie glo wat hy hoor nie. Miskien het hy nog 'n kans. Nou is die tyd om sy kop te gebruik.

"Pardon Sir. No, I don't speak French. Do you speak English?"

Hy sien die soldaat huiwer asof hy 'n frase in Engels probeer formuleer.

"Monsieur, what you doing outside hotel in rain?"

Dit reën so hard dat Johan hom skaars kan hoor.

"Sir, I am sorry. I did not want my wife to know. I am looking for a … you know, a …"

en

Johan beduie met sy hande die vorm van 'n vrou.

Hy kan in die donkerte sien hoe die suspisieuse oë en houding van die swart soldaat verander. Sy tande blink skielik wit in die buiteligte van die hotel.

"Ah. Une pute. Je comprends. You want the woman. I help you. I find nice woman. Wait here."

Die soldaat stap met 'n ferm tred terug na die houthut. Johan kon vermoed het dat daar ook prostitute in die houthut sal wees wat 'n geldjie probeer verdien. Hy probeer die afstand tussen homself, die hotel en die soldaat skat. Hy het geen behoefte om geskiet te word nie, maar hy is waaragtig ook nie lus om deur die toedoen van een of ander Ghanese straatvrou te sterf nie. Toe die soldaat in die hut verdwyn om met 'n vrou te onderhandel, gebruik Johan sy kans.

Hy stap so vinnig hy kan tot by die een sydeur en laat spaander dan in die hotel se gang af.

University of Cape Town

Johan besef dat hy nie nou na sy kamer toe kan gaan nie. As die rebelle by sy huis na hom gesoek het, sou hulle seker ook met die hotel kontak gemaak het. Hy moet 'n alibi hê.

Dan weet hy wat hy moet doen. Hy was nog altyd een vir twee vlieë met een klap slaan. Met papnat klere en 'n moeë lyf begin hy soek na die kamernommer wat Karien hom gegee het. Nommer 13. Hy vind dit redelik gou en klop.

"Dis ek, Johan. Kan ek binnekom?"

"Ik kom Johan. Ik trek net vlug iets aan."

'n Glimlag spoel oor sy gesig. Met 'n vinnige kyk oor sy skouer glip hy by die kamerdeur in.

"Je bent doorweekt! Wat is er gebeurd?"

"Kom ons sê maar net die Honoris Crux het reeds 'n baas gekry. As jy my net van hierdie nat klere kan help ontslae raak en my so bietjie opwarm, is die Kaap weer Hollands."

*

*I can briefly report that there has been an increase in arms shipments to West Africa. It is unclear where these arms are unloaded, but various SAFAIR cargo planes are being used. No evidence yet on form of payment, but agents of various countries involved. Request permission to continue for two more weeks.*

University of Cape Town

Brussel, België

Dit is 'n sonnige herfsdag in Brussel en Justine sit alleen by 'n tafeltjie van 'n gewilde straatkafee in Louisalaan. Sy wou vir haar 'n nuwe jas vir die lang winter wat voorlê kom soek, maar wil eers iets warms in haar maag kry. Sy voel eensaam en die blou lug laat haar terugdink aan haar besoek aan Suid-Afrika. Die land het regtig 'n groot indruk op haar gemaak, maar dit is veral Ruben Meyer wat voortdurend in haar gedagtes bly. Sy roep weer die aand by die Franse residensie in haar gedagtes op.

Ruben het haar sag, maar beslis aan haar elmboog na 'n ander vertrek begelei. Hy het haar vir 'n paar sekondes sonder om iets te sê met sy grysblou oë en 'n mengsel van geamuseerdheid, besorgdheid en belangstelling aangekyk. Sy was dankbaar dat sy van die konfliktoneel kon verdwyn voor sy nog meer skade aanrig, want dit sou sekerlik gebeur het as sy nie so elegant deur die vreemde man weggelei is nie. Sy het haar kop trots regop gehou, maar haar wange het gegloei van skaamte en verontwaardiging. Sy was as 26-jarige vrou blykbaar te lig bevind om haar mening te mag uitspreek.

Die manier wat die vreemdeling swygend en met 'n glimlag vir haar staan en kyk het, het haar tegelyk verwar en gehinder. Hy het haar ongemaklik laat voel, en dit was vir haar 'n nuwe ervaring. Weinig mense kon haar so maklik ontstel. Sy het hom byna met dieselfde opstandigheid waarmee sy die ambassadeur op sy plek gesit het, gevra waarom hy haar nie kans gegee het om haarself te verdedig nie. Hy was 'n mooi man, het sy gesien – maar nie mooi soos sommige mense byvoorbeeld 'n filmster sou vind nie. Eerder interessant.

Hy het Engels met 'n nugtere Afrikaanse aksent gepraat. Toe hy na Afrikaans oorskakel, wat vir haar so bekend en terselfdertyd nuut geklink het, het sy gesien hoe die lekker klanke oor sy lippe rol en die half siniese mond 'n mooi mond word. Hy het sy woorde versigtig gekies en op so 'n wyse gepraat dat sy alles kon verstaan. En sy oë het half spottend, half geïnteresseerd in hare gekyk. Sy het haar vererg omdat hy volhard het in sy stille leedvermaak. Sy het geërgerd gevoel omdat hy homself geroepe gevoel het om haar uit 'n netelige situasie te red. Sy was geïrriteerd omdat sy nie geweet het hoe sy haarself uit die ongemaklike situasie sou red as hy nie daar was nie. En sy was ontevrede met haarself omdat sy ondanks dit alles, toe al en uit die bloute, soos Afrikaanssprekendes sê, iets van 'n vreemde aantrekkingskrag tot hom gevoel het.

Die volgende dag het sy egter betyds vir haar afspraak opgedaag en 'n lang en diepgaande gesprek oor die politieke situasie in Togo en die Suid-Afrikaanse belange in die konflik met hom gevoer. Hierdie gesprek en die hele kwessie van bloeddiamante, waar wapens met diamante betaal word, het haar interesseer. Sy moes inligting inwin oor hoe die verkoop van diamante regerings en rebellegroepe die vermoë gee om onbeperk met oorlogvoering en destabilisasie voort te gaan. Wat hy van sy werkservaringe met Nelson Mandela vertel het, het haar nog meer interesseer.

Sy wou die aand na die onderhoud direk teruggaan hotel toe, na haar opname luister en die onderhoud neerskryf. Die redakteur sou die artikel die volgende week in die Saterdaguitgawe van die koerant plaas, so sy had nog tyd, maar onder geen omstandighede wou sy haar joernalistieke missie in Suid-Afrika deur onprofessionele gedrag laat beïnvloed nie. So gou moontlik dus wegkom van die man wat getuie was van hoe sy die vorige aand opgetree het, maar haar ook onmiskenbaar fassineer.



University of Cape Town

Toe sy die gesprek afgerond het en met 'n "baie dankie vir die onderhoud" opgestaan het, het hy net bly sit. Hy het haar doodluiters gevra waar sy Afrikaans leer praat en NP van Wyk Louw leer lees het. Sy het na Suid-Afrika as "julle wye en droewe land" verwys, maar het nie gedink dat hierdie diplomaat, hierdie beoefenaar van een van die meer skynheilige beroepe van die wêreld, haar verwysing sou opmerk nie.

Sy het bly staan en kortaf gesê dat haar Afrikaans nie so fantasties is nie en dat sy tydens haar studentejare lesse in Afrikaanse literatuur by 'n gasdosent van die Universiteit van Kaapstad gehad het. Die man se blik wou haar egter nie laat gaan nie en uiteindelik het sy weer gaan sit terwyl sy probeer dink het aan 'n gepaste verskoning om so gou as moontlik weg te kom. Sy het hom uit beleefdheid gevra waarom hy so van Nederlands hou en of hy al ooit in België was.

Ruben Meyer het haar vertel dat hy 'n paar jaar in Parys gewoon het. Hy was ook al in Brussel gewees. En nou het dit ook geblyk dat hy Claus gelees het. Sy het ook, want vir Germaniste was Hugo Claus verpligte leesstof. En Gorter en Nijhof het hy ook gelees. Gorter nogal. Sy kon dit nie weerstaan om vir hom aan te raai om ook meer moderne werke te lees nie, soos Grunberg of Lanoye of Möring, en tot haar verbasing het hy ook van hulle werke gelees. Voor sy haarself kon keer, het sy opgewonde vertel van die Afrikaanse letterkunde wat sy as 'n tesis in haar finale studiejaar behandel het. Sy het nog nooit die geleentheid gehad om met 'n Suid-Afrikaner oor haar gunsteling Afrikaanse boeke te praat nie en dit was vir haar lekker om oor Brink en Van Heerden en Breytenbach te gesels met iemand wat die skrywers regtig ken. Sy het nog steeds nie geweet wat sy van Ruben Meyer moes dink nie, maar die man het ten minste letterkunde gelees. Halleluja!

University of Cape Town

Uiteindelik was dit Meyer wat eerste na 'n ander afspraak moes vertrek. Hy het opgestaan, haar hand geskud, steeds met dieselfde onpeilbare glimlag om die mondhoeke, en haar sonder 'n verdere woord na die deur begelei. Asof hulle nie pas langer as 'n halfuur vol passie oor hul lieflingsonderwerp gesels het nie. Wat is dit in Godsnaam met Meyer? Sy kon hom nie peil nie en kon geen idee vorm van wat hy van sy onderhoud met haar gedink het nie. In elk geval, sy het haar inligting gekry. Sy het nie nodig gehad om die man ooit weer te sien nie en sou hoogstens haar artikel vir hom aanstuur wanneer dit gepubliseer is en sy veilig terug is in België.

Dit was vreeslik warm dié dag. Justine het teruggegaan hotel toe, vir 'n halfuur geswem en langs die poel gerus, en toe na vriende in België gebel. Die koerant sou wel die uiters dringende en hoogs noodsaaklike kontak met die moederland betaal. Mmm. De Morgen sou ook die luukse hotel betaal. 'n Vervelige jaar van verslag doen oor motorongelukke en skoonheidskompetisies het dan tog beter geraak en haar volharding het vrugte afgewerp. Geduld was nie Justine se sterk punt nie, maar sy het vasgebyt. Danksy haar goeie werk het die hoofredakteur haar steeds meer interessante werk gegee. Saam met die Boekebeurs in Antwerpen was daar die verkiesing van De Gouden Uil en toe die reis na Suid-Afrika. As sy goeie artikels kon skryf, sou sy moontlik meer buitelandse opdragte kry.

En kyk waar was sy nou... frangipani- en palmbome het welig om die swembad gegroei. Verder in die tuin was daar avokadobome en die suursoet geur van lemoen- en suurlemoenbome. Skemertyd het sy 'n entjie gaan stap en is daarna na haar kamer. Sy het haar mooi aangetrek vir aandete en op die ingewing van die oomblik besluit om iets in die hotel se dameskroeg te gaan drink.

University of Cape Town

Vanselfsprekend was sy die enigste vrou in die kroeg. Daar was enkele sakemanne wat sit en gesels het, die kroegman het rugby op die TV gekyk en in sy te groot hoteluniform luiweg staan en glase afdroog. 'n Lugversorger het êrens saggies gedreun en dieselfde rokerige lug het in die vertrek bly hang. Sy het by die toonbank gaan sit, haar bene gekruis en vir haar Cape Velvet gewag. Sy het liewer nie opgekyk nie, want sy het enkele pare oë op haar gevoel. Sy kan nie meer onthou hoe lank sy daar gesit het nie voor sy in die spieël agter die toonbank 'n man na haar sien aankom het. Twee sekondes later het sy haar naam gehoor.

"Juffrou Minnaert? Is dit jy?"

"Dis ek," en weer in die grysblou oë gekyk. Wat was dit met die man? Hy het haar vir die derde keer in minder as 24 uur totaal van stryk gebring. Haar hart het in haar keel geklop, en voor sy nog besef het, het sy al negatief op sy vraag geantwoord oor of sy al geëet het. Damn, damn, damn! Hoekom kon sy nie sê dat sy al 'n afspraak had, of moeg was, of doodgewoon nie lus gehad het nie.

Meyer het haar drankie op sy rekening laat plaas en 'n sekonde later is sy vir die tweede keer deur hom aan die elmboog weggelei. Hulle het na die voordeur gestap waar 'n man in 'n donker uniform in die voorportaal opgespring en vir hulle die deur oopgehou het. 'n Chauffeur? Gaan sy êrens met die Direkteur-generaal van Buitelandse Sake uiteet en deur 'n chauffeur vervoer word? Wag tot sy dit in Gent sou oorvertel. Meyer het die deur vir haar oopgehou en aan die ander kant van die blou Jaguar ingeklim. Die man had styl, dit was wel duidelik. Hy het 'n donkerblou snyerspak met'n ligblou hemp en 'n pers das aangehad en die geheel het sy blou oë beklemtoon en hom besonder goed gepas. In die glimlag wat hy dié keer vir haar geflits het, was niks dubbelsinnigs nie.

"Is jy OK?" het hy gevra.



University of Cape Town

Justine het besef dat sy inderdaad OK begin voel. Sy het onwillekeurig gedink aan diegene wat sy tuis agtergelaat het; haar vorige kêrel wat haar aanbid het, maar vir wie sy lankal ontgroei het, haar beste vriend, die kok, wat haar graag na die eerste en beste kroeg geneem het, en dan haar broer wat in Brussel woon met wie sy dikwels smiddae vinnig 'n broodjie gaan eet het.

En daar was sy, in 'n rooi rokkie met lae hals en kaal skouers met haar songebruinde vel in Meyer se luukse motor met 'n privaat chauffeur. Sy het gemerk hoe Meyer na haar gekruisde kaal bene en hoëhaksandaaltjies kyk. Sy was nie seker wat sy uit die blik in sy oë moes aflei nie. Het sy afkeuring gesien? Suid-Afrikaners het die reputasie gehad om nogal puriteins te wees, en haar redakteur het juis aanbeveel dat sy haar kleredrag maar bietjie moes aanpas vir Suid-Afrikaanse norme. Daaraan het sy haar egter nie gesteur nie – en deurgaans kon dit haar nie 'n duit skeel wie enige opmerkings oor haar ietwat te kort rokkie of nét te lae hals maak nie. Sy het gedink dat sy goed lyk en in elk geval geen sin daarin gesien om 'n volledige nuwe garderobe aan te skaf net om nie 'n paar puriteine te skok nie. Hulle moes haar aanvaar soos sy is – en so ook die heer Meyer.

Die heer Meyer het op daardie moment egter nie veel aandag aan haar kleredrag bestee nie, en het met die chauffeur beraadslaag oor watter restaurant hulle sou besoek. Daar is toe op De Vijf Vliegen in Keeromstraat besluit. Op een of ander manier het Ruben daarin geslaag om haar telkens te verras en dit het hom interessant en op 'n vreemde manier aantreklik gemaak. En sy onverstoorbaarheid deur haar vroulike sjarmes was ook nuut. En hy hou van Claus. Dit sou 'n fantastiese aand kon word. As sy haarself net eers ietwat kon kalmeer. As Meyer sou smooth operator speel, moes sy maar ewe koel en suave wees.

University of Cape Town

Na tien minute het hulle by die restaurant arriveer. Hy het die deur vir haar oopgehou en laat voor stap op die rooi tapyt tot in die restaurant.

"Die gewone tafel, meneer Meyer?"

Hoe kon sy anders verwag as dat die bestuurder van een van die beste restaurants in die Kaap geweet het waar Meyer se gunsteling sitplek is? Tydens die ete het hulle oor alles en nog wat gesels – sy Afrikaans was vir haar so mooi en grappig en vloeiend en hy was so vriendelik en interessant en intelligent en... sy moes oplet dat sy nie te veel van die lekker Kaapse witwyn drink nie, want sy het die ergerlike vreemdeling steeds minder ergerlik gevind.

Sy Franse uitspraak is besonder goed, het sy gedink. Na die dessert het hulle nog 'n ruk gesels, en toe sy vir 'n wyle om haar rondkyk, het sy geskok gemerk dat hulle die laaste kliënte was en die kelners besig was om op te ruim. Sy het weer na hom gekyk en sy oë op haar mond betrap. Op daardie stadium het sy haar nie meer afgevra waarom sy daar was nie en was sy ook nie meer verbaas oor die vreemde situasie waarin sy haar bevind nie. Sy het haar aanvanklike voorbehoud oor Ruben Meyer opsy geskuif en haarself betrap dat sy te lank in sy oë sit en kyk het terwyl hy vertel het van sy werk en jare in Parys. Om elfuur het hulle besluit om terug te gaan na die hotel toe. Die chauffeur het voor die restaurant gewag en die Jaguar het hulle geruisloos deur die stil Kaapse strate na die hotel gevoer. Na 'n paar sekondes stilte het Ruben gepraat.

"Dit was 'n moedige ding om te doen, om vir die Franse ambassadeur die waarheid te vertel. Ondeurdag, maar moedig."

Sy het hom met groot oë aangekyk, en net toe sy wou antwoord, moes die Jaguar skielik rem vir 'n straatkind wat voor die motor verskyn het. Sy het geskrik en Ruben aan die

University of Cape Town

arm gegryp. Die breukdeel van 'n sekonde van liggaamlike kontak het 'n stroom elektrisiteit deur haar liggaam gestuur.

"Ek het gedink dat jy my optrede afkeur," het sy gesê, met 'n "see if I care" toon in haar stem. Hy het weer geglimlag en sy hand in 'n gerustellende gebaar op hare laat rus. Dit het haar meer geraak as wat sy wou toegee. Sy het verleë gelag en bygevoeg dat sy haar misstap ten opsigte van die ambassadeur dan maar as 'n heroïese daad sou beskou. Hy het haar met vertedering aangekyk. In sy oê was daar 'n effense hartseer. Dit was asof dié moment hom uit sy gemoedelike en ontspanne stemming gevoer het en hy haar oë begin vermy het. Dit het vir Justine ontstel dat sy nie meer tot hom kon deurdring nie en toe hy na enkele diplomatiese en oppervlakkige woorde aandui dat hy moes gaan, was Justine tegelyk verbaas en teleurgesteld.

*

Paul trek die veiligheidsgordel nog 'n slag stywer terwyl die vliegtuig oor die aanloopbaan voortsnel. Hy het 'n lekker venstersitplek in besigheidsklas en is opgewonde om Washington uit die lug te kan sien. As hulle eers vlughoogte bereik het en 'n lugwaardin aankondig dat drankies bedien gaan word, dink hy weer aan die ambassadeur se "my country right or wrong" opmerking. Aangename man die ambassadeur.

Paul is verbaas hoe ver die oneindige groen onder hom strek. Hy is bly om so gou al meer van Amerika te siene te kry. Na net 'n paar dae in die hoofstad is hy op pad Chicago toe om die Ambassade by 'n toerismekonferensie te gaan verteenwoordig. Hy is dankbaar die ambassadeur het besluit om hom so gou blootstelling aan ander dele van dié groot land te gee.

University of Cape Town

Aangesien SATOER 'n stalletjie by die konferensie het en een van sy kollegas by die konsulaat in Chicago 'n aanbieding gaan doen, hoef hy wat Paul is niks te doen nie.

Hy sien uit na die twee nagte in 'n luukse hotel. Blykbaar kyk dit uit op die Michiganmeer en is dit stapafstand van die konferensiesentrum en die goue myl inkopiestraat. Wat 'n lekker werk is dit nie. Paul is bly hy kon die pakkie veilig by Kaptein Keene afgee. Normaalweg hou hy nie daarvan om enigiets vir ander mense te vervoer nie. Mens hoor gereeld van koeriers wat onwetend van die inhoud van hul vrag gearresteer word en jare lank gevangenisstraf in ander lande moet uitdien.

Hulle het nou vlughoogte bereik en die United Airlines vlugpersoneel raak doenig met die bediening van drankies. Mooi, groot, gesonde Amerikaanse meisies in rooi en wit uniforms. Verskeie clichés wat hy van Amerika gehad het, is in 'n paar dae tot die teendeel bewys. Die mense hier praat nie álmal soos die karikatuuragtige, tipiese Amerikaanse toeriste in die buiteland nie. Maar hierdie lang, rondborstige meisies, sjoe… hulle beantwoord heeltemal aan sy verwagtinge. Hy het gedink daai soort Baywatch spesies is 'n rariteit wat hy net in Kalifornië sou raakloop, maar hierdie lugwaardinne is almal goed genoeg vir Baywatch.

As een van hulle na hom oorleun, in sy oë kyk met haar diepblou, vriendelike kykers, en vra wat hy wil drink, is Paul amper te verbouereerd om te praat. Hy weet nogtans hoe om dit te doen – hy het mos op kursus dikwels met wit meisies kontak gehad. Hierdie amasone met die vriendelike Colgate glimlag het aan sy skouer geraak en hom hanteer asof hy die enigste man op die vlug is.

"Excuse me sir, can I get you anything?"

"Uh, er yes, uh, what do you have?"

University of Cape Town

Hy kan homself skop dat hy nie vroeër al besluit het en 'n beter indruk kon maak nie. Wat sou sy van hom dink? Hier sit Kaap se klong bokant Amerika in besigheidsklas, die derde keer in sy lewe wat hy vlieg, verteenwoordiger van die Republiek van Suid-Afrika, en hy stotter en stik as 'n lugwaardin vir hom vra wat hy wil drink.

"We have what's on the trolley, sir. The normal soft drinks, wine and spirits, so what would you like?"

Hy besef dat hy nou vinnig moet besluit. Die meisie bly vriendelik, maar selfs 'n lugwaardin se geduld kan opraak met 'n besluitelose diplomaat.

"I will have a brandy and Coke, thank you."

Hy hoop dat hy dit met genoeg gesag sê en dat dit haar goedkeuring wegdra. Sy huiwer egter vir 'n oomblik.

"Excuse me sir, but you look awfully young for your age. Do you mind ordering a soft drink or can you show me some ID?"

Paul is sprakeloos. Hy weet hy is kort en klein van postuur en inderwaarheid in sy vroeë twintigs, maar nog nooit het iemand hom 'n drankie geweier omdat hy kwansuis te jonk is nie. Die grootste vernedering is egter dat dit 'n vrou is, en dan nog hierdie wandelende droom boonop, wat hom moet konfronteer met sy ouderdom. Paul wil amper sy bestelling na 'n Coke verander, maar ruk homself reg en besef dat dit tyd is om hom te laat geld. Met groot gebaar haal hy sy diplomatieke paspoort uit en oorhandig dit effens verontwaardig, maar trots aan die lugwaardin. Terwyl sy daarna kyk, sien hy die naamspeld op haar lapel. Veronica.

"I am so sorry, sir. So you are a South African diplomat. Welcome aboard and I hope you enjoy the States and have a nice time. Here is your brandy and Coke, sir."

University of Cape Town

Paul geniet die oomblik terdeë. Hy neem die paspoort by haar, kyk vlugtig na die omslag en sit dit terug in sy skouersak. Hy koester die diplomatieke paspoort en die onmiddellike status en respek wat dit afdwing.

"No problem miss. I do look young for my age and I realise that you have 21 years as the legal age for the consumption of alcohol in your country."

Hy vat 'n groot sluk van sy swaarverdiende drankie.

"Where are you from, Veronica? I mean, I know you are from America, but which state?"

Die vliegtuig is relatief leeg en sy vertoef nog 'n rukkie by Paul.

" I am from Boston, Massachusettes. Do you know where that is?"

Paul het al op 'n kaart gesien Boston is noord van New York.

"O yes, it's just above New York on the map. So have you been to New York? I suppose you do your shopping there."

Dit was egter die verkeerde benadering vir die trotse boorling van Boston. Wat haar betref is Boston en New York op alle gebiede vyande en deel sy dit ook vinnig aan Paul mee. Sy moet egter voortgaan om die ander passasiers te bedien en maak verskoning voordat Paul te familiêr kan raak.

Paul neem nog 'n groot sluk en stel sy stoel terug dat hy lekker agteroor lê. Hy kyk by die venstertjie uit na die onophoudelike groen woude van die ooskus. Anderkant die eerste groot bergreeks verander die omgewing na die plat vlaktes van Ohio en Indiana. 'n Ontsaglike groot en uitgestrekte land van voorspoed.

This is life, man. Klaar met die gesukkel en armoede van Afrika. Hy sou graag vir enigiemand wat op moedverloor se vlakte is en nie weet watter kant toe nie, 'n



University of Cape Town

vliegtuigkaartjie wou koop en 'n kans gee om dié nuwe wêreld te ontdek. Hier is daar plek en 'n geleentheid vir enigiemand wat oor wil begin. In Suid-Afrika het geen wit vrou ooit twee keer kyk na hom gekyk nie. Hy is nou seker nie die aantreklikste man denkbaar nie, om die waarheid te sê, heeltemal te klein na sy sin. Hier haal hy egter sy diplomatieke paspoort uit en vrouens buig voor hom. Hy kan verstaan hoekom almal Amerika toe wil kom. Alles is hier. Alles wat geld kan koop.

Tydens sy eerste naweek het hy die geleentheid benut om in Washington se mooi winkels rond te dwaal. Weer eens was hy onder die indruk van al die mooi en duur ware in die winkels en die gemak waarmee die mense geld uitgee. Klere en kos is besonder goedkoop en Paul het hom vergaap aan die grootte van die hamburgers. Geen wonder die oorgrote meerderheid van die mense is so lekker vet nie. Daar was geen tekens van armoede nie. Selfs die enkele bedelaars in die strate van Georgetown het vir hom so goed geklee en welaf gelyk, dat hy nie kon glo dat hulle vir hom geld vra nie.

In Afrika kan jy die honger op die mense se gesigte sien. Hier is dit onmoontlik om jou in te dink dat enigiemand kan honger ly. Hy het gesien hoe restaurante en bakkerye sakke met onverkoopte bagels en brood in groot plastieksakke op die sypaadjie sit om weggegooi te word. Hy kon nie die versoeking weerstaan om aan die sak te voel of die bagels oud was nie, maar tot sy verbasing was dit nog relatief vars. Wat 'n land van oorvloed! Sou daar nie meer armes hierheen kon kom en deel word van die goeie lewe nie?

Uit gesprekke met Amerikaners het Paul geleer dat die gemiddelde Amerikaner bitter min weet van wat buite sy land of selfs sy staat, se grense aangaan. Wat hulle betref bestaan Afrika nie uit individuele state nie, is almal swart en is daar altyd net probleme. Hy onthou

University of Cape Town

veral een gesprek met 'n Amerikaanse sakeman met wie hy oor moontlike investering gepraat het.

"Will there be enough stability under a black government? My experience is that the governments in Africa change faster than I can change my socks."

"But sir, in South Africa the situation is totally different and..." het Paul probeer verduidelik, maar die Amerikaner het, oortuig van homself, voortgedreun.

"And the aids. Its killing the people like flies, but I suppose it is because they fuck like rabbits."

Paul was so ontsteld dat hy nie kon reageer nie.

"I must admit that Gary Player is an excellent golfer. And what's that guy's name that did the first heart transplant? Barnard? And Mandela is a good man. No revenge after all those years in jail. What do you think will happen now that he has retired?"

Paul het gou geleer. Vir die meeste Amerikaners is Afrika 'n groot, donker gat met burgeroorloë, vigs- en ander epidemies, oneindige droogtes en vloede en armoede waaraan niks gedoen kan word nie. Daar is vir hulle min onderskeid tussen Suid-Afrika en Zimbabwe en Kenia, ongeag of daar duisende kilometer en landsgrense tussenin is.

"South Africa, oh yes, I know somebody in Angola. Do you perhaps know him? His name is..."

Dit was vir Paul 'n skok. Hy het gedink almal weet van die probleme in Suid-Afrika en dat almal wil help om die situasie te verbeter. Die enkele Amerikaners wat hy reeds leer ken het, was goeie mense, maar tog verstommend onbetrokke by dit wat nie direk op hulle lewens betrekking het nie. Hoe kan 'n nasie tegnologies en ekonomies so gevorderd wees en tog so naïef terselfdertyd? Die mense interesseer en fassineer hom. Hy sien daarna uit om 'n groot lys

University of Cape Town

kontakte op te bou, soos die ambassadeur vereis het. Hy wil 'n impak maak in die paar jaar wat hy hier gaan wees.

Dit is met dié lekker vooruitsig dat Paul na 'n rukkie sy derde drankie bestel en steeds meer selfvoldaan en gelukkig voortreis Chicago toe.

In sy halfslaap, halfwaak (vir die naderende lugwaardin vir nog 'n drankie), halfdroom toestand, wonder Paul hoe sy ouers en familie Amerika sal ervaar. Op die oppervlak is almal vreeslik vriendelik en behulpsaam, maar dit is 'n oorlewingswyse wat aangeleer is en ver tekort skiet gemeet aan Suid-Afrikaanse gasvryheid. Hy het self 'n bloutjie geloop toe 'n Amerikaner die eerste keer vir hom "how are you?" vra, en hy regtig gedink het die man wil weet hoe dit gaan. Hy het dan ook vir die man begin vertel dat dit goed gaan, maar dat hy nog sukkel om aan te pas en dit vreemd vind dat mense aan die verkeerde kant van die pad ry. Teen die tyd toe Paul die man wil vra wat hy van Suid-Afrika dink, het hy al weer met iemand anders begin praat.

Dit het Paul opgeval dat anders as in Suid-Afrika, die polisie totaal in beheer is. In Washington is dit amper te erg. Hy het gesien hoe 'n man 'n sigaret in een van die ondergrondse treinstasies opsteek, nog nie eers die eerste trek gevat het nie, toe twee polisiemanne hom konfronteer met dié openbare oortreding. 'n Mens sal seker daaraan gewoond kan raak, maar as jy dit vergelyk met Suid-Afrika waar motorkapers, moordenaars en verkragters die oorhand en min respek vir die polisie het, is die sterker polisie optrede sekerlik verkieslik.

Paul kyk om hom rond. Hy neem nog 'n sluk en kyk met verbasing na sy glas wat al weer leeg is. Hy stel sy stoel sodat hy meer kan teruglê en maak sy oë toe.

University of Cape Town

Dit was lekker om by die kongresgeboue en op die grasperke voor die Withuis rond te loop en op 'n naweek duisende klein scouts in hul uniforms daar besig te sien met allerlei groepsaktiwiteite en spanbouspeletjies. Dit het hom laat dink aan die strokiesprente wat hy altyd by die witmense op die plaas se kinders gekry het as hulle dit klaar gelees het. Hy kon die karakters van Tubby en Little Lulu en Iggy herken tussen die menigtes Amerikaanse kindertjies.

Dit is na sy vyfde drankie dat Veronica vir hom sê dat hy genoeg gedrink het en dat hulle binnekort gaan land in Chicago. Paul kan egter sweer dat sy vir hom geknipoog het toe sy met hom praat en toe stadig, heupwiegend na agter in die rigting van die toilette loop. Hy kyk om en sien sy kyk ook om en skielik kry hy 'n oorweldigende behoefte aan 'n vrou. Met die omdraai, stamp hy sy drankie met die brandewyn en coke op sy broek uit.

Hy is tegelyk dronk en nugter van die skok. Hy het sy nuwe beige Diesels aan en kyk geskok hoe die drankie die broek rondom sy gulp verkleur het. Veronica het dit gesien en kom terug om te help. As sy instinktief met 'n lap wil help droogmaak, aarsel sy en gee die lap vir hom.

Paul verander opsigtelik van kleur van skaamte. Hy gryp die doek en druk dit teen hom. Terselfdertyd staan hy vinnig op, trap oor die onbetrokke Chinees wat langs hom sit, en stap vinnig in die rigting van die toilet, die handdoekie nog strategies voor hom. Veronica stap agterna om te help. Sy neem vir Paul na die kombuisarea en trek die gordyn toe om hom verdere verleentheid te spaar.

Paul se kop draai. Die kombinasie van alkohol en te vinnig opstaan en vernedering maak hom deurmekaar. Hier staan hy voor een van die mooiste meisies in die wêreld, sy wil

University of Cape Town

hom help om sy nat broek droog te kry, en hy wat Paul Adams is, het skielik die hots vir haar in die ergste graad.

Dit is asof 'n vreemde mag van hom besit neem. Hy steek sy hand uit en plaas dit op Veronica se bors. Hy voel die hemelse sagtheid en maak sy oë toe. Die volgende oomblik is daar 'n gil, gordyne word oopgetrek en vlugpersoneel peil op hom af. Dan word alles swart voor hom.

*

*It can now be verified that arms are being sold for diamonds in Congo, Sierra Leone, Togo and Côte d'Ivoire. Reliable sources in Dakar and Abidjan stated that the illegal selling of diamonds have financed the civil wars that have killed tens of thousands in West and Central Africa. Agents in South Africa estimate that the rebel movement Unita in Angola earns approximately 500 million dollars per year from illegal diamond trade. It seems as if three countries, namely Israel, Switzerland and Belgium are buying most of the diamonds. Verification of this is being sought, but Antwerp should be monitored closely. The Israeli firm, Global Diamond Industries (GDI), is at present very active in the Congo.*

University of Cape Town

## Hoofdstuk 5

## België

Ruben geniet altyd die herfs in Europa. Dit is vir hom lekker om deur die platteland te ry, iets wat hy tydens sy plasing in Parys dikwels gedoen het. Hy en die chauffeur van die Suid-Afrikaanse ambassade in België is met die ampsmotor op pad Brussel toe na 'n vergadering in Luxemburg met enkele Europese gespreksgenote. Hy waardeer die tyd op sy eie en maak homself gemaklik op die sagte leer van die sewereeks BMW. Hy streel oor die gryswit leer. Hoeveel mense weet dat BMW's wêreldwyd hul leerbekleedsel vanuit Suid-Afrika kry?

Hulle is reeds by Arlon verby en Ruben kyk met belangstelling na die omgewing waar groot veldslae in die Tweede Wêreldoorlog gewoed het. Hy kyk agtertoe en sien weer die grys Alfa Romeo. As hy nie vroeër 'n soortgelyke Alfa gehad het nie, sou hy nooit die motor opgemerk het nie, maar hy is seker die motor volg hulle nou al 'n ruk. Hy leun vorentoe om te sien teen watter spoed die bestuurder ry en skat dat hulle nog so uur op die pad sal wees. Daar is nog een belangrike ontmoeting met die Europese Unie oor handelstariewe die volgende oggend en dan wil hy vir Justine gaan verras by die kantore van De Morgen. Hy kan steeds nie glo dat dié 26-jarige buitelander so 'n effek op hom het nie.

Die afgelope paar weke dink hy gereeld aan hul ontmoeting by die Franse residensie en wat daarna gebeur het. Hy het nie gedink dat hy nog op middeljarige ouderdom so deur 'n vrou geraak sou word nie. Justine. 'n Mooi naam. Hy hoop van harte dat sy hoegenaamd in Brussel is. Hy wou haar nie laat weet dat hy Europa toe kom nie, juis omdat sy program so onvoorspelbaar is. Soos dit nou lyk, gaan hy die hele middag en aand vry hê en hy hoop om dit saam met haar deur te bring.



University of Cape Town

Terwyl Ruben na die verbygaande kleureprag van die Ardeense woude kyk, dink hy aan wat met hom aan die gebeur is. Die Belgiese joernalis maak gevoelens in hom wakker wat hom soos 'n man van twintig laat voel. Hy weet nie of sy iets in hom sien nie. As hy sinies wil wees, sou hy kon vermoed dat sy net 'n beter storie uit hom wou kry, maar hy glo sy is nie vals nie. Miskien bietjie ontaktvol, maar sy leef met 'n eerlikheid en oorgawe wat hy nog selde gesien het.

Ruben is opgewonde oor die moontlikheid van 'n weersiens. Sal daar dieselfde onverklaarbare elektrisiteit tussen hulle wees as toe hy die eerste keer met haar gepraat het? Die paar uur wat hulle die aand saam in die restaurant deurgebring het, is iets wat hy nog nie ervaar het nie. Nog selde het hy so aansluiting by iemand gevind en lekker gekliek. Dit was asof hulle vir mekaar gemaak is en deur omstandighede net nog nooit by mekaar uitgekom het nie. Hierdie vrou interesseer hom en hy wil haar weer sien, selfs al sou dit stories of reperkussies tot gevolg hê. Hy dink weer aan die aand in Kaapstad en glimlag by homself as hy aan haar eerlike idealisme dink. Miskien moet hy haar tog vanaand al probeer kontak en seker maak dat hy haar wel te siene kry.

Ruben kyk op sy horlosie. Heeltemal van sy werkverwante probleme afskakel is moeilik, maar 'n dag of wat wegbreek en sy eie gedagtes uitsorteer, is broodnodig. Hy bly egter wonder oor die situasie in Wes-Afrika. Is Ambassadeur Postma en die personeel steeds in aanhouding? Hy besef dat hy nou niks daaraan kan doen nie.

"Dirk, kom ons kyk wat die BMW kan doen. Die mense steur hulle mos nie hier aan spoedbeperkings nie?"

As die motor naby 200 km/u is, kyk Ruben om en sien die Alfa is steeds in sig. Ruben sien hoe die afdraaipad na Dinant verby flits. Hy onthou die pragtige stadjie langs die

University of Cape Town

Maasrivier van 'n vorige besoek. Dit is waar Adolphé Sax, die man wat die saksofoon ontwerp het, gebore is. Juis daarom het Ruben 'n spesiale sagte plekkie vir Dinant. Hy verlang skielik daarna om lekker hard na Jan Garbarek se musiek te luister.

Die verkleurende herfsblare van die woude laat hom dink aan 'n boek wat hy onlangs oor die Ardense offensief van die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog gelees het. Hulle het die tenks en ander pantservoertuie onder takke en bome weggesteek en 'n teenoffensief geloods wat almal, en veral die Amerikaners, onverhoeds betrap het. Stel jou voor dat die beskaafde state van die wêreld mekaar 'n bietjie meer as vyftig jaar gelede hier in die sogenaamde eerstewêreld, of beskaafde wêreld, probeer uitwis het. En dan oordeel hierdie "eerstewêreldse" state vandag oor Afrika en ander ontwikkelende gebiede wat juis soveel dekades gely het onder die uitbuiting van die Europese leiers.

Die besef dat hy 'n leidende rol kan speel in die transformasie in Suid-Afrika maak Ruben baie trots. Hoe bevoorreg was hy nie om saam met Nelson Mandela baanbrekerswerk te kon doen nie. Dit laat hom dink aan hul amptelike besoek aan Frankryk. As Direkteur–generaal was hy saam met Mandela en 'n klein groepie ander Suid-Afrikaners op staatsbesoek aan Frankryk as die spesiale gaste van President Jacques Chirac.

Hy onhou sy eerste kennismaking met Mandela. Hy was ietwat onseker hoe die president hom as Afrikaner sou hanteer en aanvaar, maar het amper op sy rug geval van verbasing toe die president na hom gestap het en in suiwer Afrikaans sê, "dis 'n voorreg om u te ontmoet."

Justine wou hom nie glo toe hy haar daarvan in De Vijf Vliegen vertel het nie.

"Echt waar? En hoe was hij als mens?"

University of Cape Town

"Die klein dingetjies omtrent hom het my meeste beïndruk. Hy het byvoorbeeld snags op die vloer langs sy bed in die Palais d'Élysée geslaap om van die muskiete te ontsnap."

"Echt waar?"

"En hy het gedurig grappies oor die Franse beterweterigheid gemaak."

Sy het die spyskaart eenkant toe geskuif.

"Hebben jullie werkelijk samen in het Palais d'Élysée in Parys overnacht? En hebben jullie dan bijvoorbeeld ook samen ontbijt gegeten?"

"Ons het soms saam geëet en ek voel nog steeds bevoorreg dat ek so naby hom kon wees vir 'n paar dae. Op Bastilledag was ek saam met die twee presidente aan die einde van die Champs Èlysées waar ons die saluut ontvang en gekyk het hoe ry-op-ry Franse soldate verbymarsjeer."

"Ik was ook al op 14 Julie op de Champs Èlysées samen met de rest van Parijs."

"Dit was nogal 'n indrukwekkende vertoning wat enige Fransman se hart sal laat swel van trots. Ons weet natuurlik die boodskap aan die wêreld is dat hulle die vermoë het om hulself te laat geld in wêreldpolitiek."

"En zat jij samen met Chirac en Mandela op dat podium? Toen ik daar was, heb ik zo goed als niets gezien."

Ruben het geglimlag. Haar voorgereg was nog onaangeraak.

"Daarna was daar die jaarlikse tuindinee by die Franse president. Hy nooi elke jaar omtrent tweeduisend jongmense. Dit is hier waar ek ervaar het hoe die Franse vir Nelson Mandela bewonder en hom ten alle koste wou sien en aanraak. Amper asof hy die Messias self is. Ekself moes saam met die lyfwagte help keer dat die studente nie die president onderstebo loop in hul poging om nader aan hom te kom nie."

University of Cape Town

Die herinnering het Ruben onwillekeurig laat lag.

"Ek onthou hoe Chirac ietwat bek-af eenkant gestaan het en moes toekyk hoe die jeug en die toekomstige leiers van sy land, by hom verbystorm om aan die swartman uit Afrika hulde te betoon. En weet jy, Justine, die beste van alles is hoe Mandela hierdie heldeverering met die grootste piëteit en nederigheid hanteer. Hoe hy dit telkens relativeer deur met homself te spot of grappies te maak."

"Hebben de Fransen zijn Engels altijd goed verstaan?"

"Hy het meestal van 'n tolk gebruik gemaak, maar tog probeer om ietsie in Frans te sê. Hy het 'n fyn aanvoeling vir 'n gehoor en 'n manier om sy gespreksgenote op hul gemak te stel. Ek onthou die een oggend tydens 'n sakeontbyt waar al Frankryk se grootste beleggers en prominente sakelui teenwoordig was. Daar het 'n redelike somber atmosfeer geheers en Mandela het na twee minute van sy geskrewe toespraak afgewyk en uit die vuis begin praat. Hy het op 'n stadium gehoes en een van die Franse het vir hom 'n glas water gebring. Hy het dit stadig uitgedrink, rondgekyk en toe "merci" gesê. Die hele saal het begin lag en daarna het hy die Franse gehoor in die holte van sy hand gehad."

Die BMW gly nou by die eerste voorstede van Brussel verby. Dit is asof daar vandag geen ander verkeer in die grys stad is nie en die groot motor beweeg vinnig en amper geruisloos deur die strate. Die bome flits vinnig verby en die chauffeur lig sy voet effens van die pedaal as hy die Direkteur-generaal se oë op hom voel.

"Dirk, kan jy nie die Alfa afskud nie?"

"Meneer, dis moeilik op hierdie reguit paaie, selfs al is dit net 'n twee liter. Ek sal hom moontlik in die middestad kan verloor."

University of Cape Town

Sy hotel is vlakby die Grote Markt, die pragtige plein in die hart van Brussel. Hy wil graag vanaand nog 'n bietjie rondstap na hy sy voorbereiding vir die volgende oggend se EU vergadering gedoen het. Hy moet ook nog die personeel by die ambassade die volgende dag gaan toespreek. Terugvoer en vrae van sy kollegas by buitelandse missies is altyd goed, maar hy is tog regtig nie lus vir die ou drol van 'n ambassadeur nie. Dit raak nou hoog tyd dat hulle ontslae raak van die ou fossiele wat teen wil en dank aanbly in die diplomatieke diens omdat daar nie vir hulle 'n ander heenkome is nie.

As hulle in Wetstraat afry, herken Ruben weer die geboue. Hy sien die nuwe Europese Unie geboue waar sy vergadering plaasvind, dan die Suid-Afrikaanse Ambassade en die Belgiese parlement. Aan die linkerkant is die Brusselse Park en kort daarna ry hulle by die stasie verby.

As hulle voor die Metropole Hotel stop, word Ruben teruggeruk na die werklikheid. Hy klim uit die motor en kyk na die ou gebou. Daar is geen teken van die Alfa nie. Die hotel dra die dekor en atmosfeer van meer as 'n eeu met grasie. Hier het Jacques Brel op 'n stadium gebly en die naam van die hotel en die onmiddellike omgewing in een van sy liedere verewig. Ruben se vorige ervaringe van Brussel is almal besonders, maar dit is vir hom spesiaal om dit nou op sy eie te ervaar. Volgens diplomate eet jy hier lekkerder as in enige ander Europese stad, insluitend Parys. Boonop bied Brussel blykbaar soveel vermaak dat jy nooit kultureel kan verarm nie.

Die atmosfeer in die stad voel vir hom soos 'n ontmoeting van die Germaanse en Latynse wêrelde en dit is amper asof die twee kompeteer om die beste van elk na vore te bring. Hy kan nie help om saggies Brel se "Bruxelles" te sing wanneer hy by die indrukwekkende

University of Cape Town

ingangsportaal van die Metropole Hotel instap nie. Dit is asof die tyd stilstaan en die personeel en gaste 'n ongeskrewe reël eerbiedig om ook met dieselfde outydse elegansie op te tree.

As hy by die imposante ontvangstoonbank inboek en sy verroeste Frans op die proef stel, oorhandig die man agter die toonbank, wat vir Ruben soos Poirot lyk, 'n koevert aan hom. Voorop staan daar net *Ruben Meyer, Direkteur-generaal*. Nou wie op aarde sou in Afrikaans vir hom 'n koevert laat? Hy het tog die bespreking privaat gedoen. Hy hou die koevert totdat hy in sy kamer is en gaan sit dan in een van die gemakstoele.

Dit kan net van een persoon wees. Maar hoe het sy geweet hy is hier. Ruben voel hoe sy hart bons en kyk vinnig in die koevert. Binne is daar 'n visitekaartjie van Justine.

*"Nog eens hartelijk bedankt voor het interview. Het is vorige zaterdag verschenen. Justine."*

Daar is ook 'n selfoonnommer op die kaartjie geskryf, maar Ruben wil nie onmiddellik die nommer skakel nie. Hierdie meisie het op een of ander wyse 'n toegang tot hom wat hy nie kan verklaar nie. Sy is trots en hardkoppig, maar hy vind dit vertederend.

Ruben besluit om nie onmiddellik te probeer bel nie en te gaan stap om sy gedagtes agtermekaar te kry oor wat hy vir Justine wil sê. Hy stap uit in die vars herfslug en besluit om eers die omgewing te verken en die verwarring in sy binneste te probeer opklaar. Waarheen lei sy gevoelens hom? Hy skud onwillekeurig sy kop, asof om wakker te word uit sy oorpeinsinge.

"Daar het nog niks tussen ons gebeur nie. Ek kan nog 'n treetjie teruggee, maak asof ek haar nooit ontmoet het nie en voortgaan met my lewe, " praat hy met homself.

As hy objektief dink, weet hy dat hy nie moet toegee aan die versoeking nie. Hy moet homself regruk en van haar vergeet. Tog wil hy haar weer sien.

Ruben stap in die Boulevard Anspach af en drink die Europese atmosfeer in. As Afrikaan van oorspronklik Europese afkoms, al is dit van meer as driehonderd jaar gelede, toegegee, is dit lekker om in Europa te wees. Hy geniet die rykdom aan musiek en boekwinkels en die ou argitektuur. Eintlik sou hy graag op die toer wou gaan waar die mooiste Art Nouveau geboue verspreid deur Brussel besoek word. Miskien kan hy dit nog met Justine doen. Aan die Place de Brouckère, 'n klein pleintjie naby sy hotel, gaan hy eers staan om die diep aroma van Belgiese koffie uit 'n koffiewinkel in te adem.

Hy stap een blok verder en bevind hom in 'n stroom van mense in die Nieuwstraat met al sy winkels. Dit is seker een van die aande wat die winkels tot laat oop is, want almal is op straat. Dit voel goed om vir 'n verandering anoniem te kan rondbeweeg in die stad en hy gaan staan kort-kort om in die winkelvensters te kyk of na straatmusikante te luister. Hier ken niemand hom en niemand verwag iets van hom nie. Hy geniet dit gate uit. Vir nou kan hy eers van Togo en Franse agente en grys Alfas vergeet.

Hy sal Justine nog so 'n rukkie gee om tuis te kom en dan probeer skakel. Wat gaan hy vir haar sê? Oordryf hy nie dalk sy eie gevoelens nie? En wat as hy haar reaksie en optrede teenoor hom totaal verkeerd vertolk en sy eintlik maar net baie beleefd is? Maar hy voel instinktief dat daar meer is. Sy is 'n spesiale mens. Hy dink weer aan haar laggie en die manier wat sy hom ietwat uitdagend, maar met 'n vonkel in die oog aangekyk het, en hy so uit sy selfversekerdheid geskud is dat hy die situasie nie kon hanteer nie.

Ruben stap verder en sien die rigtingaanwyser met aanwysings in twee tale na die "Grande Place" en "Grote Markt." Hy stap tot by die plein en gaan staan in die middel tussen 'n klomp toeriste om die ou plein met sy ryk geskiedenis in te neem. Hy het gelees dat die Grote Markt sedert die tiende eeu die hart van Brussel is en dat deur die eeue allerlei feeste,

University of Cape Town

markte en amptelike funksies hier gehou is. Die vermenging van Gotiek, Renaissance en Barok is blykbaar te danke aan die bombardement van 1695 toe die Franse troepe van Lodewyk XIV die stad bestook het. Om die geboue te herstel, is geen geld gespaar nie en sedertdien is daar niks aan die geboue verander nie. 'n Vreemde gedagte vir Ruben dat dit ongeveer so lank gelede is as die vestiging van die eerste blanke setlaars aan die Kaap.

Ruben gaan staan in die middel van die plein, kyk op sy horlosie en besluit om Justine se telefoonnommer in Gent te probeer. Die telefoon lui teleurstellend lank. Tog interessant dat die telefoon se luitoon in België soos 'n besettoon in Suid-Afrika klink.

"Justine Minnaert."

"Goeienaand, mejuffrou Minnaert. Dit is jou vriend uit donker Afrika wat praat."

Twee sekondes stilte... dan 'n verraste, "O, hoe gaat het?"

Haar stem klink vriendelik en asof sy werklik bly is om van hom te hoor.

"Mejuffrou Minnaert, ek wou net probeer vasstel of jy moontlik sou belangstel in 'n onderhoud met die Suid-Afrikaanse DG van Buitelandse Sake en of jy enigsins môremiddag of aand vry is."

"Daar moet ik eerst mijn agenda voor consulteren. Als ik mij goed herinner had ik morgenavond een afspraak, maar als je echt aandringt kan ik misschien wel 't een en 't ander verschuiven."

Dan begin hulle beide te lag en die ingehoue blydskap om weer met mekaar kontak te maak, veroorsaak dat hulle tegelyk opgewonde begin praat.

"Ruben... "

"Ja, ek wou jou nog by jou werk verras, maar toe het ek jou kaartjie by die hotel..."

University of Cape Town

Eers na enkele minute besef Ruben dat hy in die middel van die Grote Markt kliphard staan en lag en gesels op sy selfoon, en waarskynlik van die omstanders en toeriste steur. Hy wat altyd so taktvol is en dit haat as ander nie selfone met die nodige diskresie gebruik nie. As hulle afspreek om die volgende dag te ontmoet, beëindig hy die gesprek met 'n hart wat vinnig klop. Met 'n groot glimlag en 'n ekstra wip in sy stap, kies hy koers hotel toe. Brussel is inderdaad 'n pragtige, bruisende stad.

Abidjan

Wes-Afrika

Ambassadeur Zola Ntini kyk na die wit marmervloer. Die kleurvolle skilderye uit Suid-Afrika kontrasteer skerp met die donker houtsneewerke en maskers van Wes-en Sentraal-Afrika. Sy wag ongeduldig vir die telefoon om te lui. Sy glimlag as sy dink aan wat Richard die vorige dag gesê het.

"You are such a balanced person, Ambassador, because you have a chip on each shoulder."

Sy het eintlik min probleme as Suid-Afrika se eerste swart, vroulike ambassadeur by 'n Afrika missie. Die Ivoriane is vriendelike mense en sy is gou opgeneem in die politieke en diplomatieke kringe van Abidjan, hoofstad van Côte d'Ivoire. Richard sê dat dit haar lewendige en uitgaande persoonlikheid is wat bygedra het tot haar gewildheid. Haar Frans is nog maar swakkerig, maar sy kan in Engels en met haar kennis van Swahili maklik kommunikeer met plaaslike rolspelers.

University of Cape Town

Sy en Richard Crowe, die enigste ander politieke lynfunksie beampte in Abidjan, het 'n goeie werksverhouding en kuier soms ook tuis bymekaar, afgesien van die gesamentlike middagetes en drankies na amptelike funksies. Beide is enkellopend en aangewese op mekaar om oor hul vaderland en wat daar gebeur te gesels. Sy is bowendien afhanklik van hom, aangesien hy vlot Frans kan praat en dus onmisbaar is by enige onderhandelinge of samesprekings.

Sy kyk weer na die telefoon. Sy sien nie uit na die telefoonoproep nie en nog minder na waar dit waarskynlik heen gaan lei. Nadat Johan Castelyn haar tydens sy nagtelike ontsnapsessie van sy huis in Lomé gebel het, het sy hard probeer om 'n afspraak met Savinda gereël te kry. Volgens die hotel in Abidjan waar hy tuisgaan, sal hy haar binne 'n uur terugskakel. Sy het vir Richard laat roep om te kom help, ook met die tolkwerk, as Savinda sou weier om Engels te praat. Die twee diplomate sit nou in stilte vir mekaar en kyk. Die afgelope tyd se gebeure flits weer deur Zola se gedagtes. Sy bewonder vir Johan dat hy die insig gehad het om vir Savinda as amptelike gas van die department na Suid-Afrika te stuur. Johan is die enigste een wat voorspel het wat in Togo gaan gebeur en Savinda was hul enigste vertroueling aan opposisiekant. Hoewel hy 'n kontroversiële figuur is met 'n veels te grote aptyt vir die goeie dinge in die lewe, kan die regering ten minste by hom opinies toets en gebeure in Togo met hom bespreek. Sy vermoed dat hy miskien meer betrokke by die gepoogde staatsgreep in Togo is as wat hy wil voorgee of wat hulle dink, en daarom waarskynlik die vertraging in die bevestiging van die afspraak. Hy wil waarskynlik eers baie seker maak dat dit nie vir hom 'n lokval is nie.

Die telefoon se lui laat beide orent skrik. Wanneer Richard vir 'n oomblik huiwer, tel Zola self die gehoorbuis op. Dis egter nie Savinda nie, maar haar sekretaresse wat bel om te sê dat daar e-pos ingekom het van Jakkie Retief, die wildbewaarder in Togo.

"Bring us a printout, lovey. This may be important information. Quick quick!"

From: Jakkie Retief

To: Ambassador Z Ntini

Subject: Urgent message re position

You have without doubt heard of the precarious situation in Togo. I am at present trapped in a dense part of the bush in the game reserve in the upper part of Togo. The rebels are convinced that they have toppled the government and are pillaging shops and killing all political opponents on sight. They even shot at me and I only escaped because I still have the Jeep. I fear for my life and will keep moving from place to place to avoid being caught. I might try to get to the border and escape towards Ghana, but will be holding my position for the next day or so. My only way of communication is the laptop computer and the battery is nearly flat, so I am signing off for now.

Regards to Johan and tell them to sit tight. This is more serious than previous uprisings and could result in lots of casualties."

Jakkie

"Jesus Christ, Richard, they are in serious danger! What shall we do?"

University of Cape Town

“Ambassador, all we can do is to go and see Savinda and persuade him to use his influence to release all the South Africans. I am worried that they are starting to target foreigners, and especially our people. I mean, Jakkie is practically a hero up in the north, why would they be chasing him?”

“Right. Savinda is going to get hell if one of our peoples get hurt.”

Sy tel die gehoorbuis op.

“Sophie, phone that bloody hotel again and tell them the Ambassador de l’Afrique du Sud demands to speak to mista Savinda. Tout de suite!”

Richard en sy is opnuut weer aan hul geagtes oorgelewer. Zola wonder soms wat Richard se motivering vir sy toegewydheid is. Hoekom is hy as blanke so begaan oor die lot van swart Afrikane, of doen hy maar net sy werk?

Richard kyk na sy ambassadeur. Hy dink aan alles wat sy hom al vertel het oor haarself en haar agtergrond. Sy het as Xhosa en boorling van Alice in die Oos-Kaap, van jongs af in opstand gekom teen die onreg wat die blanke regering teen haar mense gepleeg het. As student moes sy vir die veiligheidspolisie vlug en is later na haar ontsnapping vanuit Zambië vir verdere opleiding na Oos-Duitsland gestuur. In Leipzig het sy mense ontmoet wat soos sy dink en het vinnig gevorder in haar studies in politieke wetenskappe aan die universiteit. Sy was gou gewild onder mede-studente en het ‘n groot groep ondersteuners gehad in haar stryd teen die apartheidsregering.

Haar ma was glo danksy die invloed van ‘n predikant van die Rynse kerk van vroeg af baie polities bewus. Sy het gesien hoe die mense in die gemeente swaarkry en met watter minagting swartmense onder apartheid behandel is. Die familie het besluit om haar stad toe

University of Cape Town

stuur waar daar meer geleenthede was en op dié wyse het haar ma uit die platteland in Port Elizabeth aan die suidooskus van Suid-Afrika, beland.

Volgens Zola het haar ma, Lulama Ntini, haar hele lewe as huisbediende by blankes gewerk, en haar lewe as kind het die klein Zola by die De Jagers deurgebring. Sy het nooit haar pa geken nie, maar is in die bediendekamer van die De Jagers geskep en gebore, en het die grootste deel van haar babatyd op haar ma se rug of onder die kombuistafel deurgebring. As jong meisie het sy ook in die huis begin help, maar veral lekker met die De Jager kinders gespeel.

Dokter De Jager, 'n mediese dokter, was blykbaar in murg en been nie-rassisties en het deurgaans die apartheidsregering veroordeel en teengestaan, dikwels tot sy eie verlies. Hy het dit goed gevind dat die klein Zola met sy kinders speel en het haar saamgeneem Keurboomsstrand toe met die lang somervakansies. Zola het vertel hoe die vakansiegangers van die omliggende karavane en tente dit vreemd gevind het dat die klein Xhosameidjie so saam met die blankes speel, instede daarvan om haar eenkant by haar ma te hou, of te werk. Toe een Vrystaatse boer op 'n stadium met Jan de Jager daaroor gepraat het, het hy so 'n antwoord gekry dat hy nooit weer met die De Jagers gepraat het nie en daarna elders vakansie gehou het.

As kind het sy goed leer Afrikaans praat en het 'n liefde vir die taal en die jong Afrikanertjies ontwikkel. Zola het as kind geweet dat die klein De Jagers haar as 'n gelyke behandel het en dat dit nie hul skuld was dat die onderwyssisteem en die landswette hulle op onnatuurlike wyse bevoordeel het nie. Sy het aan Richard vertel dat sy nie gedink het sy sou dié kennis soveel jare later tot nut van die land aanwend nie.

University of Cape Town

Richard het opgestaan en stap heen en weer voor die venster van die vertrek. Hy weet dat dit moeilik vir blankes was om tydens die apartheidsregime teen die hoofstroom se denke gekant te wees. Vir swartmense was dit nog moeiliker. Hy onthou wat Zola van haar kleintyd in die Oos-Kaap gesê het.

Jan de Jager het dit as sy plig beskou om toe te sien dat die klein speelmaat van sy kinders ook goeie onderwys ontvang. Daarom het hy vir Lulama op so 'n wyse vergoed dat sy met die ekstra geld vir Zola na 'n goeie skool kon stuur. Sy was een van die eerste swart skoliere by Collegiate Hoërskool vir Meisies, en hierdie voorreg het haar 'n groot voorsprong in die onwerklike twee wêrelde van Suid-Afrika gegee. Sy het blykbaar baie goed presteer en na skool is sy gekeur vir die skakelwese kursus by die Port Elizabeth Technikon. Hier het sy haar vroeë kritiese denke wat reeds by debatsaande op skool merkbaar was verder ontgin en ernstig betrokke geraak by studentepolitiek. Dié forum was spoedig te beperkend en sy het begin geheime vergaderings bywoon in Zwide en Korsten en met die ondergrondse bewegings van die ANC begin skakel.

En toe moes sy verdwyn. Zola het hom vertel dat die studente en dosente gedink het sy is terug Ciskei toe en het haar gou vergeet. Sy het later by 'n vriendin gehoor dat sommige selfs dankbaar was dat dié bekkige swart vrou oënskynlik van die aardbol verdwyn het. Selfs die De Jagers het nie geweet waar sy haar bevind nie. Tydens die apartheidsjare was die veiligheidspolisie in die Oos-Kaap besonder paraat en sy het vertel dat Jan de Jager vermoed het dat sy dalk by onwettige politieke aksies betrokke geraak het toe die veiligheidspolisie hom kom ondervra het. Een van die dosente by die Port Elizabeth Technikon het haar egter betyds gewaarsku dat die polisie haar dophou en sy het daarin geslaag om te vlug. Na dertig jaar van

rondswerf en ballingskap en verlang na haar tuisstad en die see van Algoabaai, het sy teruggekeer Suid-Afrika toe.

Zola het hom vertel dat al haar familie nog in die Alice en Port Elizabeth omgewing woon, maar sy het na al die jare in Oos-Duitsland eers ná die demokratiese verkiesing in 1994 teruggekeer Suid-Afrika toe. In Pretoria is sy as woordvoerder in die kantoor van President Mandela opgeneem. Hier kon sy 'n bydrae tot die kantoor en goeie rasseverhoudinge maak deur haar gemaklike en natuurlike verhouding met Nelson Mandela en die wyse waarop sy die media hanteer het.

Sy het glo moeite gedoen om nie Afrikaanssprekendes te vervreem nie. Ongeveer helfte van die president se kantoor was Afrikaans magtig en hulle het die taal dikwels as kommunikasietaal gebruik. Afgesien van 'n paar van die lyfwagte was Mandela se lyfarts, persoonlike sekretaresse en die hoof van die kantoor almal Afrikaanssprekend, en het die President self graag en dikwels met hulle Afrikaans gepraat. Met die uittrede van Mandela is sy oorgeplaas na die Departement van Buitelandse Sake en het kort na haar diplomatieke opleiding na Côte d'Ivoire vertrek as ambassadeur.

Die missie in Abidjan is een van die gevestigde Suid-Afrikaanse missies in Afrika omdat Côte d'Ivoire onder die voormalige President Houphouet Boigny een van die min Afrikalande was wat wel diplomatieke bande met die apartheidsregering gehad het. Die een praktiese gevolg is dat sy as ambassadeur 'n indrukwekkende marmerpaleis van 'n residensie geërf het. Abidjan is volgens Afrika standaarde 'n mooi en moderne stad met imposante wolkekrabbers en 'n moderne hawe. Sy was van die begin af gelukkig. Sy het nou wel nie soos een van haar voorgangers 'n seiljag in die hawe nie, maar het tog die lekker groot swembad by die residensie elke dag gebruik.

University of Cape Town

"Penny for your thoughts, Ambassador?"

Richard sien sy ambassadeur is diep in gedagte. Hy het die afgelope tyd baie saam met haar deurgemaak en het net die grootste respek vir die wyse waarop sy die probleme en realiteite van Afrika aanpak. Geen krisis laat haar terugdeins nie. Sy storm soms in 'n situasie in waar hy eers al die opsies sou oorweeg, maar hy moet toegee dat sy op dié wyse effektief is en vertroue by ander Afrika leiers inboesem.

"Richard, I'm thinking about Savinda and what we need in Africa. Why can't we have more people like Mandela who can transcend the day to day schlep and do what is important? Everyday that I walked into his office I felt so inspired and motivated just to be part of his staff. The way he reaches out to people of all races and political persuasions. I just wish I can play a role in instilling some of this into the minds of some other African leaders."

"Let's start with Savinda," merk Richard droogweg op.

Richard en die ambassadeur kyk vir mekaar en begin lag.

"Diplomacy is the only way. If we want to play a leading role in Africa, we have to convince the leaders that the days of divide and rule are over."

Richard dink vir 'n oomblik na oor wat hy gesê het.

"And that goes for the rebel leaders as well."

"Yes Richard! Say it my man. They are exploiting ethnic differences which perpetuate the spiral of violence and poverty. En ek is gatvol daarvoor!"

Hulle verstaan mekaar. Richard het gesien met watter ywer sy haar taak in Wes-Afrika aanpak. Sy is bang vir niemand nie, ook nie leiers van rebellegroepe nie. As hy maar net wil bel.

University of Cape Town

*

Die volgende middag om vieruur staan Ruben by Centraal Station en wag soos afgespreek om saam met Justine die trein Gent toe te neem. Sy wil hom opsluit haar tuisstad wys en het afgespreek om hom hier te ontmoet.

Ruben sien daarna uit om weer in Europa trein te ry. Vir die Europeërs is dit so normaal, maar in Suid-Afrika word dit meerendeels deur die arbeidersklas gedoen en raak dit steeds meer onveilig. Hy kan nie help om steeds die kontraste met sy vaderland op te merk nie.

Tydens die oggend se samesprekings het dit relatief goed gegaan en die Europese Unie het toegegee dat sekere produkte wat voorheen uitgesluit is nou wel deel mag vorm van die spesiale handelsooreenkoms tussen Suid-Afrika en die Europese Unie. Die onderhandelinge duur nou al so lank en telkens is dit die Franse en Spaanse regerings wat met hul eie boeregemeenskappe probleme ervaar en vrees dat eie produkte hul mark sal verloor as die Suid-Afrikaanse produkte goedkoper in Europa bemark word. Dit maak Ruben opnuut kwaad as hy dink in watter mate die boere van dié lande gesubsidieer word. 'n Groter produksie en uitvoermark sou aan arm Suid-Afrikaners broodnodige werksgeleenthede gee.

Dit frustreer hom dat hy nie kans gekry het om die situasie in Togo met die Franse minister te bespreek nie, maar hy besef dit is iets waaroor die Fransman op dié stadium ook weinig kontrole het. Hy wag steeds op 'n antwoord van Ambassadeur Moal wat die situasie dringend met sy Ministerie sou opneem. Hy wil regtig sy mense in Togo so gou moontlik ontruim voordat daar enige lewensverlies is en wil graag 'n aksieplan met onder meer die

University of Cape Town

Franse bespreek. Hulle het hom egter laat verstaan dat hulle niks kan doen voor die Franse regering nie amptelik met die rebelleleiers onderhandel het nie.

Nou sal hy egter vir 'n wyle probeer ontspan en vergeet van die krisisse van die dag. Of so het hy gehoop. Waar sou Justine dan bly? Hulle het tog afgespreek onder die groot horlosie. Hy wonder hoe hulle dit gaan ervaar om mekaar weer te sien.

"I will be the one in the raincoat wearing sunglasses," het hy aangedui.

"Listen very carefully, I will say this only once. I will be wearing a red skirt and will pretend that I am blind," was haar antwoord.

Na vyftien minute het hy begin wonder of sy dalk regtig maak of sy blind is, en hom nie kan sien nie, en of sy hom staan en dophou van êrens af. Hy besluit om na haar selfoon te bel, en toe hy opkyk na hy die nommer gebel het, staan sy voor hom in 'n kort, bloedrooi rokkie. Haar hare is los oor haar skouers en sy kyk na hom met die mooiste glimlaggie wat hy nog ooit gesien het. Sy het inderdaad 'n donkerbril op en stap eers na hom toe, en toe teen hom verby asof sy hom nie sien nie. Ruben is so bly om haar te sien, dat hy in die selfoon bly praat terwyl hy na haar kyk.

"Justine, hier is ek!"

Sy gaan staan stil en haal haar donkerbril af, maak asof sy verby hom kyk, maar kan dan nie meer verder toneel speel nie en begin te lag. Ruben kan self nie sy lag hou nie.

Hy skud sy kop in ongeloof. Hy het vergeet hoe mooi sy is. Van êrens in die ou stasiegebou skyn daar 'n straal sonlig op haar blonde hare. Dan stap sy na hom toe waar hy steeds versteen staan met die selfoon voor sy mond. Sy gaan staan voor Ruben en kyk op na hom met haar laggende haselneutkleurige oë. Sy lyk vir hom soos 'n engel uit die hemel. Dit is



University of Cape Town

asof daar iets onwerkliks aan haar is met die son wat die hare so verlig teen die donker agtergrond van die stasie.

Sy gee twee vinnige treetjies om hom 'n drukkie te gee soos sy in Suid-Afrika geleer het. Vir haar was dit vreemd dat Suid-Afrikaners mekaar so maklik drukkies gee. Ruben maak onwillekeurig sy oë toe. Hy ruik haar hare en voel die sagtheid van haar borste en die oorvloedigheid en sensualiteit van die jong vrou. Hy voel dat die onskuldig bedoelde drukkie 'n paar sekondes te lank duur om nog onskuldig te kan wees. Hy gee 'n treetjie terug. Hulle kyk 'n ruk lank in mekaar se oë voordat Justine daarin slaag om iets te sê.

"Hoe gaat het met jou, Ruben?"

"Baie goed, dankie. En met jou? Hoe gaan dit by die werk?"

Beide het probeer herstel van die drukkie en die effek wat dit op hulle het. Die gevoelens wat die fisieke kontak wakker gemaak het, het bevestig dat daar elektrisiteit tussen hulle is. Ruben het half verleë voorgestel dat hulle treinkaartjies gaan koop. Oor die telefoon het hulle maklik kommunikeer, maar nou dat hulle voor mekaar staan, is hy onseker of hulle weer so sal kliek soos tydens die vorige ontmoeting.

Hulle gaan sit langs mekaar na 'n soektog vir 'n relatief leë nie-rokers wa en begin gesels oor wat die afgelope ruk in hul onderskeie lande gebeur het. Dit is vir Ruben 'n groot verligting om uit te vind dat sy nie rook nie. Stel jou voor, 'n nie-rokende joernalis. Dis amper so raar soos 'n eerlike politikus, dink Ruben. Die trein vertrek so glad dat Ruben dit skaars agterkom.

"Zo, jij denkt dus dat Zuid-Afrika een voorbeeld voor de wereld is. Maar momenteel hebben jullie het grootste misdaadcijfer, het grootste aantal moorden, het grootste aantal

University of Cape Town

verkrachtingsslagoffers, groeiende korrupsie... Hoe denk je dat Zuid-Afrika ooit uit zo'n impasse zal geraken?"

"Ja, maar dit is tog te verwagte in 'n jong demokrasie waar daar soveel verwagtinge geskep is en die kontraste tussen ryk en arm so groot is. Jy moet in gedagte hou dat vir baie mense demokrasie niks beteken as hulle nie kos het om te eet, of 'n huis het of skoon water nie."

Sy sien die effense frons tussen sy oë en haar hand beweeg onwillekeurig asof sy die plooi wil wegvee, maar laat sak dit weer.

"Ik kan verstaan dat een overgang zoals Zuid-Afrika die heeft meegemaakt moeilijk is en ik zie ook in wat een wonder het was dat die overgang min of meer vredig is verlopen. Zuid-Afrika is een van die voorbeelden van "oorlogen die niet hebben plaatsgevonden."

Ruben besef dat sy haar navorsing oor Suid-Afrika goed gedoen het, maar hy het lus om haar te terg.

"Jy is seker te jonk om dit te weet, my liewe Justine, maar met die aanloop na die onafhanklikheid van die Kongo in 1960 en daarná was daar totale chaos. Jou liewe regering en sy amptenare het die Kongolese uitgebuit en onderdruk en sonder enige noemenswaardige infrastruktuur gelaat. Ek hoor boonop dat België vir Patrice Lumumba, die eerste leier van die Kongo na onafhanklikheid, vermoor het."

Hy weet dat dit haar behoorlik op haar perdjie sal kry, en sien hoe sy amper snak na haar asem soos sy wil reageer. Dan sien sy in sy oë dat hy haar doelbewus terg en toets, beteuel haarself en vee die hare wat oor haar voorkop en wang geval het weer na agter. Dié man weet hoe om haar te treiter, maar terselfdertyd is hy so anders en interessant. Die vreemdste is dat sy dit geniet dat hy haar siel so uittrek.

University of Cape Town

"Maar ernstig, Justine, ek woon eerder in 'n land waar die groot sake van die dag gaan oor of jy 'n verskil kan maak of mense gaan kos hê om te eet, of hulle ordentlike gesondheidsorg sal kan kry, hul kinders basiese onderwys kan gee, of selfs of hulle 'n beter kans het om te oorleef. Afrika is 'n harde wêreld, maar dit is 'n dinamiese en opwindende wêreld waar elke dag saakmaak."

"Is het waar dat de oorlogen in Afrika door de illegale verkoop van diamanten gefinansierd worden? Zoals in Togo of Angola?"

Ruben is ietwat onkant betrap deur die vraag.

"Dit is waar dat Unita wel hul wapens deur middel van die verkoop van diamante bekom en…"

"Door de verkoop van bloeddiamanten?" onderbreek sy hom.

"Jy bedoel die onwettige ruil van diamante vir wapens om oorloë te finansier. Ja, dit vind in meer as een Afrikaland plaas en is 'n groot bron van kommer. Maar kom ons praat oor iets anders."

Justine wou nog iets sê, maar bedink haarself.

Die trein gly glad uit die volgende stasie op pad na Gent, Brugge en Oostende. Ruben kyk uit oor die plat landskap. Voorwaar "le plat pays." Op 'n manier voel hy ook 'n verbondenheid met hierdie plat Vlaamse wêreld, miskien juis omdat Brel so hartroerend in Frans en Vlaams daaroor sing.

"Ik ben het met jou eens dat in Europa de luxe bestaat om te kibbelen over kleinigheden zoals het koningshuis of de nieuwste voetbaltransfer. Maar tegelijkertijd hebben mensen hier de ruimte en de gemoedsrust om boeken te lezen, naar film- en poëziefestivals te gaan."

University of Cape Town

Maar nou is Ruben op die oorlogspad en lus om haar verder te terg.

"En Koning Leopold wat die hele Kongo as sy privaateiendom annekseer het? En later die

oorblyfsels en herinneringe in 'n museum buite Brussel kom verpak het? Dis amper erger as apartheid."

Haar oë blits vinnig in syne.

"Niet overdrijven, hé. Je kan apartheid nu toch niet vergelijken met wat in Kongo gebeurd is? We hebben in Kongo nooit geïnstutionaliseerd racisme en fascisme gekend. Het ging om puur ordinair winstbejag, imperialisme en persoonlijke verrijking van een megalomaan vorst, dat was al erg genoeg. Maar het ging niet om een hele staat die gebouwd is op verwerpelijke ideologieën van rassenscheiding en zuiverheid van ras."

Sy praat al vinniger en Ruben moet mooi luister om al die Nederlands te volg.

"Ik vind niet dat blanke Zuid-Afrikanen allemaal op hun blote knieën in het stof moeten vallen, hun zonden moeten belijden en openbare boetedoening moeten doen. Maar je kan het erge van wat er gebeurd is toch ook niet relativeren door te suggereren dat andere landen even erg waren?"

Nou is sy behoorlik ontsteld en Ruben geniet dit terdeë om haar so te sien. Haar hals en gesig het verkleur na 'n ligte, gloeiende rooi kleur. Sy weet terselfdertyd dat hy met haar spot, maar wil tog nie dat hy so met haar mors nie, en gaan sit vies teenoor hom, haar mond 'n vasbeslote fermheid.

"Kom nou, moet nou nie 'n klein stywebekkie gaan maak nie. Ek terg jou maar net. Ek is nie die Franse ambassadeur nie en wil jou nie kwaad maak nie. Daar is niemand blyer as ek dat apartheid nie meer op die wetboeke bestaan nie. Glo my, apartheid bestaan nog wel. Oor

University of Cape Town

die hele wêreld heen en in die harte van mense, maar gelukkig nie meer as beleid in Suid-Afrika nie. Ek kan ook vir jou sê dat dit vir niemand 'n groter bevryding beteken as juis vir my en ander blankes soos ek nie. Ek was nog altyd teen apartheid en het met my hele wese daarteen geveg."

"Ik op mijn eigen manier ook."

"Ek kan my goed voorstel wat 'n aktiewe en suksesvolle aktivis jy op universiteit was."

Hy kan kwalik sy oë van Justine afhou.

"Ek kan nou vir die eerste keer regtig trots wees op my Suid-Afrikanerskap. Meer as ooit, kan ek trots wees op wat ons, wit en swart, reggekry het. Ek maak dit my lewenstaak om voort te gaan om 'n voorbeeld te stel vir ander state, selfs al is dit dan ook net vir 'n paar Afrikastate."

Justine dink diep oor wat hy sê. Sy het die afgelope tyd heelwat oor Suid-Afrika en sy probleme gelees en verstaan die opset en kompleksiteit beter as voor haar besoek aan die land.

"Ik begrijp het. En ik weet dat je jouw werk ernstig opvat."

Sy kyk na sy blou oë wat 'n asuurblou kleur aanneem saam met die hemp wat hy aan het. Sy sien dat sy ligte hare reeds by die slape effens grys begin vertoon. Hy het vir haar 'n besondere profiel, met 'n fyn, prominente neus en 'n vriendelike mond met die dun, maar uiters soenbare lippe.

Hy kyk vir 'n wyle by haar verby. Buite swiep die regop bome van die Vlaamse platteland vinnig verby. Dit is asof daar 'n hartseer in sy oë is en hy sug onwillekeurig.

"Wat is er?" wil Justine by hom weet. Haar groenbruin oë effense bekommerd.

"Ek is jammer dat ek so sug. Ek dink maar net hoe dinge sou kon wees."

Sy kyk na hom asof sy instinktief weet wat hy bedoel.

University of Cape Town

"Een mens moet zijn leven leiden met de wetenschap dat je maar een kans krijgt, en dat je dus de dag moet plukken."

Haar oë was skielik ernstig en half verleë.

Hy probeer die gesprek 'n bietjie vroliker maak en in 'n ander rigting stuur, maar hulle weet albei wat nie gesê is nie.

Ruben voel betower deur die manier waarop sy praat, die manier waarop sy na hom kyk. Haar eerlike, onbelemmerde vermoë om te sê en te leef wat sy glo, fassineer hom. Wat is besig om met hom te gebeur?

Ruben kan sien dat van die ander passasiers om hulle agterkom dat hy nie Nederlands praat nie, maar tog 'n amper verstaanbare taal of dialek. Regoor hom sit 'n man wat oënskynlik hard probeer om te verstaan waaroor hulle gesels.

Voor hulle dit besef, stop die trein by Gent-St Pieters stasie. Hulle stap al geselsend in die rigting van waar die trems vertrek en Justine neem nou die leiding. Sy koop vir hulle kaartjies as hulle voor by die splinternuwe, helderblou trem inklim. Die trem is vol, maar hulle kry plek langs mekaar. Soos hulle deur die strate van die pragtige ou Vlaamse stad ry, wys sy vir hom allerlei interessante plekke uit. Waar sy skoolgegaan het, haar universiteit, waar haar ouma woon. Sy is so opgewonde soos 'n kind en trots om haar tuisstad aan die besoeker uit Afrika te wys.

Dit is vir Ruben weer eens opvallend hoe hierdie wêreld van sy leefwêreld in Suid-Afrika verskil. Hier is die kontraste tussen ryk en arm nie so groot nie. Selfs die armes het 'n billike lewensstandaard, en die rykes loop nie te koop met hul rykdom nie. Dit is asof daar 'n latente aanvaarding is dat almal 'n tydperk van voorspoed belewe en dat hulle hard daaraan

University of Cape Town

werk om dit so te behou. In die geskiedenis van België het daar soveel vyandige magte oor dié plat landjie gehardloop, maar nou beleef hulle 'n bloeitydperk van vrede en voorspoed.

Ruben kyk na Justine wat ywerig vertel en beduie en hom kort-kort aanraak as sy vir hom iets wys. Vir 'n paar oomblikke is dit asof hy nie hoor wat sy sê nie, en hy sien net die mooie beeld van 'n mens wat met soveel entoesiasme oor alles praat. Sy borrel oor van lewenslus en energie. Wat sou hy nie wou gee om meer tyd met haar te kan deurbring nie. Sy haal die beste uit hom, iemand wat ten beste van tye nie sy emosies wys nie, en wat die laaste jare steeds meer sinies geword het oor die liefde en die lewe.

"Hou je van mijn stad?"

"Ek is mal oor jou stad, Justine. Ek kan verstaan dat jy hier gelukkig kan wees."

"Denk je dat je je hier thuis zou kunnen voelen?"

"Ek dink tog so. Ook al is daar baie verskille tussen ons kulture. Ons blanke Suid-Afrikaners het eerder Amerikaans grootgeword as Europees of Brits, ons eintlike stamlande. Ons het wel baie Britse gewoontes en tradisies oorgeneem en behou waaroor ek nie spyt is nie. Veral die sport is verkieslik bo die sinlose Amerikaanse bofbal en voetbal. Maar ons deel tog ook baie met die Nederlandstaliges. Die feit dat ek met jou kan kommunikeer en jul koerante en letterkunde kan lees, en jy dieselfde in Afrikaans kan doen, bring ons tog nader aan mekaar?"

"Hmm, ja… En ik hou van Afrikaans. 't Is als Nederlands wat lang in de zon gelegen heeft en nu, zonder tierlantijntjes en gestroopt van onnodigheden, een heerlijke, musikale en soepele nieuwe taal vormt. Ik zou het echt graag beter leren spreken."

Ruben wil nog daarop antwoord, maar dan is hulle by die tremhalte waar hulle moet afklim. Dit is seker so vyf minute se stap deur die ou middedorp voordat hulle in 'n klein

University of Cape Town

straatjie voor 'n groot, verweerde groen deur tot stilstand kom. Sy kyk vlugtig na hom en uit die glimlag kan hy sien dit is haar blyplek. Die ingangsportaal skep 'n effens verwaarloosde, maar sjarmante en rustige atmosfeer.  Groot glas in loodrame laat genoeg lig in om die ou houttrap te verlig. Hy laat haar voorgaan op die trap en sien hoe haar kuite met elke trappie span en weer ontspan. Fyn maar sterk bene wat gewoond is aan baie stap.

Binne weerspieël alles haar smaak en styl en Ruben voel onmiddellik tuis en gemaklik in die groot woonstel.  Orals is plante en CD's en boeke. Hy gaan staan voor die reuse boekrak. Al die nuutste Nederlandse en wêreldliteratuur is daar. As hy maar net tyd gehad het en sy hande daarop kon lê. Op 'n tafeltjie in die middel van die sitkamer is daar 'n groot bos goudgeel freesias wat die hele woonplek vul met varsheid.

Deur die groot vensters val sonlig na binne en 'n ligte briesie speel met die wit gordyne wat tot op die grond hang. Sy wys hom eers die gastekamer waar hy kan oornag en dan haar eie slaapkamer. Dit is van hoek tot kant in 'n pragtige Chagall nagblou geverf. In die middel van die vertrek is daar 'n groot katelbed met koperknoppe en teen die een muur 'n groot ou staankas. Verder is daar nog 'n musieksentrum en plante en 'n TV en nogmaals boeke.

"Ek hou van jou plek. Met al die boeke en musiek is dit naby aan die paradys."

"Ik ben blij dat je het mooi vindt. Ik ben hier gelukkig. Wil je iets drinken? Fruitsap?"

"Is daar 'n kans vir 'n koppie koffie? Ek móét weer goeie, egte Belgiese koffie drink."

"Ja, ik heb wel een koffiezetapparaat, maar ik weet niet goed hoe dat toestel werkt," sê sy half verleë. "Ik drink nooit koffie thuis."

Sy stap oor na die kombuis en demonstreer die "apparaat."  'n Gewone koffiemasjien.

"OK, ek sal die koffie maak as jy vir ons musiek opsit."

University of Cape Town

Terwyl hy in die klein kombuisie soek na koffiesakkies merk hy dat daar 'n goeie voorraad Belgiese sjokolade is en sit dit langs die skinkbord. Intussen ruik hy die aroma van die koffie en vul die Sony die woonstel met die onmiskenbare klanke van Bob Dylan. Hou sy regtig van Dylan of sou sy net vir sy onthalwe die relatiewe outydse musiek opsit? Die jong vrou raak vir hom net al hoe ouliker en interessanter. Hy is so opgewonde dat hy amper skuldig voel.

'n Uur of wat later stap hulle deur die ou straatjies van Gent. Sy wil vir hom weer alles tegelyk wys en hy laat haar maar begaan. Eers stap hulle langs die Leierivier af en draai dan in die rigting van die St. Jacobskerk. Dan wil sy vir hom die Vrijdagmarkt en die Kouter wys waar sy altyd op Sondae vars blomme koop. Dit is vir Ruben heerlik om so te voet 'n stad te leer ken en sy is by uitstek 'n goeie gids.

Hulle stap langs die Graslei na die Korenmarkt en dan die Botermarkt. Hy is beïndruk met die verskillende markte en pleine so naby mekaar, anders as ander Europese stede waar daar gewoonlik een sentrale plein is. Vanaf die St. Baafsplein kan hy die torings van verskeie kerke sien. Hulle gaan staan voor die grootse Gotiese Sint-Baafskatedraal. Daar is verskeie ander toeriste in die omgewing, maar dit is vir Ruben al of hy 'n gesig van iemand op die trein herken. Ruben kan kwalik glo dat iemand hom sou wou dophou. Hy kyk om hom rond. Is dit omdat hy met die jong vrou rondstap dat dit vir hom voel asof almal na hulle kyk? Hy gaan hom nie laat ontstel nie.

"So waar is die beroemde Van Eyck skildery?" wil Ruben weet.

Justine is bly dat hy weet van die Lam Gods en lei hom tot binne in die katedraal. Binne is dit donker. Hulle stap na 'n deel van die katedraal wat heeltemal afgesluit is van die res waar die skildery soos 'n relikwie bewaar word. Alhoewel daar buite baie toeriste is, is dit

University of Cape Town

binne rustig en hulle is alleen as hulle voor die meesterstuk van die broers Hubert en Jan van Eyck van 1432 gaan staan. Op die drie panele word die verloste mensdom uitgebeeld wat hulle om die Lam van God skaar. Die detail is vir Ruben ongelooflik en hy is veral onder die indruk van die hoop en lewe wat deur die werk uitgestraal word.

"Weet je hoe de Gentenaren moesten vechten om dit meesterwerk in Gent te houden? Er hangt een hele geschiedenis aan vast."

Hy kyk na haar waar sy trots staan en vertel en ervaar 'n oorweldigende begeerte om haar te soen.

"En wist je dat dat Keizer Jozef II, die er zich op beroemde een verlicht vorst te zijn, in verlegenheid werd gebracht door de naaktheid van Adam en Eva en hen liet vervangen door geklede versies?"

Hy moes lag. Dan wys sy vir hom waar die geklede paartjie nou in die voorportaal van die kerk hang.

"Onvoorstelbaar," laat Ruben belangstellend van hom hoor, maar hy staan en bewonder eintlik haar hals en vir hom die mees perfekte paar borste waarvan die Van Ecks maar net kon droom.

"En toen namen de revolutionairen van de Franse revolutie het schilderij mee naar Parijs. Later werd het in de Tweede Wereldoorlog door de Duitsers naar Oostenrijk gebracht waar het Amerikaanse leger het dan daarna in een zoutmijn vond. En ken je het verhaal van de rechtvaardige rechters?"

Ruben kyk met 'n glimlag na haar, maar hoor nie wat sy sê nie. Die behoefte raak onweerstaanbaar en hy buig oor en soen haar op haar mond. Instede van 'n positiewe ontvangs

University of Cape Town

en hopelik 'n terugsoen, druk sy hom weg en kyk hom half geskok en half glimlaggend aan asof hy 'n kind is wat iets stouts gedoen het, maar vir wie jy nie kan kwaad wees nie.

"Niet hier!"

Hy is ietwat verbaas oor die heftige reaksie. Om die situasie en sy verleentheid te red, vra hy maar 'n vraag.

"En Adam en Eva? Hoe het hulle toe weer van hul klere ontslae geraak? Ek sien hier dat hulle..."

"De oorsponkelijke panelen zijn weer teruggehangen."

Hulle kyk nog bietjie in die katedraal rond, maar die magiese atmosfeer is verbreek deur sy verwerpte soenpoging en hulle stap na buite waar die Oktoberlug nou lekker fris is.

Hy het begin voetseer en honger voel en boonop ietwat verward oor wat in die kerk gebeur het. Sy het voor 'n ou gebou met steenmure gaan staan. Bo die ou houtdeur staan die naam, Cours Saint- George. Daar is vinnige voetstappe op die keistene agter hulle, maar Ruben kyk nie om nie.

"De Nederlandse naam is Sint Jorishof. Dit is het oudste hotel in Europa en dat is waar wij vanavond gaan eten. Als je dat goed vindt, ten minste."

Sy kyk of hy na behore beïndruk is, maar betrap hom dat hy na haar staan en kyk met 'n glimlag om sy mondhoeke, en wat sy oortuig is van, 'n verliefde blik in sy blou oë. Sy kyk na die ou voordeur en dan weer vinnig na hom, en dan kyk hulle in mekaar se oë en is dit asof daar 'n stille bevestiging is van wat beide reeds 'n paar dae vermoed.

Nadat hulle 'n tafeltjie naby die kaggelvuur gekry het, wil Ruben by haar weet hoekom hy haar nie in die katedraal mog soen nie.

Sy kyk hom met 'n vonkel in haar oë aan van onder haar lang wimpers en lag saggies.

University of Cape Town

"Omdat ik een katholiek opgevoed meisje ben. En in Gods huis niets onbetamelijks wil doen."

Daar volg 'n lang stilte.

"Geloof je me?"

Ruben weet nie of sy die gek met hom skeer nie. In Suid-Afrika en in sy familie word daar nie so ligweg of spottend oor geloof en godsdiens gepraat nie.

"Eigenlijk omdat ik geen gestolen zoen wou."

Ruben kyk haar nog meer verward aan.

"Maar een echte lange ogentoe eerste zoen."

Sy hou haar kop effens skuins en kyk hom vrymoedig en vraend aan.

Ruben is steeds ietwat verward en huiwer vir 'n paar oomblikke. Dan staan hy op en buig oor en soen haar sag op haar lippe. Dit is vir beide asof die tyd stilstaan en daar niks en niemand anders bestaan nie. Dit is Justine wat na 'n ruk stadig terugtrek en sien hoe hy met toe oë in 'n staat van beswyming bly staan.

"Sjoe. Ek het nog nooit so iets beleef nie."

Hy is heeltemal deurmekaar gesoen en gaan sit in 'n poging om te herstel.

Justine kyk hom lank en aandagtig aan, maar sê niks nie. Dan is die kelner by die tafel om hul bestelling te neem. Hulle besluit beide op mossels en droë wit wyn. Die Italiaanslykende man hang onnodig lank om hulle rond en Ruben kry die indruk dat hy by Justine se laaggesnyde rok staan en inkyk.

"Thank you, sir. That is all for now…" laat val hy met ongeduld in sy stem en gluur die kelner kwaai aan. Justine kan nie help om te merk dat Ruben ietwat jaloers is nie en geniet die oomblik.

University of Cape Town

In die agtergrond begin Herman van Veen se "Signalen" te speel en beide reageer opgewonde daarop.

"Dit is een van my gunsteling snitte van Van Veen," merk Ruben op.

"Van mij ook! Maar hoe komt het dat jij Van Veen kent?" wil Justine weet. Dit is vir haar vreemd dat hulle vanoor twee kontinente soveel gesamentlike liefdes deel.

"Jy vergeet dat ek in Nederland studeer het. Ek was in Utrecht besig met my meestersverhandeling oor Hugo Claus toe Van Veen in Amsterdam opgetree het. Hy het in die Carré opgetree en het 'n Afrikaanse slaapliedjie gesing waarvan een van ons eerste skrywers in Afrikaans, CJ Langenhoven, die woorde geskryf het. Van Veen het die woorde verkeerd uitgespreek en gesing "Lamtietie, damtietie, doedoe my liefstetjie,"maar dan het hy dit "tjie" uitgespreek in plaas van "kie."

Ruben sing vir haar die frase uit die slaapliedjie met 'n diep bariton.

"Hy het dit so mooi gesing, maar ek het gedink ek moet hom reghelp en is na die tyd na sy bestuurder en het vir hom die regte uitspraak verduidelik. Hulle het dit baie waardeer en Van Veen het dit die volgende aande reg uitgespreek. Sedertdien het ek nog by elke geleentheid na hom gaan luister en het al sy CD's."

"Hij is mijn lievelingzanger in het Nederlands."

Sy begin saggies saam te sing. Haar stem klink vir Ruben soos die van 'n engel as sy ongestoord deur ander mense in die deftige restaurant saamsing.

Ruben wil met sy hand deur haar hare streel. Wat is besig om met my te gebeur, wonder hy by homself. Is dit die andersheid, die feit dat sy net so verleidelik Frans en Engels as Vlaams praat? Is dit die vonkelende, stout ogies wat voortdurend iets onvoorspelbaars opwindend belowe?

University of Cape Town

As die kelner die mossels op die tafel neersit, sorg Ruben dat hy oogkontak met die man hou en in geen onduidelike terme die boodskap oordra dat hy moeilikheid gaan kry as hy weer sy oë laat ronddwaal.

Tydens die ete verken hulle mekaar se familiegeskiedenisse, waar hulle grootgeword en studeer het. Sy luister met groot oë na die feit dat hy ook volgens wet opgeroep is om teen die "terroriste" te veg as jong seun van sewentien, in dieselfde jaar wat sy gebore is. Hulle ontdek dat hulle dieselfde gunsteling skrywers ken en waardeer en Ruben is beïndruk met haar vermoë om groot gedeeltes uit Shakespeare en Franse gedigte aan te haal. Sy beskik oor 'n kennis en insig en belesenheid wat hom verstom en laat wens dat hy meer tyd kan maak om te lees.

Teen die einde van die ete is hulle steeds soos opgewonde kinders besig om mekaar beter te leer ken en uit te vra en te geniet. Eers as hulle sien dat die kelner steeds nader staan, besef hulle dat al die ander mense al weg is en maak hulle aanstaltes om te loop.

Die strate van Gent is nou doodstil en hulle praat nie met mekaar as hulle ingehaak terugstap woonstel toe nie, elkeen vasgevang in sy eie gedagtes asof verbaas en in 'n poging om sin te maak uit hierdie nuutgevonde vriendskap en verbondenheid, en wat dit mag inhou vir die toekoms.

Toe hulle die trappe geklim het en die deur toemaak, is dit so natuurlik dat hulle, sonder enige woorde, mekaar omhels en die sagte soen van vroeër die aand herhaal. Hierdie keer wil nie een ophou nie. Eers as hul begeerte na mekaar te groot word en hulle stilswyend bevestiging daarvan in mekaar se oë sien, lei sy hom aan die hand na die blou slaapkamer.

Vir Justine was dit reg. Dit was met die grootste vanselfsprekendheid dat sy in die donker sy kop tussen haar hande neem en hom vol op sy lippe soen. Sy het sy asemhaling hoor versnel en vir 'n oomblik triomfantelik gevoel. Ruben het na 'n ruk haar 'n entjie van hom

University of Cape Town

weggedruk en die naglampie aangeskakel. Hy het stadig nader gekom en haar langsaam in haar hals begin soen. Sy het 'n siddering deur haar ruggraat voel gaan. Toe hy op die rand van die bed gaan sit en haar voor hom laat staan, het haar bene gebewe van opwinding en afwagting. Hy het haar reg in die oë gekyk terwyl hy die ritssluier van die rooi rokkie tergend traag oopmaak. Justine het die bloed deur haar are voel bruis toe hy haar fyn skouerbandjies in 'n enkele gebaar van haar skouers laat gly en haar rok geruisloos op die grond val. Sy het in 'n kersierooi broekie en bra voor hom gestaan. Hy het geglimlag, haar op sy skoot laat sit en haar borste begin soen.

Dit was vir haar 'n raaisel hoe twee relatiewe vreemdelinge so 'n intimiteit met mekaar kon deel. Sy kon haar nooit voorstel dat sy haar in 'n posisie sou bevind waar sy alles wat belangrik is, haar liggaam, haar gevoel en haar hoop, op so 'n wyse aan iemand skenk wat sy skaars ken nie.

Waar sy nou op Ruben se skoot sit en sy wang teen haar bors voel en sy haar arms om sy nek en kop vou, is dit vir haar die mees eerlike en natuurlike daad. Om hierdie vreemdeling teen haar gloeiende liggaam te voel, haar gesig in sy hals te verberg, en te ruik hoe lekker hy ruik, sy hande oor haar hare en gesig te voel. Dit het haar gerusgestel en veilig laat voel.

Sy het dit geniet om die reaksie van die onbekende liggaam onder haar te voel. Toe sy hom agteroor druk op die bed en versigtig oor hom buig en hy haar gladde hare oor sy liggaam voel gly, het hy sy asem skerp ingetrek.

"Meisiekind, wat doen jy aan my?" het hy met geslote oë gesug toe hy haar mond 'n weg na benede voel soek. Sy het vir 'n oomblik haar kop opgetel en hom in die oë gekyk, asof sy goedkeuring wou vra vir wat sou volg. Hy het sy hande op haar skouers geplaas en sekondes later gevoel hoe sy hom tussen haar lippe en in haar mond neem.

University of Cape Town

Toe hy 'n ruk later stadig by haar ingaan, was sy warm en glad en kon Justine voel hoe sy oopgaan vir hom. Sy het haar oë toe gehou, vooroor gebuig, en sy gesig teen hare gevoel, en die soet geur van twee liggame wat mekaar gevind het en mekaar se reuke oorgeneem het, geruik. Sy het regop gesit en steeds met geslote oë gevoel hoe sy hande oor haar beweeg. Hy het haar heupe met beide sy hande vasgehou, en haar in een soepele beweging, en terwyl hy in haar bly, op haar sy gedraai. Hulle het verstom na mekaar gekyk en hy het haar op haar wange en oë en mond gesoen.

"Wat is er?" het sy heelwat later, toe hul oë mekaar weer vind, gevra.

"Jy is er." het hy geantwoord.

Abidjan

Presies een uur na hulle die oproep ontvang het, bevind Ambassadeur Ntini en Richard Crowe hulle in 'n privaat sitkamer van die hotel. Die lugreëling dreun irriterend hard, maar daar is steeds 'n ongemaklike hitte in die kamer. By die deur staan drie groot mans. Hulle het doelgerig ingestap, kortaf in Frans gegroet en aan Richard verduidelik dat Savinda op pad is. Richard, self maar op sy eerste Afrika pos en nie gewoond daaraan om op hierdie wyse met mense te onderhandel nie, is ietwat senuagtig en kyk met ontsag na die skietgoed wat opsigtelik nie deeglik versteek word nie. Agter die donker sonbrille is die oë onpeilbaar en verbeel hy hom dat hulle die heeltyd net vir hom kyk.

"Richard, laat ek nou sommer reguit in Afrikaans praat sodat die spul ape ons nie verstaan nie. Hier kom groot kak as mista S nie die goods deliver nie."

University of Cape Town

Richard sien hoe die wagte na haar kyk toe sy "goods deliver" sê. Hy wonder of hulle Engels verstaan.

"Groot kak sê ek jou. As hulle nou wil sien hoe die moer in 'n Suid-Afrikaanse darkie kan raak, moet hy nou met strontpraatjies hier aankom. Ek wil weet hoekom word ons kollegas in Lomé aangehou terwyl die ander diplomate mag huis toe gaan. Vir wat word ons mense uitgesonder?"

Skielik beweeg twee van die lyfwagte tot binne in die vertrek en Savinda verskyn in die deur. In teenstelling met sy lyfwagte het hy 'n swart pak klere aan waarin hy ietwat ongemaklik voorkom. As hy die ambassadeur sien, verander die stroewe gesigsuitdrukking in 'n groot wit glimlag. Hy stap tot by haar en neem haar hand galant en plant sy groot lippe daarop.

"Madame, how is your excellency?"

Ambassadeur Ntini is ietwat onkant gevang deur dié galantheid.

"No fine, thank you."

Sy het haar nie voorberei vir 'n gesprek oor haar gesondheid nie.

"Savinda, I want to get straight to the point. What is going on in Togo? Why are the rebels holding my colleagues in captivity?"

Hy kyk haar ondersoekend aan.

"Let's sit down and discuss this."

As hulle by die tafel gaan sit, is sy swaar asemhaling hoorbaar bo die dreuning van die lugreëling. Hy is te groot vir die duur pak klere en sy gesig blink van die sweet.

"Why, madame Ambassador, does the South African government sell arms to an illegitimate regime?"

Sy stemtoon is hard en aggresief. Hy gluur haar aan asof dit haar skuld is.

University of Cape Town

"We cannot trust the South Africans and your colleagues will remain in captivity until everything is over and the old regime has been dealt with. I want to know on whose side you are. This is not your war!"

Savinda het steeds meer emosioneel en opgewonde geraak.

"Why are you selling arms to a military dictator? Mandela's government selling arms to people who are so poor they do not know if they will eat tonight?"

Ambassadeur Ntini kyk hom ietwat onthuts aan, maar antwoord hom koel en kalm.

"The South African government only sells weapons to legal governments. It is not our policy..."

"I have proof! I can show you the weapons."

Savinda se oë beweeg vinnig van Richard na die ambassadeur. Sy asemhaling raak hoorbaar vinniger.

"The previous South African government may have sold weapons to the Togolese army, but we do not sell weapons to military governments."

Op dié stadium verloor Savinda sy humeur heeltemal en slaan oor in 'n taal wat vir die ambassadeur en Richard onverstaanbaar is. Dit lyk vir Richard asof hy 'n oorval gaan kry en asof die are op sy swetende voorkop gaan bars. Dan besef hy skynbaar dat hulle hom nie verstaan nie, bedaar ietwat en praat in Frans met een van sy agterryers. Hy staan op en praat stadig en afgemete.

"I do not see the need to speak to you again before you have conveyed this message to the South African government. We demand an end to the delivery of weapons to the military government of Togo. We want to know what your position is towards my party and why you stand in the way of our people. You know how to contact me."

University of Cape Town

Daarmee staan hy op en sonder verdere oogkontak, verlaat hy die vertrek met verbasende spoed vir sy groot lyf. Richard en Zola Ntini kyk sprakeloos na mekaar waar hulle steeds oorbluf by die tafel sit.

'n Paar minute later verlaat hulle die hotel en vertrek met die ampsmotor.

Dit is die laaste keer dat die ampsmotor deur omstanders gesien is.

*

*In my previous report I suggested that South African agents may be involved in the trading or selling of weapons for diamonds. I have information about an agent I have met before who regularly visits Abidjan and was seen delivering a package, possibly diamonds. I would like to request permission to trail this agent in order to confirm the contents of the delivery.*

*The negative publicity concerning the selling of "blood" diamonds for sustaining war efforts has a negative effect on sales. De Beers South Africa cancelled its buying operations in Angola and Zaire, specifically because of this. This loss of revenue might lead to sellers looking towards other markets. I suggest that you keep on monitoring Antwerp.*

University of Cape Town

Hoofstuk 6

Kaapstad

Ruben stap in by sy kantoor in die toringblok in Pleinstraat en konsulteer vinnig met sy sekretaresse. 'n Paar dae in die buiteland het die nare gewoonte om krisisse te laat ophoop. Die Adjunk-direkteurs-generaal huiwer steeds om volle verantwoordelikheid te neem vir sekere aangeleenthede en wil gewoonlik eers moeilike situasies met hom bespreek. Miskien ook maar goed so, veral met die drie nuwe mense. 'n Mens kan bekwaam wees en oor goeie kwalifikasies beskik, maar in hierdie tipe werk is daar niks wat besluitneming so vergemaklik soos ervaring en die vermoë om op jou voete te kan dink nie.

Te midde van die dringende memoranda en e-pos boodskappe is hy steeds bewus van Tafelberg wat afgeëts teen die blou lug oor Kaapstad waghou. Wat 'n voorreg om in so 'n besondere stad te werk, al is dit net vir ses maande van die jaar. Die voordele van Kaapstad is vir hom oneindig. 'n Mens kan na 'n rit van 'n halfuur in enige rigting jou in nog 'n onbeskryflike mooi, maar totaal ander atmosfeer, bevind. Jy kan kies tussen die wynlangoede van die Paarl, Stellenbosch en Franschhoek, die verkwikkende weskus met sy kreef en snoek, of Valsbaai met sy warm swemstrande. Kapenaars weet ook waar om te skuil as die wind die dag erg waai, want daar is altyd windstil plekkies danksy die berge. Die sjarme van die Kaap lê vir Ruben egter in sy inwoners. Dis sy mense wat die Kaap so uniek maak en waarom ander mooi kusstede soos San Francisco of Sydney nooit die moederstad vir hom sal ewenaar nie.

Dit is of hy sedert sy ontmoeting met die Belgiese joernalis met nuwe oë na die wêreld om hom kyk. Hy ervaar alles meer bewustelik en die lewe het vir hom nuwe betekenis gekry. Dit was vanoggend vir hom 'n plesier om op te staan. Die verkeer was druk soos gewoonlik,

maar dit het hom nie ontstel nie, en dit was asof die berg vir hom net mooier en groter is as wat hy kan onthou. Hier vanuit sy kantoor op die negentiende verdieping het hy 'n pragtige uitsig op die Kompanjiestuine en die berg. Vandag is daar geen wolk in sig nie en hy weet dat dit een van daardie spesiale lentedae gaan word. 'n Dag wanneer die lug 'n blou kleur en tekstuur verkry wat terselfdertyd hartseer en kosbaar is. Miskien kan hy oor middagete 'n rukkie in die tuine gaan stap om sy gedagtes bietjie te orden.

"Meneer Meyer, wil u eers 'n koppie koffie hê of is u gereed vir u boodskappe?"

"Wat van beide, juffrou Kemp? Hoe lyk vandag se program?"

Georganiseerde werker, dié juffrou Kemp.

"Wel, eerstens moet u die Minister skakel, dan die Franse ambassadeur, dan wil die hoof van menslike hulpbronne dringend met u praat. Om 10:00 het u die geskeduleerde vergadering met die ADG's en om 12:00 kom die Spaanse ambassadeur u sien. Middagete is nog vry, maar om 14:15 is die parlementsitting oor wapenverkope wat u wou bywoon. Vanaand om 18:00 is die skemeronthaal by die Amerikaanse ambassade. Sal ek u vrou bel en hoor of sy wil saamgaan?"

"Dankie juffrou Kemp. Nee, ek gaan alleen. Sy is in Pretoria en wil in elk geval nie meer die funksies bywoon nie. Sal jy vir my eerste die Franse ambassade skakel en dan die Minister se kantoor. En juffrou, was daar niks van Brussel nie. Ek bedoel, het daardie Belgiese joernalis nie die onderhoud van so paar dae gelede deurgestuur nie?"

"Ja meneer, daar is wel e-pos van België. Sal ek dit vir u aanstuur?"

"Asseblief. Ek wil nou met ambassadeur Moal praat en dan die minister en dan geen verdere oproepe nie. En ek wil nie saam met die Spaanse ambassadeur gaan eet nie, so los

University of Cape Town

maar daardie bespreking by die restaurant. Hy wil tog ook net oor die verkoop van korvette praat en ek is moeg vir die storie. Laat hom hiernatoe kom."

Ruben is nuuskierig om te lees wat Justine geskryf het. Hul saamwees in België bly in sy gedagtes en hy mis haar steeds meer. Hy weet wat sy beste vriend en gholfmaat vir hom sal sê. Gaan klim in die bed, neem 'n pilletjie en wag tot dit oorgaan, of jy skep vir jouself groot probleme. Dit is egter maklik om te sê as jy op die kantlyn staan en vir Ruben moeilik om die situasie so simplisties aan te spreek. Hy is nuuskierig om te sien wat Justine geskryf het, asof dit hom sal help om 'n antwoord in sy verwarde gemoed te kry.

Op sy rekenaarskerm sien hy tussen die talle e-pos boodskappe pos van "goldilocks." Hy glimlag en maak die e-pos oop.

From: "goldilocks"

To: Ruben Meyer

Subject: Such a perfect day

'tIs zo 'n mooie dag dat ik je er deelgenoot van moet maken. De hemel is helderblauw en de zon schijnt al van deze morgen door de open ramen in de woonkamer. Je weet hoe mooi Gent kan zijn onder een stralende hemel. Vanuit mijn raam zie ik de Sint-Niklaaskerk, hoor ik de stadsgeluiden en de vogeltjes. Idyllisch, nee? Lees dit maar gerust als een doelbewuste poging je verliefdheid voor Gent aan te wakkeren.

Ik heb deze nacht naar een foto gezocht, ik stuur hem deze middag op. Volgens mijn berekeningen zal hij binnen drie weken op je bureau liggen. Drie weken: net kort genoeg om het niet te vergeten en net lang genoeg om toch op een ochtend (aangenaam of niet) verrast te worden.

University of Cape Town

Je hebt me een moeilijke opdracht gegeven door me als eerste te laten schrijven. Wat moet ik je vertellen? Dat ik al vier dagen zóó verliefd rondloop, dat ik loop te zingen in de straten, dat ik je wil voelen en ruiken en proeven en horen? Dat ik er naar verlang om vel tegen vel tegen jou aan in slaap te vallen en dat ik warm krijg als ik aan je denk?

Of moet ik je vertellen dat ik me al vier dagen afvraag of ik me niet beter zou beschermen tegen mogelijk ongeluk? En hoeveel geluk kan een mens verwachten als je de feiten bekijkt: je bent getrouwd, je hebt kinderen en je woont op de koop toe duisend miljoen mijlen ver weg. En bovendien: hoe kon ik nu zo naïef zijn door te denken dat jullie misschien niet officieel maar dan tenminste toch van tafel en alsjeblieft God ook van bed gescheiden waren? Luister ik niet beter naar Schoppenhauer, zou ik niet beter alles wat lijden in de hand zou kunnen werken ontvluchten en gevaarlijke situaties mijden?

Schoppenhauer was waarschijnlijk een koude kikker en het is bij deze trouwens bewezen dat hij nooit verliefd is geweest. Anders zou hij geweten hebben dat je die keuze om gevaar te vermijden eigenlijk niet hebt bij liefde. Denk je dat hij zou geweten hebben dat liefde angst overwint?

Ik wil trouwens niet iemand zijn die z'n leven niet ten volle leeft uit schrik voor wat daar de consequenties van zouden kunnen zijn. Uiteindelijk is het toch altijd maar weer "Amor omnia vincit et nos cedamus Amori." Liefde overwint alles, laten wij ook voor de liefde zwichten.

Dikke zoenen

Justine

Ruben lees weer die laaste sin. Hy wens hy kan met haar praat, maar kan nie nou nie. Hy sal vanaand moet tyd maak en vir haar terugskryf. Nou eers terug na die realiteit.

"Juffrou Kemp, die Franse ambassadeur asseblief."

Ruben sit terug in sy stoel en dink wat hy vir Ambassadeur Moal moet sê. Hy weet dat die Franse uiteraard nie sal erken dat hulle enigsins betrokke is by die gepoogde staatsgreep in Togo nie, maar hy sal ten minste hopelik kan uitvind wie die rolspelers is en waarom die Suid-Afrikaanse diplomate aangehou word en die Franse nié.

"Good day, Ambassador. How are you today?"

Ambassadeur Moal se kortaf teruggroet klink redelik stroef, maar hy vra darem hoe dit gaan. Seker nog die gholf herinnering.

"In connection with Togo, I am very worried about the fact that our people are still being kept in a hotel against their will. Do you have any influence with the new leaders or suggestions on how we should deal with this matter? I believe that the French diplomats are free to move around as they please. What is going on up there?"

"Ruben, I have been trying to contact you, but you were in Brussels. We have a certain problem there. These so called rebels are not good news for anybody, but I have heard confidentially that they are particularly upset because your government apparently has been providing weapons to the military government in Lomé. Our sources say that your military intelligence guys even trained the soldiers and you are thus taking sides in an internal conflict."

Dit is asof die afstand wat die telefoon bied die Franse ambassadeur nog meer afstandelik maak.

"But Ambassador, we only supply weapons to legal goverments."

University of Cape Town

"My dear Ruben, I know. France also supplied them with weapons. But you know as well as I do that the Togolese government is not adhering to human rights agreements and there were many reports of intimidation and use of force by the government. These rebels have as their main objective to free their people from suppression. We have good information, but no control, not this time, over what might happen. We are of course ready to send in the Foreign Legion if necessary and are monitoring the airport, which is at present still closed. We have troops on standby in Libreville, but is is not necessary to panic yet."

Nie vir jou nie, bliksemse kikker. Dit is my mense wat aangehou word. Hy wonder wat Justine oor die Franse troepe op "standby" sou sê.

"But Ambassador, what about my diplomats? What if something happens to one of them? I want them freed immediately and I want France to use its influence over the rebels to persuade them to release our citizens. I have to report to my minister this morning and I want to know what steps the French government is planning to take in order to stabilize the situation. I demand an official response from your government."

"Calm down, Ruben. I will do my best. And I will keep you up to date on what is happening. Obviously we do not want any diplomats or foreign citizens harmed in any way."

Wanneer Ruben die gesprek beëindig en die gehoorstuk neersit, voel hy gefrustreerd. Hy vermoed dat die Franse goeie bande met die opposisie het en ook met Savinda kontak gehad het. Hy het self die verslag van Johan Castelyn gelees. Hy besef dat dit daar in tye soos hierdie 'n behoefte bestaan aan beter intelligensieverslae. Hy het nog nooit daarvan gehou dat nasionale en militêre intelligensie agente as diplomate geakkrediteer en by buitelandse missies geplaas word nie. Maar mens het hulle nodig in tye soos hierdie.

"Juffrou Kemp, kan ek nou met die minister praat as hy beskikbaar is?"



University of Cape Town

"Meneer Meyer, ek is jammer, maar daar het 'n dringende berig van die missie in Abidjan gekom. Die buitelandse assistent het half histeries die operasiekamer gebel. Volgens haar het hulle 'n e-pos boodskap van êrens in Togo ontvang wat sê dat hulle op Jakkie Retief geskiet het. Die omstandighede is besig om vinnig te versleg. Mense word blykbaar sommer op lukrake wyse in die strate geskiet as hulle nie by die aandklokreël hou nie. Ambassadeur Ntini en Richard Crowe is in Abidjan na 'n vergadering met Savinda, en is na 'n paar uur nog nie terug nie en het ook niks laat weet nie. Die missie vrees nou dat iets met hulle gebeur het."

"Is daar niks meer inligting nie? Bliksem. Nou begin dinge te ver gaan. Laat weet die Adjunk-direkteur-generaal by multilateraal dat ek dringend met die EU se ambassadeur samesprekings wil voer en ek moet die Franse ambassadeur vanmiddag om 13:00 hier in my kantoor hê. Genoeg is genoeg. En juffrou Kemp, ek sal die hoofdirekteur van menslike hulpbronne sien as ek terugkom. Ek gaan eers nou die minister brief. Hy het uiteindelik vir my tyd ingeruim. Laat weet vir Peggy ek is op pad."

Ruben moet uit die toringblok na Tuynhuis oorstap waar die minister van buitelandse sake 'n ander vergadering moes bywoon. Hy besluit om deur die Kompanjiestuine te stap en by die boonste ingang in te gaan. Daar is min tyd, maar hy het 'n behoefte aan oefening en vars lug.

Dit is amper middagete en Ruben kan sien dat talle mense die geleentheid gebruik om lafenis in die tuine te soek. 'n Groep Japannese toeriste is besig om foto's te neem van die parlement en Tuynhuis, tradisioneel die President se kantoor. Twee kinders hardloop skaterend agter duiwe aan wat te snoep en lui is om weg te vlieg.

University of Cape Town

Ruben moet vinnig stap en kyk met afguns na die mense wat rustig in vakansieklere ronddrentel en eekhorings voer. Al die rusbankies is beset, meestal deur haweloses en bergies. Party bedel of probeer gesels met die verbygangers, maar ander sit en eet of lees.

By die laaste bankie voor Ruben moet afdraai om by Tuynhuis uit te kom, sit 'n ou man met klaarblyklik al sy besittings in plastieksakke om hom gerangskik. Hy is verdiep in 'n boek, maar groet Ruben vriendelik in Afrikaans as hy by hom verbystap. Ruben groet terug, maar dan sien hy hoe die man frons as hy sy oë vestig op iemand agter Ruben. As hy omkyk, sien hy 'n bergie wat teen dieselfde spoed as hy loop.

Die man is gladgeskeer.

*

"So Ruben, you say we have a problem in West Africa. You know, this is what gives Africa a bad name. Just when you think democracy is gaining ground, there is another stupid coup d'état. What is happening in Togo? And what is this about Zola Ntini? Do you think she is also in trouble? A good woman, Zola."

Hy kyk fronsend na sy Direkteur-generaal. Ruben is gefrustreerd dat hy nou eers toegelaat word om die minister persoonlik in te lig oor die situasie in Togo. Hy het verskeie kere probeer afsprake maak om hom van die erns van die situasie bewus te maak, maar sonder sukses.

"Minister, we don't know anything about Ambassador Ntini yet. They may be at another unscheduled meeting, but our staff in Togo are being held hostage in a hotel in Lomé. Something has to be done before the situation deteriorates. Furthermore, an employee from

University of Cape Town

nature conservation has fled the rebels and is hiding somewhere in the bush in the game reserve area of Togo. He has a laptop computer with which he can inform us of his situation, but the battery is getting flat and he does not want to use it too much. It does not sound good and I want to recommend that we do something urgently to free our colleagues."

Minister Mabandla is nie iemand wat hou van moeilikheid nie. Hy hou daarvan as alles goed gaan en hy verbeterde betrekkinge of investeringsgeleenthede aan buitelanders kan verkoop, maar probleme is iets waarvan hy so min as moontlik wil weet. Gelukkig het hy tot nou die departement op sy eie laat fungeer en nie polities te veel ingemeng nie. Maar as daar probleme is, dan skuif minister Mabandla dit met graagte na die DG se kant toe.

"Ruben, I want you to investigate this matter personally. I don't care if it means you have to go the whole distance there yourself or if you have to go to the UN or whatever. I want you to know you have my full support to rescue our people. We have to show the world and Africa that we Africans can solve our own problems and we must set an example in dealing with such troubles. I count on you, Ruben."

Ruben het niks meer verwag nie, maar nou het hy die minister ten minste ingelig oor wat gebeur en moontlik kan gebeur, sou daar vrae in die parlement wees.

Hy is laat vir die volgende afspraak en besluit om deur die ondergrondse gang na die parlementskompleks te stap. Die gladgeskeerde bergie bly in sy gedagtes. Die man het met 'n onkenmerklike veerkragtigheid gestap.

Terug in sy kantoor wag Piet Botha, hoof van menslike hulpbronne en tot onlangs ambassadeur in Griekeland. Iedere keer as Botha verskyn, is daar weer 'n probleem met 'n diplomaat wat wil verplaas word of probleme met die uitplasingsprosedure of iets dergeliks het. Eintlik moet hy dit self uitsorteer.

University of Cape Town

Piet se gesig bevestig dat hierdie afspraak nie 'n verbetering of verandering op die reël inhou nie.

"Ja Piet, wat is dit hierdie keer? Ek het baie min tyd."

"Ruben, ek het gedink jy moet weet van hierdie saak sodat ons die regte besluit neem. Dis bietjie sensitief. Dis die jong bruin diplomaat wat ons nou onlangs Washington toe gestuur het. Paul Adams. Hy is op 'n vliegtuig op pad Chicago toe in hegtenis geneem vir dronkenskap en onsedelike aanranding. Hy het glo 'n lugwaardin in die kombuisarea van die vliegtuig gemolesteer. Hulle het hom aan 'n stoel vasgeboei en gearresteer met die landing. Aanvanklik wou hy nie sy identiteit bekend maak nie en wou 'n boete betaal, maar die Amerikaners het op identifikasie aangedring en na aanleiding van sy diplomatieke paspoort die aangeleentheid by ons ambassade in Washington aangemeld. Ambassadeur Rive was natuurlik uiters ontsteld en teleurgesteld en wil hê ons moet so gou as moontlik optree en 'n besluit oor Adams se toekoms neem."

"Bliksem. Ek het so gehoop die mannetjie gaan goeie werk doen in Amerika. En nou, op die eerste en beste geleentheid kan hy nie die lugwaardinne uitlos nie. Adams is kapabel en gooi 'n briljante diplomatieke loopbaan weg omdat hy nie sy voël in toom kan hou nie."

Ruben skud sy kop en sug diep. Hy het regtig gedink Paul Adams gaan dit maak.

"Maar as hy dronk was, is dit tot 'n mate 'n versagtende faktor wat ons in gedagte moet hou."

"Dis die enigste klagtes. Ek sal hom moet terugroep vir 'n dissiplinêre verhoor en dan moet besluit word wat verder met hom moet gebeur. As jy saamstem, Ruben?"

"Goed so. Ek wil self ook met hom praat en hoor wat die storie is. Laat hom in ieder geval onmiddellik terugkom. Dankie Piet. En Piet, sorg asseblief dat sy ouers voorlopig niks



University of Cape Town

hiervan hoor nie. Dit sal hulle breek. Was dit al in die Amerikaanse pers of het hulle dit stil gehou?"

"Nee, dis gelukkig nog stil. Hulle wou ook nie vir hom en Suid-Afrika onnodig in die verleentheid stel nie. Ek vrees egter dat die storie lelik opgeblaas kan word as een van die Suid-Afrikaanse koerante dit in die hande kry. Die feit dat hy nie-blank is, kan vir party weer rassistiese stereotipes bevestig en die verhaal sal met lus by braaivleisvure oorvertel word."

"Weet jy Piet, dit bly interessant hoe die pers dit geniet as diplomate een of ander misstap begaan en die stories aandik en dramatiseer. Hulle besef nie watter veranderinge so 'n jong diplomaat alles ondergaan en die druk waaraan hulle blootgestel word nie. Al wat die pers en die publiek sien, is die blink kar en klere en daarvoor moet hy boet as hy die slag toon dat hy ook mens is. Maar ons praat weer. Dankie dat jy tog maar eers vir my kom inlig het. Ek moet nou dringend ons mense uit Togo probeer red. Daar is reeds geskiet op van die mense en nou lyk dit of Ambassadeur Ntini en Richard Crowe in Côte d'Ivoire vermis word. Sy het 'n rebelleleier gaan ontmoet om oor die bevryding van die diplomate in Togo te onderhandel en nou is hulle skoonveld. Ek sal miskien soontoe moet vlieg en gaan kyk wat gedoen kan word."

Ruben se oë soek op die groot wêreldkaart. Hy vind die Wes-Afrikaanse kus en vestig sy blik op Lomé, die hoofstad van die smal voormalige Franse kolonie. Hy wonder hoeveel die media al oor die nuwe ontwikkelinge weet en geskryf het.

As hy saam met Piet uit sy kantoor stap, vra hy die sekretaresse vir die nuutste opsomming van die daaglikse nuusbulletins. Hy blaai vinnig deur die dnb's. Die opsomming vermeld die gevangehouding van diplomate in Togo, maar daar is niks oor Paul Adams nie.

University of Cape Town

Lomé

Dit is vir Johan Castelyn inderdaad baie voordelig om op hierdie tydstip in die geskiedenis van Suid-Afrika 'n beampte van die buitelandse diens te wees. Hy voel goed terwyl hy op sy rug lê en kyk na die pragtige jong meisie langs hom. Wat mens nie alles vir jou land moet doen nie!

Hy dink terug aan die vreemde situasies waarin hy hom al bevind het. As jong diplomaat in Brussel moes hy politieke groeperinge van alle spektrums monitor. Hy moes een dag Suid-Afrika by so 'n kultuurdag, wat 'n onverbloemde byeenkoms van nasionalisties gesinde Flamingante was, verteenwoordig. Daar was onder meer kore en allerlei dramatiese voorstellings en vlagswaaiers en marsmusiek wat Johan aan sy kinderdae as Voortrekker herinner het.

Tydens die apartheidsjare was die ambassadepersoneel besonder gewild onder die regse kultuur-en politieke groeperinge in België, en dit was Johan se taak om dié dag nie alleen Suid-Afrika amptelik te verteenwoordig nie, maar om 'n besluit te neem oor toekomstige deelname aan soortgelyke geleenthede. Suid-Afrika was in 'n oorgangsfase op pad na 'n demokratiese verkiesing en het op dié stadium reeds weggedoen met die oranje, blanje, blou vlag van 1961 en die ou nasionale lied, Die Stem van Suid-Afrika. Dis in Johan se oë 'n statige stuk musiek met mooi woorde van die digter CJ Langenhoven, maar beslis die nasionale lied van die blankes en nie al die inwoners van Suid-Afrika nie.

In die Antwerpse sportpaleis het daar 13 000 ordelike en opgewonde Vlaminge vergader en saam sit en sing. 'n Groot orkes het begelei en lief soos hy is vir musiek, het Johan begin saamsing waar hy tussen die hoogwaardigheidsbekleërs gesit het. Die feit dat daar geen



University of Cape Town

diplomate van ander lande te siene was nie, het hom van die begin af gehinder en ietwat ongemaklik laat voel. Op dié stadium was hy egter nog onder die indruk van die goeie organisasie en die uitstekende klankstelsel. Bekende Vlaamse radio en TV-aanbieders het die compère werk gedoen. Die TV kameras het die singende publiek en bekendes uitgesoek en lewendig uitgesaai op een van die Vlaamse kanale. Terselfdertyd is dit op 'n groot TV-skerm vir die aanwesiges vertoon.

Skielik het die musiek vir hom bekend geklink en jou werklikwaar, daar sing die hele skare lustig in Afrikaans saam aan "Bobbejaan klim die berg."

Johan het verbaas rondgekyk en gesien dat van die Vlaminge wat wis dat hy 'n Suid-Afrikaanse diplomaat is, glimlaggend na hom staan en kyk. Toe hy hom kon kry en begin saamsing, sien hy homself op die groot TV monitor en begin wonder of hy darem sy hare goed gekam het.

"Bobbejaan klim die berg, so hastig en so lastig, bobbejaan klim die berg, so hastig en so lastig, bobbejaan klim die berg om die boere te vererg, hoera vir die jollie bobbejaan..."

Dit het vir hom gevoel asof die hele skare en die hele Vlaandere vir hom kyk.

Na nog ander Afrikaanse liedere soos "Boereplaas" wat soos "Boereplas" geklink het met die Antwerpse aksent en "Sarie Marais", uitgespreek soos in die Frans, het die 13 000 mense na 'n aankondiging opgestaan vir die sing van drie volksliedere. Eers was daar die Het Wilhelmus van Nassaue, en die Vlaminge het maar traag en teësinnig aan die Nederlandse volkslied gesing. En toe volg De Vlaamse Leeuw, dié simbool van Vlaamse nasionalisme, waartydens die 13 000 kele gesing het asof hul lewens daarvan afhang.

Met al die vlae en uniforms en die fokus op die jeug en die oordrewe orde en dissipline het die gevoel van ongemak by Johan steeds gegroei. Daar was 'n atmosfeer wat hom laat dink

University of Cape Town

het aan Nazi jeugsaamtrekke wat hy al in films gesien het. Hy het reeds heelwat gelees oor die sterk simpatie wat daar in Vlaandere voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog vir die Duitse derde ryk was, en dat 'n groot deel van die Vlaamse bevolking samewerking met die Duitsers as 'n sekere pad na hul eie onafhanklike Vlaamse staat gesien het. Die hantering tydens en na die oorlog van kollaborateurs het steeds diep wonde in die harte van talle Vlaamse gesinne gelaat.

Johan het mooi op aandag gestaan tydens die sing van die volksliedere. In die opvoeding wat hy in 'n blanke Suid-Afrika gekry het, was die volkslied iets waarop jy trots moet wees en soos 'n bliksoldaatjie op aandag staan as jy dit sing. Toe die Vlaamse orkes dus skielik die ou Suid-Afrikaanse volkslied begin speel en die skare van 13 000 uit volle bors en met totale oorgawe begin saamsing, het 'n mengelmoes van emosies deur hom gegaan.

"Uit die blou van onse hemel, uit die dieptes van ons see..."

Met die televisiekameras op hom gefokus het hy gevoel soos 'n rugbyspeler wat voor 'n groot rugbytoets nog nie die woorde van die land se nuwe volkslied, Nkosi Sikelel' iAfrika, ken nie. Hier staan die wit Suid-Afrikaanse diplomaat en verteenwoordiger van sy land wat netnou so lekker "Bobbejaan klim die berg" gesing het, nou met styf geklemde kake en tuur diplomaties voor hom in die lens van die TV kamera. So het die teenwoordiges en al die Vlaminge wat moeite gedoen het om na die "Nationale Zangfeest" op TV te kyk, gesien dat die diplomaat uit Suid-Afrika nie wou saamsing nie. Dit was vir Johan die draaipunt en sedert dié dag het die ambassade op sy aanbeveling aktief alle bande met enigsins regsruikende organisasies begin verbreek. Dit was vir hom skokkend om te sien hoeveel geld die blanke regering in die voorafgaande jare uitgegee het juis om hierdie regse sentimente in Vlaandere te kultiveer en kulturele bande te probeer vestig en bevestig.

University of Cape Town

‘n Behaaglike glimlag spoel oor Johan se gesig as hy dink aan wat die vorige nag gebeur het. Nie alleen het sy plan om tydelik uit die hotel te ontsnap gewerk nie, maar sy missie om na Pretoria en Abidjan te bel, was suksesvol. Hy lag homself dood as hy dalk nog as iets soos diplomaat van die jaar aangewys word wanneer kollegas in die Uniegebou van sy heldhaftige optrede te hore kom. Daar mag probleme met amptelike kommunikasie in die departement wees, maar die grapevine is besonder vinnig en met so ‘n klomp hiperintelligente wesens wat opgelei is om inligting te monitor en te bekom, weet almal onmiddellik as daar so iets nuuswaardig met ‘n kollega gebeur.

Hy het sy Land Rover gered deur dit naby die see weg te steek en hy dink daaraan om die voertuig op een of ander manier binne die hotel se gronde te kry. Daar is niks wat ‘n klompie dollars nie kan regkry in so ‘n arm land nie. Johan stut hom op een elmboog om oor die balkon se muurtjie te kyk en hy sien dit is steeds reënerig. Oor die see hang daar groot donderwolke.

Net ‘n paar uur vroeër het hy vir sy lewe gevlug langs die einste stuk strand af. Hy kyk na die uitgestrekte meisie langs hom. Sy lê op haar rug en het die lakens van haar afgestoot. Hy droom al so lank dat so iemand die lewe hier in Togo kom opvrolik en hier lê die beliggaming van sy droom in sy bed. Johan kyk na haar gesonde, bruingebrande vel. Iemand wat gereeld sonder ‘n bostuk die son geniet. Een van die byvoordele vir vlugpersoneel en uitgehongerde diplomate, dink hy met ‘n glimlag.

Johan weet adrenalien is ‘n goeie afrodisikum en hy het maande se ingehoue seksuele energie gehad om te verbrand, maar hy het nie gedink die bruinoog Karien sou so ywerig byhou en selfs die leiding neem nie. Dit is die eerste keer in sy lewe dat hy ervaar dat iemand seks so openlik en natuurlik kan bedryf en geniet. Daar was geen teken van skuldgevoelens of



University of Cape Town

skaamte nie, en haar luide aanmoediging om hom tot 'n klimaks te bring, het nie alleen daarvoor gesorg dat hy in die loop van die nag drie ongelooflike orgasmes ervaar het nie, maar Karien het so geraas in haar pogings tot volkome bevrediging dat mense in die kamer langsaan teen die muur geklop het en hul ontevredenheid laat blyk het.

Vir Johan was dit 'n ongelooflike ervaring. Hy het nog net gehoor van screamers en dit altyd negatief vertolk, maar so is mens nooit te oud om te leer nie. Dit is syns insiens 'n kombinasie van sy besondere goedbedeeldheid en uitstekende tegniek wat haar so laat reageer het. Hy twyfel nie daaraan dat dit "the real thing" was nie. Hy weet wanneer 'n vrou toneelspeel. Johan hoop dis die eerste van nog baie sulke ervarings en glimlag nog breër as hy trots na homself kyk. Dit verbaas hom nie dat selfs in haar slaap daar 'n glimlag op Karien se lippe is nie.

En dan is daar mense wat tevrede is met 'n saai, gelykmatige lewe waar seks 'n paar minute van vroetel in die donker is. Terwyl hy na haar kyk, word hy skielik deur intense gevoelens van twyfel en jaloesie oorval. Wat as sy dié tipe ervaring in elke nuwe stad en met talle ander mans deel en hy maar net nog 'n kepie op haar kerfstok is? Dit hinder hom nou as hy daaraan dink dat sy in die nag, te midde van hul passie, skielik opgespring en 'n pakkie kondome uit haar reistas gehaal het. Dit kan beteken dat hy maar net nog een in 'n lang ry is. Dit pla Johan so erg dat hy amper paniekerig raak. Daar mag nie ander mans wees nie. Hy moet met haar praat.

Hy skrik as die telefoon langs die bed begin lui. Karien word wakker en rek haar behaaglik uit. Sy gee vir hom 'n mooi glimlag, draai op haar sy en tel vaak die gehoorbuis op.

"Pardon madame, are you madame Van Nimwegen?"

"Yes, speaking."

University of Cape Town

"Excusez-moi madame, but you know perhaps where is monsieur Castelyn, le diplomat Sud-Africain?"

Karien moet vinnig dink. Sy weet dat sy Johan se alibi is, maar hoe weet die hotelpersoneel, en dus die soldate ook, dat hy hier by haar is? Sy wil nou ook nie hê dat die hele hotel moet weet dat hulle die nag saam deurgebring het nie. Steeds sê sy niks.

"...Eh, madame..."

"Monsieur, just a moment..."

Sy kyk na Johan en probeer beduie en uitvind wat sy moet antwoord. Johan wys met sy hande dat sy moet sê dat hy wel daar is. Hy gee nie om as die hele wêreld weet van sy nag van passie nie. In elk geval was dit hul ooreenkoms dat sy sal volhou dat hy die hele nag daar was.

"Is monsieur Castelyn with you?"

"He is here, but is still sleeping."

"Merci madame. Tell him Monsieur Birouma a telephoné. C'est très urgent."

"I will tell him."

Sy kan hoor dat hy haar nie glo nie en steeds nie die gehoorbuis wil neersit nie. Terwyl sy met die hotelbestuurder praat, vlei Johan hom teen haar rug en begin haar borste liefkoos. Sy het steeds die gehoorbuis by haar mond en haar asemhaling versnel so hard en hoorbaar dat die man aan die anderkant kan aflei wat aan die gang is.

"I call back later, madame."

Johan en Karien het opnuut begin liefde maak en enkele minute later kon die bure in die omliggende kamers wat vas deur die nag geslaap het, hoor hoe die twee saam 'n klimaks bereik. Toe hulle uitgeput en natgesweet langs mekaar op die bed teruglê, het Johan geweet dat hy nie net groot gescore het nie, maar dat sy alibi inderdaad waterdig is.

University of Cape Town

*

*I can report that there is a diamond link between the rebels in Togo and agents from either South Africa or the CIA. The connection between South African mercenaries and diamond dealers are known, but difficult to prove. Their involvement in various African countries is being investigated, but they claim they are only protecting strategic installations and mines on the request of governments.*

*An interesting development is that De Beers again spoke out against dealing in "blood" diamonds. They want to introduce an international electronic registry designed to certify all exported, uncut diamonds. It remains to be seen if this will end illegal trading. SA still provides 70% of all uncut diamonds.*

*As agreed, I am at present monitoring an SA agent with possible CIA links. Will report as soon as possible.*

University of Cape Town

## Hoofstuk 7

## Washington DC

Deur sy kantoorvenster kan Paul Adams die verkeer in Massuchusettes Drive sien. Hy sit en kyk by die venster uit, maar eintlik sien hy niks nie. Die ambassadeur gaan hom nou enige oomblik laat roep en die ontmoeting gaan beslis die einde van sy diplomatieke loopbaan beteken. Hy voel senuweeagtig. Hy probeer om die verslag oor die toerismekonferensie so goed moontlik te voltooi, maar hy kan nie regtig konsentreer nie.

Nadat die polisie al sy besonderhede op die lughawe in Chicago geneem het, het hulle na die ambassade geskakel en na 'n gesprek met Ambassadeur Rive het hulle hom in kennis gestel dat hy vrygelaat word op sy eie en die ambassade se verantwoordelikheid. Hy kon selfs die toerismekonferensie bywoon. Die enigste voorwaarde was dat hy op die bespreekte retoerkaartjie moes terugvlieg Washington toe. Paul was steeds so oorweldig en geskok deur wat gebeur het, dat hy alles net sprakeloos staan en aanhoor het. Hy was so verdwaas dat hulle vir hom 'n taxi moes bel om hom na sy hotel te vervoer. Eers na 'n paar uur in sy hotel het hy die volle implikasies van sy optrede besef en in 'n staat van paniek verval. Hy had 'n intense behoefte om met iemand soos sy pa te gesels. Hy wou by iemand om vergiffenis pleit sodat die voorval met 'n groot uitveër uitgewis kan word. As hy maar net 'n goeie pakslae kon kry en met 'n skoon rekord sy lewe kon voortsit.

Paul het nog nooit in sy lewe so eensaam en alleen gevoel nie. Voor die insident het alles moontlik gelyk. Hy kon op water loop; nou is hy plat teen die grond. Eers teen die aand kon hy saam met ander konferensiegangers op 'n besoek aan enkele van Chicago se besienswaardighede vertrek en het hy vir die eerste keer weer kop opgetel en begin beter voel.

University of Cape Town

Bo in die Sears Tower met sy uitsig oor die Michiganmeer en met die Amerikaanse gids wat op irriterende wyse vertel hoe alles in Chicago groter en beter is as enige ander plek in die wêreld, het Paul vir die eerste keer weer moed begin kry vir die toekoms. Miskien gee hulle hom net 'n waarskuwing vir sy swak gedrag op die vliegtuig. Miskien lê die lugdiens geen klag nie.

Die volgende dag het hy die konferensie bygewoon en sorgvuldig notas geneem vir die verslag wat hy moes skryf. Die tweede dag was Sondag en Paul had 'n intense begeerte om by die huis te wees en saam met sy ouers kerk toe te gaan. Om saam met al sy familie en bekendes te kan sing uit die ou Halleluja sangboek en veilig te voel in die geborgenheid van sy gesin. Net voor hy na Amerika vertrek het, het hy sy mense in die Ceres omgewing gaan groet. Dit was vir hom 'n bittersoet ervaring, hartseer aan die een kant om van sy mense afskeid te neem, maar ook gloeiend van opwinding oor die nuwe wêreld wat voorlê. Hy het met 'n vriend se motor van Kaapstad af gery, eers deur die Paarl en toe oor Wellington. Net voor Ceres het hy eers in Mitchell's pas stilgehou en afgekyk oor die klipperige rante en die skilderagtige Ceres vallei.

Hy het onthou hoe sy pa vertel het hoe hy en sy ma as jong verliefdes onverhoeds deur 'n goederetrein in die treintonnel betrap is. Hy het vertel hoe hulle mekaar styf vasgehou het en met toe oë teen die kant van die donker berg vasgedruk vir die einde staan en wag het. Sy ma het vertel dat hulle bereid was om so te sterf. Hy kan nie 'n groter liefde vir mekaar voorstel as wat sy pa en ma vir mekaar het nie. Hy sal so graag ook so 'n verhouding eendag met 'n vrou wil hê, maar nou sit hy klaar met 'n swart merk agter sy naam.

Die taxibestuurder het Paul die Sondagoggend voor een van Chicago se groot Metodiste kerke afgelaai. Die atmosfeer het hom laat tuisvoel en die klank van die pyporrel het

University of Cape Town

'n warm gevoel oor hom laat spoel. Dit was heerlik om weer die Charles Wesley liedere te sing en dit het hom nog meer laat verlang na sy huis. Hy het tydens die diens teruggedink aan hoe hulle op die plaas by Rocklands as kinders saam met die Van der Merwe kinders gespeel het. Agter die opstal op Rocklands is daar 'n klipkoppie waar hulle ure saam deurgebring het. Een van die speletjies het bestaan uit twee spanne opmaak, elke lid van die span gewapen met net vyf akkers. Een span het 'n skat êrens op die koppie bewaak en die ander span moes die skat vind en afneem. As 'n akker jou getref het, was jy dood en moes jy jou oorblywende "koeëls" afstaan. Dan kon jy verder net kyk en mog niks sê of wys waar van die ander dalk skuil nie.

Hier het hy geleer om so stil soos 'n muis te beweeg en tot amper bo-op die "vyand" te vorder voordat die doodskoot met die akker toegedien is. As die een span dan finaal verslaan is en die skat gevind is, het hulle saam piekniek gehou of sommer die peerboorde ingevaar en hulle trommeldik geëet. Met die spelery in die koppies was daar geen sprake van 'n kleurbewustheid nie. Hulle was net kinders wat sorgvry saamgespeel het.

Wintertyd het die bruin kinders dikwels saam met die Van der Merwes in die groot kombuis voor die ou Dover stoof gesit en stories luister. Hy onthou hoe Frans van der Merwe vertel het van die slawetyd en die slaweopstand op die plaas. Dit was vir hom altyd interessant om te dink dat sy voorouers regtig slawe was wat aan die boere behoort het en hy en Kleinfrans het mekaar dikwels daaroor gespot en grappies gemaak. Hoe het die wêreld nie verander nie? Kleinfrans het nog op Rocklands gebore en Paul se familie woon steeds in klein huisies op die plaas, maar ten minste het hulle nou gelyke status en het hulle op stemdag in 1994 almal in dieselfde ry voor die stadsaal in Ceres gestaan.

Paul het min van die kerkdiens ingeneem, maar wel deeglik bestek van sy kort lewe geneem. Na die diens het hy vernuwe gevoel en hom voorgeneem om nooit weer iets te doen



University of Cape Town

waaroor hy so skaam kan voel nie. Hy hoop net sy ouers hoor nooit van die gebeure op die vliegtuig nie.

'n Harde klop aan die kantoordeur onderbreek sy gedagtegang.

"Paul, is jy daar? Die ambassadeur soek jou."

Dit is die ambassadeur se sekretaresse. Paul voel soos 'n krimineel op pad selle toe as hy in die gang afstap. In die groot kantoor staan die ambassadeur agter sy lessenaar as Paul binnestap. Daar is nie hierdie keer 'n teken van 'n tegemoetkomende glimlag nie en hy wys vir Paul waar om te sit. Paul merk die frons op Ambassadeur Rive se voorkop en hy weet dat hy nie lig gaan afkom van sy misstap nie.

Die ambassadeur se skouers is geboë. Hy leun met sy hande op die lessenaar en vermy oogkontak. Dan stap hy na Paul toe en gaan sit teenoor hom.

"Paul, laat ek eerste vir jou dit sê, ek is diep teleurgesteld deur jou optrede. Hoe is dit dan dat ons jong diplomate so optree sodra hulle in 'n verantwoordelike posisie geplaas word? Weet jy wat Die Burger en Rapport gaan skryf as ons die saak nie kan dighou nie? Daar was klaar dreigemente van passasiers dat hulle self na die pers sal gaan as jy nie soos ander oortreders gestraf word nie."

Ambassadeur Rive sit op die rand van die gemakstoel. Hy het 'n gepynigde uitdrukking op sy gesig, maar Paul is nie seker of die ambassadeur se seer rug die oorsaak is nie.

"Ambassadeur, ek is jammer. Ek het nie geweet die drank sou my so kwaai beïnvloed nie en het later nie meer getel hoeveel ek drink nie."

Paul kan nie die ambassadeur in die oë kyk nie.

"Maar my magtig, Paul, jou opdrag was nie om te gaan suip nie! Watse voorbeeld en rolmodel is dit nou vir ons jongmense as jy op jou eerste missie 'n lugwaardin bespring!"

University of Cape Town

Ambassadeur Rive se stem styg tot 'n skril toonhoogte. Dit is vir Paul duidelik dat die man woedend en baie teleurgesteld is.

"Paul, ek doen dit met 'n seer hart, maar ek het aanbeveel dat jy teruggestuur word Pretoria toe vir 'n tugverhoor. Afhangende van wat die tugkomitee bevind, sal ek vra dat jy weer terugkeer Washington toe, maar ek verwag dat jy vir my 'n persoonlike onderneming gee dat so iets nooit weer sal gebeur nie."

Paul sien die motors blink buite die venster. Hy dink aan sy pa en ma in die treintonnel. Dan slaag hy daarin om na die ambassadeur te kyk.

"Absoluut Ambassadeur. Op my heilige erewoord, ambassadeur. Nooit ooit weer nie. U sal nog trots wees op my. En ek wil weer om verskoning vra, Ambassadeur, ek sal nooit weer so iets doen nie."

Ambassadeur Rive stap na Paul toe en terwyl hy hom stip in die oë kyk, steek hy sy hand uit.

"Paul, ek glo jou. Ek hoop dat dit sal goed gaan. Jy kan jou kaartjie by die sekretaresse kry. Jy vertrek Woensdag."

As Paul uitstap en die groot koper deurknop agter hom toetrek, moet hy veg om die trane te keer. Hy probeer die knop in sy keel wegsluk en stap vinnig by die sekretaresse verby. Hy sal die kaartjie later kom haal.

University of Cape Town

Kaapstad

BRUIN SA DIPLOMAAT MAAK AMOK OP VSA VLUG

(EIE BERIGGEWER)

KAAPSTAD.- 'n Jong Suid-Afrikaanse diplomaat wat as derde sekretaris by die ambassade in Washington werk, het onlangs amok gemaak op 'n vlug tussen Washington en Chicago. Volgens ons beriggewer in Washington het mnr Paul Adams, wat maar enkele weke nog in Amerika is, hom op die binnelandse vlug aan drank vergryp en 'n blanke lugwaardin seksueel molesteer. Volgens ander passasiers op die vlug is hy na die voorval aan sy sitplek vasgeketting en na die landing in Chicago deur lughawe-owerhede gearresteer. Dit is onbekend of mnr Adams hom op diplomatieke immuniteit beroep het, maar hy het wel vir drie dae 'n toerismekonferensie in Chicago op staatskoste bygewoon.

Die aangeleentheid word deur die ambassade in Washington ondersoek en 'n woordvoerder by buitelandse sake wou geen kommentaar lewer nie. Volgens 'n oud-diplomaat is die kanse goed dat mnr Adams teruggeroep sal word vir 'n interne tugverhoor sodat oor sy toekoms besluit kan word.

*

Ruben gooi die koerant so hard op sy lessenaar neer dat die teelepel rinkel in sy oggend koppie koffie. Bliksem! Hy kon verwag het dat die pers die saak sou dramatiseer en iets sensasioneels daarvan maak. Dit sal nou nie meer help om met die hoofredakteur te praat nie.

University of Cape Town

Hy kon geweet het die storie sal een of ander tyd uitkom. Hy wil by wees by die tugverhoor en besluit om met Piet Botha te praat. Hy het planne vir Paul Adams.

Ruben is nog meer ontsteld oor wat hy in die Engelse dagblad gelees het. Dis tyd om 'n ernstige gesprek met sy kollega by Militêre Inligting te voer. Volgens die beriggewing word wapens deur Suid-Afrika in Afrika verkoop met die bewering dat betaling in diamante gedoen word. Dit sal nie alleen totaal onwettig wees nie, maar kan 'n politieke krisis tot gevolg hê afhangende van wie almal betrokke is en kennis daarvan dra. Wat as dit in Togo ook aan die gang is? Hy moes dit kon voorspel het. Hy moet die regte inligting bekom om hom in staat te stel om die regte besluite te neem.

Volgens die verslaggewer is daar bewyse van omkopery en bedrog en word beweer dat die betaling met diamante een van die hoofredes is waarom die burgeroorloë in Angola en die Kongo steeds voortduur. Daar word ook verwys na die betrokkenheid van Suid-Afrikaanse huursoldate in verskeie konflikte in Afrika.

Wat help dit een arm van die staat doen sy bes om 'n voorbeeld te stel deur 'n grondwet sonder weerga en die ondertekening van allerlei internasionale konvensies en ooreenkomste, en jou eie mense ondergrawe dit? Sou Krygkor of MI werklik steeds wapens aan onwettige regerings verkoop, selfs ná die kabinet besluit het om geen wapens aan militêre diktature te lewer nie?

Dit herinner Ruben aan die apartheidsjare toe die militêre- en veiligheidsdienste die septer geswaai het en die hele staat oorheers en lamgelê is deur die sekurokrate wat teen die "totale aanslag" van kommunisme ingerig was. Dit was wel die tyd voor die Sowjetunie en kommunisme tot 'n val gekom het en daar was op 'n stadium oor 'n honderdduisend Kubaanse soldate in Angola, maar die apartheidsregering het die eintlike probleem, naamlik die

University of Cape Town

onderdrukking van sy eie mense, onder dié dekmantel van 'n stryd teen kommunisme weggesteek. Vir Ruben bly die vreemdste aspek van hierdie jare, met die voordeel van terugskouend kyk, dat die oorgrote meerderheid blankes die regering ondersteun het en geglo het in die styd teen internasionale kommunisme, eerder as om die interne probleme van Suid-Afrika raak te sien, of te wou raaksien.

Vandag is daar baie min blankes wat erken dat hulle ooit apartheid gesteun het, maar tog is dit die beleid wat vir veertig jaar die land en alles en almal daarin op alle vlakke van die samelewing oorheers het. Hoeveel mense het nie onnodig gesterf en gely onder hierdie beleid nie? Hoeveel tyd en geld is nie vermors in die verdeling en bevestiging van verskille tussen die land se inwoners nie?

Ruben wil nie sien dat die regering dieselfde pad loop as die onwettige apartheidsregering en soveel militêre en ander piesangrepublieke nie. Hy moet uitvind watter rol sy eie land se geheime en militêre dienste speel. Kan dit wees dat geld en korttermynvoordele vir mense so belangrik is dat hulle bereid is om Afrika doelbewus te destabiliseer?

Die son het agter Leeukop gesak en die meeste staatsamptenare is reeds huis toe as Ruben moeg voor sy rekenaar gaan sit. Hy had so 'n dol dag dat hy nie tyd gekry het om vir Justine iets op e-pos terug te stuur nie. Eintlik wil hy met haar praat, maar is bang en versigtig vir wat hy mag sê. Hy het nog soveel om te verwerk en hul verhouding het so vinnig en onverwags gevorder dat hy totaal verward is. Hoe is dit moontlik dat iemand op hierdie stadium van sy lewe kan binnestap en alles omvergooi? Hy het nie gesoek na so iets nie, maar dié jong vrou het hom totaal oorweldig en vir die eerste keer in sy volwasse lewe totaal van stryk gebring. Is dit haar andersheid as Marié en ander Suid-Afrikaanse vroue? Is dit haar jeug

University of Cape Town

en die varsheid en entoesiasme waarmee sy na die wêreld kyk? Is dit die eksotisme van 'n vreemde taal en kultuur, maar tog die bekendheid en lekkerte van gedeelde passies en voorliefdes vir letterkunde en musiek, of is hy maar net nog 'n middeljarige man wie se ego gestreel word deur die feit dat 'n mooi jong vrou in hom belangstel?

Ruben wil glo dat dit nie die geval is nie. Boonop is hy verby die stadium dat elke mooi vrou sy kop laat draai. Justine is anders en besonders anders. Hy het 'n intense behoefte om alles wat hy beleef vir haar te vertel en met haar te deel, selfs al is sy duisende kilometer ver. Hy voel reeds aan dat hulle ten spyte van die afstand en fisiese verwydering nader aan mekaar is as wat hy en Marié ooit was. Hoe verwerk mens sulke gevoelens? Hy kan met niemand daaroor praat nie, minste van almal op hierdie stadium, met Marié. En sê nou dis maar net 'n tydelike verliefdheid van sy of Justine se kant? Moet mens jou huwelik en sekuriteit en jare se belegging in en kultivering van 'n verhouding op die spel plaas?

Ruben stap na sy drankkabinet en gooi vir hom 'n glas whiskey in. Hy gaan staan by die venster en kyk oor Kaapstad se ligte. In die hawe lê 'n groot passasierskip met al sy liggies aan. Hy neem nog 'n groot sluk en gaan sit by die rekenaar. In sy lessenaarlaai vind hy na 'n doelgerigte soektog tussen 'n klomp gunsteling CD's die Elia van Mendelssohn en glip dit in die rekenaar se CD-speler. Elly Ameling. Sy sing nie alleen die engel in die Elia nie, maar vir Ruben is daar nie 'n belewenis wat hom nader aan die hemel laat voel as haar sopraanstem nie. As die musiek die kamer vul, begin hy te tik.

From: Ruben Meyer

To : "goldilocks"

Subject: Groete uit Kaapstad

Wat ‘n plesier om pos van jou te ontvang. Dit het voorwaar my dag opgehelder. Dit gaan relatief goed hier in donker Afrika, maar daar is steeds meer probleme in Wes-Afrika waarmee ek jou nie wil bemoei nie, veral in die lig van die feit dat jy ‘n snoopy joernalis is.

Ek het jou skrywe met ‘n mate van “trepidation”gelees, maar is baie bly dat jy soos ek dink en voel oor wat met ons aan die gebeur is. Jy is vir my ‘n inspirasie en ek wil nie hê dat jy ooit pessimisties of sinies sal raak soos die uwe nie. Sedert jou besoek aan die Kaap leef daar ‘n deeltjie van jou hier voort en ek sou wou dat meer van die Kaap in jou voortbestaan.

Terselfdertyd mis ek Gent en sy historiese straatjies en pleine en om saam met jou te kan ronddwaal. Ek geniet jou humorsin en woordkeuse, maar wonder of ek altyd die nuanses van jou Nederlands werklik goed verstaan. Nederlands is vir my ‘n pragtige taal, amper so mooi soos Afrikaans. Dit was vir my lekker om met jou te gesels oor jou lewe in België en jy moet asseblief meer daaroor skryf.

Onthou jy ons Carpe Diem gesprek in die restaurant? Ek kan nie nou langer skryf nie, maar weet dat ek gedurig aan jou dink ten spyte van allerlei struikelblokke en harde realiteite. Intussen gee die afstand tussen ons vir beide die geleentheid om goed na te dink oor wat besig is om tussen ons te gebeur. Dink mooi en skryf asseblief. Ek mis jou.

Ruben

As hy die brief verstuur het, stap hy weer na die drankkabinet. Hy skink vir hom nog ‘n glas whiskey en gaan sit in een van die gemakstoele. Vreemd hoe stil die Kaap se middestad

University of Cape Town

raak dié tyd van die aand. Hy het die afgelope dae min tyd gekry om oor homself en die toekoms te dink. Hy wens hy kan sy denke orden en sekerheid oor sy gevoelens kry. Dit pla hom dat hy nie meer gereeld by sy kinders kan wees nie. Hoekom leef mens dan? Wat help dit jy bring kinders die wêreld in en jy kan nie die grootsheid van die lewe en die pad en soeke na die ware sin van die lewe saam met hulle loop nie?

Skielik het Ruben 'n behoefte om buite te kom. Hy voel ingeperk en stap tot by die venster. Op die ingewing van die oomblik neem hy die Jaguar se sleutels en enkele minute later kies hy koers in die rigting van Kampsbaai.

Die pad is stil. Dis net hy en die klank van die enjin. Hy ry steeds vinniger en vinniger. Die draaierige pad deur Clifton is vir hom en die Jaguar 'n uitdaging en hy toets die motor se padhouvermoë soos nooit tevore nie. Binne enkele minute is hy deur Kampsbaai en versnel so vinnig as wat die motor toelaat. Die whiskey verdoof sy rede soveel so dat hy beheer oor homself verloor en steeds meer roekeloos ry. Die skreeuende bande om die draaie hou hom egter gefokus.

Met die vensters en sondak oop en die twaalf silinders wat huil om die swaar motor teen 'n hoë snelheid te laat voortjaag, kan hy vir eens ontsnap van die wêreld om hom. 'n Enkele fout of breuk in konsentrasie, en hy sal teen die krans af in die see verdwyn. Die gevaar en staätmaak op sy reflekse is 'n uitdaging ver verwyderd van die geordende beskaafdheid waarin hy lewe. Dis net hy en sy reaksievermoë en die elemente. Hy geniet elke oomblik van die wind en spoed en gevaar.

As hy die motor teen die berg bokant Llandadno tot stilstand bring, is hy natgesweet en verbaas deur sy eie optrede. Stadig klim hy uit die motor en kyk terug na Kaapstad. Hy sien die maan

University of Cape Town

oor die see en die stadsligte in die verte, en kan byna nie glo dat hy so pas tot daar gejaag het nie.

Ruben is intens bewus van die stilte en hoor slegs die see 'n ent ondertoe. Dan begin hy huil. Vir die eerste keer in 'n lang tyd kan hy huil so hard soos hy wil en hoef hy nie 'n gesig op te sit of hom anders voor te doen as wat hy voel nie. Hy huil oor sy gebroke huwelik en sy kinders se oë toe hy hulle daarvan vertel het en die onsekerheid wat dit bring. Hy huil oor armoede en oorlog en sy falende geloof in God en dit wat hom gevorm het.

Eers heelwat later klim hy in die Jaguar en ry stadig bergaf, terug stad toe. Hy voel moeg, maar tevrede. Dit is asof daar 'n ekwilibrium in hom gekom het en hy weer vorentoe kan kyk.

University of Cape Town

## Hoofstuk 8

## Lomé, Togo

Johan kan nie wag om weer by Karien uit te kom nie. Hy word egter sedert sy nagtelike besoek aan sy huis in die diplomatieke buurt met valkoë dopgehou. Die offisier in beheer van die rebellesoldate by die Sarakawa Hotel was tegelyk woedend en uit die veld geslaan oor sy waterdigte alibi. As hy die heel nag by die Hollandse meisie was, wie het dan met die Land Rover vir die soldate weggejaag?

Johan is nou al twee dae in kamerarres en sy kos word op vasgestelde ure deur 'n besonder gesette, maar vriendelike soldaat vir hom gebring. Hy en die man, Boubacar, kommunikeer lekker in Frans, en Johan weet hy is besig om die man se guns te wen. Miskien kan hy hom omkoop om 'n nagtelike besoekie aan Karien te bring. Boubacar sal sekerlik verstaan dat 'n man mos nie 'n klip is nie. Slegs Ambassadeur Postma mag hom in sy kamer besoek, maar haar hande is afgekap. Sy weet net so min soos hy wat die toekoms vir hulle inhou.

Daar is 'n klop aan die deur. Johan kyk op sy horlosie. Dit is nog nie etenstyd nie. Hy loer deur die visoog loergaatjie. Dit is inderdaad Rita Postma en Tracy Stenson. Sedert hul aanhouding in die hotel volg Tracy die ambassadeur soos 'n skaduwee. Johan trek gou vir hom 'n T-hemp aan en gooi van sy klere wat rondlê in die kas. Hy wil nou nie die twee vrouens die indruk gee dat hy onnet is of hulle so skok in mans dat hulle nog 'n kleiner kans het om eendag 'n verhouding met een aan te knoop nie.

"Hoe gaan dit, Johan? Hou jy nog uit so in jou afsondering?"

Die twee vrouens staan ongemaklik in die kamer rond en hy bied vir hulle stoele aan.

University of Cape Town

"Dit gaan seker goed, ambassadeur, maar ek raak nou, verskoon my taal, gatvol vir die kamer. Hier is niks om te lees nie en die gemors op die TV is onkykbaar. Ek het 'n dringende behoefte aan oefening en geselskap en gaan nie meer lank hier rondsit nie. Het julle iets van buite gehoor? Is daar enige nuus of die staatsgreep uiteindelik suksesvol was?"

"Ons het niks van ons eie mense gehoor nie, maar die offisier in beheer van die hotel het gesê dat hulle ons nog nie kan vrylaat nie. Blykbaar wag hulle vir instruksies van êrens en word ons vir ons eie beskerming hier gehou."

Ambassadeur Postma begin rondkyk in die kamer, so asof Johan iets het om weg te steek.

"Soek u ietsie om te drink? Boubacar het klaar die yskassie weer volgemaak. Ek dink ek moet die ou dikke bietjie dronk maak sodat ek hier kan uit."

Rita Postma kyk in die yskas. Johan kan nie help om vinnig sy oë oor haar boude te laat gly nie. Hy wag vir die vrouens om te reageer, maar hulle kyk net swygend na hom.

"Ambassadeur, ek het 'n plan. Ek het by Karien gehoor een van die KLM loodse het 'n laptop. Die donnerse Pijnappels swyg ook net. As ek dit kan leen, kan ek met hoofkantoor kommunikeer en miskien selfs vir Jakkie opspoor. Ek het nog sy hotmail adres en behoort hom te kan kontak as hy enigsins sy eie pos check. Ek is regtig bekommerd oor hom."

"Johan, dis 'n uitstekende idee. Dink jy daar is 'n kans dat jy die wag, wat is sy naam, die ou wat jou kos vir jou bring, sal kan oorreed om uit te gaan?"

Johan kyk geamuseerd na die ambassadeur.

"Om die waarheid te sê Ambassadeur, ek beplan om vannag die Hollanders op te soek en te kyk of ek die laptop kan kry. Is daar 'n kans dat Ambassadeur moontlik die kaptein kan

University of Cape Town

gaan sien en hom bietjie voorberei? Die ou sjarme bietjie aandraai? Hoe lyk dit Tracy, jy kan mos help en die kaaskop bietjie opvryf?"

Die twee vrouens kyk na mekaar. Vir 'n oomblik lyk dit vir Johan of hulle mekaar as moontlike kompetisie vir die Hollandse loods opweeg, maar dan stem hulle saam dat dit 'n goeie idee is. Na 'n rukkie se koukus is die twee dames op pad en oënskynlik opgewonde met hul bydrae om iets aan hul situasie te doen. Wanneer hy die twee sien uitstap en hul verskille in liggaamsbou opmerk, lag Johan by homself. Deur dik en dun sal ons by mekaar staan.

*

Johan is baie opgewonde wanneer hy sy hotmail adres intik en sien dat daar pos van Jakkie is.

From: Jakkie Retief

To: Johan Castelyn

Subject: Nog 'n sonnige dag in Afrika

Dag ou maat. Ek is bly ons kan in Afrikaans kommunikeer, sou enigiemand hierdie briefie onderskep. Wanneer jy dit ook al lees, weet dat ek op Donderdag 19 Oktober nog in die noordelike deel van die wildpark is en in relatiewe goeie gesondheid. Die laptop se battery is al baie pap en ek is bang om dit meer as een keer per dag te gebruik. Vandag is jy die gelukkige een.

Johan, dit gaan rof hier. Die staatsgreep het skynbaar weer 'n etniese basis en meeste van dié mense is van die noorde. Ek het my lewe te danke aan van die inwoners wat my ken en gereeld waarsku wanneer ek waarnatoe moet vlug, maar vir die rebellesoldate is

University of Cape Town

'n wit vel soos 'n rooi lap voor 'n bul. Ek bly permanent in die Jeep, maar sal probeer oorry Ghana se kant toe sodra ek weet ek gaan dit maak. Johan, ek het 'n potensiële ernstige probleem opgetel. Die rebelle moor die mense met Suid-Afrikaanse wapens uit. Ek weet MI se mense het aan die vorige regering wapens verkoop, maar dis die opposisie wat nou met ons R4's en LMG's en handgranate die mense afmaai. Besef jy die implikasies? Ons is besig om die mense se oorloggie moontlik te maak. Hoe hulle dit bekom het weet nugter alleen, maar dit verklaar miskien hoekom jy en die ander aangehou word. Ek sal dit more ook aan HK laat weet.

Cheers vir eers. Geniet jou hotelkos. Ek is vrek honger!

Jakkie

Johan besef hy moet nou so spoedig moontlik uit sy kamer kom. Hy is bly Jakkie is OK, maar is bekommerd oor die nuus wat Jakkie aan hoofkantoor wil oordra. Hy moet sy Land Rover gaan haal. Nie alleen gaan hy hom nodig kry nie, maar hy is nie van plan om dit vir 'n klomp mugu's te los nie.

As Boubacar die dikke om sesuur klop met sy aandete, nooi Johan hom vriendelik in. Na 'n paar drankies het Johan hom oortuig dat hy net 'n paar uurtjies by Karien wil gaan kuier. Boubacar het geweet van die meisie en Johan geglo. Hy het hom lekker op Johan se bed voor die TV installeer en met dié se seën weggeval aan die aandete en drank.

Johan stap vinnig in die gang af. Karien is gelukkig in haar kamer en laat hom ongesiens binne.

University of Cape Town

"Karien, ek moet hier uitkom. Ek wil my Land Rover gaan haal en die soldaat wat my oppas het my uitgelaat om by jou te kuier, maar die soldate gaan seker nie weer val vir die KLM uniform truuk nie."

Hulle staan styf teen mekaar terwyl hy met sy hande in haar hare speel. Sy hou van die onvoorspelbare diplomaat.

"Kunnen we niet gewoon als een verliefd koppel naar het strand wandelen?"

"Ek het dit. Jy is 'n skat, Karien. Ek gaan met 'n pirogue seelangs. Elke oggend vroeg is daar vissersbote op die see en ek weet hulle los die bote op die strand. As ek net vroeg genoeg daar kan kom en een van die bote kan gaps, is ek binne 'n halfuur waar ek die Land Rover gelaat het. "I must go down to the sea again." Ek het mos nie verniet gesurf nie en die pirogue verskil nie veel van ons kano's nie. Hoop ek."

"Maar dat is toch veel te gevaarlijk. Je moet eerst door de tuin van het hotel en die zit vol met soldaten en dan is het nog een goeie tweehonderd meter tot aan de zee. De soldaten worden alsmaar zenuwachtiger en zullen niet aarzelen om te schieten."

"Moenie so bekommerd lyk nie. Lighten up, we've got the night."

Hulle gaan staan styf teen mekaar. Karien trek sy hemp uit en streel met haar hande oor sy bo-arms en rug terwyl hulle mekaar soen. Hulle kan kwalik hul begeerte vir mekaar beheer en stroop hul klere met 'n koorsagtige haas af. 'n Oomblik voor hulle op die bed neerval, herinner Johan vir Karien dat hulle vanaand nie 'n alibi nodig het nie, maar 'n "vow of silence." Sy knik met 'n onderdrukte giggel en dan verdrink hulle in mekaar.

*



University of Cape Town

Johan spring maklik die paar meter van die eerste verdieping se balkon af. Hy het hom donker aangetrek en is vol vertroue dat die soldate in die tuin nie dié tyd van die oggend baie waaksaam sal wees nie. Hy is seker die enigste een in die hotel wat 'n begeerte het om uit die gronde van die hotel te kom. Die soldate het meer moeite om indringers uit te hou as diplomate binne.

Johan weet nou al min of meer waar die soldate saans rondstaan, veral wanneer dit reën. Hy vermy dus die grasdakhutte en beweeg stadig seewaarts langs 'n laning palmbome af. As iemand hom nou stop, sou hy nog steeds kon voorgee dat hy in die see wil gaan swem, alhoewel dit ietwat vreemd vir die vroeë oggendure sou wees.

Skielik hoor hy iets voor hom en val dan instinktief plat en rol onder 'n wilde piesangboom in. Hy luister fyn na die stemme wat in vlae saam met die wind meer hoorbaar is. Hy kruip ietwat nader en sien dan in die halfdonker twee soldate skaars vyf meter voor hom op 'n bankie. Hulle sit vooroor gebuk na 'n toespraak op 'n klein transistorradio en luister. Dit klink soos 'n politieke toespraak in Frans, maar die radiofrekwensie is onduidelik en krapperig. Duidelik nie een van die erkende radiostasies nie. Die soldate is egter so opgeneem in die boodskap van die toespraak dat hulle hom glad nie gewaar nie. Hy beweeg saggies agteruit en as dit veilig lyk, staan hy op en stap vinnig in 'n ander rigting weg van die soldate af. Na hy enkele meter gevorder het, kan hy die branders duidelik hoor ruis, en skep moed dat hy dit kan maak.

Johan is verbaas oor hoe maklik hy ongesiens deur die tuin tot by die see gekom het. In die halfdonker van die oggend kan hy die uitgeholde boomstamme op die sand sien lê. Skielik sien hy die doringdraad. Sedert sy vorige terugvlug, is 'n rol doringdraad oor die sand tot in die vlak water van die see gespan. Hy kan ook soldate sien wat die area patrolleer. Daar is so min

University of Cape Town

verskil tussen hoog- en laagwater, dat hy nie seelangs met die Land Rover daar kan verbykom nie.

Maar eers moet hy uit. Tot sy onsteltenis lyk die see minder kalm van naby as vanuit sy hotelkamer. Hy het gesien die Togolese vissermanne staan op die uitgeholde boomstamme en beweeg dan met lang stokke terwyl hulle duik en nette gooi. Johan soek vir hom die kleinste boot uit. As hy een vind wat die meeste soos 'n lang paddleski lyk, sleep hy dit die warm water in, gaan lê op sy maag en begin met sy arms roei. As hy eers by die ergste branding verby is, gaan dit makliker en kan hy die pirogue skuins na regs draai en parallel met die kus begin roei. Hy kan die heining en 'n vragmotor met soldate op die strand sien, maar hoop dat hy veilig is solank die son nog nie op is nie.

'n Halfuur later strompel hy moeg en met lam arms op die strand uit. Hy het vir hom goeie merkers gekies waar hy sy voertuig die vorige keer gelos het, en kan amper reguit op die halfmaanvormige groepering van palmbome afstap. Tot sy groot blydskap is die Land Rover ongeskonde. 'n Gevoel van genoegdoening spoel oor Johan by die hoor van die brul van die V8 as hy die sleutel draai. Die petroltenk is byna vol.

Wanneer hy sowat twee kilometer met die sand langs weg van die hotel af gery het en 'n veilige plek gekry het waar hy in die stad kan indraai, steek die son net kop uit oor die see. Hy sal moet wikkel. Eers wil hy probeer vasstel wat die situasie in die stad is. Wie weet, miskien kan hy êrens bel en probeer uitvind wat aangaan. Hulle is nou al 'n paar dae totaal afgesluit van enige nuus en vir al wat hy weet is daar 'n reddingspan of 'n vliegtuig waarmee hulle sou kon vlug. Hy is seker die Franse en ander diplomatieke sendings se personeel is al óf weggevoer, óf op die punt om die land te verlaat.



University of Cape Town

Daar is 'n vreemde atmosfeer in die stad as Johan in die Boulevard de la Paix afry. Orals is tekens van verwoesting en talle geboue is afgebrand. Hy vermoed dat die aandklokreël net tot sonopkoms geld en daar is reeds mense op straat. Met 'n skok besef hy dat daar dooie mense in die strate lê en hy moet selfs nou en dan uitswaai om nie oor liggame te ry nie. Die enkele mense wat hy sien, stap ongestoord by die lyke verby. Daar is weinig ander voertuie in die onwerklike stil strate.

As Johan stadiger ry by 'n stukkende verkeerslig naby die Le Gattobar waar hy saam met die Hollanders geëet het, sien hy in 'n systraat 'n militêre vragmotor en besef dat hy so gou as moontlik moet wegkom. Hy wil 'n u-draai maak en besluit om sommer oor die middelmannetjie te draai, maar dan sien hy skielik die bedelaar sonder bene voor hom wat enkele dae tevore by hom geld vir 'n aardbol gevra het. Die man herken hom en sy hele gesig helder op in 'n blink lag. Johan voel oorweldig deur die situasie. Te midde van die chaos en verwoesting en dood in die strate, sit die man getrou op sy pos en wag vir die lewe om voort te gaan.

Johan kyk na die man wat vol verwagting en hoop na hom opkyk, en dan, op die ingewing van die oomblik klim hy uit die voertuig, stap na die bedelaar en tel hom soos 'n kind op. Hy stap om na die passasierskant en lig hom in die Land Rover in.

"Mon ami, tu viens avec moi. Ek los jou nie hier op straat nie."

Hy sien die man knik en lag met groot wit tande.

"Madjoda, mon nom, Monsieur Madjoda."

Maar voor hy verder kan praat, sien Johan uit die hoek van sy oog die vragmotor met soldate nader kom. Hy trek met 'n vaart weg en draai in die eerste systraat af en trap dan die versneller oop. Hy jaag in die rigting van die Franse ambassade.

University of Cape Town

*

*The situation in Togo is deteriorating rapidly as opposing forces clash on a regular basis. The rebel groups seem to have taken over most of the country, but pockets of resistance are resulting in general chaos. The border with Ghana is still open, but the airport is closed. I will continue to investigate the source of the weapons and the manner in which it was acquired.*

Pretoria

Pretoria en omgewing is opsigtelik groener. Die lentereën moes begin het in die paar dae wat hy in die Kaap was. Die motorbestuurder bevestig dit en as die motor van bo by Fort Klapperkop begin afdaal in die rigting van Unisa, is daar selfs geen lugbesoedeling te bespeur nie. Die oorheersende groen en die skoongereënde lug gee die Pretoria stadskom 'n aantreklike aansig. Ruben weet dat dit tog nie 'n totaal onleefbare stad is nie en kan verstaan waarom die buitelandse diplomate die stad geniet. Die weer is van die aangenaamste denkbaar en in kontras met die Kaap, waai die wind amper nooit. Vir iemand uit die noordelike halfrond skep die sonnige weer 'n indruk van permanente vakansie en as jy dan nog 'n wildreservaat besoek en tussen die diere kan rondbeweeg, verkry Suid-Afrika inderdaad 'n bekoring wat kwalik geëwenaar kan word.

University of Cape Town

Ruben wil sommer direk Uniegebou toe gaan. Die situasie in Wes-Afrika is besig om hand uit te ruk en hy wil 'n noodsending organiseer. Gisteraand het hy gehoor dat Ambassadeur Ntini en Richard Crowe steeds vermis word en niemand het hulle sedert die ontmoeting met Savinda by die hotel in Abidjan gesien nie. Ambassadeur Postma en die personeel in Togo se hotelarres is besig om 'n ernstige internasionale insident te word en daar moet iets drasties gedoen word.

Die bewering van die natuurbewaarder, Jakkie Retief, dat ook die rebelle Suid-Afrikaanse wapens gebruik om die staatsgreep uit te voer, is uiters ontstellend. Hy is dankbaar dat Jakkie nog lewe en met 'n skootrekenaar inligting kan deurstuur. Eintlik sou hy graag die bewerings oor die Suid-Afrikaanse wapens deur sy eie personeel bevestig wou hê voor hy dit met Militêre Inligting opneem. Dis waarskynlik bliksems waar! En hy is die een wat die Franse en Amerikaners kritiseer vir hul inmenging in Afrika. Dit sal 'n skande wees as agente van Suid-Afrika wapens aan die Togolese regering, wettig of onwettig, én rebellegroepe verskaf. Dit sal nog erger wees as daar waarheid is in die beweringe dat daar met diamante betaal word vir die wapens.

Ruben is omgekrap as hy by die Uniegebou instap. Sy sekretaresse, wie se voornaam hy steeds nie kan uitspreek nie, staan ietwat bekommerd rond en weet nie mooi wat om eerste vir hom te sê nie.

"Good morning, sir. How are you today? Sir, the minister's office called and mister Mafole was here and..."

"Yes, yes, OK, miss Mangcu. Not now. I want you to get the French ambassador on the line and then the Director-general of Military Intelligence. I want to set up an urgent meeting

University of Cape Town

with them here in my office this morning, so no other appointments. And see if the Deputy-minister is available at around 10:00."

Ruben gaan sit by sy lessenaar. Hy skakel die rekenaar aan en kyk watter berigte daar is. Tussen die 168 berigte is daar een wat sy aandag onmiddellik trek en sonder om te aarsel, lees hy dit.

From: "goldilocks"

To: Ruben Meyer

Subject: Groeten

Je weet niet welk effect jouw brief op mij had en ik moet je bekennen dat ik ook niet weet waar dit allemaal toe leidt. Ik denk ook wel aan de mogelijke gevolgen van wat we aan het doen zijn. Maar wat er ook gebeuren mag, ik heb nog liever dat mijn hart gebroken wordt dan dat ik me later moet afvragen hoe het had kunnen zijn als we maar de moed hadden gehad om ons hart te volgen. Noem het gerust een existentialistische keuze, mij ingegeven door verliefdheid. Hoe meer ik erover nadenk hoe zekerder ik weet dat je je leven niet kan laten leiden door negatieve keuzes (ik bedoel; 'ik kies voor b omdat ik bang ben voor a'). Ik ben te jong om zo te leven en ik vind dat een mens het zichzelf verschuldigd is om z'n dromen na te jagen.

Ik denk ook dat je tussen nadenken over de dingen en impulsief reageren een evenwicht moet vinden. Je kan niet alles beredeneren, niet alles voorspellen, berekenen en inschatten. Ik heb al goed nagedacht over de consequenties en wil nu niets liever dan

University of Cape Town

met mijn ogen dicht in het diepe water te springen. Ik ben bereid om daar de gevolgen van te dragen.

Er is trouwens een kans dat ik weer naar Afrika mag komen! Ik weet nog niet naar waar, maar mijn redacteur wilt dat ik verslag doe over de chaos in West-Afrika. Enige voorstellen?

Groetjes

Justine

'n Glimlag spoel oor Ruben se gesig en dit is asof die werksprobleme en bedruktheid van sy skouers val. Dié vrou se jeugdige optimisme inspireer hom en maak hom lus vir die lewe. Hoekom kan mens nie die lewe in al sy fasette so aanpak nie?

Die mees spoedeisende taak is om 'n noodvlug Wes-Afrika toe te stuur om die diplomate en ander Suid-Afrikaanse burgers te ontruim. Dit verg heelwat reëlings en hy moet dit dringend met die Franse, die lugmag en Militêre Inligting bespreek en koördineer. Hy vermoed dat Ghana of Côte d'Ivoire die beste keuse sal wees vir die vliegtuig om te land, en dat daar dan 'n beperkte landoperasie kan nodig wees om die gevangenes letterlik te ontvoer. Die laaste ding wat hy wil doen, is om 'n klein oorloggie tot gevolg te hê met moontlike lewensverlies. Ook weet hulle nie waar Ambassadeur Ntini en Richard Crowe is nie, en kan hulle kwalik 'n reddingspoging loods voordat hul posisie vasgestel is.

Ruben wens hy kan met Johan Castelyn of enige Suid-Afrikaner praat wat Wes-Afrika goed ken. As gevolg van Suid-Afrika se relatiewe min ervaring in die gebied is daar feitlik geen ander ervare agente wat betroubare inligting kan verskaf in die omgewing nie.

Daar is 'n klop en Xoliswemadikizela Mangcu loer bangerig by die deur in.

University of Cape Town

"Sir, there is an urgent call from the Operations room, and they want to speak to..."

"I will take it, thank you. Put it through. Who is it?"

"I don't know, sir. They speak with a strange French accent."

Sy verdwyn dankbaar terug na haar kantoor en skakel hom deur.

"Mister Meyer, you are speaking to mister Dupont, the French Ambassador in Lomé, Togo. Pardon my English if you please. I have here with me one of your diplomats. He escaped from the Sarakawa Hotel and fled from the rebel soldiers and requested that we protect him here. Fortunately the rebels are still honouring the diplomatic status of the French Embassy. We are obliged to give him sanctuary. He also brought along a disabled Togolese citizen. This is causing a bit of problem for us and I do not need more trouble now. The rebel soldiers are at the gate and we have only limited number of soldiers to protect the Embassy. Will you please speak to your colleague."

"Thank you, sir. I am liaising with your Ambassador here in Pretoria about a joint operation to rescue the remaining foreign civilians and diplomats and I understand the sensitivity of the situation. Let me speak to my colleague."

Ruben vra nie eers wie die kollega is nie, want hy weet dat dit net Johan kan wees wat die inisiatief en deursettingsvermoë het om die rebelle aan te vat.

"Goeiedag meneer Meyer. Johan Castelyn hier. Ek is bly ek kan uiteindelik direk met u praat. Ek dink nie die mense hier verstaan Afrikaans nie, so ek gaan reguit sê wat ek uitgevind het en vermoed."

"Dag Johan, ek is bly jy kon uitkom en kontak maak. Ons waardeer wat jy doen. En sê vir my Ruben asseblief. Wat gaan aan daarbo, jong? Het julle al iets oor Zola Ntini uitgevind?"

University of Cape Town

"Meneer, hier is groter probleme as wat enigiemand kon vermoed. Ek het 'n lang gesprek met die Franse intelligensiediens gehad en hulle het my vermoede bevestig. Op een of ander wyse het Suid-Afrikaanse wapens, en ek praat van bâie wapens, in die hande van die opposisie beland wat die staatsgreep uitgevoer het."

"Maar hoe de bliksem is dit moontlik?"

"Meneer, u weet dat ons wel jare gelede op beperkte skaal aan die vorige regering van Togo wapens verkoop het, maar ons sit hier met 'n situasie waar Suid-Afrikaanse wapens oral beskikbaar is. Ek het telefonies hier van die Ambassade af met 'n paar Togolese kontakte gepraat en hulle het bevestig dat groot hoeveelhede Suid-Afrikaanse wapens die land onwettig binnegekom het en waarskynlik met diamante betaal is."

"Johan, hoe seker is jy van die diamante storie? Is daar Suid-Afrikaanse agente betrokke?"

"Die Franse vermoed dat die Amerikaners dalk betrokke kan wees. Hulle het waarskynlik 'n rol gespeel in die logistiek of selfs die betaling vir die wapens."

"Ek soek feite, Johan. Ons kan met 'n lelike diplomatieke verleentheid hier sit. Jy is die een persoon op die grond wat dalk kan help."

"Ek het nie regtig bewyse nie. Dit is natuurlik maklik om Suid-Afrikaanse wapens in te bring en te gebruik omdat daar reeds Suid-Afrikaanse voorrade en ammunisie is. Miskien het die rebelle van die regering se depot's en militêre basisse oorgeneem."

"Johan, jy moet inligting kry. Praat nog met die Franse. Ek gaan dit hier met Militêre Inligting en die Amerikaners opneem. Wat is die situasie by die hotel? Sou ons mense kon instuur om in te gryp, of wat beveel jy aan? En waar is Zola Ntini en Richard? Weet jy iets?"

University of Cape Town

"Ek dink nie dit gaan werk om soldate in te stuur nie. Dit gaan tot groot bloedvergieting lei."

Daar is 'n paar oomblikke stilte.

"Ruben, ek het moontlik 'n oplossing. Gee my 'n dag of twee en ek sal self ons mense uit die hotel uitkry. Ek ken die area die beste en sal 'n plan kan maak. Die grootste probleem gaan wees om ongesiens tot by en dan oor die Ghanese grens te kom. Het ek jou goedkeuring om daarmee voort te gaan?"

"Ek weet nie hoe jy dit gaan regkry nie, maar as diplomatieke druk nie help nie en die situasie op die grond versleg nog meer, moet jy doen wat die beste is. Ek vertrou jou."

"Ruben, oor Ambassadeur Ntini weet ek niks nie. Ek sou voorstel dat iemand dringend Abidjan toe gestuur word om daar ter plaatse ondersoek in te stel voordat geweld aangewend word. Dit is heel moontlik dat hulle die ambassadeur en Richard as gyselaars aanhou."

"Wat weet jy van Savinda?"

"Ek weet hy beweeg baie rond. Dis moeilik om vas te stel. Maar ek is seker hy is een van die main peanuts in die rebellemagte. Die rebelle, wat nou eintlik al die nuwe militêre regering is, se grootste steun en tydelike hoofwartier is in die platteland naby die wildpark wat Jakkie Retief gevestig het. Jakkie is nog in die omgewing, maar soos ek hom ken, sal hy uitkom."

"Johan, wat van die Franse se rol? Waar staan hulle?"

"Die Franse het wel wapens en opleiding aan die nou gevalle regering verskaf. Maar ek dink nie hulle het 'n hand in of was voorbereid op die rebellie nie. Ek sou eintlik voorstel dat 'n Franse vliegtuig gebruik word vir die reddingspoging. Hulle sal ook makliker nou 'n vlugklaring kry om in Abidjan of Accrà te land. My voorstel is om 'n vragvliegtuig in Accrà

gereed te hou vir wie ookal tot daar kan vlug. Ek sal werk aan 'n plan om ons mense uit die hotel en tot daar te kry."

"Dis goed Johan. Maar wag by die Franse ambassade in Lomé tot ek bevestiging gee van ons planne. Ek wil nie lewensverlies hê nie."

"Dis reg so. Ek sal aan Jakkie laat weet dat hy hom op Ghana moet rig, maar sy oë en ore moet oophou vir enige inligting oor moontlike gevangenes daar in sy omgewing. Ek dink ook jy moet 'n afvaardiging na Abidjan stuur om amptelik of nie-amptelik vas te stel waar Ambassadeur Ntini en Richard Crowe is. En Ruben, wees maar versigtig in jou gesprek met MI. Moenie alles glo wat hulle sê nie."

"Dankie Johan. You're a good man. Gee my kans om sake van hier te koördineer en ek laat weet jou wat ons plan van aksie is."

Een uur later is Ruben druk besig om die finale voorbereidings vir die reddingsmissie met die hoof van die Suid-Afrikaanse lugmag en die Direkteur-generaal van Militêre Inligting te bespreek.

"Die soldate sal slegs ingryp as dit werklik nodig is. Gaan die Hercules in Abidjan wag?"

"Ja Ruben. Ek het gereël dat 'n flossie met Franse kentekens gestuur word. Indien daar enige enstige probleme vir die Suid-Afrikaanse taakmag ontstaan, het ons Franse valskermsoldate in Libreville wat binne 'n halfuur daar kan wees."

Die hoof van die lugmag is 'n ervare en bekroonde vegvlieënier vir wie Ruben baie respek het.

University of Cape Town

"Kollegas, ek wil weer beklemtoon dat ons nie van die soldate gebruik voordat elke diplomatieke moontlikheid uitgeput is nie. Die tydsberekening gaan krities wees, maar ons moet eers die posisie van die vermiste diplomate vasstel. Dit bly vir my ononderhandelbaar."

Ruben kyk om die beurt na die hoof van die lugmag, Brigadier-generaal Johnson, en Nicky Blaauw, sy kollega by Militêre Inligting. Hy besef dat hulle eerder strategies dink en militêr sal optree wanneer die situasie dit vereis, maar hy wat Ruben is, is die hoof van die taakgroep.

"Nicky, ek is steeds bekommerd oor die bewieringe dat die rebelle en die Togolese regeringsmagte met Suid-Afrikaanse wapens veg. Die koerante praat ook van betaling vir die wapens met bloeddiamante. Het Militêre Inligting enige rol daar gespeel?"

Nicky Blaauw takseer eers die vraag en kyk Ruben in die oë.

"Ek kan kategories ontken dat MI enige wapens op onwettige wyse verkoop of vervoer het. As daar wel sulke sendings was, is dit sonder my wete. Maar ek is bereid om 'n interne ondersoek daarna te laat doen."

"En die Amerikaners? Wat is hul betrokkenheid? Ek het niks by die Amerikaanse ambassadeur wysgeraak nie."

"Ruben, die CIA weet ook nie altyd waarmee hul agente alles besig is nie. Maar my mense hou hul ore op die grond."

Drie uur later is alles gereël. Die paraatheid van die lugmag is indrukwekkend en die samewerking met sy kollegas laat Ruben beter voel. Selfs die Franse oortref al sy verwagtinge. Hy is ook tevrede met sy keuse van die diplomaat wat voor enige militêre aksie die vermiste Suid-Afrikaners moet probeer opspoor.

University of Cape Town

Dit moes iemand wees wat onmiddellik beskikbaar is en wat nie bang is om kanse te waag nie. Hy wil 'n diplomaat gebruik en nie iemand van Militêre Inligting of Nasionale Intelligensie nie. Iemand wat iets het om te bewys en wie hy ten alle koste kan vertrou. Verkieslik nie blank nie. Hy moet moontlik vir 'n Libanees of ander nasionaliteit kan deurgaan wanneer hy in die area beweeg. Hy het 'n fikse jong man nodig wat op sy eie in die veld kan oorleef. Hy glo dat hy die regte man het. Iemand wat nie net na sy eie belange omsien nie. Hy glimlag oor die sameloop van omstandighede as hy opstaan om die klop aan sy deur te antwoord.

Na 'n paar minute het hulle klaar gepraat en staan die twee mans reeds weer by die deur om te groet.

"Meneer Meyer, ek sal niks eerder wil doen nie. Ek gaan ons mense vind en ek is dankbaar vir die geleentheid. Ek is dit aan my ouers en my land verskuldig en niks gaan my terughou nie."

"Gelukkig is daar nie lugwaardinne op die Hercules nie."

Paul kyk vinnig na sy Direkteur-generaal, onseker of hy mag lag. Ruben se ferm handdruk en glimlag is genoeg van 'n antwoord.

*

Ruben het nie die tyd nie, maar hy wil gou vir Justine iets terugskryf. Hy wil soveel as moontlik met haar korrespondeer in 'n poging om die knaende onsekerheid in hom aan te spreek. Een of ander tyd moet hy eerlik met Marié praat en haar vertel van die persoon wat in sy lewe gekom het. Eintlik weet hy nie wat om te sê en waarheen hulle op pad is nie.

University of Cape Town

From: Ruben Meyer

To: "goldilocks"

Subject: Heart of darkness

Jammer vir die onheilspellende opskrif, maar dit kom onwillekeurig by my op as ek die grootste deel van my dag met die probleme en realiteite van Afrika opgeskeep sit. Dit gaan maar sleg in Togo en volgens berigte is daar groot lewensverlies en word van ons mense steeds aangehou. As jy 'n storie soek of die harde werklikheid van Afrika aan Europa en die res van die wêreld opnuut wil probeer bekend maak, is dit die plek om nou te wees. Vir my eie selfsugtige redes sou ek verkies dat jy eerder Suid-Afrika besoek en boonop is die internasionale lughawe by Lomé in Togo gesluit. Ek weet egter dat die Franse en ander joernaliste die gebeure vanuit Abidjan monitor.

Oor jou en my weersiens en die pad vorentoe het ek nie antwoorde nie. Ek probeer nog verwerk wat met my gebeur en het dit nog nie met my vrou bespreek nie. Dit is nie asof sy die bepalende faktor moet wees nie, maar onthou dat ons 'n lang pad van vertroue saamkom en ek haar nie graag wil bedrieg nie. Jy is jonk en ek stem met jou saam dat jy jou drome moet najaag en probeer vervul sonder kompromieë. Uit die bietjie wat ek reeds van jou leer ken het, weet ek dat jy sal doen waarin jy glo en bereid is om die gevolge te dra, maar vir my is dit 'n meer gekompliseerde pad.

Ek kan en wil egter vir jou sê dat ek op jou verlief is.

Ruben

University of Cape Town

Hoofstuk 9

Brussel

From: "goldilocks"

To: Ruben Meyer

Subject: Afrique mon amour

Hoe is het toch mogelijk dat mijn hart een harteklop overslaat als ik zie dat ik post heb van jou? Ik moet je eigenlijk bedanken omdat je ook mijn dagen opfleurt. Ik ben deze morgen vroeg opgestaan. Ik ben naar de bloemenmarkt gegaan en het hele huis staat nu letterlijk vol bloemen: fresia's en tulpen…Eigenlijk zou je deze winter nog naar Gent moeten komen. Er hangt zo'n aparte sfeer in de stad en ik mis jou.

Ik probeer om te gaan met wat mij overkomt, en vind dat ik je wil vertellen wat me bezighoudt, aangezien praten het enige is dat er nu tussen ons kan zijn. Doe alsjeblieft hetzelfde, als je wilt. Je kan het draaien en keren zoals je wilt, maar we zijn wel mee met de tijd hé. Virtual relationships en zo.

Ik twijfel niet aan mijn virtuele vriend, maar ik verlang ernaar hem aan te raken. Ik wil dat hij iemand is die met mij slaapt, iemand die 's morgens mijn hoofd tussen zijn twee handen vasthoud en me een zoen geeft, iemand in wiens armen ik kan wegsmelten.

Het grote nieuws is dat ik naar Abidjan vertrek voor een reportage over wat aan de gang is in Togo. Ik vertrek morgen met Air France en mag er blijven zo lang het

University of Cape Town

gebeuren daar nieuwswaardig is. Goed hé? Is er een kans dat jij er ook naar toegaat en dat we daar elkaar kunnen ontmoeten?

Je t'embrasse tendrement, (ja, die Fransen toch hé, schrijf in het Frans en je begint elkaar al vlug te omhelzen...)

Justine

## Abidjan

University of Cape Town

Zola Ntini kyk nikssiende na die verbyswiepende palmbome. Sy is bekommerd, maar laat niks daarvan aan Richard blyk nie. Savinda het laat weet dat hy haar aan iemand wil voorstel wat die staatsgreep in Togo help moontlik maak het, maar wat hul saak, die bevryding van Togo van sy militêre diktator, verraai het. Sy en Richard is met die ampsmotor op pad na 'n adres wat Savinda aan haar motorbestuurder voorsien het.

"Richard, waar foeter die man ons dan nou rond? Wat voer hy in die mou?"

Soos hulle al verder uit Abidjan ry, voel sy algaande meer onrustig oor die ontmoeting. Hoekom so ver van die beskawing?

Die motorbestuurder het 'n paar kilometer buite Abidjan afgedraai en ry tot by 'n vervalle ou kragstasie langs die see. Die kragstasie is vir jare al in onbruik en behalwe vir die twee swart motors en 'n Land Rover is daar niemand in sig nie. As die ampsmotor voor die kragstasie stilhou, kom drie van die mans na buite. Zola en Richard klim uit en word na binne begelei deur die mans in kamoefleuruniforms. Richard kan nie sien of dit dieselfde mans van die oggend se ontmoeting is nie, maar hulle lyk gespanne en dit pla hom dat die wapens so prominent gereed gehou word.

"Ambassadeur, dis kwalik die plek vir 'n ambassadeur om vergaderings te hou."

Sy probeer bemoedigend glimlag.

"Hoe sê hulle in Afrikaans? Ek wil agter die kap van die byl kom."

In die halfdonker van die ongebruikte gebou kan hulle figure sien staan. Hier en daar dwarrel stof in die sonstrale wat uit gate in die hoë plafon straal. Soos hul oë stadig aan die donkerte gewoond word, word die mense in die middel van die vertrek sigbaar. Hulle word tot voor die mans begelei en eers dan erken Zola die man langs Savinda. Haar mond val oop van verbasing.

"Wat op aarde maak jy hier?"

Dit is duidelik dat die jong man net so uit die veld geslaan is deur die ambassadeur en Richard se teenwoordigheid. Dis egter Savinda wat praat.

"Tell the Ambassador what you have been busy with during the last months."

Hy kry 'n gryns oor sy blink, swart gesig.

"Tell her everything, because I don't want to. Tell her that you work for your country's military intelligence, but that you are selling weapons to various interested parties. Tell her about your greed for money!"

Sy diep stem word al hoe harder.

"How many bosses do you have? Do you work for De Beers as well?"

Savinda is besig om sy humeur te verloor. Dit is egter hul kollega se stilswye wat vir Ambassadeur Ntini en Richard ontstel. Aan sy ongemak en gesigsuitdrukking wil dit voorkom asof hy nie die aantygings kan verweer nie.

"Ambassador, this man has managed to fly plane loads of weapons into Togo, not only for our freedom fighters, but also for the illegal military dicatorship that has been suppressing

University of Cape Town

my people for years. He has been pocketing payments from various sources and I am sure the South African government won't like that. He is a traitor to your country and to our cause. And a very rich one at that!"

Ambassadeur Ntini stap tot voor haar kollega en kyk hom ondersoekend aan.

"Is dit waar? Het jy jou siel vir geld verkoop? Have you betrayed your country to enrich yourself? Our government would never have allowed South Africa to sell weapons to the military Togolese government or the opposition. So who gave you your orders?"

Vir enkele sekondes is daar doodse stilte. Slegs Savinda se swaar asemhaling is hoorbaar.

"Ambassadeur, ek kan verduidelik."

Johan is doodsbleek en sukkel om die knop in sy keel weggesluk te kry.

"Speak English! And show the ambassador what you have in that bag. Show her!"

Savinda is buite homself van woede en skree in Johan se gesig.

"Blood diamonds! Diamonds to pay for the spilling of African blood. You will sell weapons to the devil himself as long as you can enrich yourself."

Johan kyk om hom rond. Hy probeer die Ambassadeur se oë ontwyk, maar vir 'n breukdeel van 'n sekonde maak hulle wel oogkontak. Sy is nie seker wat sy sien nie.

Die volgende oomblik begin Johan hardloop. Savinda en die soldate skree tegelyk en Richard spring vorentoe om te keer dat hulle hom skiet, maar in die harwar is daar die oorverdowende knal van 'n geweerskoot wat in die leë vertrek weergalm. Die klank van die skoot en die liggaam wat op die grond neerplof, laat almal versteen. Ambassadeur Ntini gaan kniel by die man wat doodstil op die grond lê.

University of Cape Town

Sy kan aan sy manier van lê sien dat hy dood is. Sy het al genoeg dood gesien. Dit is asof sy groen oë met verbasing na haar terugstaar.

"Richard! My God, Richard..."

Savinda is woedend. Hy storm af op die senuagtige soldaat wat die Suid-Afrikaner geskiet het en klap hom so hard teen die kop dat hy op die grond val. As die soldaat bedeesd probeer regop kom, skop hy hom met sy groot stewel in die gesig. Te midde van die chaos het niemand gesien dat Johan by die deur uitglip nie. Nou eers besef Savinda dit en skree bevele vir die soldate.

"Vite! Attrapez-lui, mais ne le tirez pas!"

Hy stap vinnig tot by die ambassadeur en die lewelose man op die grond. Hy ondersoek die slap liggaam. Hulle het 'n Suid-Afrikaanse diplomaat doodgeskiet. Richard is in die rug geskiet en die koeël is reg deur sy bolyf. Die koeël het 'n groot gat voor uit sy borskas geruk. Buite is die geskree en geswets van die soldate hoorbaar bo die klank van 'n voertuig wat teen hoë spoed wegjaag.

"Ambassador, I am very sorry. It was not the intention to shoot anybody. I am not sure to what extent Castelyn received backing from within South Africa, but he has colleagues who are doing the same thing in Angola and the Congo and Sierra Leone, and you must stop them."

Zola Ntini kan sien dat Savinda bedoel wat hy sê.

" I have to go now and find Castelyn. I do not know how safe your colleagues are in Lomé, but I will do my best to help them. I will unfortunately also have to slow down your movements. We are leaving you here and taking your telephone and car. I am sorry about this."

Zola kan sien dat hy regtig spyt is.

"Au revoir, your excellency. You are a brave woman, but we are in a war now."

University of Cape Town

Op die grond lê die sakkie met diamante. Savinda tel dit self op, knoop die sakkie toe en kyk vlugtig na die geskokte ambassadeur uit Suid-Afrika. Sy sit plat op die grond met haar kop tussen haar hande. Vir twee van die lyfwagte gee hy opdrag om die lyk saam te neem en dan beweeg hulle uit die ou gebou en laat vir Ambassadeur Ntini alleen agter. As hulle die groot skuifdeur toestoot, is die knars van 'n groot slot duidelik hoorbaar. Zola Ntini is buite haarself van skok en woede. Sy wil nog iets sê aan die vertrekkende soldate, maar sy het haar stem verloor.

Abidjan

Wes-Afrika

University of Cape Town

Die taxibestuurder wat uiteindelik die bakleiery gewen het om Paul hotel toe te vervoer, kyk meer agtertoe as in die pad terwyl hy vir hom van sy stad vertel. Dit is die eerste keer wat Paul 'n ander Afrikaland besoek en hy kyk nuuskierig rond en luister aandagtig na die Ivoriaanse bestuurder se gebrekkige Engels. Dit is duidelik dat die Franse heelwat geld in dié land investeer het en 'n modelstaat daarvan wou maak.

Op die pad vanaf die lughawe herinner die strandarea sterk aan Durban en dit is eintlik net nog meer warm en vogtig as 'n somerse Kwazulu-Natalse kus. Daar val 'n ligte reëntjie en die ou Peugeot se windskermveër wil tot groot ergernis van die taxibestuurder nie werk nie. Hy leun kort-kort by die venster uit en vee met 'n lap oor die voorruit, om dan weer met 'n groot glimlag om te draai en aan Paul iets oor sy stad te vertel.

“Et ici, here, often there are les voleurs, thieves, who bloccade les roads et take your thingees…, bags et argent… c’est vrai Monsieur! Mais pas aujourd’hui, not … today,” en hy gee vir Paul die witste lag met dié versekering asof hy persoonlik daarvoor gesorg het dat daar geen struikrowers is nie. As hulle voor die Hotel Ivoire stilhou, is Paul eintlik jammer hy kon nie nog rondry en na die vriendelike taxibestuurder luister nie.

Dit is ‘n imposante gebou met marmer pilare en vloere en groot olifanttande aan weerskante van die ingangsportaal. Hier is geen geld gespaar nie en dit is duidelik dat slegs vir die rykste toeriste en sakelui voorsiening gemaak word. ‘n Groot gedeelte van die grondvloer en ingangsarea bestaan uit ‘n reuse swembad wat om eilande met tropiese plantegroei en sitareas gebou is en enkele hotelgaste is besig om in die helder water te baai. Terwyl Paul inboek, merk hy hoe rojaal ivoor in die dekor van die hotel aangewend is. Hy kan nie help as om te dink aan die sensitiewe debat oor ivoorhandel waarby Suid-Afrika ook betrokke is nie. Dit is nou wel die Ivoorkus, maar dié ivoor verwys na die wit strande van Côte d’Ivoire en nie olifanttande nie.

Paul glimlag as hy dink aan Ruben Meyer se opmerking dat daar nie lugwaardinne op die Hercules sou wees nie. Dit was nogal ‘n ervaring om saam met die klomp soldate in die militêre vragvliegtuig te vlieg. Hulle het letterlik in nette gesit wat van die dak van die vliegtuig hang. As gevolg van die dreuning van die motore kon hulle nie gesels nie, en Paul het later ook maar van die was oorpluisies in sy ore gedruk om ‘n hoofpyn te help voorkom. Die eerste skof van die vlug het vier ure geduur totdat hulle in Malawi vir brandstof geland het. In dié tyd moes hy ook ‘n ruk tussen die soldate toustaan vir die enkele toilet wat half agter ‘n seil verskuil is. Dit was jongmanne soos hy en Paul kon sien dat hulle ook maar skrikkerig is vir wat voorlê.

University of Cape Town

Later het hulle in Kinshasa geland en Paul het hom verwonder aan die nimmereindigende krotbuurte. Dit strek vir kilometer op kilometer en dit het vir hom gevoel asof hulle tussen die klein gehuggies gaan land voordat hulle laag oor die Kongorivier gedraai het en daar skielik 'n aanloopbaan tussen die oerwoudagtige plantegroei opgedoem het. 'n Rivier op sommige plekke breër as die stuk see tussen Melkbosstrand en Robbeneiland. Paul kan nou verstaan hoekom die rivier so 'n groot rol speel in die dag tot dag bestaan van miljoene Afrikane.

Paul is moeg na die lang vlug, en dankbaar om so gou moontlik in sy kamer te kom. Hy weet dis dieselfde hotel waar die ontmoeting tussen Ambassadeur Ntini en Savinda plaasgevind het. Die soldate het by die lughawe agtergebly en sal daar naby in barakke op gereedheidgrondslag bly totdat hulle dienste benodig word. Sy taak is om uit te vind wat van die ambassadeur en Richard Crowe geword het en hy wil nou so gou moontlik alle inligting by die hotelpersoneel invorder.

Daarna wil hy by die Suid-Afrikaanse ambassade langs gaan waar die buitelandse assistent en plaaslike personeel tans alleen die fort hou. Hy weet hy is totaal afhanklik van inligting wat hy van die plaaslike bevolking kan kry en hoop die Kongolese personeel by die ambassade is bereid om te help. Enige inligting wat Jakkie Retief dalk na die ambassade stuur of wat hulle via Johan Castelyn in Lomé kan kry, kan van deurslaggewende belang wees.

Dit is reeds donker buite en Paul besluit dat hy eers behoorlik moet rus. Dit is vir hom vreemd hoe vinnig die verandering van lig na totale donkerte hier is. As hy sy tas op die bed gooi en regmaak om vinnig te stort om van die klewerige hitte van die dag ontslae te raak, is daar 'n klop aan die deur. Niemand is veronderstel om te weet dat hy hier is nie en hy neem aan dit is die hotelpersoneel. Hy loer deur die veiligheidsloergaatjie en is verbaas om 'n jong

University of Cape Town

vrou voor sy deur te sien. Sy lyk beslis nie soos een van die hotel se personeel nie. In stede daarvan om dit as 'n geleentheid uit die hemel te sien, is Paul dié keer amper paniekerig oor die vrou se teenwoordigheid. Wat as sy geplant is om hom te verlei of nog erger, te elimineer, gaan deur sy gedagtes terwyl hy besluiteloos deur die loergaatjie staan en kyk. Hy dink egter dat hy darem sy man sal kan staan teen die fyngeboude meisie en maak die deur op 'n skrefie oop met die veiligheidsketting steeds op slot.

"May I help you?"

Hy sien dat sy merkbaar verlig is toe sy hom hoor praat, asof hy 'n ou bekende is.

"Yes please. Are you Paul Adams? I recognized from your accent that you are South African. May I please come in? I have very important news for you."

Paul laat die meisie met die vreemde aksent binne en sluit die deur.

"What news?"

Hy is totaal afhanklik van nuus om sy missie te laat slaag, maar is terselfdertyd versigtig. Hoe het sy geweet wie hy is? Paul se beperkte internasionale blootstelling maak dit vir hom onmoontlik om te peil met watter aksent die vrou praat.

"Who are you? Who sent you?"

Die jong vrou kyk hom aan en aarsel 'n oomblik asof sy nie weet wat sy alles moet vertel nie. Sy gaan sit op die stoel wat Paul vir haar aanbied.

"OK, what is the news? Why are you here?"

"They have found the corpse of a South African diplomat..."

*

University of Cape Town

*The uprising in Togo is becoming increasingly bloody and ugly and it is very difficult to move inconspiciously. A South African diplomat has been shot dead in Côte d'Ivoire. It is still unsure if this can be linked to the rebellion or what the circumstances were. I will investigate this personally.*

*Evidence has been found of the Togolese paying for arms with diamonds. South African involvement looks certain, but it might be from agents or elements in military intelligence and not necessarily the government or De Beers.*

*The captured diplomats in Lomé and foreign citizens are no longer safe and their lives may be in danger.*

University of Cape Town

Togo

Johan jaag soos nog nooit tevore nie. Hy is in 'n toestand van skok na die gebeure. Die eerste halfuur het die adrenalien en oorlewingsdrang hom gedryf, maar nou dat hy op die kuspad deur Ghana ry, maal alles weer deur sy kop.

Hulle het vir Richard geskiet. Die rebelle het 'n ongewapende diplomaat soos 'n hond geskiet. God weet wat met Ambassadeur Ntini gebeur het, maar op die oomblik dink sy dat hy 'n verraaier is en 'n aandeel het in die onrus. Die soldate sou hul wapens tog net op 'n ander plek gekry het. Hy het wel goed geld gemaak, maar wapens sou die strydendes enige plek

gekry het. 'n Man moet jou geleenthede gebruik. As hy dit nie gedoen het nie, sou iemand anders.

Die verloop van gebeure het nou 'n krisispunt bereik. Iemand moes vir Savinda van die laaste aflewering ingelig het. Hulle het hom met diamante en al ingewag. Hoe gaan hy dit aan sy hanteerders verduidelik? Wat as hulle hitmen instuur om hom uit te vat? Hy is in groot kak by die diamantmense. Hy kan ook onmoontlik nog sy onbetrokkenheid aan sy seniors in Suid-Afrika verkoop, maar hy sal iets moet doen om sy bona fide te bewys. Savinda sal seker die rebelle by die Sarakawa Hotel van die gebeure laat weet. Hopelik tel dit in sy guns en sal niemand vermoed dat hy na die hotel sal probeer teruggaan nie. As hy die Suid-Afrikaners uit die hotel kan bevry, kan hy moontlik sy naam in ere herstel. Sy plan moet net werk.

University of Cape Town

Twee uur later is Johan terug in Lomé. Die stad is in groter chaos as wat hy verwag het. Oral lê lyke en smeul uitgebrande motors. Daar is min mense op straat en ten spyte van enkele militêre voertuie, vorder hy redelik goed in die rigting van die Franse ambassade. Hy is uiters dankbaar as hy die Franse vlag in die seewind sien wapper en die Franse soldate hom deur die groot hekke binnelaat.

Daar het so baie dinge in een dag gebeur. Hy wens hy had tyd om alles te verwerk. As hy net weer iets van Jakkie kan hoor en met hom kan praat. Miskien kan hy sy posisie bevestig kry voor hy weer die Franse ambassade verlaat. Die Franse is waarskynlik suspisieus oor hy so lank weg was, maar hy had geen keuse nie. Nie dat die Franse juis oor sy veiligheid bekommerd is nie. Hy vermoed egter dat hulle in gereelde kontak met Suid-Afrika en hul eie

agente is oor die verloop van sake. Hy het vanoggend gedink niemand agtervolg hom nie en het hom liederlik in die lokval vasgeloop.

En wat maak hy met Monsieur Madjoda? Die man is oënskynlik baie gelukkig met sy verblyf in die Franse ambassade en geniet veral die gratis kos, maar dit is duidelik dat die Franse nie met Togolese burgers wil opgeskeep sit nie. Dit sou kon lei tot aantygings van bevoorregting na een of ander kant toe. Maar Johan meen dat hy tog 'n plan het waar hy vir Madjoda dalk kan inspan.

Johan wil die rekenaarfasiliteite van die Franse vir oulaas gebruik voor hy die ontsnappingstog aanpak. Hy het reeds vir hoofkantoor laat weet wat hy gaan doen, maar Jakkie moet ook weet dat hy nie onnodig na Lomé toe moet probeer kom nie. Hy gaan sit in die kantoor wat Henri, die Franse Tweede Sekretaris, vir hom beskikbaar gestel het. Selfs al weet hy dat Jakkie die skootrekenaar net vir 'n kort rukkie op 'n dag kan aanskakel, moet hy vir hom die boodskap laat kry.

University of Cape Town

From: Johan Castelyn

To: Jakkie Retief

Subject: Toergids deur Afrika

Jakkie ou maat, ek hou dit kort. Vermy die hoofstad en vat die pad weswaarts na waar ons die slag gaan duik het. Ek en personeel gaan Donderdag seelangs probeer uitkom. Daar is 'n flossie naby die duikplek en ons kry mekaar so gou moontlik daar.

Ek sien uit na wanneer ons weer vir mekaar kan stories vertel.

Cheers vir eers.

Nou moet hy net sy plan mooi agtermekaar kry. As die Hollandse loods net gereeld na sy e-pos op sy laptop kyk, kan hy die mense gereed kry om sy plan deur te voer. Hy sal moet wag tot hy iets van Berend terughoor. Berend Pijnappels, verbeel jou. Hy kan hom voorstel hoe sit die man in die spreekkamer en die dokter vra sy ontvangsdame, "is dit Pijnappels?"en sy antwoord iets tot die effek van, "nee, dis sy longe wat pla."

From: Johan Castelyn

To: Berend Pijnappels

Subject: Een vlucht regenwulpen

Ekskuseer die 17de eeuse Nederlands, maar ek weet jy kan dit verstaan. Daar is besluit dat die situasie in die stad te gevaarlik word en ons vrees vir jou bemanning en die Suid-Afrikaners se veiligheid. Ek kan nie vir julle besluit nie, maar jy en 'n maksimum van vyf van jou mense is welkom om saam met my en twee kollegas te vlug voor dit te laat is. Dit is lewensbelangrik dat jy die volgende aan hulle oordra: Ek sal om ongeveer 13:00 op 23 Oktober met 'n donkerblou Discovery by die hawetjie wag. Diégene wat wil saamkom (die Suid-Afrikaners het nie 'n keuse nie) moet sonder groot bohaai in die swembad gaan swem en daar bly totdat iemand julle kom roep. Daar is hoogstens twee wagte aan die suidekant van die tuine se uitgang see toe en indien nodig sal ek vir hulle sorg. Ek herhaal, die nie-Suid-Afrikaners moet self besluit, maar ek kan nie meer as agt mense saamneem nie. Erken asb dringend ontvangs en bevestig jul samewerking.

JC

University of Cape Town

Drie uur later is daar nog geen antwoord nie. Johan en Henri is in die ontspanningskamer van die Franse ambassade besig om snoeker te speel. Binne in die gebou met sy lugreëling en aangename dekor kan mens amper vergeet van die harde werklikheid buite.

Johan kan nie ontspan nie. Hy skiet die een bal na die ander met senuagtige haas in die net en bly op sy horlosie kyk. Hy reken sy planne is agtermekaar, maar hy is baie afhanklik van ander mense om dit te laat slaag.

Hy skrik as die telefoon lui. Henri antwoord en gee dan vir Johan die gehoorbuis.

"Johan, ek het jou boodskap ontvang en wil jou weer eens gelukwens met jou inisiatief. Ek het nuus wat jou beplande aksie noodsaaklik maak. Die polisie het die lyk van Richard Crowe langs die pad buite Abidjan gevind. Hy is doodgeskiet."

Stilte.

"Johan, is jy daar?"

"Ek is hier, Ruben. Nou raak dinge lelik. Wat het gebeur?"

"Ons weet nog nie veel nie. Verder, daar is geen teken van Ambassadeur Ntini nie. Dit blyk dat die moordenaars met 'n voertuig of voertuie op pad is na Togo. Die polisie en weermag en grensposte is nou ingelig en sal hul oë oophou. Johan, ek wil hê jy moet voortgaan met jou planne om te vlug. Ek vlieg ook na Abidjan en sal daar wag tot julle om verdere hulp vra. Gebruik asseblief die toerusting wat die Franse verskaf het en bly in kontak met my. As dit nodig is, stuur ek ons mense in Togo in, maar hou dit as 'n laaste opsie. Akkoord so?"

University of Cape Town

"Dis reg. Ek wag net vir terugvoer van die hotel af voor ek vertrek en sal kontak maak sodra ek dink dit is veilig. Dankie vir jou steun, Ruben. Ek weet dis nie maklike besluite nie, maar ek dink ons is verby diplomatieke oplossings. Ek laat hoor van my net voor ek vertrek."

Johan kan sien dat Henri nie verstaan het nie, maar dat hy weet dat die situasie ernstig is. Hulle stap saam na die balkon en kyk uit oor die stad. Hier en daar trek swart rook die lug in. Voor die Ambassade is daar 'n groep mense wat toustaan om te probeer inkom, maar afgesien van enkele geweerskote op 'n afstand en honde wat bang blaf, hang daar 'n doodse en onheilspellende stilte oor die Afrikastad.

Pretoria

University of Cape Town

Ruben staan stadig op uit sy kantoorstoel. Hy dra die volle verantwoordelikheid vir Suid-Afrikaanse diplomate in die buiteland. Dit is maar die tweede keer in Suid-Afrikaanse geskiedenis dat 'n Suid-Afrikaner met diplomatieke status vermoor word en 'n magdom van vrae en gedagtes draai deur sy kop. Het hy vinnig genoeg opgetree? Waarom kon die intelligensiediens nie 'n beter situasieverslag skets nie? Is hy nie dalk doelbewus mislei deur verslae nie? Hy voel magteloos en verward en vir die eerste keer in sy diplomatieke loopbaan is hy nie seker wat hy moet doen nie. Die verdwyning van sy kollegas en die moontlike rol wat sy eie regering se veiligheidsdienste en wapenhandelaars in Afrika speel, laat hom ernstig daaraan dink om te bedank.

Bowendien is sy persoonlike lewe ook 'n warboel. Aan die een kant wil hy Marié en sy kinders die seer spaar, veral as hy nog nie self sekerheid het oor die pad vorentoe nie, maar hy

kan ook nie 'n oneerlike, dubbele lewe lei nie en sal 'n keuse moet maak. Ruben gaan staan voor die venster en kyk na die terrasse van die tuine. Dit moes pas begin reën het en hy ruik die varsheid van die eerste reën op die grond.

Ruben pak sy aktetas. Hy moet sy posisie en die situasie in Afrika met die minister gaan bespreek voor hy vertrek. Hy neem 'n risiko met die ontruiming en soektog in Wes-Afrika, maar iemand moet die besluit neem en iets moet gedoen word. Hy vertrou vir Johan Castelyn, maar weet ook dat dinge lelik kan skeefloop. Daarom wil hy self daar wees. Boonop is Justine onderweg na Abidjan.

University of Cape Town

# Hoofstuk 10

## Abidjan

Die opwinding bruis deur Justine. Sy geniet dit om saam met Paul Adams op die ou BMW deur die strate van die hawestad te vleg. Sy het gereken hulle gaan vinniger kan beweeg met die motorfiets en minder opvallend wees met die valhelms. Die stad is besonder besig en raserig en selfs die motorfiets kan nie werklik vinnig deur die verkeer vorder nie. Paul moet deeglik konsentreer om nie 'n ongeluk te maak nie en probeer op die hoofroete uit die stad hou sodat hulle nie verdwaal nie.

Volgens die Ivoriaanse polisie is die moordenaars van Richard Crowe waarskynlik buitelanders en is hulle volgens bronne met die kuspad deur Ghana op pad Togo toe. Die oggend toe Paul die liggaam moes identifiseer en reëlings tref vir die afvoer van die lyk na Suid-Afrika, het hy die geleentheid gebruik om met die patoloog en polisie te gesels.

Dit was sy eerste besoek aan 'n lykshuis. Hy het nie geweet waarvoor hy moet vra of waarvoor hy moet soek nie, maar hy moes leidrade probeer kry. Die reuk van ontsmettingsmiddel was beklemmend en Paul wou so gou moontlik daar uitkom. Toe die patoloog die laken wegtrek en hom uitdrukkingloos, met net 'n lig van die wenkbroue aankyk, kon hy net knik. Hy het al vir Richard tydens sy opleiding in Pretoria gesien. Hy het gesluk, homself probeer regruk en hom tot die polisieman gerig.

"Do you have any idea what type of weapon was used?"

Die polisieman en patoloog het na mekaar gekyk. Die patoloog het met 'n swaar Franse aksent geantwoord.

"I would say it is a high caliber assault weapon, probably a semi-automatic rifle."



University of Cape Town

Paul wou meer weet.

"Where was it manufactured?"

Die patoloog het vinnig van die lyk af opgekyk.

"Uhh, it is difficult to say. You will have to wait for the forensic report. Can I put it away now?"

Paul het na die die polisie-offisier gekyk.

"Can you confirm that this is the body of Mr Richard Crowe, a South African diplomat?"

Paul het weer geknik. Die patoloog het die laken sonder seremonie oor Richard se gesig getrek en die trollie weggestoot. Die dooie liggaam van sy kollega het Paul geruk.

Die enigste ander inligting wat Paul van die polisie kon kry, is dat die ontvoerders met twee swart Mercedes Benz motors ry en dat Ambassadeur Ntini waarskynlik by hulle is. Hy weet die kanse is skraal dat hy hulle sal vind, maar hy kan ook nie net niks doen nie. Hy vermoed dat Savinda so gou moontlik sal wil teruggaan Togo toe, maar sou hy die ambassadeur saamneem?

Die ou boxer enjin van die BMW loop lekker as hy eers op spoed is. Paul skat dis seker omtrent 'n 1965 model. As hulle uit die stad ry en 'n welkome padteken bevestig dat hulle op die regte pad is, draai hy die enjin bietjie oop en voel hoe die Belgiese joernalis stywer vashou. As hy nie onder 'n tipe van kwarantyn was met 'n opgeskorte vonnis nie, sou hy haar graag beter wou leer ken. Toe hulle in die hotel vasgestel het dat hulle vir min of meer dieselfde rede in Wes-Afrika is, het hulle besluit om saam te beweeg. Justine het voorgestel dat hulle in die omgewing waar Richard se lyk langs die kuspad gevind is, gaan soek. Dit is blykbaar in die

University of Cape Town

omgewing van 'n ou kragstasie. Hy het dit verwelkom dat sy saamry, want sy kan hom met Frans help wanneer nodig. Boonop het dit gelyk of sy haar pad makliker as hy vind in Abidjan.

Die res van die kontingent buitelandse joernaliste in die hotel het haar die oggend probeer oortuig om in die veiligheid van die hotel te bly. In hulle oë was sy te jonk, te impulsief en oënskynlik onbewus van die gevare van Afrika. Justine het nie reageer nie, net vriendelik geglimlag, maar Paul kon sweer dat hy vir 'n sekonde 'n blik van selfversekerdheid en byna minagting, in haar oë kon sien.

Terwyl hulle langs die see afry, Justine in 'n stywe jean en met haar hare in 'n lang vlegsel wat onder die valhelm uitsteek, dink sy oor haar lewe. Waarom kon sy nooit iets op die normale en gangbare manier doen nie? Meisies van haar leeftyd studeer eers hard, soek 'n betroubare en vervelige geliefde en trou na twee jaar om nog lank verveeld en gelukkig te kan wees. Sy daarenteen kon kies en keur tussen vriende, maar het gou vasgestel dat dit nie was wat sy uit die lewe wil hê nie. 'n Huis bou soos elke ander Vlaming, onderwyseres word soos haar pa wou hê, drie kinders en 'n huishouding en vir die res niks anders as die nuutste Vlaamse sepie op die TV nie. Nee, dankie. Die goue middeweg, het sy al op 15-jarige ouderdom by die lees van 'n gedig van Horatius besluit, is nie vir haar nie. 'n Lewe van kompromieë en gemak en rustig voortdobber met finansiële sekuriteit is nie haar doel in die lewe nie. En kyk waar het haar wanderlust en oordrewe afkeur van kleinburgerlike middelmatigheid haar gebring.

Dit was vir Justine 'n skok om die moord van 'n diplomaat so eerstehands te ervaar. Sou Ruben veilig wees? Hoe hanteer hy dit alles? Sy wens so sy kan met hom praat. Het hy ooit haar e-pos ontvang? Toe sy gebel het, was hy nie beskikbaar nie. Sy wil met hom praat oor hulle en hoe sy hom mis. Is dit moontlik vir mense om oor so 'n afstand en van verskillende

University of Cape Town

kontinente 'n liefdesverhouding te ontwikkel en te handhaaf? Sy wil glo dit kan. Sy is totaal gek om dit hoegenaamd te probeer, maar sy het die man lief. Bowendien, dit is hul leuse dat liefde alles oorwin.

Met die wind in haar gesig en die son lekker warm op haar rug, geniet Justine elke oomblik van die rit langs die see af. Dit is 'n onwerklike gevoel om so deur haar sonbril die goue strande en palmbome te sien. Dit lyk idillies en romanties, maar sy weet dit is nie. Daar is die heel tyd 'n onmiskenbare bewustheid van 'n onderliggende armoede en chaos. Nou en dan dreun hulle verby ander voertuie en deur klein gehuggies en sy kan dit nie weerstaan om vir die kinders te waai nie.

Paul glimlag. Vreemde meisie hierdie. Hy het nie geweet waar om te begin soek nie. Die ander joernaliste ook nie. Sy wel.

University of Cape Town

Lomé

Johan wil vir Monsieur Madjoda so na aan die hotel se tuine as moontlik aflaai. Hy ry van die hawetjie af seelangs tot agter 'n reeks sandduine. Van hier vertrek Monsieur Madjoda met sy spinnekopbewegings, arms as bene wat hom vorentoe swaai, hotel toe. As alles volgens plan verloop, kan hulle binne ure in Accra wees waar 'n vliegtuig hulle sal inwag. Die belangrikste is dat die vlugtelinge ongesiens uit die hotel moet ontsnap en die Togo-Ghana grens bereik voordat die soldate by die hotel onraad vermoed. Dat Ambassadeur Ntini nog nie opgespoor is nie en waarskynlik as gyselaar aangehou word, kompliseer sake. Selfs al bereik

hulle Accra, sal hulle haar eers moet vind. Ruben sal nie sonder haar opstyg nie. Hy hoop hy kan 'n manier vind om haar te oortuig dat hy nie sy land verraai het nie.

Dit is 'n stil en warm middag, maar die see is onstuimig en Johan is intens bewus van die branders se geraas in die agtergrond. Ten minste is dit warm genoeg om te gaan swem en die soldate behoort dit nie vreemd te vind dat enkele inwoners skuins na middagete in die swembad is nie.

Monsieur Madjoda is in totaliteit, selfs as hy sy trotse rug reguit maak, nie langer as 'n meter nie. Dit is vir hom daarom relatief maklik om ongesiens tussen die bosse in die hotel se uitgebreide tuine te beweeg. Johan het vir hom verduidelik dat hy 'n groep van ongeveer ses of sewe mense in of naby die hotel se swembad moet gaan haal. Hulle sal gereeld na die see se kant toe kyk, maar weet nie wie hulle kom haal nie. Hy het 'n goeie beskrywing van ten minste drie van die aangehoudenes, maar weet ook nie wie uiteindelik almal bereid sal wees om die ontsnappingspoging aan te pak nie.

Hy weet hy moet in die eerste plek soek vir 'n mooi, fyngeboude meisie met bruin hare en kuiltjies in haar wange wat sal reageer as hy Karien roep. Dan is daar 'n groot vrou met ligte hare en dik boude wat waarskynlik naby 'n skralerige krulkopmeisie sal wees.
Van die drie is hulle seker, maar daar kan ook twee blanke mans en nog twee of drie vrouens wees, waarvan een volgens Johan soos 'n Barbiepop lyk. Dié beskrywing val buite Monsieur Madjoda se verwysingsraamwerk, maar hy het lekker gelag toe Johan dié een met sy hande beskryf het. Hierdie man is voorwaar lief vir vroue.

Monsieur Madjoda weet hy waag 'n kans, maar Johan het belowe dat hy hom saamneem Suid-Afrika toe en dat hy daar sy huis kan oppas vir so lank hy wil. Hy het sy lewe lank al die behoefte om te reis en weg te kom van die straat waar hy al vir jare sit en bedel

University of Cape Town

sedert die landmyn onder sy fiets ontplof het. Sy landgenote sou hom nie leed aandoen nie. Te midde van die chaos en voortdurende burgeroorloë het die mense van Afrika medelye met dié wat nie vir hulself kan sorg nie. Daar is altyd mense wat hom soggens en saans help om by sy huis te kom en vir kos sorg as dit 'n slegte dag was. Die toekoms lyk egter nou vir hom baie donker.

Madjoda het voor sy ongeluk vir jare as bediende by 'n Franse sakeman in Lomé gewerk. Hy het gewoonlik die huis opgepas wanneer die gesin vir werk of vakansie Frankryk toe is. Soms het sy werkgewer vir hom iets saamgebring en Madjoda het altyd gedroom daarvan om self die wêreld te verken. Hy wou ook in 'n vliegtuig klim en in 'n ver land met 'n ander taal en mense uitklim. Kort na sy werkgewer permanent terug is Frankryk toe en hy in 'n plantasie gewerk het, het die landmyn amper sy lewe beëindig. Hy moes sedertdien van aalmoese lewe.

Hy glo die witman wat vir hom wou geld gee vir die aardbol wat hy so begeer en hom tydens die skietery in die strate opgelaai het, gaan hom help. Dié man het sy lewe gered, maar na hulle saam tot by die Franse ambassade gevlug het, weet hy dat hy wat Madjoda is nie meer veilig sal wees op straat nie. Dié witman het vir die rebelle gevlug en hy weet die rebelle sal vir hom en die witman se bloed soek.

Madjoda is nou naby die hotel en vorder deur die tuin tot vlak by die swembad. Hy merk dat daar 'n paar mense in die swembad is. Vanagter 'n digte bougainvillea kan hy die omgewing eers goed bespied. Die klompie blankes in die swembad lyk opvallend min lus vir swem en hulle staan almal senuagtig rond en kyk see se kant toe. Hy sien slegs een wag wat aan die hotel se kant van die swembad staan met 'n groot semi-oumatiese geweer. Die man lyk redelik gerus en staan en rook en kyk meer hotel toe as na die mense in die swembad. As hy

University of Cape Town

die mense net een vir een ongesiens die paar meter tussen die swembad en die tuin kan laat beweeg.

Monsieur Madjoda besluit dis nou of nooit. Hy beweeg effens na vore en roep:

"Karien."

Niemand het hom gehoor nie, seker die see se dreuning. Of sy uitspraak. Hy skuifel nog 'n entjie vorentoe en roep harder.

"Karien!"

Soos een mens kyk die agt mense in die swembad op na die snaakse figuur tussen die bosse. Hulle het nie geweet wie hulle sal kom roep nie, en of Johan self sou kom nie, maar hier langs die swembad sit 'n frats van 'n mens sonder bene. Die soldaat staan steeds hotel toe en kyk. Hy wag waarskynlik om van sy skof afgelos te word. Monsieur Madjoda besef skielik dat hy homself seker moet bekendstel en die geskokte mense gerusstel. Hy wys na homself.

"Me, Monsieur Madjoda. I work with Castelyn. Come with me! Lentement."

Monsieur Madjoda beduie met sy een hand dat hulle stadig uit die swembad moet klim.

Al agt begin egter gelyk na die vlak kant beweeg en Madjoda kry amper 'n oorval. Hy waai met sy hande en beduie dat hulle een vir een moet uitklim en rustig in die tuin instap. Johan se beskrywing was goed. Hy herken die blondine met die groot borste, die een met die kuiltjies, twee mans en nog twee vrouens, en dan die dikke met 'n skraal vrou wat haar soos 'n skaduwee volg. Agt in totaal.

Die eerste ses is reeds by hom agter die bosse toe die gesette vrou omdraai en in 'n baie verdaglykende sluiploop na die anderkant van die swembad beweeg om haar klere te kry. As dit nie so gevaarlik was nie, het Monsieur Madjoda uitgebars van die lag vir die potsierlike bewegings, maar juis toe kyk die wag in die rigting van die swembad. Die ander het hul klere

University of Cape Town

in kleinerige sakke by hulle, maar het dit op sy bevel nog nie aangetrek nie. Die wag kyk skielik met nuwe belangstelling. Hy sien hoe 'n vrou met koorsagtige haas probeer om in 'n rok te klim. Teen die son in lyk dit vir hom asof daar 'n groot aap langs die swembad sit. Hy stap vinnig nader en skreeu om die aap te verjaag.

Met die skreeu skrik Ambassadeur Postma so dat sy net daar op die gras flou val. Die "aap" het intussen tussen die bosse en palms verdwyn, maar die soldaat probeer nou die ambassadeur lawe en bykry. Dit is net wat Monsieur Madjoda nie wou hê nie. Hy weet die man sal om hulp gaan soek omdat hy nie die swaar vrou self sal kan optel nie. Hy kyk na die klompie mense om hom en besef dat hulle vinnig 'n plan sal moet maak. Hy sien dat die twee Hollandse loodse nogal redelik groot gebou is en besef dat daar net een opsie is. Die lot val op Marijke. Na 'n kort koukus tussen hulle maak sy vinnig haar bostuk los en stap uit vanagter die bosse.

"Monsieur, can you help me please?"

Die soldaat kyk op, oorweeg die situasie vir 'n wyle, en besluit om die vrou op die grond eers net so te los. Hy stap flink in die rigting van die meisie met die aansienlike bates en los die geweer op die grond. Miskien het die aap haar probeer molesteer. As hy by die bougainvillea kom, word hy skielik om die bene gegryp en omgeruk. Terselfdertyd spring daar vier vrouens op hom en druk hom op die grond vas. Die volgende oomblik gee Monsieur Madjoda die soldaat 'n allemagtige hou oor die kop met 'n stomp. Hy kan sien die soldaat sal nie gou opstaan nie. Hy haas hom tot agter die bosse waar die twee loodse besig is om Rita Postma in te sleep. Hulle moet haar so gou moontlik bybring uit haar floute, anders sal hulle nie vinnig genoeg kan vlug nie.

University of Cape Town

Intussen raak Johan bekommerd en wonder hoekom hulle so lank neem. Hy staan bo-op die duin waar hy Madjoda gelos het. Die situasie het in 'n paar dae so versleg dat die rebellesoldate sonder huiwering sal skiet. Sedert hy ontsnap het, is sekuriteit by die hotel verdubbel en na die gebeure in Côte d'Ivoire, is hy verseker "the most wanted man" in Wes-Afrika.

Dan sien hy skielik beweging tussen die bosse. Tot sy verligting kom die Togolees soos 'n aapspinnekop met agt halfnaakte mense agterna op hom afgepyl. Hy besef dat hulle so gou moontlik moet wegkom, maar kan nie weerstaan om eers vir Karien te omhels en haar te druk dat sy kreun in sy arms nie.

"Welkom welkom. Ek is bly julle het dit tot hier gemaak. Is dit almal?"

Johan groet die klompie mense. Ambassadeur Postma blaas behoorlik van die hardloop, maar probeer steeds ewe kuis haar bondeltjie klere voor haar hou dat Johan haar nie in haar ontblote glorie sien nie. Dit is asof die groepie Suid-Afrikaners en Nederlanders nou die eerste keer besef dat hulle ontsnap het en hulle val mekaar bly en verlig om die hals.

"Goed mense, julle moet miskien maar so gou aantrek as wat julle kan, anders stop hulle my hier anderkant en kla my aan dat ek 'n hele harem van halfnaakte slawe ontvoer. Boonop is dit nou etenstyd vir die muskiete."

Hy druk vir Karien styf teen hom vas, gee elke kuiltjie 'n soen en help haar dan aantrek. Dan bondel hy almal in die Land Rover in en vat die pad.

"Ambassadeur, ons ry nou voorlopig Accra toe. Daar wag 'n vliegtuig om ons weg te voer, maar ons soek nog na Ambassadeur Ntini en Jakkie."

Hy sien die vrees in haar oë in die truspieëltjie. Hy is dankbaar dat hulle uit die hotelgronde kon ontsnap, maar weet hul lewens is steeds in gevaar.

University of Cape Town

Abidjan

Teen die spoed wat hulle ry, het die muskiete nie 'n kans nie. Die laaste inligting wat Justine van die Franse inligtingsdiens gekry het, dui daarop dat Ambassadeur Ntini waarskynlik as gyselaar in of naby Abidjan gehou word. Sedert hulle weet dat Richard langs die kuspad, enkele kilometer buite Abidjan, gevind is, het Paul en Justine besluit dat hulle dié area moet fynkam. Hy het die nuus aan hoofkantoor laat weet en vandaar sou dit weer na Jakkie Retief gestuur word.

Paul ry skielik stadiger. 'n Paar honderd meter voor hulle is 'n vervalle ou gebou langs die see sigbaar. Hy onthou dat die polisieman by die lykshuis vertel het dat Richard se lyk naby 'n ou kragstasie gevind is. Justine wil dit vir Paul uitwys en druk hom hard met haar vingerpunte onder sy arms waar sy liggies vashou. Paul, wat baie kielierig is, verloor amper beheer oor die motorfiets, maar hy knik om te wys dat hy ook reeds die silhoeët van die groot, swart gebou gesien het.

"Paul, denk je niet...Moeten we daar niet eens een kijkje nemen?"

Sy skree behoorlik om bo die wind gehoor te word. Paul ry nog stadiger en begin soek na 'n afdraaipad. Hy kan hom voorstel dat die moordenaars so gou moontlik van die liggaam ontslae wou raak, veral as hulle nog deur Ghana moes ry en by die grensposte stop. Sedert die staatsgreep in Togo het die omliggende lande hul grensbeheer aansienlik versterk en sou die moordenaars van die liggaam ontslae moes raak. Paul hoop dat daar net een lyk ter sprake is. Hulle ry stadig in die rigting van die pikswart gebou. Die konstruksie het groot skoorstene en



University of Cape Town

lyk vir Paul soos 'n steenkool kragstasie. Noudat die BMW se enjin skaars hoorbaar is en die windgeraas minder, is daar 'n surrealistiese stilte. Hulle ry stadig om die gebou. Daar is geen teken van lewe nie en ook nie 'n duidelike ingang sigbaar nie. Dan stop Paul skielik.

"Wat is er nu?"

Dit is vir Justine verkieslik dat hulle bly beweeg. Sê nou hulle sit vas in die sand of daar is 'n spul soldate in die gebou. Die see raas en Justine kyk senuagtig na die afgeleë omgewing.

"Hier is duidelike vars wielspore."

Hulle klim af en Paul volg die spore in die sand. Justine kan skaar die spore sien, maar haal haar valhelm af en stap agterna. Afgesien van die see se geraas, is die verkeer 'n ent terug op die kuspad dofweg hoorbaar. Waar die wielspore ophou, begin voetspore.

Terwyl Paul en Justine versigtig die spore in die rigting van die gebou volg, is daar skielik 'n harde stem.

"Help!"

Hulle skrik en gaan staan botstil.

"Help me! Up here!"

Paul het nog sy valhelm op en kan nie vasstel van waar die hulpkreet kom nie. Justine kyk op. Hoog bokant hulle in die groot konstruksie leun iemand by 'n klein venstertjie uit.

"Paul, ik denk dat we Ambassadeur Ntini gevonden hebben," sê sy doodkalm.

University of Cape Town

Lomé, Togo

Na 'n uur op die kuspad is Johan tevrede dat hulle nie agtervolg word nie. Die eintlike probleem gaan by die Togo-Ghana grens wees. Hy moet met Jakkie kontak maak voordat hulle die pad aandurf Accra toe waar die vliegtuig hulle hopelik kan oppik. Hulle kan nie met groot gebaar en skote wat klap oor die grenspos jaag terwyl Ambassadeur Ntini dalk nog in lewensgevaar verkeer nie.

Die Land Rover het geen probleem met sy relatiewe swaar vrag nie en Johan handhaaf 'n goeie spoed. Hy glimlag as hy omkyk na die klompie mense in verskillende stadia van ontkleding, saamgebring deur omstandighede, op vlug vir hul lewens. Almal is verlig dat hulle die eerste fase van die ontsnapping oorleef het en gesels in 'n mengelmoes van Afrikaans en Nederlands en nou en dan 'n bietjie Frans om vir Monsieur Madjoda te akkommodeer. Die ergste lê nog voor, maar hy is bly die mense gesels, al is dit net om die onderliggende spanning te verdryf.

Monsieur Madjoda kan net nie ophou glimlag nie. Hy kyk kort-kort na Johan van waar hy voor in die Land Rover by Karien se voete sit. Vir hom is dit die begin van 'n reis waarvan hy nie die einde ken nie. Hy het die soldaat by die swembad neergevel met 'n harde, goed gemikte hou, maar hy weet die man sal weer opstaan. Kanse is dat die ander wag by die swembad gou sy makker sal mis en alarm sal maak. Dit sal die soldate nie lank neem om vas te stel dat die Suid-Afrikaanse diplomate en ses van KLM se vlugpersoneel ontsnap het nie. Dit sal 'n groot soektog afgee.

Hulle moet so gou as moontlik by die duikplek naby die Ghanese grens uitkom. Dit sal die beste wees om saam met Jakkie oor die grens te probeer gaan.

University of Cape Town

"Pijnappels, sal jy probeer om met die laptop met Jakkie kontak te maak?"

Die Nederlandse loods vang Johan se oë in die truspieëltjie. Hy haal die laptop uit die skouersak. Hy het min ooghare vir die waaghalsige diplomaat. As hulle met Nederlandse diplomate kon kontak maak, sou hy dit nooit met sy bemanning op die gevaarlike ontsnappingspoging gewaag het nie. Hy het egter gesien hoe die situasie in die hoofstad en selfs in die hotel ernstig versleg. Boonop het die soldate in die hotel steeds meer astrant geraak en kon hy nie meer die vlugpersoneel se veiligheid waarborg nie.

Johan haal die selfoon wat hy van die Franse gekry het van sy gordel af.

"Karien, bel vir my asseblief die ambassade. Dis onder Abidjan op die adreslys."

Na enkele probeerslae, slaag Karien daarin om deur te kom. Sy gee die selfoon aan.

"Bonjour. Can I speak to any South African please? Hello. Yes, this is Johan Castelyn. Will you please inform the DG that we have managed to escape from the hotel and are on our way to the meeting point as discussed. Is that clear?"

Die sellulêre foon se ontvangs is nie goed nie en alles wat Johan sê, word deur tydsvertraging sekondes later herhaal.

"Do you have any news on Ambassador Ntini?"

'n Vreemde gevoel spoel oor Johan as hy die nuus by die buitelandse assistent hoor. Hy is dankbaar om te hoor dat sy ongedeerd gevind is, maar wat gaan sy oor hom rapporteer?

Hulle nader die Ghanese grens. Daar is steeds meer soldate en militêre voertuie op die pad en Johan weet dat hulle 'n redelike opvallende teiken is. As gevolg van die staatsgreep is daar geen toeriste op die kuspad nie en hulle sal waarskynlik eerder vroeër as later van die hoofweg moet afdraai. Hy is al 'n hele rukkie bekommerd oor 'n Jeep wat al vir 'n paar kilometer dieselfde afstand agter hom bly, ongeag van of hy vinniger of stadiger ry.

University of Cape Town

"Johan, er zijn twee nieuwe e-mail berichten!"

Almal bly oombliklik stil terwyl Marijke en Berend hulle met die laptop bemoei. Johan kyk in die truspieëltjie. Die inligting kan lewensbelangrik wees

"Lees Berend, lees! Van wie is dit?"

Johan kan nie die ongeduld in sy stem verbloem nie. Dan lees Berend met sy Amsterdamse aksent:

From: SA Embassy Abidjan

To: Johan Castelyn

Subject: Nuus

Ek hoop jy ontvang die boodskap in goeie orde. Die belangrikste nuus is dat Richard Crowe se lyk net buite Abidjan gevind is en dat Ambassadeur Ntini ongeskonde en veilig is. Sy is deur ons kollega Paul Adams en 'n Belgiese joernalis in 'n ou kragstasie gevind. Charles Savinda en van sy soldate is betrokke en skynbaar op pad Togo toe. Ek beveel aan dat julle ten alle koste die Ghanese grens moet probeer oorsteek en ons by die lughawe van Accra ontmoet. Hou asb kontak met die ambassade sonder om jul posisie te verraai en alles van die beste!

Ruben Meyer

"Donnerse Savinda. Van wie is die tweede boodskap?"

Johan wonder of Ruben al met Ambassadeur Ntini gesels het. Wie sou die Belgiese joernalis wees? Hy onthou 'n jong joernalis vanuit sy Belgiese dae.

University of Cape Town

"Van Jakkie Retief. Hij schrijft dat hij onderweg is naar de duikplek en daar zal wachten tot 16:00. Dat is alles."

Johan weet dat hul veiligheid nou van hom en die Land Rover afhang. Hy moet ontslae raak van die Jeep wat hulle agtervolg. Voor hom ry 'n ou Renault teen 'n ongemaklike snelheid. Nes hy wil verbysteek, kom daar weer 'n voertuig van voor. Hulle is nie ver van die Togo-Ghana grens nie en daar is steeds meer voertuie op die pad. Johan begin vrees dat daar padblokkades sal wees. As die Renault skielik stadiger ry en hy hard moet rem, ruk hy die stuurwiel na links en draai met 'n klein sandpaadjie af see toe. Johan vermoed hulle is naby die plek waar hy en Jakkie een naweek kom duik het. Hy hoop net dat hy die klein dorpie sandlangs sal kan bereik.

Die Jeep is agter hulle. Die ander vlugtelinge in die Land Rover het nou ook agtergekom dat hulle agtervolg word en kyk kort-kort senuagtig om. Die paadjie lei na 'n klompie palmbome wat skeef staan van die seewind. Sowat tweehonderd meter verder lê die see. Johan besluit om die harde sand langs die see te probeer.

Steeds volg die Jeep. Die voortvlugtendes begin paniekerig raak en por Johan aan om vinniger te ry. Hy sit die Land Rover is 'n laer rat en draai van die sandpaadjie af see toe. Met die afdraai in die sagte sand in, kom die Jeep heelwat nader. Johan kan in sy truspieël sien daar is net een persoon in die Jeep. Hulle is egter almal ongewapen en een outomatiese geweer is genoeg om hulle af te maai.

Hy ploeg voort in die sagte sand en hoor hoe die Land Rover krag verloor. Hy gooi die rathefboom in eerste en voel hoe die bande vasskop en deur die sand trek. Die ligter Jeep is nou reg agter hulle en die meisies is na aan histerie. Selfs Madjoda se oë staan stokstyf in sy kop en hy klou styf vas aan die deur se handvatsel.

University of Cape Town

Dan is die see voor hulle. Johan weet hy moet stop en die agtervolger konfronteer. Hy bring die Land Rover tot stilstand. Die Jeep ry stadig tot voor hulle en draai dan om en stop langs Johan se deur.

"Slaan my met 'n nat vis! Jy bly maar 'n man met 'n oog vir die girls. As ek so klomp mooi, halfkaal meisies by my gehad het, sou ek ook probeer wegjaag het. Hoezit ou maat?"

Jakkie steek sy bebaarde gesig by die venster uit en geniet die oomblik terdeë. Hy sien hoe die mense se vrees oorgaan in vreugde en hoe Johan sy kop van dankbaarheid skud.

"Jou donner. Hoe moes ek nou weet jy gaan met 'n army Jeep hier aangesit kom?"

Johan is tegelyk kwaad en verlig. Die twee ou vriende klim uit, gee mekaar eers elk 'n gemaakte hou in die maag en omhels dan.

"Die pad is so besig. Ek was onseker of dit jy was totdat julle afgedraai het see toe. Ons gaan dit nooit so maak nie. Die rebellemagte beheer nou die grensposte en die lughawe. Ons sal 'n ander plan moet maak. Tot hier was ons gelukkig, maar die soldate gaan ons of arresteer of skiet by die grens. Dis so eenvoudig."

Die intense manier waarop Jakkie praat, maak dit vir die klompie vlugtelinge duidelik dat hy weet waarvan hy praat. Hulle kyk teleurgesteld na die wildbewaarder.

"Maar Jakkie, moet ons nie by die grens aanspraak maak op diplomatieke immuniteit en aandring dat hulle ons uitlewer nie?"

Rita Postma het weer herstel van haar ergste histerie en voel dat sy nou haar senior posisie en mening moet laat geld.

"Ambassadeur, die situasie is onstabiel genoeg. Die leiers het nie werklik beheer oor die soldate nie. Ek het gehoor van Richard en dit is presies die probleem. Die rebelle het min respek vir lewe. Savinda sou nie hom wou laat skiet nie, maar hy is dood. Hierdie mense is

University of Cape Town

gewoond aan oorlog en aan die dood. Die sterkste een oorleef. Ons is volgens hulle op die oomblik aan die verkeerde kant."

"Jakkie, ons het 'n selfoon hier. Stel jy voor dat ons vra vir 'n militêre ontruiming? Ons het troepe in Accra en ons kan..."

"Buite die kwessie, Johan. Ek sal nie toelaat dat Suid-Afrikaanse soldate betrokke raak in ander lande se interne konflikte nie. Daar moet 'n ander oplossing wees."

Rita Postma kyk dreigend na Johan. Sy sien die verwarring onder die Nederlanders.

"Wat dink u kaptein?"

Berend trek sy skouers op. Sy ervaring in Afrika is beperk tot lughawens en vyfster hotelle en hy voel dat die Suid-Afrikaners die leiding moet neem. As hulle maar net lewend uit hierdie chaos kan kom.

"Ek dink ek het 'n plan."

Almal kyk na Jakkie waar hy met sy een voet op die Jeep se buffer staan.

"Ons kan met die selfoon vir Abidjan laat weet om ons in die noorde van Togo op te pik. Daar is 'n ou aanloopbaan in die wildpark wat ons help aanlê het vir toeriste. Dit is nog nie klaar nie, maar ek is seker 'n Hercules sal daar kan land en opstyg. Daar is nie grofgeskut in die omgewing nie, en as ons met julle loodse se vliegervaring en my en Johan se grensoorlog ervaring die flossie tot op die regte plek kan navigeer, kan ons dit maak. In Lomé sal hulle die vliegtuig aan flarde skiet."

"Maar we zijn zo dicht bij de grens. Nu moeten we weer door de helft van Togo..."

Marijke klink moedeloos en na aan trane.

"Dit is die enigste uitweg. By die grens gaan hulle ons stop. Ek ken die binneland beter as meeste mense. Ons het 'n beter kans daar."

University of Cape Town

*

Justine het al in die Franse restaurant gewag toe hy ietwat laat opdaag. Hy was verbaas toe hy haar herken. Dit was dieselfde jong joernalis met wie hy destyds in Brussel kontak gehad het.

"Miss Minnaert?"

Sy het opgestaan en haar hand uitgesteek.

"Mister Castelyn, I presume?"

Hy het die vonkel in haar oë gesien, maar was nie in 'n bui om saam te speel nie.

"We must speak Afrikaans. Die mure het ore hier. Jy behoort te weet."

"Ek weet Johan. Verstaan jy Nederlands?"

Sy het hom vriendelik maar stip in die oë gekyk. Johan kon nie glo dat die Belgiese Geheime Diens so 'n opvallende persoon kon gebruik om hom dop te hou nie.

"Mijn oversten in Brussel hebben mij de opdracht gegeven om direct met jou contact op te nemen. Laten we er dus geen doekjes om winden. Mijn intelligentiedienst vraagt zich af of ze bij buitelandse zaken weten waarmee je je de laatste maanden hebt bezig gehouden."

Hy het 'n kelner nader geroep en 'n gin & tonic bestel. Sy wou niks drink nie.

"Luister, ons weet beide waaroor dit gaan. Maar ons moet nou uit die gemors kom. Duisende mense het al gesterf en ek en jy streef eintlik na dieselfde einddoel."

Sy het geswyg terwyl hy 'n groot sluk geneem het.

Sy het steeds niks gesê nie, maar haar oë het elke beweging gevolg.

"Hoe lank hou julle my al dop?"

University of Cape Town

Johan kon nie glo dat sy hom oor ‘n redelike tydperk kon monitor nie. Alhoewel haar hare heelwat ligter is en sy tog ietwat anders lyk as destyds in Antwerpen, sou hy haar lankal herken het.

Baie min mense het iets geweet. Nie eers die regering nie. Hulle wou slegs aan wettige regerings wapens verkoop, maar hy en enkele van sy kollegas by MI het beter geweet en baie dollar vir die land verdien. Iemand by die huis moes haar van inligting voorsien het. Dit is in elk geval seker onmoontlik om vir jare onder diplomatieke dekmantel vir MI te werk sonder dat intelligente joernaliste dit uitvind.

“Dat is nu niet ter sprake. Wat gebeurt met de diamanten die je als betaling ontvangt?”

Hy wou nie vir haar meer vertel nie, maar moes opweeg wat die gevolge sou wees.

“Ek het net die wapens besorg. Wat verder met die diamante gebeur het, is nie my besigheid nie. Of jy kan die antwoorde by jou landgenote in Antwerpen gaan soek.”

Sy het hom minagtend aangekyk en skerp geantwoord.

“Johan, het draait hier niet om jou ego of geld, maar om mensenlevens. Hier gaat het om the real world en niet om het ijdel en diplomatiek spel van toentertijd in België.”

Hy wou nog antwoord dat bloed dalk betaal het vir die ring wat sy eendag as simbool van liefde sou dra. Dit was duidelik dat hulle nie meer inligting by mekaar sou kry nie. Hy het opgestaan en en met ‘n ysige laaste blik die restaurant verlaat.

University of Cape Town

## Hoofstuk 11

## Abidjan

Justine wag onder 'n lapa by die swembad. Sy kyk kort-kort na die hoteldeur en straat se kant toe. Sy voel dieselfde opwinding en kloppende hart in haar keel as toe sy vir Ruben die keer in Brussel by die stasie ontmoet het. Waar bly hy dan?

Hulle het afgespreek om mekaar by die Hotel Ivoire te ontmoet nadat sy en Paul deur die polisie ondervra en by die hotel afgelaai is. Ruben moes nog dringende sake met Ambassadeur Ntini bespreek en met die vlugtelinge in Togo probeer kontak maak en hul ontsnapping help beplan.

Sy kan nie meer wag nie. Sy kyk vir die soveelste keer op haar horlosie. Dan sien sy die ligte hare in die son blink. Sy drafstap na Ruben toe. As hulle bymekaar kom, is dit asof tyd gaan stilstaan en ander mense nie meer bestaan nie.

Ruben voel die jong vrou teen hom. Hy ruik die bekende L'eau d'Issey en besef hoe hy haar gemis het. Hy wil nie weer sonder haar wees nie. Die afstand en die fisieke skeiding het hom kans gegee om goed oor hulle te dink. Hy weet dat daar nie 'n ander opsie is nie. Die lewe is te kort om mense wat so lief is vir mekaar en so goed bymekaar pas, van mekaar weg te hou.

Hy kyk af in haar vonkelende groenbruin oë en sien die glimlaggie om die mond. Met sy hand streel hy oor haar hare wat los in die effense seebriesie waai. Hy omlyn haar mond met sy vingerpunte voordat hy haar saggies soen. Sy staan op haar tone en druk hom teen haar vas.

"Ik heb me zorgen gemaakt om jou."

Dit is amper asof sy nie verder kan praat nie.

University of Cape Town

"En ek oor jou. Ek het gewonder wat die top joernalis gaan doen om deel te wees van die aksie."

Sy streel oor sy rug en bo-arms en voel hoe sy spiere verstyf onder haar aanraking. Sy besef dat sy haar oopstel vir baie seerkry deur op hom verlief te raak.

"Ik zie je graag."

Sy kyk op na hom.

"Wat wil dit sê?"

Eintlik weet hy, maar hy wil dit weer en ook in sy eie taal hoor.

"Je t'aime. Ek is lief vir jou."

"En ek vir jou."

Hulle hou mekaar styf vas totdat sy haar losmaak uit die omhelsing.

"Ruben, ik moet je iets vertellen."

Haar stemtoon laat hom bekommerd afkyk.

"Ik ben niet helemaal eerlijk geweest. Ik ben niet alleen journalist."

"Wat bedoel jy?"

'n Groeiende onrus kom oor Ruben.

"Ruben, ik wil je eerst op het hart drukken dat wat ik gedaan heb geen rol hoeft te spelen in onze relatie. Mijn gevoel voor jou was niet deel van het spel."

Hy hou haar op armlengte van hom af. Dit klink vir hom soos 'n voorbereide toespraak.

"Watter spel? Wat bedoel jy?"

"De Belgische Geheime Dienst..."

University of Cape Town

Ruben kyk geskok na Justine. Hy is sprakeloos terwyl hy die waarheid in haar oë probeer vind. Voor enigeen kan praat, kom Paul van die hotel af aangedraf.

"Meneer Meyer, daar is weer 'n oproep vir u."

Ruben se oë is yskoud. Hy gebruik die geleentheid om tot verhaal te kom. Hy draai sy rug op haar. Watter inligting het hy dalk onwetend aan haar verstrek?

"Paul, voor ek vergeet, ons het 'n oproep van Jakkie Retief gekry en het ons planne aangepas. Die vlugtelinge in Togo is op pad na die wildreservaat in die noorde van Togo. Die Hercules gaan nou soontoe vlieg en nie meer Accra toe nie. As jy wil saamkom, is jy welkom."

"Meneer, niks sal my van die vliegtuig hou nie. Ek gaan saam."

"En ik ook!"

Ruben kyk vinnig na haar.

"Daar is beslis risiko daaraan verbonde en dis heel moontlik dat daar op die vliegtuig geskiet kan word. Justine, ek dink nie jy moet saamgaan nie."

"Maar…"

Haar mond val oop van verbasing.

"Wanneer vertrek ons, meneer?"

"Ons moet laatmiddag hier vertrek om net voor sononder te kan land. Daar is geen ligte op die grond nie en die tydsberekening gaan lewensbelangrik wees. Blykbaar is daar twee loodse van KLM by en Johan glo dat hy en Jakkie met behulp van die selfoon die nodige bakens en rigting aan die loodse van die Hercules sal kan kommunikeer. Dis ons enigste kans om sonder konfrontasie of bloedvergieting ons mense uit te kry. Die rebelle is verby die punt van rede en daar het reeds een Suid-Afrikaner gesterf."

University of Cape Town

Justine is hoogs ontsteld. Sy wil ook op die vlug wees, maar sy is nog meer ongelukkig omdat sy nie aan Ruben kan verduidelik wat haar rol is en dat sy hom nie gebruik het nie. Sou hy van Castelyn weet?

"Maar ik wil meegaan!"

Haar stem pleit by Ruben, maar skielik het die professionele diplomaat weer die oorhand gekry. Hy vermy haar oë.

"Ek moet nog met die Lugmag se mense en die troepe gaan gesels, as julle my sal verskoon."

Ruben draf vinnig die trappies af in die rigting van die ampsmotor van die ambassade. Sy kyk hom magteloos agterna en weet dat haar verliefdheid oorgegaan het in 'n dimensie van liefde wat sy nog nooit ervaar het nie.

## Togo

Sedert die besluit om terug te keer binneland toe en vanaf die wildreservaat uit die land te probeer vlug, is daar 'n merkbare spanning onder die klompie Suid-Afrikaners en Nederlanders. Selfs Monsieur Madjoda glimlag net as hy na Johan kyk. Hy kan net-net oor die paneelbord van die Land Rover sien, maar volg elke detail van wat om hulle gebeur. Die vlugtelinge is nou tussen die twee voertuie verdeel en Jakkie ry voor met die Jeep. Hy ken die binneland goed en om padblokkades te vermy, ry die twee voertuie allerlei draaie en ompaaie op pad noorde toe.

University of Cape Town

Soos wat hulle vorder en steeds verder van die kus af wegry, verander die omgewing aansienlik. Die tropiese plantegroei verander geleidelik na 'n bosveldagtige omgewing, maar die vogtige, beklemmende tropiese hitte wyk nie. Waar dit tussen die lang groen gras sigbaar is, is die grond rooi en talle reusagtige miershope noodsaak voortdurende konsentrasie van die twee bestuurders. Soms is daar skaars 'n pad sigbaar en moet die twee voertuie self paaie deur die doringbome vind.

Hulle ry kort-kort deur klein dorpies. Die vroue en kinders gaan ongestoord met hul daaglikse roetine voort. Hulle waai soms vriendelik, maar dit is opvallend dat daar geen mans is nie. Jakkie probeer om die dorpies soveel moontlik te vermy. Al is daar miskien nie telefone en ander kommunikasiemiddele in die omgewing nie, weet hy hoe vinnig inligting op allerlei wyses deur die bos versprei kan word en die binneland is rebellewêreld. Baie van die inwoners is oënskynlik nog onbewus van die staatsgreep, maar hy het in die omgewing van die wildpark ervaar dat daar reeds skoonmaakprosesse is waar opponente van die nuwe regeerders stelselmatig uitgemoor word.

Jakkie dink oor sy Afrika. Daar waar die sterkste oorleef. Waar armoede en siektes verwoesting saai en waar die nimmereindigende oorloë gesinne en families uit mekaar skeur. Hier sit hy as wit man, bruin gebrand deur die son, in die middel van tropiese Afrika. Wat maak hy hier? Wat maak hulle hier? Het Afrika die bemoeienis van die "witmense" nodig?

Daar is skielik 'n groepie mense voor in die tweespoorpaadjie. Jakkie stop onmiddellik. Johan het reeds as voorsorgmatreël in 'n ander rigting gedraai. Die vlugtelinge kyk in doodse stilte na die groep swartmense wat oënskynlik net so geskrik het. Dan kan Jakkie sien dat dit 'n groepie vroue met kalbasse en waterhouers is. Hulle ry stadig vorentoe en stop by die vroue.

University of Cape Town

Jakkie begin in Swahili met hulle praat. Die vrouens ontdooi onmiddellik en lag vriendelik as hulle sien die witman kan hulle verstaan. Hy vra aanwysings en die vroue beduie almal tegelyk met groot handgebare waar hulle moet ry.

"Jakkie, ik vind het bewonderenswaardig dat jij als Zuid-Afrikaan in een zwarte taal met de mensen van het land kan communiceren."

Hulle ry vir 'n ruk in stilte voort. Jakkie kyk vinnig na Marijke as sy vervolg.

"Zuid-Afrika is deel van Afrika en moet een rol spelen om het continent aan de wereld bekend te maken. Het feit dat jou voorouders waarschijnlijk uit Nederland komen en jij geen enkel aandeel hebt in het feit dat jij je in Afrika bevindt, verandert niet jouw verbondenheid met het continent."

"Ek stem met jou saam. Ek is lief vir hierdie wêreld en sy mense."

"Jakkie, hoe ver nog? Ons sal moet petrol kry êrens."

Johan roep vanuit die Land Rover. Hy het vir Madjoda by hom wat ook die omgewing redelik ken, maar Jakkie het 'n beter begrip van hoe ver hulle nog moet ry.

"Ek skat nog so twee uur. Ek stel voor dat ons by die volgende stadjie bene rek en brandstof soek. Die mense is gaar gesit en dis asof die lugversorging nie hond haaraf kan maak teen die hitte nie. 'n Paar koue biere kan ook nie kwaad doen nie. "

"En ik heb honger en ik moet dringend plassen!" laat hoor Karien van haar.

'n Paar kilometer verder stop hulle by 'n klein gehuggie waar daar wel brandstof is.

"Moet asseblief nie verder as twintig meter van die voertuie beweeg nie. Ons is hier in rebellewêreld. Mens weet nooit nie."

Johan kom staan by hom waar hy die wiele nagaan.

"Jakkie, daar is geen sein vir die selfoon nie. Kan ons iets met die laptop probeer?"

University of Cape Town

"Kom ons ry bietjie verder, dan kyk ons. Johan, ons moet so gou moontlik wegkom. Dis net 'n kwessie van tyd voor die rebelle ons gaan kry. Ons moet laat waai, anders is ons nie voor donker daar nie. Daai flossie gaan net een keer kan land en ek wil in sy pens wees as hy opstyg."

*

Ruben Meyer kyk om hom na die ander passasiers in die vliegtuig. Hy sien die uitdrukkinglose gesigte van die soldate, wit en swart, wat stil langs mekaar in die hangnette sit. Meeste is nie ouer as twintig nie en hulle weet nie wat vir hulle voorlê nie.

Skuins oorkant hom sit twee van sy kollegas, Zola Ntini en Paul Adams. Zola sit met toe oë en haar nek knik kort-kort terwyl sy veg teen die slaap. Hy sou haar graag eers wou laat uitrus, maar het besluit dat dit beter is dat sy en die ander diplomatieke personeel uit die gebied kom. Hy is bly hy kon Paul weer die nodige selfvertroue gee en weet dat die jong bruinman 'n groot toekoms voor hom as diplomaat het.

Dan kyk hy na die meisie wat styf teen hom sit. Haar hare kielie hom in sy nek, maar hy verduur dit en wil haar nie steur waar sy met haar kop teen sy skouer lê nie. Die hangnette wat van die dak van die Hercules hang forseer hulle om twee-twee styf teen mekaar te sit. Hy dink aan die toneel wat 'n halfuur gelede tussen hulle afgespeel het.

Hy was pas klaar met 'n finale beplanningsvergadering in die tydelike operasiekamer. Toe hy by die gebou uitstap op pad na die Hercules toe, was sy skielik voor hom. Hy het geweet hulle moet praat, maar wou dit tot later uitstel.

University of Cape Town

"We moeten praten, Ruben. Je kan niet op dat vliegtuig klimmen voor je naar mij geluisterd hebt."

Sy het klein en weerloos voor hom gestaan, maar daar was iets in haar oë wat hom gedwing het om na haar te luister.

"Ik ben echt een journaliste. De inlichting die ik van jou kreeg was alleen voor de krant. Ik wou me voor jou nooit anders voordoen dan ik ben, maar ik had ook een andere opdracht in Afrika."

"Watter opdrag? En jy was bereid om alles aan te wend om jou doel te bereik? Gaan dit oor Togo of wapens of wat?"

Sy oë was grys en koud. Die vliegtuig het op die aanloopbaan gedraai en die enjins het geraas. Hy het harder gepraat.

"Ek is moeg vir mense met maskers wat hulself anders voordoen as wat hulle is. Ek wil nou die waarheid weet."

Ruben was ontsteld en onder druk om te vertrek, maar hy moes weet wat haar rol was. Hy moes vasstel wat sy weet en of sy in staat was om die reddingsoperasie te beïnvloed.

"Mijn opdracht in Afrika bestond eruit om informatie te verzamelen over illegale diamanten-en wapenhandel. Het was niet de bedoeling om jou daarbij te betrekken."

"En Gent?"

"Wat in Gent gebeurd is, is wat gebeurt als twee mensen beseffen dat ze van elkaar houden."

Hy het na haar gekyk en geweet hy wil haar glo.

University of Cape Town

In die vliegtuig is die dreun van die motore te hard om met mekaar te kan praat. Ironies dat hulle van 'n Franse bemanning afhanklik is, maar Ruben is dankbaar vir die ekstra veiligheid wat hulle deur die Franse kentekens verkry. Hy is seker ou Ambassadeur Moal sal dit geniet om hom hier te sien sit in die tricoleur vliegtuig. Mag hy die kans kry om vir Moal persoonlik êrens op 'n golfbaan te bedank.

Hoekom is dit asof vlieg 'n mens perspektief gee? Is dit omdat jy van hoog in die lug afkyk op die aarde en letterlik en figuurlik op 'n afstand na jou klein wêreldjie kan kyk, of is dit maar bloot die feit dat jy gedwing word tot voorraad opneem en introspeksie omdat jy vir 'n paar uur aan die genade van 'n vliegtuig en sy bemanning oorgelaat word?

Dit is asof sy brein oopmaak en alles duidelik word. Die verwarring in sy eie lewe en die verwarring en onsekerhede van 'n staat in oorgang en 'n kontinent in nood het steeds meer in mekaar vervleg geraak. Hy moes besluite neem, maar het aanhoudend uitgestel. Nou het daar 'n helderheid oor hom gekom. Hy gaan nie wegvlug of wegkruip vir die lewe nie. Hy gaan nie die oënskynlik groener weivelde buite Suid-Afrika soek nie. Hy gaan nie sy verantwoordelikhede en pligte versaak of weghardloop nie. Dit is sy reg en begeerte om as gebore Suid-Afrikaner voort te gaan om sy land te dien na die beste van sy vermoë. Dit is sy reg en hy is dit aan homself verskuldig om die lewe aan te gryp en die volle lief en leed en hartseer en vreugde van skeiding en nuutbegin tegemoet te gaan. Hy sit sy arm om Justine se skouers, trek haar styf teen hom vas en soen haar bo op haar blonde hare. Paul se vraende blik verander in 'n glimlag, en as sy jong kollega vir hom 'n "thumbs up" gee, sug Ruben tevrede en maak sy oë toe.

*

University of Cape Town

Monsieur Madjoda sien die vliegtuig eerste. Hy trek Johan se aandag en wys in die lug in. Die twee voertuie is onder digte bome naby die landingstrook geparkeer. Johan is dankbaar dat die aanwysings met die laptop skynbaar reg was. Hy hoop die Franse vlieënier ken die omgewing. Dit lyk asof hy eers die area verken, want die Hercules vlieg redelik hoog en verdwyn dan buite sig.

Johan besef dat hulle nou baie versigtig sal moet wees. Enige rebellesoldate in die omgewing sal ook die vliegtuig hoor en ondersoek kom instel. Dit son is al op die horison en die Hercules sal nou moet land of eers met daglig kan terugkeer. Daar is te veel bome en bosse vir 'n naglanding. Johan roep na Jakkie waar hy bo in 'n boom sit.

"Hoe lyk dit, Jakkie, dink jy hulle het ons posisie? Sal ons nie 'n moerse vuur maak nie?"

"Kom ons kyk eers teen watter hoogte hulle weer verbykom. Hel, dis jammer die selfoon werk nie."

Die groepie vlugtendes kom nou soos ooreengekom vanuit hul onderskeie skuilplekke by die Land Rover bymekaar. Jakkie het uit die boom geklim. Hy sien die spanning op hul gesigte.

"Goed mense. Niemand vermoed dat enigiemand hier sal wil land nie, maar mens weet nooit. Die rebelle is almal tot die tande bewapen en hulle sal skiet as hulle vermoed dis nie hulle mense nie."

Karien kom staan styf teen Johan. Sy besef dat die volgende paar minute die verskil tusen lewe en dood kan beteken.

University of Cape Town

Dan is die motore van die vliegtuig hard en naby. Jakkie hardloop na die Jeep toe. Hy ry uit onder die dekking van die bome en draai die Jeep met ligte aan in die rigting van waar die Hercules moet land. Die beangste vlugtelinge gaan staan in 'n klein kringetjie bymekaar. Die volgende oomblik is die donkergroen Hercules duidelik sigbaar as dit vinnig begin daal. As die wiele die grond met 'n harde slag tref en die vliegtuig oor die stof skeur met die vier motore wat help rem, is die spanning en opwinding onder die groepie vlugtelinge amper onhoudbaar. Die Hercules verminder vinnig spoed en het oënskynlik die flitsende ligte van die Jeep gesien, want dit draai met sy neus in hul rigting.

Dan skielik breek een van die groepie weg en begin van onder die dekking van die bosse in die rigting van die vliegtuig hardloop.

"Rita, wag!"

Ambassadeur Rita Postma hardloop sonder om terug te kyk. Johan skreeu weer vir haar om te stop en begin agterna hardloop. Skielik is daar chaos as daar geweervuur vanuit die bosse aan die oorkant van die oopte is. Johan val instinktief plat op die grond, maar Rita Postma hou aan met hardloop. Die volgende oomblik tref 'n koeël haar. Te midde van die oorverdowende lawaai van die vliegtuig kan niemand die oor en weer skreeuery hoor nie, maar Johan beduie vir Madjoda dat almal in die Land Rover moet spring. Hy sien Jakkie is terug by die groep.

Intussen beweeg die Hercules steeds nader aan waar die ambassadeur op die grond lê. Terwyl Johan nader kruip na waar Rita lê, besef hy dat sekondes die verskil tussen lewe en dood vir hulle gaan beteken. Hy kan die geel vlamme van geweervuur vanuit die oorkantste bosse sien. Hy proe die sweet en stof op sy lippe. Hy ruik brandstof en swael. Sy elmboë brand, maar hy kruip so vinnig soos hy kan tot by haar.

University of Cape Town

Sy lewe nog, maar hy sal haar nie alleen kan optel nie. Uit die hoek van sy oog sien Johan soldate in die verte aangehardloop kom en hoor nog skote. Vaagweg raak hy bewus van 'n skerp pyn in sy skouer, maar dit pla hom nie. Dan is die vliegtuig sowat vyftig meter van hulle. Dit beweeg steeds teen 'n redelike grondspoed, maar hy merk dat die rebellesoldate nou slegs sowat driehonderd meter van hulle is.

Die volgende oomblik is die Land Rover by hulle en kyk hy op in die oë van Monsieur Madjoda wat vanuit die passasierssitplek die deur oopgooi en vreesloos uitspring. Hy en Madjoda tel Rita met moeite op en druk haar in die rigting van die kajuit waar ander hande haar verder intrek. As Johan wil inklim, tref nog 'n koeël hom. Hy val langs die voertuig met bloed wat warm oor sy hande voor sy bors stroom. Hy kyk op na Monsieur Madjoda wat in die oop deur van die Land Rover sy hand na hom uitstrek om hom op te trek. Hy hoor vaagweg Karien se gille, maar 'n gelatenheid kom oor hom en hy laat sak sy kop in die warmgebakte sand.

Dan word alles stil en dit is asof alles soos 'n klanklose rolpent voor hom afspeel. Hy sien die soldate nader hardloop en die rookwolkies uit hul geweerlope en die draaiende skroewe van die vliegtuig. Hy proe die sand in sy mond, maar dit smaak na niks. Madjoda hys hom soos 'n aap terug in die voertuig wat met tollende bande wegtrek in die rigting van die vliegtuig. Nog skote klap, maar hierdie keer is dit die vinniger klank van masjiengeweervuur.

Die Hercules het omgedraai en met die agterste ingang onder die stertvlerk oop, begin die vliegtuig steeds vinniger beweeg. Die Suid-Afrikaanse soldate het vanuit die oop deur begin terugskiet en die rebellesoldate het vir 'n wyle platgeval en ophou skiet. Jakkie ry so vinnig as wat die Land Rover kan agter die vliegtuig aan. Tussen die Suid-Afrikaanse soldate wat lê of kniel terwyl hulle skiet, sien hy vir Ruben staan. Hy beduie vir hom dat hy nader

University of Cape Town

moet jaag. Jakkie sien die bome voor die vliegtuig vinnig nader kom en weet dat die Hercules nou sal moet opstyg.

Hy sien deur die stof hoe Ruben vir hom wys dat hy moet inry en gooi dan die Land Rover in 'n laer rat. Met 'n huilende enjinklank klim die voertuig binne in die groot voël se stert in en die hidrouliese deur sluit. Sekondes later lig die flossie se wiele bo die grond en skeur oor die groot bome en oor die donker landskap.

'n Vrou het by die rivier kom water skep. Sy hoor die vliegtuig en kyk op. Sy sien hoe die vliegtuig die laaste sonstrale soos 'n diamant weerkaats voor dit in die blou hemel verdwyn.

Sy tel die kruik op en stap huis toe.

University of Cape Town